

RES-17

A

DIE DRINKPATROON
VAN DIE BLANKES
IN
SUID-AFRIKA

deur

J. D. Venter

NAVORSINGSREEKS Nr. 17

Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing

HUMAN
SCIENCES RESEARCH
COUNCIL

HSRC

BIBLIOTEEK
LIBRARY

RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING

RGN

Registernr./No.

Klasnr./Class No.

001.3072068 NBSH
RES 17
36371/5

36371/5



RGN-BIBLIOTEK
HSRC LIBRARY

ENSKAP

NASION


KE NAVORSING

VERVALDATUM / DATE DUE


1989-08-31

--	--	--

AFRIKA



2844363866



TOEKENNINGS VAN DIE NASIONALE RAAD VIR SOSIALE NAVORSING
VIR DIE ONKOSTE VAN HIERDIE OPNAME EN PUBLIKASIE VAN HIER-
DIE VERSLAG WORD MET DANK ERKEN

001.3072068 NBSR RES 17



* 0 5 1 0 9 0 *

DIE INHOUD VAN HIERDIE VERSLAG MAG VRYELIK AANGEHAAL WORD
MITS DIE BRON ERKEN WORD

30371 5

6

001-3072068
NBS RES 17
STANDARD

1977

VOORWOORD

Die verskynsel van die gebruik van alkoholiese drank word gewoonlik vanuit die sosiaal-patologiese kant benader, want die vraagstuk wat gewoonlik bestudeer word, is die misbruik van drank.

Aangesien laasgenoemde aspek van die onderhawige verskynsel so dikwels die onderwerp van studie is, is in die huidige ondersoek gepoog om 'n minder bekende aspek van die verskynsel te belig, naamlik die drinkpatroon van die deursneebevolking.

Hierdie ondersoek is 'n onderdeel van 'n breë navorsingsprojek oor die gebruik van alkoholiese drank in Suid-Afrika en hierdie verslag vorm die eerste deel van 'n reeks waarin onder andere ook die drinkpatroon van die nie-blanke bevolkingsgroepe ontleed word.

Graag wil ek my dank betuig aan almal wat 'n aandeel gehad het in die suksesvolle voltooiing van hierdie ondersoek: Beamptes van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene wat met die veldwerk behulpsaam was, asook al die Buro-amptenare wat 'n bydrae tot die ondersoek gelewer het. Verder ook my dank aan die lede van die ad hoc-komitee, naamlik dr. J. A. Grobler, prof. F. W. Bignaut en prof. G. Cronjé vir hulle gewaardeerde advies.

Ten slotte ook 'n woord van dank aan almal wat bereid was om as proefpersone in hierdie ondersoek te dien.

P. M. ROBBERTSE

DIREKTEUR

NASIONALE BURO VIR OPVOEDKUNDIGE EN MAATSKAPLIKE NAVORSING

INHOUD

Hoofstuk		Bladsy
1	INLEIDING	1
1.1	Die doel van die ondersoek en probleemstelling	1
1.2	Die ondersoekgroep	2
1.3	Die metode van ondersoek	6
1.4	Indeling van die verslag	7
1.5	Begripsbepaling	7
2	DIE ALGEMENE KENMERKE VAN DIE STEEKPROEF	10
2.1	Geslagsverdeling	10
2.2	Ouderdomsverspreiding	10
2.3	Huistaal	11
2.4	Huwelikstaat	12
2.5	Landelik-stedelike verspreiding	13
2.6	Onderwyspeil	14
2.7	Beroep	15
2.8	Inkomste	16
2.9	Kerkverband	18
2.10	Samevatting	19
3	GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK	20
3.1	Geheelonthouers en gebruikers van alkoholiese drank volgens geslag	20
3.2	Geheelonthouers en gebruikers van alkoholiese drank volgens ouderdom	21
3.3	Geheelonthouers en gebruikers van alkoholiese drank volgens huistaal	23
3.4	Geheelonthouers en gebruikers van alkoholiese drank volgens huwelik- staat	26
3.5	Geheelonthouers en gebruikers van alkoholiese drank volgens gewese huwelikstaat	28
3.6	Geheelonthouers en gebruikers van alkoholiese drank volgens woonplek	29
3.7	Geheelonthouers en gebruikers van alkoholiese drank volgens onderwys- peil	30
3.8	Geheelonthouers en gebruikers van alkoholiese drank volgens beroep	30

Hoofstuk	Bladsy	
3. 9	Geheelonthouers en gebruikers van alkoholiese drank volgens jaarlikse inkomste	32
3. 10	Geheelonthouers en gebruikers van alkoholiese drank volgens kerkverband	36
3. 11	Geheelonthouers en gebruikers van alkoholiese drank volgens eetgewoontes	38
3. 12	Geheelonthouers en gebruikers van alkoholiese drank volgens die gewoonte om te rook	39
3. 13	Geheelonthouers en gebruikers van alkoholiese drank volgens provinsie	40
3. 14	Samevatting	41
4	DIE DRINKMOTIEF	43
4. 1	Die drinkmotief volgens geslag	43
4. 2	Die drinkmotief volgens ouderdom	45
4. 3	Die drinkmotief volgens huistaal	47
4. 4	Die drinkmotief volgens huwelikstaat	49
4. 5	Die drinkmotief volgens woonplek	50
4. 6	Die drinkmotief volgens onderwyspeil	51
4. 7	Die drinkmotief volgens beroepsgroepe	51
4. 8	Die drinkmotief volgens inkomste	53
4. 9	Die drinkmotief volgens landdrosdistrik	55
4. 10	Die drinkmotief volgens die waarde van die alkoholiese drank deur die proefpersoon gebruik	57
4. 11	Die drinkmotief volgens die hoeveelheid drankies in die afgelope sewe dae genuttig	58
4. 12	Die drinkmotief volgens die graad van drankgebruik	59
4. 13	Samevatting	60
5	DRANKVOORKEUR	62
5. 1	Die drankvoorkeur van die ondersoekgroep	62
5. 2	Drankvoorkeur volgens geslag	64
5. 3	Drankvoorkeur volgens ouderdom	64
5. 4	Drankvoorkeur volgens huistaal	65

Hoofstuk		Bladsy
5.5	Drankvoorkeur volgens woonplek	68
5.6	Drankvoorkeur volgens onderwyspeil	68
5.7	Drankvoorkeur volgens beroep	69
5.8	Drankvoorkeur volgens inkomste	71
5.9	Drankvoorkeur volgens provinsie	72
5.10	Drankvoorkeur volgens tyd van drankgebruik	72
5.11	Drankvoorkeur volgens drinkmotief	74
5.12	Drankvoorkeur volgens graad van drankgebruik	75
5.13	Samevatting	76
6	DIE DRINKFREKWENSIE	78
6.1	Drinkfrekwensie volgens geslag	78
6.2	Drinkfrekwensie volgens ouderdom	79
6.3	Drinkfrekwensie volgens huistaal	81
6.4	Drinkfrekwensie volgens huwelikstaat	85
6.5	Drinkfrekwensie volgens woonplek	86
6.6	Drinkfrekwensie volgens onderwyspeil	87
6.7	Drinkfrekwensie volgens beroep	88
6.8	Drinkfrekwensie volgens inkomste	90
6.9	Drinkfrekwensie volgens kerkverband	92
6.10	Drinkfrekwensie volgens provinsie	94
6.11	Drinkfrekwensie volgens drinkmotief	95
6.12	Drinkfrekwensie volgens drankvoorkeur	97
6.13	Drinkfrekwensie volgens die graad van drankgebruik	98
6.14	Samevatting	98
7	DIE PLEK WAAR ALKOHOLIESE DRANK GEWOONLIK GENUTTIG WORD	101
7.1	Die drinkplek volgens geslag	101
7.2	Die drinkplek volgens ouderdom	102
7.3	Die drinkplek volgens huistaal	104
7.4	Die drinkplek volgens huwelikstaat	106
7.5	Die drinkplek volgens woonplek	108

Hoofstuk	Bladsy	
7.6	Die drinkplek volgens aard van woning	109
7.7	Die drinkplek volgens onderwyspeil	110
7.8	Die drinkplek volgens inkomste	112
7.9	Die drinkplek volgens die drinkmotief	114
7.10	Die drinkplek volgens die waarde van die alkoholiese drank wat die proefpersoon gemiddeld per maand gebruik	116
7.11	Die drinkplek volgens die graad van drankgebruik	118
7.12	Samevatting	120
8	DIE TYD VAN DRANKGEBRUIK	122
8.1	Die tyd van drankgebruik volgens geslag	122
8.2	Die tyd van drankgebruik volgens ouderdom	123
8.3	Die tyd van drankgebruik volgens woonplek	125
8.4	Die tyd van drankgebruik volgens inkomste	126
8.5	Die tyd van drankgebruik volgens provinsie	127
8.6	Die tyd van drankgebruik volgens drinkmotief	127
8.7	Die tyd van drankgebruik volgens graad van drankgebruik	128
8.8	Die tyd van die eerste drankie volgens geslag	129
8.9	Die tyd van die eerste drankie volgens ouderdom	131
8.10	Die tyd van die eerste drankie volgens huishoudelike uitgawe aan drank	133
8.11	Die tyd van die eerste drankie volgens die waarde van die alkoholiese drank wat die proefpersoon self verbruik	134
8.12	Die tyd van eerste drankie volgens graad van drankgebruik	135
8.13	Samevatting	136
9	DIE HOEVEELHEID DRANK GENUTTIG GEDURENDE DIE SEWE DAE WAT DIE ONDERSOEK VOORAFGE GAAN HET	138
9.1	Die getal drankies gedurende dié sewe dae genuttig volgens ouderdom	138
9.2	Die getal drankies gedurende dié sewe dae genuttig volgens geslag	141
9.3	Die getal drankies gedurende dié sewe dae genuttig volgens huistaal	142
9.4	Die getal drankies gedurende dié sewe dae genuttig volgens onderwyspeil	146

Hoofstuk		Bladsy
9.5	Die getal drankies gedurende dié sewe dae genuttig volgens beroep	147
9.6	Die getal drankies gedurende dié sewe dae genuttig volgens die tyd waarop drank gewoonlik gebruik word	149
9.7	Die getal drankies gedurende dié sewe dae genuttig volgens provinsie	151
9.8	Die getal drankies gedurende dié sewe dae genuttig volgens woonplek	153
9.9	Die getal drankies gedurende dié sewe dae genuttig volgens drink-plek	154
9.10	Die getal drankies gedurende dié sewe dae genuttig volgens drank-voorkeur	156
9.11	Die getal drankies gedurende dié sewe dae genuttig volgens die graad van drankgebruik	157
9.12	Samevatting	158
10	DIE MAANDELIKSE HUISHOUELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK	160
10.1	Die maandelikse huishoudelike uitgawe aan drank volgens huistaal	160
10.2	Huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank volgens huwelikstaat	162
10.3	Huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank volgens woonplek	163
10.4	Huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank volgens onderwyspeil	164
10.5	Huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank volgens inkomste	165
10.6	Huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank volgens die gemiddelde maandelikse uitgawe van die huishouding aan voedsel	167
10.7	Huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank volgens drinkmotief	168
10.8	Huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank volgens die graad van drankgebruik	169
10.9	Huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank volgens provinsie	170
10.10	Samevatting	171
11	DIE WAARDE VAN DIE ALKOHOLIESE DRANK WAT GEMIDDELD PER MAAND DEUR DIE PROEFPERSON VERBRUIK WORD	173
11.1	Die waarde van die alkoholiese drank wat gemiddeld per maand verbruik word	173
11.2	Die waarde van die verbruikte drank volgens geslag	174
11.3	Die waarde van die verbruikte drank volgens ouderdom	175
11.4	Die waarde van die verbruikte drank volgens huistaal	177

Hoofstuk		Bladsy
11. 5	Die waarde drank volgens huwelikstaat	181
11. 6	Die waarde van die verbruikte drank volgens woonplek	181
11. 7	Die waarde van die verbruikte drank volgens onderwyspeil	182
11. 8	Die waarde van die verbruikte drank volgens inkomste	183
11. 9	Die waarde van die verbruikte drank volgens kerkverband	184
11. 10	Die waarde van die verbruikte drank volgens drankvoorkeur	185
11. 11	Die waarde van die verbruikte drank volgens die getal kere wat die persoon alkoholiese drank gebruik	186
11. 12	Die waarde van die verbruikte drank volgens die drinkplek	187
11. 13	Die waarde van die verbruikte drank volgens die deelname van die eggenoot/e	189
11. 14	Samevatting	190
12	DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK	192
12. 1	Die graad van drankgebruik by die ondersoekgroep	192
12. 2	Die graad van drankgebruik volgens geslag	193
12. 3	Die graad van drankgebruik volgens ouderdom	194
12. 4	Die graad van drankgebruik volgens huistaal	195
12. 5	Die graad van drankgebruik volgens huwelikstaat	197
12. 6	Die graad van drankgebruik volgens woonplek	197
12. 7	Die graad van drankgebruik volgens onderwyspeil	198
12. 8	Die graad van drankgebruik volgens beroep	200
12. 9	Die graad van drankgebruik volgens inkomste	202
12. 10	Die graad van drankgebruik volgens kerkverband	203
12. 11	Die graad van drankgebruik volgens die tyd van die hoofmaaltyd	205
12. 12	Die graad van drankgebruik volgens die tyd van die eerste drankie	206
12. 13	Die graad van drankgebruik volgens die deelname van die eggenoot/e aan die gebruik van alkoholiese drank	207
12. 14	Die graad van drankgebruik volgens provinsie	207
12. 15	Samevatting	208

Hoofstuk		Bladsy
13	SAMEVATTING	211
13.1	Algemeen	211
13.2	Geslag	211
13.3	Ouderdom	212
13.4	Huistaal	213
13.5	Huwelikstaat	214
13.6	Woonplek	215
13.7	Onderwyspeil	215
13.8	Beroep	216
13.9	Inkomste	216
13.10	Kerkverband	217
	BYLAAG I	218

TABELLE

NR.		Bladsy
2.1	DIE GESLAGSVERDELING VAN DIE ONDERSOEKGROEP	10
2.2	DIE OUDERDOMSVERDELING VAN DIE ONDERSOEKGROEP	11
2.3	DIE HUISTAAL VAN DIE ONDERSOEKGROEP	12
2.4	DIE HUWELIKSTAAT VAN DIE ONDERSOEKGROEP	13
2.5	DIE WOONPLEK VAN DIE ONDERSOEKGROEP	14
2.6	DIE ONDERWYSPEIL VAN DIE ONDERSOEKGROEP	15
2.7	DIE BEROEPE VAN DIE ONDERSOEKGROEP	16
2.8	DIE INKOMSTE VAN DIE ONDERSOEKGROEP	17
2.9	DIE KERKVERBAND VAN DIE ONDERSOEKGROEP	18
3.1	GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS GESLAG	20
3.2	GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS OUDERDOM	22
3.3	GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS HUISTAAL	24
3.3.1	GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK BY AFRIKAANS- EN ENGELSSPREKENDES ONTLEED VOLGENS INKOMSTE	25
3.4	GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS HUWELIKSTAAT	26
3.4.1	DIE HUWELIKSTAAT VAN DIE ONDERSOEKGROEP VOLGENS OUDERDOM ONTLEED	27
3.4.2	DIE HUWELIKSTAAT VAN DIE ONDERSOEKGROEP VOLGENS GESLAG	28
3.5	GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS GEWESE HUWELIKSTAAT	28
3.6	GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS WOONPLEK	29
3.7	GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS ONDERWYSPEIL	30
3.8	GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS BEROEP	31
3.9	GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS JAARLIKSE INKOMSTE	33

3.9.1	DIE INKOMSTE VAN DIE ONDERSOEKGROEP VOLGENS OUDERDOM	35
3.10	GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS KERKVERBAND	37
3.11(a)	GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS EETGEWOONTES TEN OPSIGTE VAN ONTBYT	38
3.11(b)	GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS TYD VAN HOOFMAALTYD	39
3.12	GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS DIE GEWOONTE OM TE ROOK	40
3.13	GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS PROVINSIE	41
4.1	DIE VERNAAMSTE REDE VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS GESLAG	44
4.2	VERNAAMSTE REDE VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS OUDERDOM	46
4.3	VERNAAMSTE REDE VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS HUISTAAL	48
4.4	VERNAAMSTE REDE VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS HUWELIK-STAAT	49
4.5	VERNAAMSTE REDE VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS WOONPLEK	50
4.6	VERNAAMSTE REDE VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS ONDERWYS-PEIL	51
4.7	VERNAAMSTE REDE VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS BEROEPS-GROEP	52
4.8	VERNAAMSTE REDE VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS INKOMSTE	54
4.9	VERNAAMSTE REDE VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS PROVINSIE	56
4.10	DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK VOLGENS REDES VIR DRANKGEBRUIK	57
4.11	DIE GETAL DRANKIES VOLGENS REDES VIR GEBRUIK VAN DRANK	58
4.12	VERNAAMSTE REDE VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS GRAAD VAN DRANKGEBRUIK	59
5.1	DIE EERSTE EN TWEEDE KEUSE VAN DRANK	62
5.2	DRANKVOORKEUR VOLGENS GESLAG	64
5.3	DRANKVOORKEUR VOLGENS OUDERDOM	65
5.4	DRANKVOORKEUR VOLGENS HUISTAAL	66
5.4.1	DRANKVOORKEUR BY AFRIKAANS- EN ENGELSSPREKENDES VOLGENS INKOMSTE	67

5.5	DRANKVOORKEUR VOLGENS WOONPLEK	68
5.6	DRANKVOORKEUR VOLGENS ONDERWYSPEIL	69
5.7	DRANKVOORKEUR VOLGENS BEROEPSGROEP	70
5.8	DRANKVOORKEUR VOLGENS JAARLIKSE INKOMSTE	71
5.9	DRANKVOORKEUR VOLGENS PROVINSIE	72
5.10	DRANKVOORKEUR VOLGENS TYD VAN DRANKGEBRUIK	73
5.11	DRANKVOORKEUR VOLGENS REDES VIR DRANKGEBRUIK	74
5.12	DRANKVOORKEUR VOLGENS GRAAD VAN DRANKGEBRUIK	75
6.1	DIE GETAL KERE WAT DIE PROEFPERSOON DRANK GEBRUIK VOLGENS GESLAG	78
6.2	DIE GETAL KERE WAT DIE PROEFPERSOON DRANK GEBRUIK VOLGENS OUDERDOM	80
6.3	DIE GETAL KERE WAT DIE PROEFPERSOON DRANK GEBRUIK VOLGENS HUISTAAL	82
6.3.1	DIE GETAL KERE WAT DIE PROEFPERSOON DRANK GEBRUIK BY AFRIKAANS- EN ENGELSSPREKENDES VOLGENS INKOMSTE	84
6.4	DIE GETAL KERE WAT DIE PROEFPERSOON DRANK GEBRUIK VOLGENS HUWELIKSTAAT	85
6.5	DIE GETAL KERE WAT DIE PROEFPERSOON DRANK GEBRUIK VOLGENS WOONPLEK	86
6.6	DIE GETAL KERE WAT DIE PROEFPERSOON DRANK GEBRUIK VOLGENS ONDERWYSPEIL	87
6.7	DIE GETAL KERE WAT DIE PROEFPERSOON DRANK GEBRUIK VOLGENS BEROEP	89
6.8	DIE GETAL KERE WAT DIE PROEFPERSOON DRANK GEBRUIK VOLGENS INKOMSTE	91
6.9	DIE GETAL KERE WAT DIE PROEFPERSOON DRANK GEBRUIK VOLGENS KERKVERBAND	93
6.10	DIE GETAL KERE WAT DIE PROEFPERSOON DRANK GEBRUIK VOLGENS PROVINSIE	95
6.11	DIE GETAL KERE WAT DIE PROEFPERSOON DRANK GEBRUIK VOLGENS DIE VERNAAMSTE REDE WAAROM HY DRANK GEBRUIK	96
6.12	DIE GETAL KERE WAT DIE PROEFPERSOON DRANK GEBRUIK VOLGENS DRANKVOORKEUR	97

6.13	DIE GETAL KERE WAT DIE PROEFPERSOON DRANK GEBRUIK VOLGENS DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK	98
7.1	PLEK VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS GESLAG	101
7.2	PLEK VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS OUDERDOM	103
7.3	PLEK VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS HUISTAAL	105
7.4	PLEK VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS HUWELIKSTAAT	107
7.5	PLEK VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS WOONPLEK	108
7.6	PLEK VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS WONING	109
7.7	PLEK VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS ONDERWYSPEIL	111
7.8	PLEK VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS INKOMSTE	113
7.9	PLEK VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS VERNAAMSTE REDE VIR GEBRUIK	115
7.10	PLEK VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS WAARDE VAN DRANK WAT PERSOONLIK VERBRUIK IS	117
7.11	PLEK VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS GRAAD VAN DRANKGEBRUIK	119
8.1	TYD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS GESLAG	122
8.2	TYD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS OUDERDOMSGROEP	124
8.3	TYD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS WOONPLEK	125
8.4	TYD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS INKOMSTE	126
8.5	TYD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS PROVINSIE	127
8.6	TYD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS DRINKMOTIEF	128
8.7	TYD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS GRAAD VAN DRANKGEBRUIK	129
8.8	TYD VAN EERSTE DRANKIE VOLGENS GESLAG	130
8.9	TYD VAN EERSTE DRANKIE VOLGENS OUDERDOM	132
8.10	TYD VAN EERSTE DRANKIE VOLGENS HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK	134
8.11	TYD VAN EERSTE DRANKIE VOLGENS DIE WAARDE VAN DIE ALKOHOLIESE DRANK WAT DIE PROEFPERSOON SELF VERBRUIK	135
8.12	TYD VAN EERSTE DRANKIE VOLGENS DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK	136
9.1	GETAL DRANKIES GEDURENDE DIE BETROKKE SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS OUDERDOM	139
9.2	DIE GETAL DRANKIES IN DIÉ SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS GESLAG	141

9.3	DIE GETAL DRANKIES GEDURENDE DIÉ SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS HUISTAAL	142
9.3.1	DIE GETAL DRANKIES GEDURENDE DIÉ SEWE DAE GENUTTIG DEUR AFRIKAANS- EN ENGELSSPREKENDES VOLGENS ONDERWYS- PEIL	144
9.3.2	DIE GETAL DRANKIES GEDURENDE DIÉ SEWE DAE GENUTTIG DEUR AFRIKAANS- EN ENGELSSPREKENDES VOLGENS INKOMSTE	145
9.4	GETAL DRANKIES GEDURENDE DIÉ SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS ONDERWYSPEIL	146
9.5	GETAL DRANKIES GEDURENDE DIÉ SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS BEROEP	148
9.6	GETAL DRANKIES GEDURENDE DIÉ SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS DIE TYD WAAROP DRANK GEWOONLIK GEBRUIK WORD	150
9.7	GETAL DRANKIES GEDURENDE DIÉ SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS PROVINSIE	152
9.8	GETAL DRANKIES GEDURENDE DIÉ SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS WOONPLEK	154
9.9	GETAL DRANKIES GEDURENDE DIÉ SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS DIE PLEK WAAR DIE DRANK GEWOONLIK GENUTTIG WORD	155
9.10	GETAL DRANKIES GEDURENDE DIÉ SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS DIE DRANKVOORKEUR	156
9.11	GETAL DRANKIES GEDURENDE DIÉ SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS GRAAD VAN DRANKGEBRUIK	157
10.1	HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS HUISTAAL	161
10.2	HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS HUWELIKSTATUS	162
10.3	HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS WOONPLEK	163
10.4	HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS ONDERWYSPEIL	164
10.4.1	DIE ONDERWYSPEIL VAN DIE ONDERSOEKGROEP VOLGENS INKOMSTE	165
10.5	HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS INKOMSTE	166
10.6	HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN VOEDSEL	167
10.7	HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS REDE VIR DRANKGEBRUIK	168

10. 8	HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS GEHEELONTHOUDING	169
10. 9	HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS PROVINSIE	170
11. 1	DIE WAARDE VAN DIE ALKOHOLIESE DRANK WAT GEMIDDELD PER MAAND VERBRUIK WORD	173
11. 2	DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK VOLGENS GESLAG	174
11. 3	DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK VOLGENS OUDERDOM	176
11. 4	DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK VOLGENS HUISTAAL	178
11. 4. 1	DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK BY AFRIKAANS- EN ENGELSSPREKENDES VOLGENS INKOMSTE	180
11. 5	DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK VOLGENS HUWELIK-STAAT	181
11. 6	DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK VOLGENS WOONPLEK	182
11. 7	DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK VOLGENS ONDERWYS-PEIL	182
11. 8	DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK VOLGENS INKOMSTE	183
11. 9	DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK VOLGENS KERKVERBAND	184
11. 10	DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK VOLGENS EERSTE KEUSE VAN DRANK	185
11. 11	DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK VOLGENS DIE GETAL KERE WAT DIE PERSOON ALKOHOLIESE DRANK GEBRUIK	187
11. 12	DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK EN PLEK VAN DRANK- GEBRUIK	188
11. 13	DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK EN OF EGGNOTE 'N DRANKIE SAAM MET PROEFPERSOON NUTTIG	189
12. 1	DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK BY 1, 123 DRANKGEBRUIKERS	192
12. 2	DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS GESLAG	193
12. 3	DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS OUDERDOM	194
12. 4	DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS HUISTAAL	195
12. 5	DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS HUWELIKSTAAT	197
12. 6	DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS WOONPLEK	198
12. 7	DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS ONDERWYSPEIL	199
12. 8	DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS BEROEP	201

	Bladsy	
12. 9	DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS INKOMSTE	203
12. 10	DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS KERKVERBAND	204
12. 11	DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS DIE TYD VAN HOOFMAALTYD	205
12. 12	DIE TYD VAN EERSTE DRANKIE VOLGENS GRAAD VAN DRANK- GEBRUIK	206
12. 13	DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK EN OF EGGNOTE SAAM 'N DRANKIE NUTTIG	207
12. 14	DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS PROVINSIE	208

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK EN PROBLEEMSTELLING

Die doel van hierdie ondersoek is om die drinkpatroon van die Blankes in die Republiek van Suid-Afrika te ontleed. Die aangeleenthede wat dus ondersoek word, is die volgende: Watter persentasie van die Blankes gebruik alkoholiese drank en indien wel, hoeveel gebruik hulle? Watter soort alkoholiese drank word verkies, waar nuttig hulle dit, hoe dikwels gebruik hulle alkoholiese drank, in watter situasies gebruik hulle alkoholiese drank, hoeveel word gemiddeld per maand per huishouding aan alkoholiese drank bestee, op watter tyd van die dag word mees dikwels alkoholiese drank genuttig, watter persentasie van die bevolking is slegs gebruikers en watter persentasie is misbruikers en waarom word alkoholiese drank gebruik? Ten slotte word ook in die probleemstelling die vraag opgeneem of sosio-kulturele faktore soos onderwyspeil, inkomste, huistaal, beroep, huwelikstaat, ouderdom, woonplek, kerkverband ens. met bepaalde drinkpatrooneienskappe verband hou?

Antropoloë wys daarop dat die meerderheid primitiewe gemeenskappe alkoholiese drank gebruik het. Daardie gemeenskappe wat dit nie gehad het nie, het dit meestal nie gehad nie omdat hulle nie oor die tegniese kennis beskik het om alkoholiese drank te vervaardig nie. Sodra hulle wel met alkoholiese drank in aanraking gekom het, het hulle dit gebruik. Die tegnieke om wyn en bier te vervaardig is reeds baie oud terwyl die distilleringsproses ongeveer aan die begin van ons jaartelling ontstaan het (12, p. 154).

Die feit dat alkoholiese drank reeds eeue gelede bekend was en gebruik is, asook die feit dat dit vandag nog universeel gebruik word en dit nieteenstaande die feit dat daar in verskeie gemeenskappe pogings aangewend is om dit te verban of te beheer soos byvoorbeeld in Amerika, wys daarop dat die gewoonte om alkoholiese drank te gebruik, 'n bepaalde funksie in die gemeenskap moet vervul. Hierdie funksie moet ongetwyfeld van besondere belang wees want dit is nog nooit deur die eeue deur 'n mededingende middel vervang nie. Onteenseglik bevredig alkoholiese drank 'n behoefte op 'n wyse wat deur geen ander mededingende middel van dieselfde prys, hanteerbaarheid, bruikbaarheid ens. gedoen kon word nie, vandaar sy eeue-oue voortbestaan en populariteit in haas alle gemeenskappe. Hierdie voortbestaan word nog interessanter as daarop gelet word dat haas elke gemeenskap tegelykertyd beperkende maatreëls plaas op die gebruik van alkoholiese drank en daarmee dus erken dat alkoholiese drank 'n nadelige uitwerking kan hê. Desnieteenstaande bly dit voortbestaan.

Sover dit die moderne mens aangaan, word vir hierdie verskynsel 'n verklaring gesoek in die uitskakeling van faktore wat sosiale verkeer belemmer. Hierdie faktore ontstaan in hoofsaak as gevolg van die werksaamheid van spanningverwekkers in die gemeenskap. Hierdie veroorsakers van spanning is kompleks en is as motiveringskragte werksaam. Daar is onder andere individualisme, sosiale stratifikasie, onverskilligheid, kompetisie ens. wat die mens motiveer en hom in spanning bring. Hierdie spanning en die gevolge daarvan is nie altyd vir die omgang tussen mense bevorderlik nie.

Maatskaplike verkeer word daarenteen deur onderlinge vertroue en gemoedelikheid bevorder. Alkohol vul hier 'n rol deurdat dit spanning verlig en inhibisies tydelik aftakel, gemoedelikheid bevorder en aldus die onderlinge verkeer tussen mense makliker maak.

Die eeu-oue betekenis van alkohol vir die menslike gemeenskap word in 'n groot mate in hierdie bevordering van onderlinge samesyn gesoek, net soos die stryd daarteen onder andere spruit uit die anti-maatskaplike gevolg van die misbruik van alkohol.

Die voorafgaande hipotese trag 'n verklaring te gee vir die haas oral teenwoordige gewoonte om alkoholiese drank te gebruik dog dit het geen verklaring vir die verskil in drinkpatroon by verskillende gemeenskappe nie. Dat daar in een gemeenskap meer dikwels of groter hoeveelhede en meer algemeen alkoholiese drank gebruik word, kan beswaarlik in terme van verskil in spanning in die verskillende gemeenskappe verklaar word. Waarskynlik sou dit eerder verklaar kan word deur die graad van sosiale aanvaarding van die gebruik van alkoholiese drank by die verskillende groepe. Dit word dan ook as algemene hipotese in hierdie ondersoek geneem dat daar 'n verskil in die drinkpatroon van verskillende sosio-ekonomiese asook kulturele groepe sal voorkom en dat hierdie verskil bepaal word deur die verskil in graad van sosiale akseptasie van drankgebruik by die verskillende groepe.

1.2 DIE ONDERSOEGROEP

Aangesien hierdie ondersoek die eerste van sy soort is wat deur die Buro aangepak is, was daar geen statistiese gegewens waarvolgens die grootte van die steekproef bepaal kon word nie. Om 'n betroubare beeld van die Suid-Afrikaanse Blanke bevolking se drinkpatroon te verkry, moes die ondersoek op 'n verteenwoordigende steekproef van die hele Blanke bevolking uitgevoer word.

Op 'n betekenispeil van 95% en met 95% betroubaarheid (5% standaardfout) kan die grootte van die steekproef op ongeveer 400 vir elke geslag gestel word. Om dus vir mans en dames apart voorsiening te maak, sou 800 proefpersone voldoende wees. 'n Verdere faktor moes egter ook in

aanmerking geneem word, naamlik dat die ondersoek veral toegespits is op drankgebruikers en aangesien die persentasie drankgebruikers in die totale bevolking onbekend was, is die getal proefpersone in die steekproef tot 1, 500 opgestoot.

'n Verdere rede waarom die steekproefgrootte op 1, 500 proefpersone gestel is, is omdat daar nie van 'n volledige ewekansige steekproef gebruik gemaak is nie maar van 'n bundel- of trossteekproef. In hierdie soort steekproef is die steekprofeenhede, bundels of trosse van die natuurlike eenhede (proefpersone). In die onderhawige steekproef is groepe van vyf persone uit elk van die 300 gebiede wat grotendeels ewekansig gekies is, as proefpersone in die steekproef opgeneem. Genoemde verdeling van die steekproef in 300 bundels is hoofsaaklik gebaseer op die ervaring wat in ander lande, waar daar ook van landswyse steekproewe gebruik gemaak word, opgedoen is. So byvoorbeeld bestaan die steekproewe wat deur „The Gallup Organization” gebruik word, uit minstens 150 bundels vir 750 proefpersone, terwyl selfs vir 'n steekproef van 6, 000 proefpersone die bundels tot 300 beperk word. Om bogemelde redes, asook om die koste so laag as moontlik te hou, is daar dus op 'n betreklik arbitrêre basis besluit om van 'n steekproef van 1, 500 proefpersone gebruik te maak. Hierdie getal is heelwat bokant die minimum vereistes maar aangesien meer as een veranderlike bepaal moes word, is verkies om die steekproef nie kleiner as hierdie getal proefpersone te maak nie.

Aangesien die hele Republiek in die steekproef verteenwoordig moes word en dit onmoontlik was om elke landdrostdistrik te besoek, is die land in streke verdeel. Die ekonomiese streksindeling van die Buro vir Marknavorsing is vir hierdie doel as basis gebruik. Die Kaap is in sewe streke verdeel terwyl Transvaal in ses, Natal en die Vrystaat elk in twee streke verdeel is. Uit elke streek is 'n aantal persone in verhouding tot die bevolking van die streek in die steekproef opgeneem. Die verskillende landdrostdistrikte is soos volg saamgevoeg om die verskillende streke te vorm:

KAAPLAND

Die sewe streke waarin hierdie provinsie verdeel is, is soos volg saamgestel:

1. Kaapstad, Bellville, Simonstad en Wynberg maak die eerste streek uit.
2. Paarl, Wellington, Malmesbury, Vredenburg, Hopefield, Piketberg, Tulbagh, Stellenbosch, Somerset-Wes, Caledon, Robertson, Ceres, Worcester, Montagu, Swellendam, Bredasdorp, Heidelberg en Riversdale.
3. Ladismith, Oudtshoorn, Mosselbaai, George, Uniondale, Knysna en Humansdorp.

4. Hierdie streek bestaan uit sowel die magistraatsdistrikte Willowmore, Aberdeen, Maraisburg, Richmond, Hanover en Colesberg as die res van die Oostelike Provinsie wat deur die Vrystaat en Basoetoeland in die noorde, die seekus aan die suid-ooste en die Natalse grens aan die noord-ooste begrens word.
5. Hierdie streek bestaan uit die res van die Kaapkolonie suid van die Oranjerivier.
6. Die laaste streek in Kaapland bestaan uit daardie gedeelte van die Kapprovinsie wat noord van die Oranjerivier geleë is.

NATAL

Natal is net in twee streke, wat uit die volgende landdrosdistrikte bestaan, ingedeel:

1. Al die landdrosdistrikte langs die kus vanaf Port Shepstone in die suide tot by Laer Tugela in die noorde. Verder strek dit die binne-land in om ook die volgende distrikte in te sluit: Mapumulo, Kranskop, Umvoti, New Hanover, Ndedwe, Camperdown, Pinetown, Pietermaritzburg, Richmond, Ixopo en Alfred.
2. Die tweede streek in Natal bestaan uit alle distrikte wat nie in die eerste streek opgeneem is nie.

ORANJE-VRYSTAAT

Hierdie provinsie is in die volgende twee streke ingedeel:

1. Die suidelike gedeelte wat alle distrikte insluit sover noord as Hoopstad, Theunissen, Winburg en Clocolan.
2. Hierdie streek bestaan uit die orige deel van die Oranje-Vrystaat.

TRANSVAAL

Transvaal word in die onderstaande ses streke, wat uit die volgende landdrosdistrikte bestaan, ingedeel:

1. Johannesburg.
2. Al die Oos-Randse distrikte naamlik Germiston, Boksburg, Brakpan, Springs, Benoni en Kempton Park.
3. Die derde streek waarin Transvaal ingedeel is, bestaan uit die distrikte Christiana, Bloemhof, Schweizer-Reneke, Wolmaransstad, Delareyville, Klerksdorp, Lichtenburg, Ventersdorp, Potchefstroom, Vanderbijlpark, Vereeniging, Oberholzer en ook die Wes-Randse distrikte Randfontein, Krugersdorp en Roodepoort.
4. Hierdie streek bestaan uit die distrikte Pretoria, Bronkhorstspuit, Groblersdal, Middelburg en Witbank.
5. Die hele suid-oostelike deel van Transvaal vanaf die distrikte Heidelberg, Nigel, Delmas, Bethal, Ermelo, Carolina en Belfast

tot by die distrikte Standerton, Amersfoort, Volksrust, Wakkerstroom en Piet Retief vorm hierdie streek.

6. Hierdie laaste streek van Transvaal bestaan uit die noordelike deel van hierdie provinsie en beslaan al die distrikte wat nie by die vorige streke ingedeel is nie.

Die bevolkingsverdeling van Blankes van 18 jaar en ouer vir die bogenelde gebiede was volgens die 1951-sensus soos volg:

KAAPLAND

Streek 1	:	183,669
Streek 2	:	95,300
Streek 3	:	37,646
Streek 4	:	68,163
Streek 5	:	122,199
Streek 6	:	37,997
Streek 7	:	55,735

NATAL

Streek 1	:	152,938
Streek 2	:	34,006

ORANJE-VRYSTAAT

Streek 1	:	61,850
Streek 2	:	79,351

TRANSVAAL

Streek 1	:	243,817
Streek 2	:	123,436
Streek 3	:	129,732
Streek 4	:	127,216
Streek 5	:	45,328
Streek 6	:	75,271
TOTAAL	:	1,673,654

Uit elkeen van hierdie streke is 'n aantal landdrosdistrikte gekies. Hierdie keuse was willekeurig want daar is gepoog om behoorlike verteenwoordiging aan hoofsaaklik stedelike sowel as hoofsaaklik dorpsgebiede asook aan plase te gee.

Die strewe was dus om met die steekproef 'n getroue beeld van die Blanke bevolking van die Republiek van Suid-Afrika te kry en daarom is daar wat die keuse van landdrosdistrikte betref, willekeurig in plaas van ewekansig te werk gegaan.

Volgens die beginsel van ewekansigheid is in elkeen van hierdie distrikte 'n aantal sensusopnemerswyke gekies. Die getal stedelike, dorps-

en plattelandse wyke in elke distrik is so gekies dat elk van die sewentien streke wat betref stad, dorp en platteland proporsioneel verteenwoordig sou wees. In elke opnemerswyk is 'n steekproeftros van vyf persone besoek. In elke paar van twee opnemerswyke moes vyf mans en vyf vroue van 18 jaar en ouer ondervra word, want volgens die 1951-sensus was 49.6 persent en 50.4 persent van die Blanke bevolking van 18 jaar en ouer onderskeidelik mans en vroue. Na die ondersoek afgehandel was, het dit geblyk dat 50.6 persent en 49.4 persent van die ondersoekgroep onderskeidelik mans en vroue was (vgl. tabel 2.1).

1.3 DIE METODE VAN ONDERSOEK

Van elkeen van hierdie opnemerswyke is 'n kaart geteken wat saam met 'n stel instruksies aan die betrokke veldwerker gegee is. Op elke kaart is drie beginpunte ewekansig gekies. Die veldwerker moes by die eerste aangeduide punt begin en dan 'n aangewese roete volg totdat hy drie persone ondervra het. Hierna moes hy na die tweede aangeduide punt gaan en op hierdie roete die oorblywende persone ondervra om sy kwota van vyf proefpersone vol te maak. Indien hierdie twee roetes nie voldoende persone opgelewer het nie, kon die veldwerker na die derde aangeduide punt gaan en daar die oorblywende proefpersone ondervra.

Die opgeleide veldwerkers is vooraf deeglik opgelei in die prosedure wat by die verkryging van die proefpersone gevolg moes word. Daar is toegesien dat elkeen 'n deeglike studie van die kaarte en instruksies maak. Voorts is die veldwerkers opgelei in die gebruik van die vraelys en daar is sorg gedra dat elke veldwerker die vrae op die vraelys ken en dit reg interpreteer. Hierbenewens is gesorg dat daardie veldwerkers wat nie uit die Buro se personeel geneem is nie, opgeleide welsynswerkers is. Ten slotte is die veldwerkers ook onderrig in die metodes van onderhoudvoering. Hierdie deeglike voorbereiding van die veldwerkers het waarskynlik daartoe bygedra dat baie min persone teëgekom is wat geweier het om inligting te verstrek. Al die voltooide vraelyste is direk na die afhandeling van die veldwerk deur vakkundiges van die Buro nagesien. Vakkundiges van die Buro het ook van tyd tot tyd die veldwerk, terwyl dit aan die gang was, gekontroleer.

Die vraelys wat tydens die ondersoek gebruik is, is van die pre-gekodifiseerde tipe. Behalwe vir een vraag, kon die hele vraelys deur 'n kruisie in die betrokke blokkie by elke vraag te maak, beantwoord word. Die vraelys is verder so opgestel dat al die gegewens op een ponskaart oorgedra kon word en sodoende kon die statistiese verwerkings masjinaal gedoen word. Ten einde foute uit te skakel, is die vraelys ook so ontwerp dat die antwoorde op sekere vrae gekontroleer kon word deur antwoorde op vrae wat op 'n ander plek in die vraelys verskyn, na te gaan. 'n Voorbeeld van die vraelys verskyn as bylaag 1.

Nadat die veldwerk afgehandel en die vraelyste nagesien is, is die

gegewens op ponskaarte oorgedra en masjinaal verwerk. Chi-kwadrat-berekeninge is gedoen om die beduidenheid van die verband tussen die verskillende faktore te bepaal.

1.4 INDELING VAN DIE VERSLAG

Die eerste hoofstuk van die verslag handel oor die doel en metodes van die ondersoek en gee 'n beskrywing van die steekproef terwyl 'n verdere ontleding van die ondersoekgroep ten opsigte van enkele eienskappe in hoofstuk 2 gedoen word.

In hoofstuk 3 word die ondersoekgroep in drankgebruikers en geheelonthouers verdeel en daarna ten opsigte van verskeie sosiologiese faktore met mekaar vergelyk. Die rede waarom mense drank gebruik en hul keuse van dranksoort word onderskeidelik in hoofstuk 4 en 5 ontleed.

In hoofstuk 6 val die aandag op die drinkfrekwensie, dit wil sê die mate van gereeldheid waarmee drank gebruik word. Die plek waar die alkoholiese drank gewoonlik gebruik word, word in hoofstuk 7 bespreek terwyl hoofstuk 8 'n ontleding van die tyd van drankgebruik bevat.

Die hoeveelheid drank wat die proefpersone in die sewe dae voor die ondervraging verbruik het, word in hoofstuk 9 bespreek terwyl daar in hoofstuk 10 en 11 onderskeidelik 'n ontleding van die maandelikse huis-houdelike uitgawe aan alkoholiese drank en die waarde van die alkoholiese drank wat deur die proefpersoon verbruik is, gemaak word.

Hoofstuk 12 handel oor die graad van drankgebruik, met ander woorde die mate waarin drank deur die ondersoekgroep misbruik of gebruik word, word ontleed.

In die laaste hoofstuk van die verslag, hoofstuk 13, word kortliks 'n samevatting en 'n algemene gevolgtrekking waartoe die ondersoek gelei het, gegee.

1.5 BEGRIPSBEPALING

Ter verduideliking van die besprekings wat in die verslag volg, word die volgende begrippe omskryf:

- (1) Alkoholiese drank: Waar in hierdie verslag van alkoholiese drank gepraat word, word bedoel alle drank wat onder die drankwet wat in 1961 van toepassing was, naamlik wet 30 van 1928, as alkoholiese drank beskou is, dit wil sê alle dranksoorte wat 'n alkoholgehalte van meer as 2 persent het.

- (2) **Drank:** Hierdie term bedoel alkoholiese drank soos onder (1) hierbo omskryf.
- (3) **Stad:** Die volgende is as stedelike gebiede ingedeel: Kaapstad en sy omliggende stedelike gebiede soos Parow, Bellville, Goodwood, Pinelands, Milnerton en Vishoek. Johannesburg en die Rand vanaf Randfontein tot Springs, Oos-Londen, Bloemfontein, Port Elizabeth, Pretoria, Pietermaritzburg, Durban, Kimberley insluitende Beaconsfield.
- (4) **Dorp:** Alle gebiede wat nie onder (3) ingedeel is nie maar wel 'n plaaslike bestuur het, word as dorpe beskou.
- (5) **Kleinhoues** is klein onderverdeelde stukkie grond wat deur die volgende drie eienskappe gekenmerk word:
- (a) Dit grens aan stedelike of dorpsgebiede.
 - (b) Die bewoner verkry die grootste deel van sy inkomste uit 'n ander bron as uit die hoewe.
 - (c) Die oppervlakte is nie beperk nie maar varieer gewoonlik van $2\frac{1}{2}$ tot 10 morg.
- Landbouhoues op besproeiingskemas word dus nie as kleinhoues beskou nie.
- (6) **Huishouding:** 'n Huishouding is daardie ekonomiese en sosiale eenheid wat uit persone bestaan wat in dieselfde huis woon en aan dieselfde tafel eet, en tegelykertyd slegs een gesinsbegroting het.
- (7) 'n **Geheelonthouer** is 'n persoon wat hoegenaamd geen alkoholiese drank, van watter aard ookal, behalwe vir sakramentele doeleindes, gebruik nie.
- (8) 'n **Drankgebruiker** is iemand wat alkoholiese drank nuttig dog wel in sulke hoeveelhede en in sulke omstandighede dat hy nie homself, sy afhanklikes of die gemeenskap daardeur benadeel nie.
- (9) 'n **Drankmisbruiker** is 'n persoon wat dikwels alkoholiese drank gebruik en wel op 'n wyse waardeur hy homself, sy afhanklikes of die gemeenskap benadeel. Hy misbruik drank egter nie elke keer wat hy daarmee in aanraking kom nie.
- (10) 'n **Alkoholis** is iemand wat elke keer wat hy met drank in aanraking kom, dit misbruik. Hy het geen beheer meer oor sy drinkgewoontes nie.
- (11) **Inkomste:** In hierdie verslag word met „inkomste" bedoel die totale netto-inkomste van die huishouding afgesien daarvan of een of albei

eggenote dit verdien. In gevalle waar die eggenote die proefpersoon is en sy geen beroepsarbeid verrig nie, is haar eggenoot se inkomste as haar inkomste beskou.

- (12) Bier is die alkoholiese drank wat verkry word deur die gisting van moutpap en wat meer alkohol as 2 persent van sy volume bevat en sluit nie Bantobier in nie.
- (13) Wyn beteken daardie alkoholiese drank wat verkry word deur die gisting van sap van vars druive of ander vrugte sonder die toevoeging van enige ander stof wat nie in artikel 2 van die Wÿn, Spiritualiën en Azÿn Wet, 15 van 1913 toegelaat word nie. Dit sluit in soet-, droë en skuimwyn sowel as appel-, peer-, en lemoenwyn en so meer.
- (14) Spiritualieë is alkoholiese drank wat verkry is deur die distillasie van vrugtesap, graan, suiker of ander alkoholiese drank en sluit in brandewyn, whisky, jenever, rum, likeurs, vodka en so meer.

HOOFSTUK 2

DIE ALGEMENE KENMERKE VAN DIE STEEKPROEF

In hierdie hoofstuk word die algemene persoonlike kenmerke van die ondersoekgroep soos byvoorbeeld geslagsverdeling, ouderdomsverspreiding, huistaal, huwelikstaat, landelik-stedelike verspreiding, onderwyspeil, beroep, inkomste en kerkverband bespreek.

2.1 GESLAGSVERDELING

Die geslagsverdeling van die ondersoekgroep word in tabel 2.1 uiteengesit.

TABEL 2.1

DIE GESLAGSVERDELING VAN DIE ONDERSOEGKROEP

Geslag	Getal	%	Die 1960-sensussyfer vir die totale bevolking van 20 jaar en ouer ¹⁾
Manlik	759	50.6	49.0
Vroulik	741	49.4	51.0
TOTAAL	1,500	100.0	100.0

Uit tabel 2.1 blyk dit dat net meer as die helfte van die ondersoekgroep, naamlik 50.6 persent manlike en net minder as die helfte, naamlik 49.4 persent, vroulike persone was. Die geslagsverdeling van die ondersoekgroep wyk dus effens af van die geslagsverdeling van die totale bevolking van 20 jaar en ouer, soos verkry van die 1960-sensus. Volgens die 1960-sensus was 49.0 persent van die totale Blanke bevolking van 20 jaar en ouer manlik en 51.0 persent vroulik.

2.2 OUDERDOMSVERSPREIDING

In tabel 2.2 word 'n ontleding van die ouderdomsverspreiding van die ondersoekgroep gemaak en dan word dit vergelyk met die ouderdomsverspreiding in die totale bevolking van 20 jaar en ouer volgens die 1960-sensus.

1) In sommige tabelle waarvoor die 1960-sensussyfers nie beskikbaar was nie, is daar van die 1951-sensussyfers gebruik gemaak.

TABEL 2.2

DIE OUDERDOMSVERDELING VAN DIE ONDERSOEGGROEP

Ouderdoms- groep in jare	Getal	%	Die 1960-sensusyfer vir die totale bevolking van 20 jaar en ouer
Onder 20	47	3.1	-
20 - 24	111	7.4	12.9
25 - 29	187	12.5	11.4
30 - 39	393	26.2	22.3
40 - 49	335	22.3	20.5
50 - 59	219	14.6	16.1
60 - 69	130	8.7	9.6
70 en ouer	78	5.2	7.0
TOTAAL	1,500	100.0	100.0

Soos dit blyk uit tabel 2.2 was die ouderdomsgroep 30 - 39 jaar in sowel die ondersoekgroep as die totale bevolking die sterkste verteenwoordig, naamlik 26.2 persent en 22.3 persent onderskeidelik. Dit val verder op dat daar behalwe by die ouderdomsgroep 20 - 24 jaar nie 'n baie groot verskil tussen die ouderdomsverspreiding van die ondersoekgroep en die ouderdomsverspreiding van die totale bevolking, soos verkry uit die 1960-sensus, bestaan nie. Die afwyking in die ouderdomsgroep 20 - 24 jaar is waarskynlik daaraan toe te skryf dat die veldwerkers jongmense minder dikwels as ouer persone tuis aangetref het. Soos in die geval van die vorige tabel, dui hierdie gegewens dus weer eens daarop dat ons hier wat ouderdom betref, met 'n verteenwoordigende steekproef van die totale bevolking te doen het.

2.3 HUISTAAL

Die verspreiding van die ondersoekgroep volgens huistaal word in tabel 2.3 uiteengesit en dan word dit verder vergelyk met die huistaalverspreiding van die totale bevolking volgens die 1960-sensusgegevens en die bevolking van 20 jaar en ouer soos verkry uit die 1951-sensus.

TABEL 2.3

DIE HUISTAAL VAN DIE ONDERSOEKGROEP

Huistaal	Getal	%	Bevolking van 20 jaar en ouer volgens 1951- sensus	Totale bevolking volgens 1960- sensus
Afrikaans	799	53.3	52.7	57.8
Engels	543	36.2	42.9	37.2
Afrikaans en Engels	115	7.7	1.5	1.4
Ander tale	43	2.9	2.8	3.3
TOTAAL	1,500	100.0	100.0	100.0

Benewens die persone wat sowel Afrikaans as Engels as huistaal gehad het, het die huistaalverspreiding van die ondersoekgroep weer eens nie veel afgewyk van die huistaalverspreiding volgens sensusgegevens nie. Vir die buitengewoon hoë persentasie persone wat albei die landstale as huistaal gehad het, kan geen afdoende verklaring gebied word nie. Die ondersoekgroep was dus blykens tabel 2.3 saamgestel uit 'n bietjie meer as die helfte Afrikaanssprekendes, 'n bietjie meer as een derde Engelssprekendes terwyl byna 8.0 persent sowel Afrikaans as Engels as huistaal gehad het. Hierteenoor was 2.9 persent van die ondersoekgroep persone wat ander tale as die twee amptelike tale as huistaal gebesig het.

2.4 HUWELIKSTAAT

Die huwelikstaat van die ondersoekgroep word in tabel 2.4 ontleed en met die huwelikstaatverspreiding van die bevolking van 20 jaar en ouer volgens die 1951-sensus vergelyk.

TABEL 2.4

DIE HUWELIKSTAAT VAN DIE ONDERSOEKGROEP

Huwelikstaat	Getal	%	Bevolking van 20 jaar en ouer volgens 1951-sensus
Getroud	1, 229	81.9	73.4
Nooit getroud (nog ongetroud)	152	10.1	16.9
Geskei, verlaat, van tafel en bed geskei	29	1.9	1.8
Wewenaar of weduwee	90	6.0	7.8
TOTAAL	1, 500	100.0	100.0

Omdat die ondersoekgroep persone van 18 jaar en ouer insluit, teenoor die 1951-sensusyfers wat slegs op persone van 20 jaar en ouer betrekking het, kan verwag word dat die ongetroude groep in die ondersoekgroep 'n groter persentasie van die totaal moet vorm as wat die geval by die sensusgewens is. Dit is egter nie die geval nie. So ook is die persentasie van die ondersoekgroep wat getroud is, naamlik 81.9 persent, heelwat groter as wat die geval by die sensusyfers is waar die ooreenstemmende persentasie op 73.4 persent te staan kom. By die ander twee kategorieë, naamlik geskei, verlaat en van tafel en bed geskei, en wewenaars en weduwees, is daar egter geen noemenswaardige verskil tussen die persentasies van die ondersoekgroep- en die 1951-sensusyfers nie. Die rede vir hierdie afwyking is skynbaar geleë in die manier waarop die proefpersone in die ondersoek betrek is want die instruksies aan die veldwerkers was dat die proefpersone by hulle huise of hulle woonplek opgespoor moes word. Daar kan dus verwag word dat getroude persone meer dikwels as ongetroude persone deur die veldwerker tuis gevind is. Van hier dus waarskynlik die hoër persentasie wat by die getroudes aangetref word, teenoor die laer persentasie by die ongetroudes in vergelyking met die huwelikstaatverspreiding in die totale bevolking.

2.5 LANDELIK-STEDELIKE VERSPREIDING

Tabel 2.5 toon aan hoe die ondersoekgroep ten opsigte van woonplek versprei is en in watter mate hierdie verspreiding met die verspreiding van die totale bevolking volgens die 1960-sensus ooreenkom.

TABEL 2.5

DIE WOONPLEK VAN DIE ONDERSOEKSGROEP

Woonplek	Getal	%	Totale bevolking volgens 1960-sensus
'n Stad	803	53.5)	83.1
'n Dorp	463	30.9)	
'n Plaas	141	9.4)	16.9
'n Kleinhoewe	93	6.2)	
TOTAAL	1,500	100.0	100.0

Die grootste persentasie van die ondersoeksgroep, naamlik 53.5 persent, was blykens tabel 2.5 stedelinge terwyl 'n verdere 30.9 persent in dorpe gewoon het en slegs 9.4 persent op plase en 6.2 persent op kleinhoewes. Volgens die 1960-sensus het 83.1 persent van die totale bevolking in stedelike gebiede gewoon teenoor 16.9 persent in plattelandse gebiede. As dié groep van die steekproef wat in stede en dié groep wat in dorpe gewoon het, saamgevoeg word teneinde meer met die sensusgegevens se stedelike groep vergelykbaar te wees, dan word daar 'n baie groot ooreenkomst gevind en wel 84.4 persent vir die ondersoeksgroep teenoor die 83.1 persent van die totale bevolking. Dieselfde gebeur as ons die plaas- en kleinhoewegroep van die ondersoeksgroep saamvoeg want hiervolgens sou ons 15.6 persent van die ondersoeksgroep as landelik kan klassifiseer teenoor 16.9 persent van die totale bevolking. Daar moet hier egter onthou word dat in die ondersoeksgroep slegs persone van 18 jaar en ouer betrek is teenoor die 1960-sensusstysters wat persone van alle ouderdomme insluit. Selfs met hierdie voorbehoud is die gegewens in tabel 2.5 weer eens 'n aanduiding dat die steekproef in 'n baie groot mate verteenwoordigend van die totale bevolking is.

2.6 ONDERWYSPEIL

'n Ontleding van die onderwyspeil van die ondersoeksgroep word in tabel 2.6 aangetref. Geen vergelyking met die totale bevolking is hier egter moontlik nie, aangesien sensusgegevens vir hierdie faktor nie beskikbaar is nie.

TABEL 2.6

DIE ONDERWYSPEIL VAN DIE ONDERSOEGGROEP

Onderwyspeil	Getal	%
Laer as st. III-sertifikaat	37	2.5
St. III of IV of gelykwaardige sertifikaat	29	1.9
St. V of gelykwaardige sertifikaat	49	3.3
St. VI of gelykwaardige sertifikaat	319	21.3
St. VII of gelykwaardige sertifikaat	196	13.1
St. VIII of gelykwaardige sertifikaat	360	24.0
St. IX of gelykwaardige sertifikaat	65	4.3
St. X of gelykwaardige sertifikaat	250	16.7
Kwalifikasies na st. X - nie universiteitsgraad	122	8.1
Universiteitsgraad behaal	73	4.9
TOTAAL	1,500	100.0

In tabel 2.6 val dit dadelik op dat die grootste persentasies voorkom by persone wat oor 'n hoërskoolopleiding beskik. So byvoorbeeld het 79.4 persent van die onderseoggroep oor een of ander hoërskoolkwalifikasie beskik, terwyl 7.7 persent nie oor 'n hoër kwalifikasie as st. V beskik het nie. Hierteenoor het 13.0 persent van die onderseoggroep 'n kwalifikasie na standerd tien verwerf.

2.7 BEROEP

In tabel 2.7 word 'n uiteensetting van die beroepsverspreiding van die onderseoggroep gegee. Soos wat die geval by die vorige tabel is, kan hier ook geen vergelykende gegewens ten opsigte van die totale bevolking gegee word nie aangesien die indeling in beroepsgroepe by die onderseoggroep nie ooreenstem met die beroepsindeling wat deur die Buro vir Statistiek in hulle sensusopnames gebruik is nie.

TABEL 2.7

DIE BEROEPE VAN DIE ONDERSOEKGROEP

Beroep	Getal	%
Professies	89	5.9
Klerklike en administratiewe beroepe	192	12.8
Hoër handelsberoepe bv. eienaars, direkteure, ens.	59	3.9
Laer handelsberoepe bv. verkoops personeel	55	3.7
Hoër beroepe in die mynwese bv. eienaars, direkteure, ens.	3	0.2
Laer beroepe in die mynwese bv. mynwerkers, delwers, ens.	18	1.2
Geskoolde vakrigtings bv. ambagsmanne	141	9.4
Halfgeskoolde en ongeskoolde beroepe bv. arbeiders	103	6.9
Vervoerdienste	30	2.0
Veiligheidsdienste bv. polisie, gevangenisbeamptes, ens.	22	1.5
Voltydse boere, bosbouers, ens.	64	4.3
Voltydse studente en skoliere	19	1.3
Pensionarisse, renteniers, afgetredenes	68	4.5
Voltydse huisvroue	581	38.7
Persoonlike dienste bv. kelners, verpleegsters, ens.	32	2.1
Werkloos tydens opname	17	1.1
Ander beroepe	7	0.5
TOTAAL	1,500	100.0

Soos verwag kan word, het die huisvroue, blykens tabel 2.7, die grootste enkele persentasie naamlik 38.7 persent van die ondersoekgroep gevorm; 12.8 persent van die ondersoekgroep was persone wat in klerklike of administratiewe beroepe gestaan het terwyl 9.4 persent geskoolde vakmanne en 6.9 persent vakleerlinge of halfgeskooldes of ongeskoolde werkers was.

2.8 INKOMSTE

In tabel 2.8 word die ondersoekgroep volgens inkomstegroepe ontleed.

TABEL 2.8

DIE INKOMSTE VAN DIE ONDERSOEKSGROEP

Inkomste	Getal	%
Geen	32	2.1
R1 - 200	9	0.6
R201 - 400	45	3.0
R401 - 800	133	8.9
R801 - 1200	148	9.9
R1201 - 1600	212	14.1
R1601 - 2000	260	17.3
R2001 - 2400	200	13.3
R2401 - 2800	117	7.8
R2801 - 3200	102	6.8
R3201 - 3600	53	3.5
R3601 - 4000	40	2.7
R4001 - 4400	35	2.3
R4401 - 4800	16	1.1
R4801 - 5200	19	1.3
R5201 - 5600	4	0.3
R5601 - 6000	17	1.1
R6001 - 6400	15	1.0
R6401 - 6800	6	0.4
R6801 - 7200	7	0.4
R7201 - 7600	5	0.3
R7601 - 8000	2	0.1
R8001 en meer	21	1.4
Geen inligting	2	0.1
TOTAAL	1,500	100.0

Die grootste enkele persentasie naamlik 17.3 persent van die ondersoeksgroep het 'n inkomste van tussen R1601 en R2000 gehad. Dit val verder op dat byna die helfte van die ondersoeksgroep en wel 44.7 persent 'n

inkomste gehad het wat gewissel het van R1201 tot R2400. Slegs 3.6 persent van die ondersoekgroep het meer as R6000 per jaar verdien. Die inkomste wat hier ontleed word, sluit indien albei die eggenote 'n inkomste gehad het, albei se inkomste in. In die geval van dames wat geen beroepsarbeid verrig het nie, is die inkomste van haar eggenoot as haar inkomste aangegee.

2.9 KERKVERBAND

Die kerkverband van die ondersoekgroep word in tabel 2.9 ontleed en ook vergelyk met 'n ontleding van die kerkverband van die totale bevolking volgens die 1951-sensus.

TABEL 2.9

DIE KERKVERBAND VAN DIE ONDERSOEGKROEP

Kerkverband	Getal	%	Persentasie van totale bevolking volgens 1951-sensus
Nederduitse Gereformeerde Kerk	595	39.7	42.0
Gereformeerde Kerk	63	4.2	4.2
Nederduitse Hervormde Kerk	91	6.1	7.0
Presbiteriaanse Kerk	67	4.5	3.8
Anglikaanse Kerk	195	13.0	15.8
Rooms-Katolieke Kerk	85	5.7	5.3
Metodistekerk	135	9.0	8.3
Apostoliese Geloofsending of Volle Evangelie Kerk	46	3.1	3.5
Israelitiese Kerk	56	3.7	4.1
Baptistekerk	17	1.1	1.0
Ander kerke	113	7.5	onbekend
Geen kerk	37	2.5	onbekend
TOTAAL	1,500	100.0	100.0

Die grootste enkele persentasie van die ondersoekgroep, naamlik 39.7 persent, het aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk behoort terwyl die tweede grootste persentasie naamlik 13.0 persent lidmate van die

Anglikaanse Kerk was. Hierdie gegewens stem ooreen met die persentasie van die totale bevolking wat aan die ooreenstemmende twee kerke behoort het, naamlik 42.0 persent aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk en 15.8 persent aan die Anglikaanse Kerk. Ook wat betref die ander kerke word 'n mens hier getref deur die groot mate van ooreenkoms wat daar in die persentasies van die steekproef en die persentasies van die totale bevolking bestaan. (Teenoor die kategorie „Ander kerke" en „Geen kerk" is daar ten opsigte van die totale bevolkingsyfer geen persentasies aangedui nie omdat die indeling wat in die onderhawige ondersoek gebruik is, nie presies ooreenstem met die indeling wat in die bevolkingsensus gebruik is, nie.)

Uit bostaande tabel blyk dit dus weer baie duidelik dat die ondersoekgroep as 'n goeie verteenwoordigende steekproef van die totale bevolking beskou kan word.

2.10 SAMEVATTING

Die ondersoekgroep is ten opsigte van geslagsverdeling, ouderdom, huistaal, huwelikstaat, woonplek en kerkverband met die sensusgegewens soos uit die 1951- en 1960-sensus verkry, vergelyk. Hiervolgens het dit geblyk dat die ondersoekgroep 'n treffende ooreenkoms met die totale Blanke bevolking toon. Die ondersoekgroep kan dus as 'n verteenwoordigende steekproef van die totale Blanke bevolking beskou word.

HOOFSTUK 3

GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK

In hierdie hoofstuk word geheelonthouers en gebruikers van alkoholiese drank met mekaar ten opsigte van verskillende persoonlike kenmerke vergelyk, soos byvoorbeeld geslag, ouderdom, huistaal, huwelikstaat, woonplek, onderwyspeil, beroep, inkomste, kerkverband en so meer. Daar moet egter baie duidelik op gelet word dat daar in hierdie hoofstuk hoegenaamd nie ingegaan word op die hoeveelheid drank wat gebruik word of op die gereeldheid van die gebruik nie maar bloot of alkoholiese drank wel, hoe min ook al, gebruik word al dan nie. Met ander woorde die intensiteit van die drinkgewoonte geniet nie in hierdie hoofstuk die aandag nie.

3.1 GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS GESLAG

In tabel 3.1 word 'n aanduiding van die omvang van die gebruikers van drank teenoor die geheelonthouers in die ondersoekgroep gegee. Verder word die geheelonthouers en die gebruikers van alkoholiese drank ten opsigte van hulle geslagsverdeling vergelyk.

TABEL 3.1

GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS GESLAG

Groep	Manlik		Vroulik		Totaal	
	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Geheelont- houers	141	18.6	236	31.8	377	25.1
Gebruikers	618	81.4	505	68.2	1,123	74.9
TOTAAL	759	100.0	741	100.0	1,500	100.0

$$X^2 = 34.397; p < .1\%¹⁾$$

1) Die chi-kwadraatwaarde wat verkry is, is dus beduidend op 'n waarskynlikheidsvlak van .1 persent. Populêr gesproke kan dit dus soos volg geïnterpreteer word: As dieselfde ondersoek elke keer met 'n ander steekproef uit dieselfde universum duisend keer herhaal word, sal 'n ander resultaat ten opsigte van die betrokke faktore slegs in een geval gevind word, met ander woorde die kans dat die verband in die betrokke tabel deur toevallige faktore veroorsaak word, is een uit 'n duisend of .1 persent.

Uit tabel 3. 1 blyk dit dat net meer as 'n kwart, naamlik 25.1 per-
sent, van die ondersoekgroep hoegenaamd geen alkoholiese drank gebruik
nie terwyl ongeveer 'n driekwart van die ondersoekgroep, naamlik 74.9
persent, wel alkoholiese drank in 'n meerdere of 'n mindere mate ge-
bruik. In 'n ondersoek wat in 1946 in die V. S. A. uitgevoer is en waarby
slegs persone van 21 jaar en ouer betrek was, het die ondersoekers gevind
dat 35.0 persent van die ondersoekgroep absolute onthouers was (1, bl.
182). In 'n soortgelyke ondersoek wat in 1958 in Iowa ingestel is en
waarin 1,185 persone van 21 jaar en ouer ondervra is, het die ondersoekers
bevind dat 40.0 persent van die ondervraagdes nooit alkoholiese drank ge-
bruik nie (2, bl. 22-29). Hierdie persentasie is effens hoër as die per-
sentasie wat deur die Washington Public Opinion Laboratory gevind is in 'n
ondersoek wat in Mei 1951 in die staat Washington uitgevoer is. In hier-
die ondersoek is slegs persone van 21 jaar en ouer ondervra. Van al die
ondervraagdes was 36.7 persent absolute onthouers (3, bl. 191).

Uit die voorgaande wil dit dus voorkom asof ander ondersoekers
deurgaans 'n hoër persentasie algehele onthouers van alkoholiese drank in
hulle ondersoekgroepe gevind het as wat die geval in die eie ondersoek was.
Hierdie soort vergelyking moet egter met die grootste omsigtigheid gedoen
word aangesien die ervaring geleer het dat proefpersone ten opsigte van
hierdie vraag nie altyd die korrekte antwoord verstrek nie, nie soseer om-
dat hulle die veldwerker wil bedrieg nie maar veel eerder omdat hulle, in-
dien hulle slegs by uitsonderlike gevalle alkoholiese drank gebruik, hulle-
self as onthouers beskou.

Tweedens blyk dit uit tabel 3.1, soos trouens ook verwag kan word,
dat 'n groter persentasie van die vrouens algehele onthouers was, naamlik
31.8 persent, as wat die geval by mans was, waar die ooreenstemmende
persentasie op 18.6 persent te staan gekom het. Die verklaring vir hierdie
verskil is waarskynlik daarin geleë dat daar in sommige kringe aanvaar
word dat dit verkieslik is dat dames liever geen alkoholiese drank gebruik
nie. Met die emansipasie van die vrou het natuurlik ook die stelselmatige
verdwyning gekom van die veroordeling van die gebruik van alkoholiese
drank deur vroue. Namate die vrou steeds meer toetree tot die beroeps-
lewe, en veral die sakewêreld, kan daar verwag word dat daar in die open-
bare mening ten opsigte van drankgebruik by mans en vroue baie weinig
verskil sal bestaan.

3.2 GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS OUDERDOM

In tabel 3.2 word die geheelonthouers wat in hierdie ondersoek gevind
is, met die gebruikers van alkoholiese drank ten opsigte van hulle onder-
skeie ouderdomsverdelings vergelyk.

TABEL 3.2

GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS OUDERDOM

Groep	Onder 20 jr.		20-24		25-29		30-39		40-49		50-59		60-69		70 jr. en ouer		Totaal	
	*G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Geheelonthouers	13	27.7	25	22.5	46	24.6	71	18.1	91	27.2	60	27.4	44	33.8	27	34.6	377	25.1
Gebruikers	34	72.3	86	77.5	141	75.4	322	81.9	244	72.8	159	72.6	86	66.2	51	65.4	1,123	74.9
TOTAAL	47	100.0	111	100.0	187	100.0	393	100.0	335	100.0	219	100.0	130	100.0	78	100.0	1,500	100.0

$$X^2 = 21.324; 1\% > p > .1\%$$

*In tabelle waar daar nie voldoende ruimte is om „Getal“ uit te skryf nie, word slegs „G“ gebruik.

Soos reeds in die vorige afdeling aangetoon, is sowat 25.0 persent van die ondersoekgroep geheelonthouers. As hierdie persentasie vergelyk word met die persentasie wat geheelonthouers van elke afsonderlike ouderdomsgroep vorm, val dit dadelik op dat die grootste verskil voorkom by die hoër ouderdomsgroepe. So byvoorbeeld was 34.6 persent van die ouderdomsgroep 70 jaar en ouer, geheelonthouers teenoor 33.8 persent by die groep 60-69 jaar en 27.4 persent by die 50-59-jarige groep en 27.2 persent by die 40-49-jarige groep. Ook by die jongste ouderdomsgroep, naamlik onder 20 jaar (d. w. s. tussen 18 en 20 jaar) was die persentasie geheelonthouers, naamlik 27.7 persent, hoër as die persentasie wat geheelonthouers van die totale groep uitgemaak het. Die kleinste persentasie geheelonthouers, naamlik 18.1 persent, het voorgekom in die ouderdomsgroep 30-39 jaar. In die geheel geneem, wil dit dus voorkom asof sowel die hoër ouderdomsgroepe, naamlik 40 jaar en ouer as die heel jongste ouderdomsgroep naamlik 20 jaar en jonger, die grootste persentasie algehele onthouers bevat, terwyl die groepe met persone wat tussen 20 en 39 jaar oud is, in vergelyking met die ondersoekgroep as geheel, 'n betreklike klein persentasie geheelonthouers ingesluit het.

Ondersoeke wat in ander lande na die drinkgewoontes van die bevolking ingestel is, bevestig in 'n groot mate die tendens wat in tabel 3.2 aangetref word. So byvoorbeeld wys R. E. Popham in 'n artikel, waarin hy gegewens ten opsigte van Kanada en die Verenigde State van Amerika met mekaar vergelyk, daarop dat 25.0 persent van sy ondersoekgroep wat tussen die ouderdom 21 en 29 jaar was, algehele onthouers was. Die ooreenstemmende persentasie vir die ouderdomsgroep 30-49 jaar was 28.0 persent en vir die ouderdomsgroep 50 jaar en ouer was 41.0 persent. Die ooreenstemmende persentasies vir Amerikaners volgens hierdie ondersoeker is onderskeidelik 36.0, 35.0 en 52.0 persent (4, bl. 174). Die gegewens in die reeds aangehaalde ondersoek van die Washington Public Opinion Laboratory, spes aangehaal deur M. A. Maxwell in 'n artikel, kom nog meer ooreen met die bevindinge in die eie ondersoek. Blykens hierdie ondersoek was die persentasie onthouers in die ondersoekgroep soos volg: 25.3 persent vir die 20-29-jaar groep, 23.2 persent vir die groep 30-39 jaar, 28.4 persent vir die groep 40-49 jaar, 47.9 persent vir die groep 50-59 jaar, 48.6 persent vir die groep 60-69 jaar en 69.2 persent vir die ouderdomsgroep 70 jaar en ouer (3, bl. 198). Maxwell stel sy bevindinge in hierdie verband soos volg: "As shown in Table 11, fewer and fewer persons drink as the age class rises. In the twenties and thirties, three out of four drink; in the fifties and sixties a proportion of one in two is approached; in the seventies less than one in three drinks. It may be that the older respondents are reflecting the pattern of their youth, and the younger respondents the trend towards an increased proportion of drinkers" (3, bl. 198).

3.3 GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS HUISTAAL

Die mate waarin die verskillende taalgroepe wat in die steekproef

voorgekom het ten opsigte van die gebruik of onthouding van alkoholiese drank van mekaar verskil, word in tabel 3. 3. uiteengesit.

TABEL 3. 3

GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS HUISTAAL

Groep	Afrikaans		Engels		Afrikaans en Engels		Ander tale		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Geheelont-houers	227	28.4	118	21.7	29	25.2	3	7.0	377	25.1
Gebruikers	572	71.6	425	78.3	86	74.8	40	93.0	1,123	74.9
TOTAAL	799	100.0	543	100.0	115	100.0	43	100.0	1,500	100.0

$$X^2 = 15.435; 1\% > p > .1\%$$

(Slegs vir Afrikaans- en Engelssprekendes $X^2 = 7.552; 1\% > p > .1\%$)

Volgens tabel 3. 3. het die grootste persentasie onthouers naamlik 28.4 persent by die Afrikaanssprekendes voorgekom. Hierteenoor was 25.2 persent van die Afrikaans-en-Engelssprekendes en 21.7 persent van die Engelssprekendes en 7.0 persent van die groep wat 'n ander taal as een van of albei die twee amptelike tale as huistaal gehad het, algehele onthouers.

Dit mag wees dat die verskille tussen die taalgroepe aan faktore soos verskil in inkomste toegeskryf kan word. Om hierdie moontlikheid te ondersoek, is die Afrikaans- en Engelssprekendes met mekaar vergelyk terwyl die inkomste konstant gehou is. Die resultaat, soos blyk uit tabel 3. 3.1, is dat daar geen duidende verskil tussen die Afrikaans- en Engels-sprekende groepe is as die inkomste konstant gehou word nie. Die verskil wat daar tussen hierdie twee taalgroepe bestaan, soos blyk uit tabel 3. 3, moet dus aan die verskil in inkomste toegeskryf word want soos later uit tabel 3. 9 sal blyk, neem die persentasie geheelonthouers af namate die inkomste toeneem.

TABEL 3.3.1

GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK BY AFRIKAANS- EN ENGELSSPREKENDES ONTLEED VOLGENS INKOMSTE

Groep	Inkomste en huistaal																							
	R2000 en minder				R2001 - R4000				R4001 en meer				Totaal											
	Afrikaans	Engels	Totaal	%	Afrikaans	Engels	Totaal	%	Afrikaans	Engels	Totaal	%	Afrikaans	Engels	Totaal	%								
Geheel- ont- houers	173	33.8	76	31.3	249	33.0	52	21.8	34	15.6	86	18.9	2	4.1	8	9.9	10	7.7	227	28.4	118	21.8	345	25.7
Ge- bruikers	339	66.2	167	68.7	506	67.0	186	78.2	184	84.4	370	81.1	47	95.9	73	90.1	120	92.3	572	71.6	424	78.2	996	74.3
TOTAAL	512	100.0	243	100.0	755	100.0	238	100.0	218	100.0	456	100.0	49	100.0	81	100.0	130	100.0	799	100.0	542	100.0	1,341	100.0

$\chi^2 = 0.4708$; 50% > p > 30%

$\chi^2 = 2.9065$; 10% > p > 5%

$\chi^2 = 1.4438$; 30% > p > 20%

3.4 GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS HUWELIKSTAAT

Tabel 3.4 dui aan in hoeverre die gewoonte om alkoholiese drank te gebruik al dan nie met die huwelikstaat van die proefpersoon verband hou.

TABEL 3.4

GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS HUWELIKSTAAT

Groep	Getroud		Nooit getroud		Geskei		Wewenaar of weduwee		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Geheelont-houers	298	24.2	36	23.7	8	27.6	35	38.9	377	25.1
Gebruikers	931	75.8	116	76.3	21	72.4	55	61.1	1,123	74.9
TOTAAL	1,229	100.0	152	100.0	29	100.0	90	100.0	1,500	100.0

$$X^2 = 9.826; 5\% > p > 2\%$$

In teenstelling met die 25.1 persent onthouers wat in die totale steekproef voorgekom het, het 38.9 persent van die negentig wewenaars en weduwees wat in die ondersoek betrek is, geen alkoholiese drank gebruik nie. Die tweede grootste persentasie geheelonthouers het voorgekom by die groep geskeies naamlik 27.6 persent. Hierteenoor het 24.2 persent van die getroudes en 23.7 persent van die ongetroude groep geen alkoholiese drank gebruik nie. Dit val dus dadelik op dat die grootste persentasie drankgebruikers by die groep wat nog nie getroud was nie, voorgekom het. Een van die moontlike verklarings vir hierdie verskille is waarskynlik geleë in die ouderdomsverskille wat daar tussen die verskillende groepe bestaan. Hierdie gegewens word in tabel 3.4.1 gegee.

TABEL 3.4.1

DIE HUWELIKSTAAT VAN DIE ONDERSOEKGROEP VOLGENS OUDER-
DOM ONTLEED

Ouderdom	Huwelikstaat									
	Getroud		Nooit getroud		Geskei, verlaat, ens.		Wewenaar of weduwee		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Onder 20 jaar	8	0.7	39	25.7	-	-	-	-	47	3.1
20 - 24	65	5.3	44	28.9	2	6.9	-	-	111	7.4
25 - 29	161	13.1	25	16.4	1	3.4	-	-	187	12.5
30 - 39	370	30.1	18	11.8	3	10.3	1	1.1	392	26.1
40 - 49	307	25.0	9	5.9	7	24.1	12	13.3	335	22.3
50 - 59	186	15.1	4	2.6	9	31.0	21	23.3	220	14.7
60 jaar en ouer	132	10.7	13	8.6	7	24.1	56	62.2	208	13.9
TOTAAL	1,229	100.0	152	100.0	29	100.0	90	100.0	1,500	100.0

Uit tabel 3.4.1 blyk dit dat 62.2 persent van die groep wewenaars en weduwees 60 jaar of ouer was teenoor 10.7 en 8.6 persent onderskeidelik by die getroudes en die groep wat nog nie getroud is nie. So ook blyk dit uit die ondersoek dat die groep geskeies meer persone (24.1%) in die ouderdomsgroep 60 jaar en ouer insluit as wat die geval by die ongetroude groep (8.6%) is. Verder sal onthou word dat die gegewens in tabel 3.2 daarop gedui het dat die persentasie onthouers by die hoogste ouderdomsgroep, 60 jaar en ouer, groter is as wat die geval by die laer ouderdomsgroepe is. Volgens tabel 3.2 het 22.5 persent van die persone in die ouderdomsgroep 20-24 jaar, een van die ouderdomsgroepe waarin die meeste ongetroudes (28.9%) voorkom, geen alkoholieuse drank gebruik nie, teenoor 33.8 en 34.6 persent onderskeidelik van die ouderdomsgroepe 60-69 jaar en 70 jaar en ouer. Voortspruitend hieruit kan dus verwag word dat 'n betreklike klein persentasie van die ongetroude groep algehele onthouers sal wees.

Die relatief hoër persentasie onthouers by die groep wat in wedustaat

verkeer het, kan verder daaraan toegeskryf word dat hierdie kategorie vanwee die hoër lewensverwagting by vroue, meer weduwees as wewenaars insluit (Vgl. tabel 3.4.2). Soos reeds uit tabel 3.1 gebyk het, is vroue meer dikwels as mans geheelonthouers.

TABEL 3.4.2

DIE HUWELIKSTAAT VAN DIE ONDERSOEKGROEP VOLGENS GESLAG

Groep	Getroud		Nooit getroud		Geskei, verlaat, ens.		Wewenaar of weduwee		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Manlik	619	50.4	111	73.0	11	37.9	19	21.1	760	50.7
Vroulik	610	49.6	41	27.0	18	62.1	71	78.9	740	49.3
TOTAAL	1,229	100.0	152	100.0	29	100.0	90	100.0	1,500	100.0

3.5 GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS GEWESE HUWELIKSTAAT

In aansluiting by die gegewens van tabel 3.4 wat reeds bespreek is, handel die gegewens van tabel 3.5 oor die vorige huwelikstaat van die proefpersone.

TABEL 3.5

GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS GEWESE HUWELIKSTAAT

Groep	Geskei		Wewenaar of weduwee		Geskei en wewenaar of weduwee		Geeneen van die voriges		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Geheelonthouers	14	26.9	16	37.2	2	25.0	266	23.6	298	24.2
Gebruikers	38	73.1	27	62.8	6	75.0	860	76.4	931	75.8
TOTAAL	52	100.0	43	100.0	8	100.0	1,126	100.0	1,229	100.0

$$\chi^2 = 4.377; 30\% > p > 20\%$$

Soos wat die geval by tabel 3.4 is, blyk dit uit tabel 3.5 dat die grootste persentasie onthouers voorkom by daardie persone wat, afgesien van hulle huidige huwelikstaat, voorheen wewenaars of weduwees was en wel 37.2 persent. Die getalle in hierdie tabel is egter klein en die verskille nie betekenisvol genoeg nie en daarom kan geen duidelike afleidings gemaak word nie.

3.6 GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS WOONPLEK

In tabel 3.6 is gegewens wat aandui of daar 'n verband tussen die drinkgewoontes en die woonplek van die proefpersone bestaan.

TABEL 3.6

GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS WOONPLEK

Groep	Stad		Dorp		Plaas		Kleinhowe		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Geheelont- houers	202	25.2	111	24.0	33	23.4	31	33.3	377	25.1
Gebruikers	601	74.8	352	76.0	108	76.6	62	66.7	1,123	74.9
TOTAAL	803	100.0	463	100.0	141	100.0	93	100.0	1,500	100.0

$$X^2 = 3.878; 30\% > p > 20\%$$

Soos dit blyk uit sowel die persentasies van tabel 3.6 as uit die chi-kwadraatwaarde wat ten opsigte van die tabel verkry is, was daar geen betekenisvolle verband tussen woonplek en die gewoonte om drank te gebruik nie want behalwe vir 'n ietwat groter persentasie onthouers (33.3%) by die kleinhowebewoners teenoor die ander groepe, waar die persentasies onderskeidelik 25.2 persent, 24.0 persent en 23.4 persent van die stad-, dorp- en plaasgroep is, was daar min verskille tussen die verskillende groepe.

In teenstelling met hierdie bevinding wys R. E. Popham in sy gegewens vir Kanada daarop dat die persentasie onthouers afneem namate die graad van stedelikheid toeneem en wel vanaf 38.0 persent onthouers op plase tot 24.0 persent onthouers vir stedelike gebiede met 100,000 mense of meer (4, bl. 174).

M. A. Maxwell daarenteen vind in sy opname in Washington geen bevestiging vir die voorgenoemde verband nie want alhoewel 37.3 persent van sy groep wat op plase woon en 34.4 persent van die inwoners van stede met 'n bevolking van 100,000 en meer, algehele onthouers is, is 39.5 persent van die inwoners van kleiner stede (10,000-99,999 mense) geheelonthouers. Hy som sy bevindinge dan soos volg op: „Riley and Marden found that drinking and drinking frequency increased with the size of the community. No such significant correlation was found in the State of Washington" (3, bl. 196).

3.7 GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS ONDERWYSPEIL

In tabel 3.7 word die onderwyspeil van die ondersoekgroep volgens die gewoonte om alkoholiese drank te gebruik al dan nie, ontleed.

TABEL 3.7

GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS ONDERWYSPEIL

Groep	Laer as st. VI		St. VI - st. VIII		St. IX- st. X		Kwalifikasies na st. X		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Geheelonthouers	43	37.4	258	29.5	45	14.3	31	15.9	377	25.1
Gebruikers	72	62.6	617	70.5	270	85.7	164	84.1	1,123	74.9
TOTAAL	115	100.0	875	100.0	315	100.0	195	100.0	1,500	100.0

$$X^2 = 46.531; \quad p < .1\%$$

Behalwe vir die groep met die hoogste onderwyspeil, daal die persentasie onthouers reëlmatig namate die onderwyspeil styg, vanaf 37.4 persent by diegene wat nie 'n hoër kwalifikasie as standerd vyf besit nie tot 14.3 persent by daardie groep wat 'n standerdnege- of standerdienstertifikaat verwerf het. Van diegene met 'n kwalifikasie hoër as standerd-tien is 15.9 persent geheelonthouers. Die bevindinge in die voorheen aangehaalde ondersoek van M. A. Maxwell sowel as Riley en Marden kom hiermee ooreen (3, bl. 197) en (1, bll. 185-186).

Dat onderwyspeil en drinkgewoontes 'n direkte verband met mekaar het, kan nie uit hierdie ondersoek bewys word nie. 'n Indirekte verband tussen hierdie faktore mag wel bestaan. Soos later op gewys sal word, verskil die drinkgewoontes van sowel persone in verskillende beroepe as van persone van verskillende inkomstegroepes. Wat in die vorige tabel waargeneem word, is waarskynlik toe te skryf aan die verband tussen onderwyspeil, beroep en inkomste.

3.8 GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS BEROEP

Die gebruik van alkoholiese drank en geheelonthouding word in tabel 3.8 met die beroep van die proefpersoon in verband gebring.

TABEL 3.8
 GEHEELNTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS BEROEP

Groep	Profes- sies		Hoër handels- beroepe		Laer handels- beroepe		Hoër beroepe in die mynwe- se		Laer beroepe in die mynwe- se		Geskooll- inge, vak- rigtings		Vakleer- linge, half- en onge- skooldes		Vervoer- dienste		Veilig- heids- dienste		Boere		Voltyd- se stu- dentie en skoliere		Pensio- naris- se, ens.		Huisvroue		Per- soonlike dienste		Werk- loses		Ander beroepe		Totaal			
	*G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%		
Geheel - ont- houers	11	12.4	37	19.3	7	11.9	10	18.2	-	-	3	16.7	27	19.1	32	31.1	6	20.0	3	13.6	9	14.1	3	15.8	21	30.9	195	33.6	8	25.0	5	29.4	-	-	377	25.1
Ge- bruikers	78	87.6	155	80.7	52	88.1	45	81.8	3	100.0	15	83.3	114	80.9	71	68.9	24	80.0	19	86.4	55	85.9	16	84.2	47	69.1	386	66.4	24	75.0	12	70.6	7	100.0	1,123	74.9
TOTAAL	89	100.0	192	100.0	59	100.0	55	100.0	3	100.0	18	100.0	141	100.0	103	100.0	30	100.0	22	100.0	64	100.0	19	100.0	68	100.0	581	100.0	32	100.0	17	100.0	7	100.0	1,500	100.0

*G - Getal

(Volgens Siegal word tabel verwerp)¹⁾

1) Hiermee word bedoel dat die gegewens in die betrokke tabel volgens die statistikus S. Siegal sodanig versprei dat die X^2 - toets nie toegepas kan word nie. Die X^2 - toets kan alleen toegepas word mits:

- (i) Nie meer as 20 persent van die selle 'n verwagte waarde kleiner as vyf het nie.
- (ii) 'teen sel 'n verwagte waarde kleiner as een het nie.

Soos dit uit bogenoemde tabel blyk, is die persentasie onthouers in vier beroepsgroepe, naamlik by vakleerlinge, half- en ongeskooldes (31.1%), pensionarisse en renteniers (30.9%), huisvroue (33.6%) en by die werklooses (29.4%) hoër as wat die geval by die totale groep is. By sommige van hierdie groepe, byvoorbeeld by die werklooses, is die getalle baie klein en kan geen duidelike afleidings gemaak word nie. Die betreklik hoë onthouersyfer by die huisvroue kan toegeskryf word aan die feit dat vroue meer onthouers as mans insluit (vgl. tabel 3.1). Verder sluit die groep half- en ongeskooldes ook vakleerlinge in en daarom sal jong persone, asook persone met 'n lae onderwyspeil hierin sterk verteenwoordig wees. Soos reeds in tabelle 3.2 en 3.7 aangetoon is, is die persentasie onthouers reeds in hierdie groepe betreklik groot. Die pensionarisse en renteniers sluit waarskynlik relatief baie persone in die hoër ouderdomsgroepe, wat volgens tabel 3.2 relatief baie onthouers insluit, in.

Dit val verder uit die gegewens van tabel 3.8 op dat die twee kleinste persentasies onthouers by persone in die „hoër“ handelsberoep (11.9%) en by professionele persone (12.4%) voorgekom het. (Met „hoër“ handelsberoep word eienaars, bestuurders en direkteure van sake bedoel.) M. A. Maxwell bevind egter dat die laagste persentasie onthouers by die geskoolde vakrigtings voorkom. In die geheel geneem, bevind hy egter relatief min verskil tussen die verskillende beroepsgroepe en kom dan tot die volgende gevolgtrekking: „This study does not point to occupational differences as a clue to variations in drinking frequency“ (3, bl. 195).

Afgesien van die ietwat onsekere uitkoms van die gegewens, mag dit natuurlik wees dat sekere beroepe die beoefenaar in omstandighede plaas wat hom tot die gebruik van alkoholiese drank leen, soos byvoorbeeld in dele van die handels- en professionele wêreld waar dikwels ter wille van beroepsvoordele onthaal word.

3.9 GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS INKOMSTE

Tabel 3.9 dui die verband aan tussen die gebruik van alkoholiese drank of die onthouding daarvan en inkomste.

TABEL 3.9

GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOL-
GENS JAARLIKSE INKOMSTE

Groep	R2,000 en minder		R2,001 - R4,000		R4,001 - R6,000		R6,001 en meer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Geheelont- houers	271	32.3	95	18.6	7	7.7	4	7.1	377	25.2
Gebruik- ers	568	67.7	417	81.4	84	92.3	52	92.9	1,121	74.8
TOTAAL	839	100.0	512	100.0	91	100.0	56	100.0	1,498	100.0

$$X^2 = 58.970; \quad p < .1\%$$

Soos reeds in die inleidingshoofstuk aangetoon is, sluit die inkomste die totale netto-inkomste in. Dit wil sê indien albei die egliede sou werk, word hulle gesamentlike inkomste geneem. In gevalle waar die eggenote die proefpersoon was, is die totale gesinsinkomste as haar inkomste aangegee, of sy self nou 'n inkomste gehad het of nie. Die gegewens in tabel 3.9 dui op 'n duidelike wetmatigheid in die verband tussen drinkgewoonte en inkomste. Namate die inkomste van die inkomstegroep styg, styg ook die persentasie gebruikers van alkoholie se drank. So byvoorbeeld het 67.7 persent van die persone wat R2,000 of minder verdien, alkoholie se drank gebruik, terwyl dit die geval by 'n steeds groter persentasie van die proefpersone in die hoër inkomstegroepe was totdat die persentasie op 92.9 persent van die groep met 'n inkomste van meer as R6,000 te staan gekom het. Sowel J. W. Riley en C. F. Marden (1, bl. 186) as M. A. Maxwell vind in hulle ondersoeke dieselfde tendens. Laasgenoemde ondersoeker stel sy bevindings soos volg: „The most significant and consistent correlation of all is to be found between income and drinking frequency. As shown in table 12, the percentage of drinkers definitely increases with income; and the largest proportion of regular drinkers (27.0 per cent) is to be found in the highest income category. Conversely, the highest proportions of abstainers are found in the two lowest income categories" (3, bl. 199).

Verskeie moontlike verklarings kan vir hierdie korrelasie aangevoer word.

Eerstens moet daarop gewys word dat persone uit die laer onderwyspeilgroep, soos dit uit tabel 3.7 geblyk het, meer onthouers as die hoër

onderwyspeilgroepe insluit. Verder kan dit verwag word dat daar 'n mate van verband tussen laer inkomste en laer kwalifikasies sal bestaan. Soos dit uit tabel 3. 8 geblyk het, het die professies en hoër handelsberoep 'n relatief klein persentasie geheelonthouers ingesluit, terwyl sowel persone in die half- en ongeskoolde beroep as vakleerlinge, dit wil sê persone in beroep met 'n lae salaris, relatief baie geheelonthouers ingesluit het. Ten slotte moet onthou word dat uit tabel 3. 2 geblyk het dat die laagste en die hoogste ouderdomsgroepe, onder 20 jaar en 60 jaar en ouer onderskeidelik, 'n groter persentasie geheelonthouers ingesluit het as wat by die ander groepe die geval was. Terselfdertyd is dit ook bevind dat onderskeidelik 95. 7 persent en 77. 2 persent van hierdie ouderdomsgroepe R2, 000 of minder per jaar verdien het.(Vgl. tabel 3. 9. 1.)

TABEL 3.9.1
DIE INKOMSTE VAN DIE ONDERSOEKGROEP VOLGENS OUDERDOM

Inkomste	Onder 20 jaar		20 - 24		25 - 29		30 - 39		40 - 49		50 - 59		60 jaar en ouer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
R2000 en minder	45	95.7	86	77.5	103	55.1	174	44.4	154	46.0	118	53.6	159	77.2	839	56.0
R2001 - R4000	2	4.3	23	20.7	77	41.2	171	43.6	138	41.2	70	31.8	31	15.0	512	34.2
R4001 -R6000	-	-	2	1.8	6	3.2	33	8.4	23	6.9	17	7.7	10	4.9	91	6.1
Meer as R6000	-	-	-	-	1	0.5	14	3.6	20	6.0	15	6.8	6	2.9	56	3.7
TOTAAL	47	100.0	111	100.0	187	100.0	392	100.0	335	100.0	220	100.0	206	100.0	1,498	100.0

Dit mag dus wees dat die onderlinge verband tussen inkomste en drinkgewoontes nie direk is nie maar dat die drinkgewoontes en die grootte van die inkomste deur gemeenskaplike faktore beïnvloed word. Die moontlikheid van 'n direkte verband tussen die gebruik van alkoholiese drank en inkomste is natuurlik nie uitgesluit nie want persone in die hoër inkomstegroepe het meer geld tot hulle beskikking om aan artikels soos alkoholiese drank te bestee as die laer inkomstegroepe.

3.10 GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS KERKVERBAND

In tabel 3.10 word die kerkverband van geheelonthouers teenoor dié van gebruikers van alkoholiese drank gestel.

TABEL 3.10

GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS KERKVERBAND

Groep	Afrikaanse kerke ¹⁾		Engelse kerke ²⁾		Rooms-Katolieke Kerk		Apostoliese Geloofsending of Volle Evangeliese Kerk		Israelitiese Kerk		Ander kerke		Geen		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Geheelonthouers	186	24.8	75	18.9	18	21.2	29	63.0	8	14.3	55	42.3	6	16.2	377	25.1
Gebruikers	563	75.2	322	81.1	67	78.8	17	37.0	48	85.7	75	57.7	31	83.8	1,123	74.9
TOTAAL	749	100.0	397	100.0	85	100.0	46	100.0	56	100.0	130	100.0	37	100.0	1,500	100.0

$\chi^2 = 54.700; p < .1\%$

1) Met „Afrikaanse kerke" word die drie Afrikaanse Susterskerke naamlik die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerk bedoel.

2) Onder „Engelse kerke" word in hierdie tabel die volgende kerke ingesluit: Presbiteriaanse Kerk, Anglikaanse Kerk en Metodistekerke.

Alhoewel die getal persone in die ondersoekgroep wat tot die Apostoliese Geloofsending of die Volle Evangelie Kerk behoort, betreklik klein is, is dit tog betekenisvol dat daar relatief so 'n groot persentasie, naamlik 63.0 persent geheelonthouers onder die lede van hierdie kerke voorgekom het. Dit is natuurlik 'n bekende feit dat hierdie kerke die gebruik van alkoholiese drank baie sterk afkeur. Vandaar waarskynlik die groot persentasie geheelonthouers onder die betrokke groep. Wat die ander kerke betref, word weinig onderlinge verskille aangetref behalwe vir 'n betreklike lae persentasie geheelonthouers (14.3%) by die lede van die Israelitiese Kerk en 'n taamlike groot persentasie (42.3%) geheelonthouers by daardie kerke wat onder „Ander kerke" saamgevat is. Die betreklike lae persentasie geheelonthouers onder die lidmate van die Israelitiese Kerk kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat drankgebruik deur die tradisionele Joodse godsdiens aangemoedig is; „Historical Judaism encouraged drinking as a part of religious practice, although it condemned excessive drinking." En verder: „The wide-spread drinking of alcoholic beverages among the Jews for more than 2,000 years is a matter of historical record; abstinence has never gained currency as a value in Jewish culture" (13,bl. 4).

3.11 GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS EETGEWOONTES

Tabel 3.11 toon aan in hoeverre eet- en drinkgewoontes met mekaar verband hou. Aangesien daar slegs 'n baie klein aantal persone was wat nie middag- of aandete nuttig nie, word slegs die gegewens ten opsigte van ontbyt ontleed.

TABEL 3.11(a)

GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS EETGEWOONTES TEN OPSIGTE VAN ONTBYT

Groep	Nuttig gereeld ontbyt		Nuttig soms ontbyt		Nuttig nooit ontbyt nie		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%
Geheelonthouers	266	25.0	62	26.5	49	24.4	377	25.1
Gebruikers	799	75.0	172	73.5	152	75.6	1,123	74.9
TOTAAL	1,065	100.0	234	100.0	201	100.0	1,500	100.0

$$X^2 = 0.306; \quad 90\% > p > 80\%$$

TABEL 3.11(b)

GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOL-
GENS TYD VAN HOOFMAALTYD

Groep	Middagete as hoofmaaltyd		Aandete as hoofmaaltyd		Geen gereëlde hoofmaaltyd		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%
Geheelont- houers	123	24.2	241	25.6	13	26.0	377	25.1
Gebruikers	386	75.8	700	74.4	37	74.0	1,123	74.9
TOTAAL	509	100.0	941	100.0	50	100.0	1,500	100.0

$$X^2 = 0.388; \quad 90\% > p > 80\%$$

Soos dit blyk uit sowel die persentasies in die twee voorafgaande tabelle as uit die chi-kwadraatwaardes wat verkry is, is dit twyfelagtig of daar enige verband tussen die drink- en die eetgewoontes as geheel bestaan.

3.12 GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK
VOLGENS DIE GEWOONTE OM TE ROOK

Tabel 3.12 dui aan of die feit dat 'n persoon rook, verband hou met geheelonthouding of gebruik van alkoholiese drank.

TABEL 3.12

GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK VOL-
GENS DIE GEWOONTE OM TE ROOK

Groep	Rook gereeld		Rook soms		Rook nooit		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%
Geheelonthouers	124	18.2	23	23.7	230	31.8	377	25.1
Gebruikers	556	81.8	74	76.3	493	68.2	1,123	74.9
TOTAAL	680	100.0	97	100.0	723	100.0	1,500	100.0

$$X^2 = 34.438; \quad p < .1\%$$

Uit die gegewens in tabel 3.12 wil dit voorkom asof daar 'n wetmatigheid in bestaan, want gereelde rokers gebruik ook meer dikwels alkoholiese drank (81.8%) as wat die geval by diegene is wat slegs soms (76.3%) of nooit (68.2%) rook nie.

Sonder om te diep na moontlike verklarings vir hierdie verband te soek, kan daar op gewys word dat albei hierdie genotmiddels, drank en tabak, dien as „sosiale smeermiddels" en daarom mag daar 'n onderlinge verband bestaan. Verder is dit ook bekend dat die nuttiging van sommige soorte alkoholiese drank by baie persone die behoefte aan rook stimuleer. Drank en tabak word albei ook beskou as middels wat die gebruiker makliker laat ontspan en daarom word dit dikwels in kombinasie gebruik en word die bogenoemde verband gevind.

3.13 GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK
VOLGENS PROVINSIE

Tabel 3.13 toon aan of daar tussen die verskillende provinsies van die Republiek groot verskil in drinkgewoontes bestaan.

TABEL 3.13

GEHEELONTHOUERS EN GEBRUIKERS VAN ALKOHOLIESE DRANK
VOLGENS PROVINSIE

Groep	Transvaal		O. V. S.		Natal		Kaap		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Geheelont- houers	158	23.9	16	13.3	42	23.3	161	29.8	377	25.1
Gebruikers	502	76.1	104	86.7	138	76.7	379	70.2	1,123	74.9
TOTAAL	660	100.0	120	100.0	180	100.0	540	100.0	1,500	100.0

$$\chi^2 = 15.979; \quad 1\% > p > .1\%$$

Soos dit uit die gegewens in tabel 3.13 blyk, is daar min verskil tussen die drinkgewoontes van die proefpersone in Transvaal en Natal want onderskeidelik 76.1 persent en 76.7 persent gebruik alkoholiese drank. In die Kaap daarenteen kom die laagste persentasie naamlik 70.2 persent en in die Oranje-Vrystaat die hoogste persentasie (86.7%) gebruikers van alkoholiese drank voor.

Die bogemelde verskynsel is veral interessant indien in aanmerking geneem word dat die Kaapprovinsie die enigste wynproduserende provinsie in die Republiek is. Daar dien egter op gewys te word dat die verskillende gebiede of streke in die Kaap onderling net so veel mag verskil as wat die geval tussen Transvaal en die Kaap mag wees.

3.14 SAMEVATTING

- 3.14.1 Sodat 'n kwart van die ondersoekgroep gebruik geen alkoholiese drank nie. Meer mans as vroue gebruik wel alkoholiese drank.
- 3.14.2 Die kleinste persentasie geheelonthouers kom by die ouderdomsgroep 30-39 jaar voor terwyl meer as een-derde van die groep wat sestig jaar of ouer is, geen drank gebruik nie.
- 3.14.3 'n Klein persentasie Afrikaanssprekendes as Engelssprekendes gebruik alkoholiese drank. Van diegene wat 'n ander taal as een van of albei die landstale as huistaal gebruik, is daar slegs sewe persent wat geen alkoholiese drank gebruik nie.
- 3.14.4 Meer algehele onthouers word onder weduwees, wewenaars en geskeie persone as onder getroudes en ongetroudes aangetref.

- 3.14.5 Waar die drinkgewoontes op 'n landelik-stedelike basis ontleed word, word min verskille gevind behalwe dat die hoewebewoners ietwat meer geheelonthouers as die ander groepe onder hulle geledere het.
- 3.14.6 Persone in die laer onderwyspeilgroepe sluit 'n groter persentasie geheelonthouers as die hoër onderwyspeilgroepe in. Hierdie verskynsel hang waarskynlik saam met faktore soos inkomste en beroep wat op hulle beurt weer met onderwyspeil verband hou.
- 3.14.7 Huisvroue, pensionarisse, vakleerlinge en half- en ongeskoolde werkers sluit die grootste persentasie geheelonthouers in terwyl die kleinste persentasies onthouers by die professies en hoër handelsberoep voorkom. Sowel die geslags-, ouderdoms- en onderwyspeilverdeling binne die beroeps-groepe as besondere omstandighede binne elke beroep, mag vir hierdie verskynsel verantwoordelik wees.
- 3.14.8 Namate die inkomstegroepe styg, neem die getal persone wat geen alkoholiese drank gebruik nie, af. Hierdie wetmatigheid hoef nie noodwendig op 'n direkte verband tussen die twee faktore te dui nie want hoë inkomste mag met ander faktore wat meer direk tot die gebruik van alkoholiese drank aanleiding gee, verband hou.
- 3.14.9 Waar die kerkverband met die gebruik van alkoholiese drank in verband gebring word, blyk dit dat die lidmate van die Apostoliese Geloof-sending en van die Volle Evangelie Kerk veel minder gebruikers van alkoholiese drank insluit.
- 3.14.10 Sekere eetgewoontes toon in hierdie ondersoek geen verband met die gebruik van alkoholiese drank nie terwyl dit blyk dat gebruikers van alkoholiese drank meer dikwels rook as wat die geval by algehele onthouers is.
- 3.14.11 'n Ontleding van die drinkgewoontes op 'n provinsiale basis dui daarop dat die grootste en kleinste persentasie geheelonthouers onderskeidelik in die Kaapprovinsie en in die Oranje-Vrystaat voorgekom het.

HOOFSTUK 4

DIE DRINKMOTIEF

In die bestudering van die drinkpatroon van 'n groep, is die drinkmotief waarskynlik dié aspek van die probleem waaroor korrekte gegewens die moeilikste bekombaar is. Hierdie verskynsel kan aan verskeie faktore toegeskryf word. So byvoorbeeld is die proefpersoon soms geneig om eerder redes wat hy as moreel aanvaarbaar beskou, as motivering vir sy drinkgewoonte aan te dui. Soms is die proefpersoon self nie bewus van die werklike redes waarom hy alkoholiese drank gebruik nie en mag hy die belangrikste motief weglaat en slegs die minder belangrike redes verstrekk.

Daar kan ongelukkig nie bepaal word in hoe 'n mate rasionalisasie in hierdie ondersoek die verkreeë gegewens beïnvloed het nie, en dus word die gegewens ten opsigte van dié aspek van die ondersoek met hierdie voorbehoud aangebied.

Die redes wat die proefpersone vir hulle gewoonte om alkoholiese drank te nuttig, aangevoer het, is in vier hoofgroepe saamgevat naamlik: fisiologiese, psigologiese, sosiale en „ander“ redes. Onder fisiologiese redes is saamgevat antwoorde soos byvoorbeeld „om dors te les“, „om eetlus te wek“ en so meer. Redes soos „om van spanning ontslae te raak“, „om lekker te slaap“, „om van bekommernis ontslae te raak“ is as psigologiese redes geklassifiseer terwyl antwoorde soos „om 'n metgesel geselskap te hou“, „omdat dit sosiale verkeer vergemaklik“ as sosiale redes beskou is. Motiewe soos tradisionele en godsdienstige oorwegings, wat ook nie dikwels aangevoer is nie, is noodgedwonge onder „ander redes“ geklassifiseer. Dit is natuurlik duidelik dat hier geensins van 'n waterdigte indeling sprake kan wees nie. Die indeling kan dus slegs 'n benaderde aanduiding van die drinkmotiewe van die ondersoekgroep wees.

In hierdie hoofstuk word die drinkmotief van die ondersoekgroep nou volgens hierdie breë lyne met ander maatskaplike faktore gekorreleer.

4.1 DIE DRINKMOTIEF VOLGENS GESLAG

In tabel 4.1 word aangedui in hoeverre die twee geslagte dieselfde of verskillende motiewe vir hulle drinkgewoontes aanvoer.

TABEL 4.1

DIE VERNAAMSTE REDE VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS GESLAG

Redes vir drankge- bruik	Manlik		Vroulik		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Fisiologiese redes	125	20.2	54	10.7	179	15.9
Psigologiese redes	185	29.9	65	12.9	250	22.3
Sosiale redes	275	44.5	375	74.3	650	57.9
Ander redes	33	5.3	11	2.2	44	3.9
TOTAAL	618	100.0	505	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 101.807; \quad p < .1\%$$

Dit blyk uit tabel 4.1 dat sosiale redes die meeste en wel in 57.9 persent van die gevalle vir die gebruik van alkoholiese drank aangevoer is. Psigologiese redes was by 22.3 persent en fisiologiese redes was by 15.9 persent die vernaamste rede vir drankgebruik by die ondersoekgroep. J. W. Riley, C. F. Marden en M. Lifshitz bevind in 'n ondersoek in Amerika dat 45.0 persent van hulle ondersoekgroep sosiale redes en 42.0 persent persoonlike redes vir hulle drinkgewoontes aangevoer het (5, bl. 232). In 'n ondersoek wat onder andere op Amerikaners van Italiaanse herkoms betrekking het, is sosiale redes, alhoewel by 'n kleiner persentasie (38.0%), ook as die vernaamste rede aangedui (6, bl. 69). Die skrywers kom dan tot die volgende besluit: „Nevertheless, the conscious choice to assign one reason or another reflects basic attitudes toward the use of alcoholic beverages, and it is clear from the choice expressed by the Italian-American subjects that they have moved toward the attitude more common among other American populations - that drinking is for the purpose of facilitating social intercourse" (6, bl. 70).

Die eersgenoemde drie skrywers wys dan verder daarop dat alhoewel sosiale redes die meeste voorkom, dit nog nie 'n bewys is dat dit die sterkste motivering tot die gebruik van alkoholiese drank is nie. Hulle stel dan die hipotese dat persoonlike redes, alhoewel hulle waarskynlik by minder persone voorkom, sterker motiewe tot die gebruik van alkoholiese drank is as wat die geval by ander redes is. In 'n ondersoek is hierdie hipotese bevestig: „To test this hypothesis, the reasons people gave for drinking in legally dry areas were compared with those expressed in the rest of the country (the wet areas). The results clearly support the hypothesis. Where alcoholic beverages are hard to get, a much larger proportion of people drink for individual than for social reasons. Conversely,

where alcoholic beverages are easily available, sociability is the more frequently reported reason for drinking" (5, bl. 236). In die loop van hierdie hoofstuk sal bogenoemde hipotese weer eens getoets kan word.

Voorts val dit uit tabel 4.1 op dat sosiale redes by 'n groter persentasie van die vroue, naamlik by 74.3 persent voorgekom het as wat die geval by die mans met 'n ooreenstemmende persentasie van 44.5 persent was. Hierteenoor het psigologiese en fisiologiese redes by vroue 'n merkbare kleiner rol as by die mans gespeel. J. M. Riley en ander bevind in hulle ondersoek dieselfde tendens naamlik dat sosiale redes by vroue 'n groter rol (55.0%) as by mans (33.0%) gespeel het. Die teenoorgestelde geld weer by persoonlike redes wat deur 49.0 persent van die mans en 31.0 persent van die vroue as redes aangevoer is (5, bl. 234).

4.2 DIE DRINKMOTIEF VOLGENS OUDERDOM

Gegewens oor die vraag of daar 'n verband tussen die drinkmotief en die ouderdom van die proefpersoon is, word in tabel 4.2 gegee.

TABEL 4.2

VERNAAMSTE REDE VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS OUDERDOM

Redes vir drank- gebruik	24 jaar en jonger		25 - 29		30 - 39		40 - 49		50 - 59		60 jaar en ouer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Fisiologiese redes	18	15.0	22	15.6	50	15.5	32	13.1	26	16.4	31	22.6	179	15.9
Psigologiese redes	19	15.8	24	17.0	71	22.0	66	27.0	43	27.0	27	19.7	250	22.3
Sosiale redes	82	68.3	92	65.2	189	58.7	135	55.3	81	50.9	71	51.8	650	57.9
Ander redes	1	0.8	3	2.1	12	3.7	11	4.5	9	5.7	8	5.8	44	3.9
TOTAAL	120	100.0	141	100.0	322	100.0	244	100.0	159	100.0	137	100.0	1,123	100.0

$\chi^2 = 26.641$; $5\% > p > 2\%$

Soos dit uit bostaande gegewens blyk is daar, behalwe vir die hoogste ouderdomsgroep, naamlik 60 jaar en ouer, 'n dalende tendens in die persentasie wat sosiale redes van die totaal uitgemaak het namate die ouderdom styg. Dit kom dus daarop neer dat meer persone in die jonger ouderdomsgroepe om sosiale redes alkoholiese drank gebruik, as wat die geval by die hoër ouderdomsgroepe is. Behalwe vir 'n klein daling in die ouderdomsgroep 60 jaar en ouer, word die teenoorgestelde tendens, naamlik 'n konsekwente styging namate die persone ouer word, in die persentasies by die psigologiese redes aangetref. Ten opsigte van fisiologiese redes is egter geen reëlmatige styging of daling wat met ouderdom verband hou, waarneembaar nie.

Uit die bogenoemde wil dit dus voorkom asof, behalwe vir die ouderdomsgroep wat 60 jaar of ouer is, meer persone uit die hoër ouderdomsgroepe om psigologiese redes drank gebruik terwyl sosiale oorwegings by persone in die jonger ouderdomsgroepe 'n belangriker rol speel.

Die bevindinge van J. W. Riley en sy mede-ondersoekers kom op dieselfde neer naamlik: „Similarly, comparisons based on age show the individual reasons becoming consistently more frequent with each successive age group, while the younger the respondents the more common is the emphasis on social reasons. The newest additions to the drinking population - women and young people - tend to be social drinkers" (5, bl. 234).

Die verklaring vir hierdie tendens is waarskynlik daarin geleë dat die hoër ouderdomsgroepe meer persone wat al vir 'n lang tydperk drank gebruik en by wie dit al 'n gewoonte geword het, insluit as wat die geval by die jonger ouderdomsgroepe is. Aan persone in die hoër ouderdomsgroepe word dikwels hoër eise ten opsigte van verantwoordelikheid gestel as aan diegene wat in die jonger ouderdomsgroepe verkeer. Die gevolg is dat die persone in hoër ouderdomsgroepe moontlik meer behoefte aan die psigologiese invloed van alkohol het as wat die geval by die jonger groep is. Verder kan dit ook met 'n mate van sekerheid aanvaar word dat die meeste persone vir die eerste keer drank in 'n groepsverband gebruik het.

Die verband tussen ouderdom en redes vir drankgebruik is waarskynlik omdat die gewoonte om alkoholiese drank te gebruik in die meeste gevalle 'n proses is. 'n Persoon begin deur om sosiale redes drank te gebruik, maar namate 'n gewoonte gevorm word en die liggaam die uitwerking van alkohol „leer kèn", verskuif die motivering om drank te gebruik na die psigologiese vlak.

4.3 DIE DRINKMOTIEF VOLGENS HUISTAAL

Die gegewens in tabel 4.3 het betrekking op die drinkmotiewe soos dit by die verskillende huistaalgroepe voorkom.

TABEL 4.3

VERNAAMSTE REDE VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS HUISTAAL

Redes vir drankgebruik	Afrikaans		Engels		Afrikaans en Engels		Ander tale		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Fisiologiese redes	91	15.9	65	15.3	13	15.1	10	25.0	179	15.9
Psigologiese redes	107	18.7	116	27.3	22	25.6	5	12.5	250	22.3
Sosiale redes	356	62.2	230	54.1	46	53.5	18	45.0	650	57.9
Ander redes	18	3.1	14	3.3	5	5.8	7	17.5	44	3.9
TOTAAL	572	100.0	425	100.0	86	100.0	40	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 37.690; \quad p < .1\%$$

(Slegs vir Afrikaans- en Engelssprekende groepe: $X^2 = 10.850$;
 $2\% > p > 1\%$)

Dit val dadelik op dat byna twee-derdes, naamlik 62.2 persent, van die Afrikaanssprekendes sosiale redes as motivering vir die gebruik van alkoholiese drank aangevoer het. Hierteenoor was dit die geval by 54.1 persent van die Engelssprekendes, 53.5 persent van die Afrikaans-en-Engelssprekendes en 45.0 persent van die andertaliges. In teenstelling met die voorgenoemde, het psigologiese redes by die Engelssprekendes weer die sterkste invloed op die motivering van hulle drinkgewoonte gehad want by 27.3 persent het dit die belangrikste rede uitgemaak teenoor 18.7 persent van die Afrikaanssprekendes, 25.6 persent by die Afrikaans-en-Engelssprekendes en slegs by 12.5 persent van daardie groep wat 'n ander taal as een van of albei die landstale as huistaal gehad het. Hierdie verskille tussen die verskillende taalgroepe, hou waarskynlik verband met 'n hele groep van faktore en daarom kan geen afdoende verklaring gegee word alvorens verdere navorsing gedoen is nie.

Ten opsigte van fisiologiese redes is daar by die verskillende taalgroepe weinig verskil behalwe dat die andertaliges hier 'n ietwat hoër persentasie (25.0%) as die res vertoon. So ook is daar 'n relatief groot persentasie, naamlik 17.5 persent, van hierdie groep wat om „ander" redes, dit wil sê onder andere redes wat met die tradisie en godsdienste verband hou, alkoholiese drank gebruik. Hierdie laasgenoemde verskynsel

is lig te begryp indien in aanmerking geneem word dat persone van Italiaanse en Joodse afkoms 'n groot deel van die nie-Afrikaans- of Engels-sprekendes uitmaak.

In die geheel geneem, dui die gegewens in tabel 4.3 dus daarop dat kulturele verskille moontlik by die direkte redes vir drankgebruik 'n rol kan speel.

4.4 DIE DRINKMOTIEF VOLGENS HUWELIKSTAAT

Die verband tussen huwelikstaat en drinkmotief word in tabel 4.4 aangedui.

TABEL 4.4

VERNAAMSTE REDE VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS HUWELIKSTAAT

Redes vir drankgebruik	Getroud		Nooit getroud		Geskei		Wewenaar of weduwee.		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Fisiologiese redes	150	16.1	17	14.7	4	19.0	8	14.5	179	15.9
Psigologiese redes	207	22.2	22	19.0	6	28.6	15	27.3	250	22.3
Sosiale redes	536	57.6	74	63.8	10	47.6	30	54.5	650	57.9
Ander redes	38	4.1	3	2.6	1	4.8	2	3.6	44	3.9
TOTAAL	931	100.0	116	100.0	21	100.0	55	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 3.628; 98\% > p > 95\%$$

Sosiale redes het blykens tabel 4.4 by persone wat nog nie getroud is nie, die belangrikste rol gespeel en is deur 63.8 persent van die gevalle as die vernaamste rede vir hulle drankgebruik aangedui. By die getroudes het ietwat minder, naamlik 57.6 persent, om hierdie rede alkoholiëse drank gebruik. 'n Bietjie meer as die helfte en wel 54.5 persent van die wewenaars en weduwees en 47.6 persent van die geskeie persone wat wel alkoholiëse drank gebruik het, het dit veral om sosiale redes gedoen. Veder val dit op dat 'n psigologiese motivering in 'n **geringer** mate by getroudes en nog ongetroudes voorgekom het (22.2% en 19.0% onderskeidelik) as wat die geval by die geskeies en wewenaars en weduwees (28.6% en 27.3%) onderskeidelik was. By fisiologiese en „ander redes" kom min verskille tussen die verskillende groepe voor.

Soos reeds in tabel 4. 2 daarop gewys is, speel sosiale redes by die drankgebruik van persone uit die jonger ouderdomsgroepe 'n belangriker rol as wat die geval by die hoër ouderdomsgroepe is. Daar kan verder met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar word dat die gemiddelde ouderdom van die groep wat nog ongetroud is, laer is as die gemiddelde ouderdom in enige van die ander kategorieë. Op dieselfde wyse kan verwag word dat die gemiddelde ouderdom van die wewenaars en weduwees en geskeies waarskynlik hoër is as die gemiddelde ouderdom van die ander twee groepe (Vgl. tabel 3. 4. 1). Om hierdie redes kan dus verwag word dat die groep wat nog nie getroud is nie, baie persone wat om sosiale redes drink teenoor 'n relatief geringe groep wat om psigologiese redes drank gebruik, sal insluit.

4. 5 DIE DRINKMOTIEF VOLGENS WOONPLEK

Tabel 4. 5 toon aan in hoeverre die drinkmotief in stede, dorpe en op plase en kleinhowes van mekaar verskil.

TABEL 4. 5

VERNAAMSTE REDE VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS WOONPLEK

Redes vir drankgebruik	Stad		Dorp		Plaas		Kleinhowe		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Fisiologiese redes	106	17. 6	49	13. 9	20	18. 5	4	6. 5	179	15. 9
Psigologiese redes	130	21. 6	85	24. 1	22	20. 4	13	21. 0	250	22. 3
Sosiale redes	343	57. 1	202	57. 4	61	56. 5	44	71. 0	650	57. 9
Ander redes	22	3. 7	16	4. 5	5	4. 6	1	1. 6	44	3. 9
TOTAAL	601	100. 0	352	100. 0	108	100. 0	62	100. 0	1, 123	100. 0

$$\chi^2 = 10. 219; \quad 50\% > p > 30\%$$

Die gegewens in tabel 4. 5 dui daarop dat daar weinig verskil tussen die drinkmotief in stede, dorpe en op plase en kleinhowes is. Dit wil egter voorkom asof 'n relatief groter persentasie, naamlik 71. 0 persent, van die kleinhowebewoners om sosiale redes alkoholiese drank gebruik. Die getal kleinhowebewoners is egter klein en afleidings mag misleidend wees.

4.6 DIE DRINKMOTIEF VOLGENS ONDERWYSPEIL

Tabel 4.6 dui aan in watter mate daar 'n verband tussen die drinkmotief en die onderwyspeil van die ondersoekgroep is.

TABEL 4.6

VERNAAMSTE REDE VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS ONDERWYSPEIL

Redes vir drankgebruik	St. V en laer		St. VI tot st. VIII		St. IX tot st. X		Kwalifikasies na st. X		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Fisiologiese redes	18	25.0	92	14.9	39	14.4	30	18.3	179	15.9
Psigologiese redes	13	18.1	143	23.2	55	20.4	39	23.8	250	22.3
Sosiale redes	40	55.6	360	58.3	163	60.4	87	53.0	650	57.9
Ander redes	1	1.4	22	3.6	13	4.8	8	4.9	44	3.9
TOTAAL	72	100.0	617	100.0	270	100.0	164	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 9.826; 50\% > p > 30\%$$

Dit blyk duidelik uit die gegewens in tabel 4.6 dat daar geen reëlmaat ten opsigte van die verband tussen onderwyspeil en redes vir drankgebruik bestaan nie. Die chi-kwadraatwaarde ten opsigte van hierdie tabel bevestig ook hierdie afleiding. So byvoorbeeld styg die persentasie sosiale drinkers namate die onderwyspeil styg, behalwe by die groep met naskoolese kwalifikasies, waar daar weer 'n daling (53.0%) is. Verder blyk dit dat die grootste persentasies persone (23.8% en 23.2% onderskeidelik) wat om psigologiese redes drink, voorkom by diegene met 'n hoër kwalifikasie as matriek en daardie groep wat oor 'n standaard ses-, sewe- of agtsertifikaat beskik. Die groepe met 'n standaard nege- of tiensertifikaat asook dié wat nie so ver as standaard ses gevorder het nie, drink weer minder om psigologiese redes. By die fisiologiese redes kom 'n taamlik geringe daling in die persentasie voor namate die onderwyspeil styg, behalwe in die geval van die groep met die hoogste onderwyspeil waar weer 'n styging waarneembaar is.

4.7 DIE DRINKMOTIEF VOLGENS BEROEPSGROEPE

Die rede wat deur persone in die verskillende beroepsgroepe as motivering van hulle drinkgewoonte aangevoer is, word in tabel 4.7 gegee.

TABEL 4.7

VERNAAMSTE REDE VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS BEROEPSGROEP

Redes vir drankgebruik	Profesies			Klerklike en administratiewe beroepe			Hoër en mynswese beroepe			Laer handelbeproepe			Laer bese mynswese beroepe			Geskoolde vakrigtings			Half- en ongeskooldes			Vervoer- en veiligheidsdienste			Boere			Voltydse studente en skollere ens.			Pensionarisse, vroue			Persoonlike dienste			Werkloses			Ander beroepe			Totaal		
	G	%	N	G	%	N	G	%	N	G	%	N	G	%	N	G	%	N	G	%	N	G	%	N	G	%	N	G	%	N	G	%	N	G	%	N	G	%	N	G	%	N			
Fisiologiese redes	19	24.4	20	12.9	11	20.0	5	11.1	3	20.0	22	19.3	12	16.9	3	12.5	4	21.1	11	20.0	4	25.0	17	36.2	43	11.1	1	4.2	3	25.0	1	14.3	179	15.9											
Psigologiese redes	21	26.9	31	20.0	24	43.6	11	24.4	5	33.3	33	28.9	23	32.4	11	45.8	7	36.8	15	27.3	3	18.8	7	14.9	48	12.4	4	16.7	4	33.3	3	42.9	250	22.3											
Sosiale redes	36	46.2	96	61.9	15	27.3	25	55.6	7	46.7	51	44.7	35	49.3	9	37.5	8	42.1	27	49.1	8	50.0	20	42.6	288	74.6	18	75.0	5	41.7	2	28.6	650	57.9											
Ander redes	2	2.6	8	5.2	5	9.1	4	8.9	-	-	8	7.0	1	1.4	1	4.2	-	-	2	3.6	1	6.3	3	6.4	7	1.8	1	4.2	-	1	14.3	44	3.9												
TOTAAL	78	100.0	155	100.0	55	100.0	45	100.0	15	100.0	114	100.0	71	100.0	24	100.0	19	100.0	55	100.0	16	100.0	47	100.0	386	100.0	24	100.0	12	100.0	7	100.0	1,123	100.0											

(Volgens Siegal word label verwerp)¹⁾

1) Sien voetnoot by Tabel 3.8

As gevolg van die groot getal beroepsgroepe waarin die ondersoekgroep ingedeel moes word, is die getalle in sommige selle van tabel 4.7 so klein dat geen betroubare afleidings gemaak kan word nie. Dit is dan ook die rede waarom geen chi-kwadraatwaarde vir die tabel aangegee word nie. In enkele gevalle waar die getalle dit regverdig, kan wel op 'n paar uitstaande tendense gewys word.

Die grootste persentasie sosiale drinkers, naamlik 74.6 persent, kom by die huisvroue voor. Hierdie verskynsel is natuurlik lig te begryp want soos reeds uit die gegewens van tabel 4.1 geblyk het, het 74.3 persent van alle vroue in die ondersoek om sosiale redes gedrink. Die enigste ander redelike groot groep waar die persentasie sosiale drinkers hoër is as by die totale groep, is by die klerklike beroepe. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat hierdie beroepsgroep moontlik relatief meer jongmense insluit en soos dit uit tabel 4.2 geblyk het, is die persentasie sosiale drinkers onder die jonger ouderdomsgroepe hoër as by die hoër ouderdomsgroepe.

4.8 DIE DRINKMOTIEF VOLGENS INKOMSTE

Sosio-ekonomiese peil, in soverre as wat dit deur die beroep aangedui word, hou volgens die voorafgaande tabel (tabel 4.7) geen of min verband met die redes waarom persone alkoholiese drank gebruik. 'n Verdere aanduiding van sosio-ekonomiese status, naamlik inkomste, word in tabel 4.8 met die drinkmotiewe in verband gebring.

TABEL 4.8

VERNAAMSTE REDE VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS INKOMSTE

Redes vir drankgebruik	Geen inkomste		R1 - R2000		R2001 - R4000		R4001 - R6000		R6001 en meer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Fisiologiese redes	4	16.7	85	15.6	71	17.0	9	10.7	9	17.3	178	15.9
Psigologiese redes	5	20.8	110	20.2	90	21.6	22	26.2	23	44.2	250	22.3
Sosiale redes	14	58.3	332	61.0	234	56.1	50	59.5	19	36.5	649	57.9
Ander redes	1	4.2	17	3.1	22	5.3	3	3.6	1	1.9	44	3.9
TOTAAL	24	100.0	544	100.0	417	100.0	84	100.0	52	100.0	1.121	100.0

(Volgens Siegal word tabel verwerp)

In die geheel geneem, wil dit voorkom asof die gegewens in tabel 4.8, soos wat die geval met tabel 4.7 was, geen wetmatigheid in die verband tussen inkomste en drinkmotief vertoon nie. As die 24 persone wat geen inkomste gehad het nie en wat in elk geval te klein syfers vir duidelike afleidings in die verskillende selle gee, buite rekening gelaat word, blyk dit dat steeds 'n groter persentasie persone psigologiese redes vir hulle drinkgewoonte aangee namate die inkomstegroep waarin hulle val, hoër word.

Verder val dit op dat 'n betreklike klein persentasie, naamlik 36.5 persent, van die persone in die inkomstegroep wat meer as R6000 per jaar verdien, om sosiale redes drank gebruik teenoor 57.9 persent van die totale groep. Waarskynlik speel die ouderdom, wat moontlik in hierdie inkomstegroep gemiddeld hoër as by baie van die ander groepe is, hier 'n rol.

4.9 DIE DRINKMOTIEF VOLGENS LANDDROSDISTRIK

Die gegewens in tabel 4.9 gee 'n ontleding van die drinkmotiewe volgens die landdrosdistrik waarin die proefpersoon woon.

TABEL 4.9

VERNAAMSTE REDE VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS PROVINSIE

Gebied	Fisiologiese redes		'Psigologiese redes		Sosiale redes		Ander redes		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Kimberley	4	12.1	4	12.1	24	72.7	1	3.0	33	100.0
Postmasburg	-	-	2	18.2	8	72.7	1	9.1	11	100.0
De Aar	2	10.0	4	20.0	14	70.0	-	-	20	100.0
Kaapstad	13	15.7	20	24.1	48	57.8	2	2.4	83	100.0
Bellville	1	25.0	-	-	2	50.0	1	25.0	4	100.0
Wynberg	1	4.5	3	13.6	18	81.8	-	-	22	100.0
Simonstad	2	33.3	1	16.7	2	33.3	1	16.7	6	100.0
Paarl	10	23.8	5	11.9	22	52.4	5	11.9	42	100.0
Wellington	7	33.3	2	9.5	9	42.9	3	14.3	21	100.0
Oudtshoorn	2	8.7	4	17.4	17	73.9	-	-	23	100.0
Uitenhage	6	18.2	4	12.1	21	63.6	2	6.1	33	100.0
Queenstown	5	19.2	12	46.2	9	34.6	-	-	26	100.0
Oos-Londen	11	20.0	17	30.9	26	47.3	1	1.8	55	100.0
Subtotaal vir Kaapprovinsie	64	16.9	78	20.6	220	58.0	17	4.5	379	100.0
Durban	15	20.8	19	26.4	35	48.6	3	4.2	72	100.0
Pinetown	7	30.4	5	21.7	11	47.8	-	-	23	100.0
Ladysmith	5	22.7	4	18.2	13	59.1	-	-	22	100.0
Vryheid	4	19.0	5	23.8	11	52.4	1	4.8	21	100.0
Subtotaal vir Natal	31	22.5	33	23.9	70	50.7	4	2.9	138	100.0
Kroonstad	1	4.0	5	20.0	16	64.0	3	12.0	25	100.0
Welkom	-	-	19	70.4	8	29.6	-	-	27	100.0
Bloemfontein	11	21.2	8	15.4	30	57.7	3	5.8	52	100.0
Subtotaal vir O. V. S.	12	11.5	32	30.8	54	51.9	6	5.8	104	100.0
Benoni	-	-	7	29.2	17	70.8	-	-	24	100.0
Springs	4	21.1	2	10.5	13	68.4	-	-	19	100.0
Germiston	4	11.1	7	19.4	24	66.7	1	2.8	36	100.0
Klerksdorp	5	10.4	8	16.7	34	70.8	1	2.1	48	100.0
Potchefstroom	6	12.2	9	18.4	32	65.3	2	4.1	49	100.0
Johannesburg	25	15.4	36	22.2	93	57.4	8	4.9	162	100.0
Rustenburg	4	17.4	5	21.7	12	52.2	2	8.7	23	100.0
Pietersburg	3	13.6	4	18.2	14	63.6	1	4.5	22	100.0
Ermelo	1	4.0	4	16.0	20	80.0	-	-	25	100.0
Pretoria	20	21.3	25	26.6	47	50.0	2	2.1	94	100.0
Subtotaal vir Tvl.	72	14.3	107	21.3	306	61.0	17	3.4	502	100.0
Totaal vir al vier provinsies	179	15.9	250	22.3	650	57.9	44	3.9	1,123	100.0

$$X^2 = 14.829; \quad 10\% > p > 5\%$$

Blykens tabel 4.9 het die grootste persentasie van die proefpersone in Transvaal, naamlik 61.0 persent, weens sosiale oorwegings alkoholiese drank gedrink teenoor 58.0 persent in die Kaapprovinsie, 51.9 persent in die Oranje-Vrystaat en 50.7 persent in Natal. Verder word in die Oranje-Vrystaat 'n betreklike hoë persentasie (30.8%) persone wat om psigologiese redes alkoholiese drank gebruik, aangetref. Die syfers in sommige selle van hierdie tabel is egter so klein dat afleidings slegs met voorbehoud gemaak kan word.

4.10 DIE DRINKMOTIEF VOLGENS DIE WAARDE VAN DIE ALKOHOLIESE DRANK DEUR DIE PROEFPERSON GEBRUIK

In tabel 4.10 word na 'n verband tussen die waarde van die drank deur die proefpersoon persoonlik gemiddeld maandeliks verbruik en sy motivering om drank te gebruik, gesoek.

TABEL 4.10

DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK VOLGENS REDES VIR DRANKGEBRUIK

Waarde van verbruikte drank	Fisiologiese redes		Psigologiese redes		Sosiale redes		Ander redes		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
R1.00 of minder	104	58.1	86	34.4	520	80.0	14	31.8	724	64.5
R1.10 - R3.99	46	25.7	90	36.0	94	14.5	13	29.5	243	21.6
R4.00 - R9.99	20	11.2	46	18.4	29	4.5	7	15.9	102	9.1
R10.00 en meer	9	5.0	28	11.2	7	1.1	10	22.7	54	4.8
TOTAAL	179	100.0	250	100.0	650	100.0	44	100.0	1,123	100.0

$$\chi^2 = 221.474; \quad p < .1\%$$

Die gegewens in tabel 4.10 dui op 'n duidelike verband tussen die waarde van die verbruikte drank en die drinkmotief want waar 80.0 persent van die sosiale drinkers slegs een rand of minder, en slegs 1.1 persent, tien rand of meer se drank per maand verbruik, verbruik slegs 34.4 persent van daardie persone by wie psigologiese redes die belangrikste rol speel, een rand of minder en 11.2 persent tien rand of meer se

alkoholiese drank per maand. Die persone by wie fisiologiese redes 'n oorwegende rol speel, se ooreenstemmende persentasies, naamlik 58.1 persent en 5.0 persent, lê tussen die eersgenoemde twee groepe.

Die bevindings in tabel 4.10 dui dus daarop dat, in terme van geld bereken, gebruik die persoon in wie se motivering tot die gebruik van alkoholiese drank, psigologiese redes die grootste rol speel, die meeste alkoholiese drank, terwyl die tweede hoogste verbruik by die persoon wat veral om fisiologiese redes drank gebruik, voorkom. Die sosiale drinker gebruik volgens hierdie maatstaf die minste alkoholiese drank.

Van diegene wat om ander redes as die bogenoemde alkoholiese drank gebruik, het 'n betreklike groot persentasie naamlik 22.7 persent tien rand of meer se drank per maand verbruik. Die syfers in hierdie kategorie is natuurlik gevaarlik klein, dog dit is wel moontlik dat hierdie kategorie mense wat vanuit hul tradisie alkoholiese drank as 'n deel van hul daaglikse dieet beskou, insluit.

4.11 DIE DRINKMOTIEF VOLGENS DIE HOEVEELHEID DRANKIES IN DIE AFGELOPE SEWE DAE GENUTTIG

In aansluiting by die voorafgaande tabel, word in tabel 4.11 op die verband tussen die drinkmotief en die hoeveelheid drankies wat gedurende die afgelope sewe dae genuttig is, gewys.

TABEL 4.11

DIE GETAL DRANKIES VOLGENS REDES VIR GEBRUIK VAN DRANK

Getal drankies	Fisiologiese redes		Psigologiese redes		Sosiale redes		Ander redes		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Geen drankies	58	32.4	57	22.8	385	59.2	6	13.6	506	45.1
1 drankie	32	17.9	26	10.4	76	11.7	7	15.9	141	12.6
2 - 4 drankies	30	16.8	44	17.6	89	13.7	6	13.6	169	15.0
5 - 7 drankies	19	10.6	36	14.4	45	6.9	7	15.9	107	9.5
Meer as 7 drankies	40	22.4	87	34.8	55	8.5	18	41.0	200	17.9
TOTAAL	179	100.0	250	100.0	650	100.0	44	100.0	1,123	100.0

$$\chi^2 = 188.535; p < .1\%$$

Uit tabel 4. 11 val dit op dat meer as die helfte (59. 2%) van die groep wat om sosiale redes drink, in die sewe dae wat die ondervraging voorafgegaan het, geen alkoholiese drank gebruik het nie terwyl dit slegs die geval was by 32. 4 persent van die groep wat fisiologiese redes en by 22. 8 persent van diegene wat psigologiese redes en by 13. 6 persent van daardie groep wat ander redes aangevoer het. Nagenoeg die helfte (49. 2%) van diegene wat om psigologiese redes drank gebruik, drink gemiddeld vyf of meer drankies per week. Verder blyk dit ook dat die sosiale drinkers, van al die groepe, die kleinste persentasie persone ingesluit het wat meer as sewe drankies in die betrokke week genuttig het.

In die geheel gesien, wil dit uit bostaande tabel dus voorkom asof die sosiale drinkers minder alkoholiese drank gebruik as wat die geval by diegene is waar die motivering meer van 'n persoonlike aard is.

4. 12 DIE DRINKMOTIEF VOLGENS DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK

In tabel 4. 12 word die redes wat deur gebruikers en misbruikers¹⁾ onderskeidelik vir hulle drinkgewoontes aangevoer is, ontleed.

TABEL 4. 12

VERNAAMSTE REDE VIR DRANKGEBRUIK VOLGENS GRAAD VAN DRANKGEBRUIK

Redes vir drankgebruik	Gebruikers		Misbruikers		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Fisiologiese redes	156	15. 6	23	18. 3	179	15. 9
Psigologiese redes	188	18. 9	62	49. 2	250	22. 3
Sosiale redes	621	62. 3	29	23. 0	650	57. 9
Ander redes	32	3. 2	12	9. 5	44	3. 9
TOTAAL	997	100. 0	126	100. 0	1, 123	100. 0

$$X^2 = 87. 950; \quad p < . 1\%$$

Blykens tabel 4. 12 het die grootste persentasie gebruikers van alkoholiese drank, naamlik 62. 3 persent, veral om sosiale redes gedrink. By die misbruikers was dit slegs die geval by 23. 0 persent. In teenstelling

1) Alle persone wat volgens die definisies in die inleidingshoofstuk nie as gebruikers geklassifiseer is nie, is hier as misbruikers gegroepeer.

hiermee het slegs 18.9 persent van die gebruikers teenoor 49.2 persent van die misbruikers psigologiese redes as die belangrikste oorweging waarom hulle alkoholiese drank gebruik, aangevoer. Ten opsigte van die fisiologiese redes was daar baie min verskil tussen die twee groepe.

Uit die voorafgaande wil dit dus voorkom asof sosiale redes by baie meer persone as vernaamste rede vir hulle gebruik van alkoholiese drank gegeld het as wat die geval by persoonlike redes is. Hierteenoor wil dit egter lyk asof persoonlike oorweging en by name meer bepaald die psigologiese redes, 'n sterker invloed op die graad van drankgebruik as sosiale redes het. Hierdie bevinding kom ooreen met wat J. W. Riley, C. F. Marden en M. Lifshitz bevind het: „Finally, although sociability is fully as important a reason for drinking as is physical effect, in terms of proportional distribution of responses by the population, nevertheless the tendency for more seasoned drinkers to assign individual reasons for drinking suggests a difference in the strengths of the two motivational patterns" (5, bl. 236). Soos reeds aan die begin van hierdie hoofstuk aangetoon, het die eie ondersoek die voorgemelde hipotese empiries getoets en gewens gevind wat dit staaf.

4.13 SAMEVATTING

- 4.13.1 Die vroue in die steekproef drink meer dikwels om sosiale redes terwyl die mans persoonlike redes voorop stel.
- 4.13.2 Behalwe vir die hoogste ouderdomsgroep, naamlik 60 jaar en ouer, neem die persentasie persone wat om sosiale redes drank gebruik af en diegene wat om psigologiese redes drank gebruik toe namate die ouderdom styg.
- 4.13.3 Afrikaanssprekendes sluit van al die taalgroepe die grootste persentasie sosiale drinkers in terwyl Engelssprekendes meer dikwels psigologiese redes aangevoer het.
- 4.13.4 Sowel persone wat nog ongetroud is as getroudes het sosiale oorwegings meer dikwels as vernaamste rede vir hulle drinkgewoonte aangedui as wat die geval by geskeies en wewenaars of weduwees was. Vir psigologiese redes geld die teenoorgestelde terwyl fisiologiese redes waarskynlik weinig verskil toon.
- 4.13.5 Geen verband is tussen woonplek en drinkmotief gevind nie. Dieselfde geld ten opsigte van drinkmotief en onderwyspeil.
- 4.13.6 By daardie beroepsgroepe waarin waarskynlik 'n oorwig vroue en jongmense teenwoordig is, word meer sosiale drinkers as by ander groepe aangetref.
- 4.13.7 Behalwe vir 'n suggestie dat psigologiese redes moontlik 'n groter rol speel namate die inkomstegroep styg, is haas geen verband tussen inkomste

en drinkmotief gevind nie.

- 4.13.8 Alhoewel verklarings vir die verskille moeilik verkrygbaar is, wil dit tog voorkom asof persone in die verskillende provinsies nie dieselfde motivering vir hulle drinkgewoontes het nie.
- 4.13.9 Sosiale drinkers is geneig om maandeliks drank ter waarde van 'n kleiner bedrag te verbruik as wat die geval by daardie groep is wat 'n ander rede vir hulle drinkgewoonte aangevoer het.
- 4.13.10 Die voorgenoemde afleiding word ook bevestig deur die feit dat 'n groter persentasie sosiale drinkers in die sewe dae wat die ondersoek voorafgegaan het, geen alkoholiese drank gebruik het nie as wat by die ander groepe die geval was. Verder het ook, in vergelyking met die ander groepe, 'n kleiner persentasie van die sosiale drinkers meer as sewe drankies in die betrokke week genuttig.
- 4.13.11 Word die redes wat onderskeidelik deur die misbruikers en gebruikers van alkoholiese drank vir hulle drinkgewoontes aangevoer het, teenoor mekaar gestel, blyk dit dat 'n veel groter persentasie gebruikers om sosiale redes en veel meer misbruikers om persoonlike redes alkoholiese drank gebruik.
- 4.13.12 Uit die motiverings wat vir die gebruik van alkoholiese drank aangevoer is, word voldoende bevestiging gevind vir die hipotese dat sosiale redes die algemeenste rede is (in terme van proporsionele distribusie van response van 'n ondersoekgroep) waarom mense alkoholiese drank gebruik, dog dat psigologiese redes in sterkte van invloed die sosiale redes oortref.

HOOFSTUK 5
DRANKVOORKEUR¹⁾

Benewens die vraag of mense drank gebruik of nie en indien hulle dit wel gebruik hoeveel en hoe dikwels hulle drank gebruik, vorm die voorkeur wat hulle aan sekere dranksoorte gee 'n belangrike onderdeel van hul drinkpatroon. Aan hierdie faset van die drinkpatroon word in die onderhawige hoofstuk aandag gegee.

Vir die doel van die ontleding is alle dranksoorte in drie hoofgroepe, naamlik wyn, bier en spiritualieë ingedeel. 'n Definisie van elkeen van hierdie drie groepe verskyn in hoofstuk een. Hierdie indeling van dranksoorte berus op die aard sowel as die alkoholgehalte van die bepaalde dranksoort.

5.1 DIE DRANKVOORKEUR VAN DIE ONDERSOEGGROEP

Soos dit reeds uit die vorige hoofstukke geblyk het, het 1,123 van die 1,500 proefpersone wel alkoholiese drank gebruik. Hierdie groep se keuse ten opsigte van dranksoorte, word in tabel 5.1 aangedui.

TABEL 5.1
DIE EERSTE EN TWEDE KEUSE VAN DRANK

Dranksoort	Eerste keuse		Tweede keuse ²⁾		Eerste en tweede keuse tesame	
	G	%	G	%	G	%
Wyn	371	33.0	233	32.9	604	33.0
Spiritualieë	376	33.5	180	25.4	556	30.4
Bier	376	33.5	295	41.7	671	36.6
TOTAAL	1,123	100.0	708	100.0	1,831	100.0

Volgens die gegewens in bostaande tabel is daar min verskil tussen die verskillende dranksoorte ten opsigte van die eerste keuse van die ondersoekgroep, want ongeveer 'n gelyke getal van die ondervraagde persone

1) Met 'n persoon se drankvoorkeur of keuse van drank word hier bedoel daardie dranksoort wat hy of sy gewoonlik die meeste drink.

2) Van die 1,123 persone wat wel alkoholiese drank gebruik het, het slegs 708 'n tweede keuse uitgespreek. Die derde keuse is nie gevra nie.

verkies elk van die drie dranksoorte. Dit is dus duidelik dat wyn, bier en spiritualieë as eerste keuse min of meer ewe gewild is onder die Blanke bevolking van Suid-Afrika.

Ten opsigte van die tweede keuse word egter 'n ander verskynsel aangetref want hier het die grootste enkele persentasie naamlik 41.7 per-
sent van diegene wat wel 'n tweede keuse uitgespreek het, dit ten gunste van bier gedoen terwyl 32.9 persent en 25.4 persent onderskeidelik wyn en spiritualieë as hul tweede keuse gestel het.

As die eerste en tweede keuse van die proefpersone saamgevoeg word ten einde 'n juiste beeld van die totale persentasie drinkers van elke drank-
soort te kry, blyk dit dat die grootste persentasie, naamlik 36.6 persent bier as hul eerste of tweede keuse stel teenoor onderskeidelik 33.0 en 30.4 persent by wyn en spiritualieë. Die voorafgaande ontleding het slegs op die eerste en tweede keuse van die ondersoekgroep betrekking.

In die V. S. A. het J. W. Riley en C. F. Marden uit die eerste, tweede en derde keuse van 'n steekproef bestaande uit persone van 21 jaar en ouer bevind dat 50.0 persent van diegene wat wel drink, spiritualieë gebruik terwyl 16.0 persent wyn asook bier en spiritualieë gebruik (1, bl. 183). In Engeland bevind B. S. Rowntree en G. R. Lavers dat die grootste persentasie, naamlik 25.3 persent, van hul ondersoekgroep wyn, spiritualieë en bier drink terwyl 19.3 persent slegs bier gebruik (8, bl. 161).

M. A. Maxwell se ondersoek in die V. S. A. bring aan die lig dat die grootste persentasie (54.2%) se eerste keuse bier was terwyl 42.8 persent spiritualieë verkies het. Slegs 3.0 persent het wyn as hulle eerste keuse gestel (3, bl. 192).

Die vergelykende studie van G. Lolli en andere, waarin die drinkpatroon van 247 Italianers uit die metropolitaanse distrik van Rome, met die drinkpatroon van 251 eerste, tweede en derde geslag Amerikaanse Italianers afkomstig uit Italië, met mekaar vergelyk word, bied interessante gegewens ten opsigte van kulturele invloede op die drinkpatroon. Onder die Italianers word uitsluitlik wyn deur 63.0 persent van die mans en 70.0 persent van die vroue gedrink terwyl dit die geval by 4.0 persent van die eerste geslag, 2.0 persent by die tweede en derde geslag Italiaanse immigrante was (6, bl. 65). Hierdie ondersoekers vat hulle bevindinge soos volg saam: „While wine remains a part of the normal daily diet of the Italians, its use has decreased noticeably among first-generation Italian Americans, and decreased even more in the second- and third-generation group. At the same time, among these Italian-American subjects, there was an obvious increase in the use of beer and distilled spirits" (6, bl. 99-100).

5.2 DRANKVOORKEUR VOLGENS GESLAG

In die volgende tabel word vasgestel of die verskillende geslagte ten opsigte van hulle drankvoorkeur verskille toon.

TABEL 5.2

DRANKVOORKEUR VOLGENS GESLAG

Dranksoort	Manlik		Vroulik		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Wyn	134	21.7	237	46.9	371	33.0
Spiritualieë	231	37.4	145	28.7	376	33.5
Bier	253	40.9	123	24.4	376	33.5
TOTAAL	618	100.0	505	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 82.679; \quad p < .1\%$$

Uit tabel 5.2 val dit dadelik op dat daar 'n betekenisvolle verskil in die drankvoorkeur van mans en vroue is. Die grootste enkele persentasie mans, naamlik 40.9 persent, het bier as hulle eerste keuse gestel terwyl die meeste vroue wat ondervra is, naamlik 46.9 persent, een of ander wynsoort bo ander dranksoorte verkies. Hierteenoor het die kleinste persentasie van die mans wyn as hul eerste keuse aangedui, terwyl dit by die vroue die geval was ten opsigte van bier. Dit is dus duidelik dat mans, in teenstelling met vroue, die smaak van bier bo die van wyn verkies en dat vroue in 'n veel geringer mate as mans spiritualieë drink.

Hierdie bevinding kom nie ooreen met die bevindinge van Lolli en sy mede-onderzoekers ten opsigte van die Italiaanse Amerikaners nie want dit lei hom tot die volgende samevatting: „In terms of variety of choice of alcoholic beverages, it appears that differences between the sexes are non-existent among Italian Americans" (6, bl. 68).

5.3 DRANKVOORKEUR VOLGENS OUDERDOM

Gegewens wat die verskille in drankvoorkeur by verskillende ouderdomsgroepe ontleed, word in tabel 5.3 gegee.

TABEL 5.3

DRANKVOORKEUR VOLGENS OUDERDOM

Dranksoort	24 jaar en jonger		25 - 39		40 - 59		60 jaar en ouer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Wyn	30	25.0	165	35.6	128	31.8	48	35.0	371	33.0
Spiritualieë	13	10.8	126	27.2	178	44.2	59	43.1	376	33.5
Bier	77	64.2	172	37.1	97	24.1	30	21.9	376	33.5
TOTAAL	120	100.0	463	100.0	403	100.0	137	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 96.740; p < .1\%$$

Wat die drankvoorkeur van die verskillende ouderdomsgroepe betref, val dit op dat die persentasie van elke ouderdomsgroep wat bier as hulle eerste keuse gestel het, afneem namate die ouderdom hoër word. Behalwe vir 'n effense afwyking in die hoogste ouderdomsgroep, word die teenoorge- stelde tendens ten opsigte van spiritualieë aangetref. Ten opsigte van wyn is egter geen duidelike tendens waarneembaar nie.

'n Volledige verklaring vir hierdie verskynsel is moeilik te gee dog dit mag wel wees dat die prys en alkoholgehalte van die onderskeie drank- soorte in 'n mate vir hierdie tendens verantwoordelik mag wees. Dit blyk 'n aanneembare verklaring te wees dat jonger persone meer geneig sal wees om goedkoper en ligter dranksoorte te gebruik as die meer ervare en ouer drinker wat moontlik ook 'n groter inkomste het. Die jonger groepe is dus waarskynlik meer geneig om hulle voorkeur tot die meer „onskuldige" dranksoorte soos bier te beperk.

5.4 DRANKVOORKEUR VOLGENS HUISTAAL

Aangesien drankvoorkeur dikwels 'n kultuurverband het, kan verwag word dat die verskillende Blanke bevolkingsgroepe in Suid-Afrika ten opsigte van drankvoorkeur van mekaar sal verskil. Die gewens in hier- die verband word in tabel 5.4 gegee.

TABEL 5.4

DRANKVOORKEUR VOLGENS HUISTAAL

Dranksoort	Afrikaans		Engels		Afrikaans en Engels		Ander tale		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Wyn	215	37.6	116	27.3	27	31.4	13	32.5	371	33.0
Spiritualieë	138	24.1	192	45.2	34	39.5	12	30.0	376	33.5
Bier	219	38.3	117	27.5	25	29.1	15	37.5	376	33.5
TOTAAL	572	100.0	425	100.0	86	100.0	40	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 50.436; \quad p < .1\%$$

(Slegs vir Afrikaans- en Engelssprekende groepe: $X^2 = 48.797; \quad p < .1\%$)

Uit die bostaande tabel blyk dit dat die grootste persentasie van die Engelssprekendes, naamlik 45.2 persent, teenoor daardie dranksoort naamlik spiritualieë, verkry is waar die Afrikaanssprekendes die laagste persentasie naamlik 24.1 persent vertoon. Die grootste persentasie Afrikaanssprekendes (38.3%) het bier as hulle eerste keuse onder alkoholiese drank aangedui. Van diegene wat Afrikaans sowel as Engels as huistaal gehad het, het die grootste persentasie (39.5%) spiritualieë as hulle eerste keuse gestel terwyl die grootste persentasie (37.5%) van daardie groep wat 'n ander taal as een van die amptelike tale as huistaal gehad het, bier bo ander dranksoorte verkies het.

Soos wat reeds in vorige tabelle gedoen is, is ook hier die Afrikaans- en Engelssprekendes vergelyk terwyl die inkomste konstant gehou is. (Vgl. tabel 5.4.1.) Uit hierdie tabel blyk dit dat die betrokke twee taalgroepe se drankvoorkeur nog betekenisvol verskil al speel die inkomste geen rol nie.

TABEL 5.4.1
 DRANKVOORKEUR BY AFRIKAANS- EN ENGELSSPREKENDES VOLGENS INKOMSTE

Dranksoort	Inkomste en huistaal																							
	R2000 en minder						R2001 - R4000						R4001 en meer						Totaal					
	Afrikaans		Engels		Totaal		Afrikaans		Engels		Totaal		Afrikaans		Engels		Totaal							
G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%							
Wyn	132	38.9	54	32.3	186	36.8	66	35.5	45	24.5	111	30.0	18	38.3	16	21.9	34	28.3	216	37.8	115	27.1	331	33.2
Spiritualieë	68	20.1	68	40.7	136	26.9	49	26.3	74	40.2	123	33.2	21	44.7	50	68.5	71	59.2	138	24.1	192	45.3	330	33.1
Bier	139	41.0	45	26.9	184	36.4	71	38.2	65	35.3	136	36.7	8	17.0	7	9.6	15	12.5	218	38.1	117	27.6	335	33.7
TOTAAL	339	100.0	167	100.0	506	100.0	186	100.0	184	100.0	370	100.0	47	100.0	73	100.0	120	100.0	572	100.0	424	100.0	996	100.0

$\chi^2 = 25.1735$; $p < .1\%$ $\chi^2 = 9.3081$; $1\% > p > .1\%$ $\chi^2 = 6.7109$; $5\% > p > 2\%$

Dit blyk dus dat persone wie se kulturele agtergrond verskil, in soverre dit deur verskil in huistaal aangedui word, nie dieselfde voorkeur ten opsigte van drank het nie hoewel hulle binne dieselfde landsgrense woon.

5.5 DRANKVOORKEUR VOLGENS WOONPLEK

Tabel 5.5 dui aan of daar tussen landelike en stedelike gebiede verskille ten opsigte van drankvoorkeur bestaan.

TABEL 5.5

DRANKVOORKEUR VOLGENS WOONPLEK

Dranksoort	Stad		Dorp		Plaas		Kleinhoeve		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Wyn	178	29.6	139	39.5	35	32.4	19	30.6	371	33.0
Spiritualieë	213	35.4	99	28.1	42	38.9	22	35.5	376	33.5
Bier	210	34.9	114	32.4	31	28.7	21	33.9	376	33.5
TOTAAL	601	100.0	352	100.0	108	100.0	62	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 12.654; \quad 5\% > p > 2\%$$

Alhoewel daar baie duidelike verskille tussen die stads-, dorps-, plaas- en kleinhoeve groepe ten opsigte van drankvoorkeur bestaan, kom geen „reëlmaat” in die verband voor nie want die graad van landelikheid (of stedelikheid) hou nie met 'n bepaalde keuse verband nie. Soos dit uit bogenoemde tabel dan ook blyk, verkies die grootste enkele persentasie persone wat in stede, op plase en op kleinhoeves woon, naamlik 35.4 persent, 38.9 persent en 35.5 persent onderskeidelik, spiritualieë terwyl die grootste persentasie dorpsbewoners (39.5%) wyn as eerste keuse gestel het. Om bogemelde rede kan uit hierdie tabel se gegewens dus geen verdere afleidings gemaak word nie.

5.6 DRANKVOORKEUR VOLGENS ONDERWYSPEIL

Tabel 5.6 dui aan in watter mate onderwyspeil met drankvoorkeur verband hou.

TABEL 5.6

DRANKVOORKEUR VOLGENS ONDERWYSPEIL

Dranksoort	St. V en laer		St. VI - st. VIII		St. IX - st. X		Kwalifikasies na st. X		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Wyn	27	37.5	209	33.9	83	30.7	52	31.7	371	33.0
Spiritualieë	23	31.9	176	28.5	106	39.3	71	43.3	376	33.5
Bier	22	30.6	232	37.6	81	30.0	41	25.0	376	33.5
TOTAAL	72	100.0	617	100.0	270	100.0	164	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 20.881; 1\% > p > .1\%$$

Die gegewens van tabel 5.6 vertoon die interessante verskynsel dat die twee hoogste onderwyspeilgroepe, naamlik die groep met 'n standerdnege- of standerdtienkwalifikasie en die groep met 'n opleiding na standerd tien, in 'n meerdere mate spiritualieë verkies (39.3% en 43.3% onderskeidelik) as wat die geval by die ander groepe is. By die groep wat oor 'n onderwyspeil vanaf standerd ses tot agt beskik, verkies die grootste persentasie (37.6%) bier terwyl wyn by die grootste persentasie (37.5%) van die groep wat nie oor 'n standerdssertifikaat beskik nie, die mees gesogte drank is.

By die verklaring van bogemelde verskynsel moet ten eerste in gedagte gehou word dat die pryse van die verskillende dranksoorte die voorkeur wat aan die bepaalde soort gegee word, mag beïnvloed. Die feit dat die laagste onderwyspeilgroepe in 'n mindere mate spiritualieë verkies as wat met die hoër onderwyspeilgroepe die geval is, mag daarmee saamhang dat die eersgenoemde groepe, in teenstelling met die laasgenoemde groepe, waarskynlik 'n groot persentasie persone wat nie spiritualieë maklik kan bekostig nie, insluit.

In 'n latere afdeling waar inkomste met drankvoorkeur in verband gebring word, sal meer lig op die aangeleentheid gewerp word.

In die geheel geneem, wil dit voorkom asof persone in die hoër sosio-ekonomiese lae die meer „gesofistikeerde” drinkers insluit wat nie alleen die smaak vir spiritualieë ontwikkel het nie maar wat in 'n groep beweeg waar dit gebruiklik is om die drank met die hoër alkoholgehalte te gebruik. Hierdie groep kan ook laasgenoemde dranksoort bekostig.

5.7 DRANKVOORKEUR VOLGENS BEROEP

Die volgende tabel toon aan hoe die verskillende beroepsgroepe volgens hul drankvoorkeur met mekaar vergelyk.

TABEL 5.7

DRANKVOORKEUR VOLGENS BEROEPSGROEP

Drank - soort	Klerklik en admil- nistra- tiewe be- roep		Hoër handels- beroep		Laer handels- beroep		Hoër beroep in die mynwese		Laer beroep in die mynwese		Vakleer- linge, half- en onge- skoolde		Vervoer- dienste		Veilig- heids- dienste		Boere		Voltyd- se stu- dente en skolle- re		Pensio- nariese		Huisvrou dienste		Persoon- like dienste		Werkloos beroep		Ander beroep		Totaal					
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%				
Wyn	18	23.1	38	24.5	8	15.4	8	17.8	1	33.3	4	26.7	18	15.8	30	42.3	5	20.8	5	26.3	12	21.8	10	62.5	13	27.7	183	47.7	7	29.2	6	50.0	5	71.4	371	33.0
Spiri- tualieë	36	46.2	59	38.1	30	57.7	22	48.9	2	66.7	7	46.7	32	28.1	16	22.5	5	20.8	6	31.6	25	45.5	1	6.3	22	46.8	101	26.2	10	41.7	2	16.7	-	-	376	33.5
Bier	24	30.8	58	37.4	14	26.9	15	33.3	-	-	4	26.7	64	56.1	25	35.2	14	58.3	8	42.1	18	32.7	5	31.3	12	25.5	102	26.4	7	29.2	4	33.3	2	28.6	376	33.5
TOTAAL	78	100.0	155	100.0	52	100.0	45	100.0	3	100.0	15	100.0	114	100.0	71	100.0	24	100.0	19	100.0	55	100.0	16	100.0	47	100.0	386	100.0	24	100.0	12	100.0	7	100.0	1,123	100.0

(Volgens Siegal word hierdie tabel verwerp)

Die gegewens in tabel 5.7 moet baie versigtig hanteer word aangesien die getalle in die verskillende kategorieë soms baie klein is en tot misleidende gevolgtrekkings kan lei.

By nege van die beroepsgroepe, wat onder andere al die beroepsgroepe insluit wat met 'n hoër sosio-ekonomiese peil gepaard gaan, verkies die grootste persentasie proefpersone spiritueel. By sowel die vakmanne en vakleerlinge as by die vervoer- en veiligheidsdienste, huisvroue, en studente, val die eerste keuse van die grootste persentasie proefpersone op of bier of wyn. Waarskynlik hou hierdie tendens met die inkomste van die proefpersoon en die prys van die drank verband soos uit die volgende tabel sal blyk.

5.8 DRANKVOORKEUR VOLGENS INKOMSTE

Die drankvoorkeur van die verskillende inkomstegroepe word in tabel 5.8 teenoor mekaar gestel.

TABEL 5.8

DRANKVOORKEUR VOLGENS JAARLIKSE INKOMSTE

Dranksoort	R2000 en minder		R2001 - R4000		R4001 - R6000		R6001 en meer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Wyn	209	36.8	123	29.5	29	34.5	8	15.4	369	32.9
Spiritueel	156	27.5	139	33.3	45	53.6	36	69.2	376	33.5
Bier	203	35.7	155	37.2	10	11.9	8	15.4	376	33.5
TOTAAL	568	100.0	417	100.0	84	100.0	52	100.0	1,121	100.0

$$\chi^2 = 64.343; p < .1\%$$

Uit die gegewens van tabel 5.8 spreek 'n baie duidelike verband tussen die drankvoorkeur en inkomste want namate die inkomstegroep styg, styg ook die persentasie persone wat spiritueel as hul eerste keuse aangedui het. Ongeveer 'n kwart van die laagste, 'n derde van die tweede, die helfte van die derde en meer as twee-derdes van die hoogste inkomstegroep het spiritueel as hul eerste keuse gestel.

Alhoewel die persentasie wyn- en bierdrinkers nie in dieselfde reëlmaat as die spiritueeldrinkers voorkom nie, is dit tog oor die algemeen duidelik dat 'n kleiner persentasie van die inkomstegroepe bo R4,000 per

jaar hierdie dranksoorte verkies as wat die geval by die inkomstegroepe van R4,000 of minder is. Met ander woorde, die hoër inkomstegroepe verkies die sterker dranksoorte terwyl die teenoorgestelde die geval by die laer inkomstegroepe is. Hierdie bevinding bevestig weer eens die verklaring wat onder afdeling 5.6 vir die verband tussen drankvoorkeur en onderwys-peil gegee is.

Dit wil dus voorkom asof dit eenvoudig by die hoër inkomstegroepe gebruiklik is om die duurder dranksoorte met die hoër alkoholgehalte te gebruik.

5.9 DRANKVOORKEUR VOLGENS PROVINSIE

Die drankvoorkeur van die ondersoekgroep word in tabel 5.9 op 'n provinsiale grondslag ontleed.

TABEL 5.9

DRANKVOORKEUR VOLGENS PROVINSIE

Dranksoort	O. V. S		Natal		Kaap		Tvl.		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Wyn	35	33.7	40	29.0	143	37.7	153	30.5	371	33.0
Spiritualieë	35	33.7	46	33.3	126	33.2	169	33.7	376	33.5
Bier	34	32.7	52	37.7	110	29.0	180	35.9	376	33.5
TOTAAL	104	100.0	138	100.0	379	100.0	502	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 8.075; \quad 30\% > p > 20\%$$

Word die drankvoorkeur van die proefpersone van elke provinsie met dié van die totale groep vergelyk, blyk dit dat die verskille nie baie groot is nie. Min of meer 'n derde van die proefpersone in elke provinsie gee voorkeur aan elk van die drie dranksoorte. Kleinere afwykings is wel waarneembaar soos byvoorbeeld die ietwat hoër voorkeur aan wyn in die Kaap-provinsie en aan bier in Natal en Transvaal.

Die berekende chi-kwadraatwaarde van die tabel dui egter daarop dat die provinsiale verskille ten opsigte van drankvoorkeur nie betekenisvol is nie.

5.10 DRANKVOORKEUR VOLGENS TYD VAN DRANKGEBRUIK

Hoe die proefpersone se drankvoorkeur met die tyd van drankgebruik saamhang, word in die volgende tabel aangedui.

TABEL 5.10

DRANKVOORKEUR VOLGENS TYD VAN DRANKGEBRUIK

Dranksoort	Onmiddellik voor ete		Onmiddellik na ete		Tydens ete		Voor mid-dagete		Tussen mid-dag- en aandete		Na aand-ete		Voor slaap-tyd		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Wyn	135	35.2	7	41.2	66	67.3	9	39.1	74	25.4	70	25.0	10	32.3	371	33.0
Spiritualieë	148	38.6	4	23.5	7	7.1	5	21.7	109	37.5	89	31.8	14	45.2	376	33.5
Bier	100	26.1	6	35.3	25	25.5	9	39.1	108	37.1	121	43.2	7	22.6	376	33.5
TOTAAL	383	100.0	17	100.0	98	100.0	23	100.0	291	100.0	280	100.0	31	100.0	1,123	100.0

$\chi^2 = 92.824; p < .1\%$

Uit tabel 5. 10 val dit op dat persone wat gewoonlik direk na ete en tydens ete hul drankies nuttig, wyn verkies. Spiritualieë is as eerste keuse gestel by 'n groter persentasie van diegene wat gewoonlik direk voor ete, tussen middag- en aandete en voor slaapyd hul drankies nuttig, as wat die geval by die totaal was. Daarenteen blyk dit dat die grootste persentasie van diegene wat gewoonlik na aandete hul drankies nuttig, naamlik 43.2 persent, bier verkies.

5. 11 DRANKVOORKEUR VOLGENS DRINKMOTIEF

Tabel 5. 11 toon aan in hoeverre die rede waarom 'n persoon alkoholie se drank gebruik sy keuse ten opsigte van dranksoorte beïnvloed.

TABEL 5. 11

DRANKVOORKEUR VOLGENS REDES VIR DRANKGEBRUIK

Dranksoort	Fisiologiese redes		Psigologiese redes		Sosiale redes		Ander redes		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Wyn	74	41.3	42	16.8	238	36.6	17	38.6	371	33.0
Spiritualieë	47	26.3	134	53.6	176	27.1	19	43.2	376	33.5
Bier	58	32.4	74	29.6	236	36.3	8	18.2	376	33.5
TOTAAL	179	100.0	250	100.0	650	100.0	44	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 79.562; p < .1\%$$

By diegene vir wie fisiologiese oorwegings die vernaamste motivering tot die gebruik van alkoholie se drank was, het die grootste persentasie, naamlik 41.3 persent, wyn bo ander dranksoorte verkies. Hierdie verskynsel is lig te begryp indien daarop gelet word dat een van die antwoorde wat onder fisiologiese redes geklassifiseer is, die gebruik van drank weens die aangename smaak daarvan, is.

By daardie groep wat psigologiese redes as hul vernaamste oorweging tot drankgebruik aangevoer het, het die grootste enkele persentasie, naamlik 53.6 persent, spiritualieë as hul eerste keuse gestel.

Hierdie tendens is maklik te verklaar want hierdie groep persone drink om die effek van alkohol te verkry en sal dus die dranksoort met die hoogste alkoholgehalte verkies.

Waar sosiale redes as die vernaamste oorweging tot drankgebruik aangevoer is, het die grootste persentasie (36.6%) wyn, maar tegelykertyd 'n byna ewe groot persentasie (36.3%) bier, as hul eerste keuse gestel. Die belangrike plek wat wyn in die keuse van hierdie laaste groep inneem, kan in 'n mate daaraan toegeskryf word dat die grootste persentasie vroue (74.3%) volgens tabel 4.1 om sosiale redes drank gebruik terwyl 46.9 persent vroue volgens tabel 5.2 wyn as hul eerste keuse gestel het.

5.12 DRANKVOORKEUR VOLGENS GRAAD VAN DRANKGEBRUIK

Die gegewens in tabel 5.12 dui die verskil in drankvoorkeur by gebruikers en misbruikers van alkoholiese drank aan. Met misbruikers word in hierdie tabel alle persone bedoel wat nie meer as drankgebruikers in terme van die definisie in hoofstuk een beskou kan word nie. Hierdie in-deling berus op die beoordeling van die veldwerker na aanleiding van gegewens wat hy van die proefpersoon tydens die onderhoud verkry het en geen objektiewe maatstaf is dus toegepas nie.

TABEL 5.12

DRANKVOORKEUR VOLGENS GRAAD VAN DRANKGEBRUIK

Dranksoort	Drankgebruikers		Drankmisbruikers		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Wyn	347	34.8	24	19.0	371	33.0
Spiritualieë	302	30.3	74	58.7	376	33.5
Bier	348	34.9	28	22.2	376	33.5
TOTAAL	997	100.0	126	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 41.718; \quad p < .1\%$$

Dit is uit tabel 5.12 baie duidelik dat die grootste persentasie misbruikers, naamlik 58.7 persent, spiritualieë verkies terwyl die grootste enkele persentasie gebruikers, naamlik 34.9, bier as hul eerste keuse stel. Hierdie verskynsel is lig te begryp indien in gedagte gehou word dat die misbruikers van alkoholiese drank feitlik uitsluitlik drink vir die effek wat die alkohol op hulle het en daarom sal hulle daardie dranksoorte met die hoogste alkoholgehalte verkies.

5.13 SAMEVATTING

- 5.13.1 Die ondersoekgroep is ten opsigte van hul eerste keuse van drank ongeveer gelykop tussen die drie dranksoorte, wyn, bier en spiritualieë verdeel. Die grootste enkele persentasie het egter bier as hul tweede keuse gestel.
- 5.13.2 Die grootste persentasie van die mans het bier, en die grootste persentasie van die vroue het wyn as hul eerste keuse aangedui.
- 5.13.3 Behalwe vir die ouderdomsgroep 60 jaar en ouer wat weer 'n effense dalende persentasie toon, styg die persentasie persone uit elke ouderdomsgroep wat spiritualieë as eerste keuse gestel het namate die ouderdom van die groep styg. By bier word presies die teenoorgestelde tendens aangetref, terwyl die keuse van wyn geen duidelike patroon aanneem nie.
- 5.13.4 Die grootste enkele persentasie van die Engelssprekendes verkies spiritualieë terwyl die grootste persentasie Afrikaanssprekendes bier as hul eerste keuse gestel het.
- 5.13.5 Waar die drankvoorkeur volgens die woonplek ontleed word, blyk dit dat geen reëlmatigheid ten opsigte van landelik-stedelike aard van die woonplek en drankvoorkeur bestaan nie want hoewe- en plaasbewoners en stedelinge verkies in 'n groter mate spiritualieë teenoor die dorpenaars wat wyn verkies.
- 5.13.6 Spiritualieë is by die hoër onderwyspeilgroepe, naamlik standerd nege en hoër, meer populêr as by die laer onderwyspeilgroepe waar bier en wyn as eerste keuse onderskeidelik by die grootste persentasies van die groep met 'n onderwyspeil tussen standerd ses en agt en die groep onder standerd ses aangedui is.
- 5.13.7 Alhoewel die getalle in verskeie beroepsgroepe te klein is om enige afleidings te maak, wil dit tog voorkom asof persone uit die hoër en „witboordjie“ beroepsgroepe waarskynlik meer dikwels spiritualieë verkies as wat die geval by die ander beroepsgroepe is.
- 5.13.8 Die persentasie persone wat aan spiritualieë voorkeur gee, styg namate die inkomste van die inkomstegroepe styg. Behalwe vir die heel hoogste inkomstegroep, vertoon die persentasie persone wat bier as eerste keuse gestel het, die teenoorgestelde tendens.
- 5.13.9 Behalwe vir die feit dat 'n ietwat groter persentasie Kapenaars aan wyn bo ander dranksoorte voorkeur gee, is daar weinig provinsiale verskille ten opsigte van drankvoorkeur gevind.
- 5.13.10 Persone wat gewoonlik direk na ete en tydens ete hulle drank nuttig,

ver kies wyn terwyl die grootste persentasie slaapdrankiedrinkers aan spiritualieë voorkeur gee.

5. 13. 11 Die grootste enkele persentasie persone wat om psigologiese redes drink, gee aan spiritualieë voorkeur terwyl die sosiale drinkers wyn en bier verkies en diegene wat fisiologiese redes aangevoer het, meestal wyn.
5. 13. 12 Waar die drankvoorkeur van gebruikers en misbruikers van alkoholiese drank met mekaar vergelyk is, het dit geblyk dat misbruikers meer die dranksoorte met die hoër alkoholgehalte, naamlik spiritualieë, verkies teenoor gebruikers wat meestal bier as hul eerste keuse gestel het.

HOOFTUK 6

DIE DRINKFREKWENSIE

Daar is reeds in 'n vorige hoofstuk op ingegaan of die proefpersoon alkoholiese drank gebruik al dan nie, maar die gereeldheid van drankgebruik is nie bespreek nie. Hierdie aspek van die vraagstuk, naamlik hoe dikwels die proefpersoon alkoholiese drank gebruik, word in die onderhawige hoofstuk bespreek. Ten einde gegewens oor die drinkfrekwensie te bekom, is vasgestel hoe dikwels die proefpersoon gewoonlik alkoholiese drank gebruik.

6.1 DRINKFREKWENSIE VOLGENS GESLAG

In tabel 6.1 word die drinkfrekwensie van die ondergroep volgens geslag ontleed.

TABEL 6.1

DIE GETAL KERE WAT DIE PROEFPERSON DRANK GEBRUIK VOLGENS GESLAG

Drinkfrekwensie	Manlik		Vroulik		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
4 of meer kere per week	143	23.1	51	10.1	194	17.3
1 - 3 keer per week	216	35.0	97	19.2	313	27.9
1 - 3 keer per maand	140	22.7	123	24.4	263	23.4
1 keer per kwartaal en minder	119	19.2	234	46.3	353	31.4
TOTAAL	618	100.0	505	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 117.251; \quad p < .1\%$$

Soos reeds uit vorige bespreking geblyk het, was 1,123 van die 1,500 proefpersone, of te wel 74.9 persent, gebruikers van alkoholiese drank terwyl die ander 25.1 persent geheelonthouers was. Van hierdie 1,123 persone het die grootste enkele persentasie, naamlik 31.4 persent, slegs een keer in drie maande of minder alkoholiese drank gebruik. Hierteenoor het 17.3 en 27.9 persent onderskeidelik vier keer of meer en een tot drie keer per week alkoholiese drank gebruik. Met ander woorde 45.2 persent van die gebruikers was betreklik gereelde gebruikers van drank terwyl 54.8 persent taamlik ongereeld alkoholiese drank gedrink het.

As die bevindinge in hierdie ondersoek met die van M. A. Maxwell¹⁾ vergelyk word, tree opvallende verskille op die voorgrond, want slegs 9.6 persent van sy ondersoekgroep gebruik vier keer of meer per week alkoholiese drank, 20.4 persent gebruik dit een tot 3 keer per week, 41.2 persent een tot twee keer per maand en 28.8 persent minder as een keer per maand. Volgens voorgenoemde gegewens gebruik 30.0 persent van Maxwell se ondersoekgroep dus, volgens ons eie kriterium hierbo, betreklik gereeld alkoholiese drank terwyl 70.0 persent as ongereelde drinkers beskou kan word (3, bl. 191).

As die drinkfrekwensie van die twee geslagte met mekaar vergelyk word, blyk dit uit tabel 6.1 dat die vroue oor die algemeen baie ongereelder alkoholiese drank gebruik as wat die geval by die mans is want 29.3 persent van die vroue teenoor 58.1 persent van die mans gebruik gewoonlik een of meer kere per week alkoholiese drank. Hierteenoor gebruik 70.7 persent van die vroue en 41.9 persent van die mans een keer per maand of minder dikwels alkoholiese drank. M. A. Maxwell bevind in 'n ondersoek wat in Washington uitgevoer is dat 38.7 persent van die mans en 18.1 persent van die vroue een keer per week of meer dikwels alkoholiese drank gebruik terwyl 61.3 persent van die mans en 81.9 persent van die vroue minder as 1 keer per week drank gebruik (3, bl. 191).

Daar moet in hierdie bespreking deurgaans onthou word dat die drinkfrekwensie nie noodwendig 'n aanduiding is van die hoeveelheid drank wat verbruik word nie.

6.2 DRINKFREKWENSIE VOLGENS OUDERDOM

Die verband tussen frekwensie van drankgebruik en ouderdom word in tabel 6.2 ontleed.

1) Die gegewens wat hier van M. A. Maxwell aangehaal word, is tot persentasie van die gebruikers van alkoholiese drank verwerk en is nie gebruik as persentasie van die totale ondersoekgroep soos deur hom aangehaal nie.

TABEL 6.2

DIE GETAL KERE WAT DIE PROEFPERSOON DRANK GEBRUIK VOLGENS OUDERDOM

Drinkfrequentie	Onder 20 jaar		20 - 24		25 - 29		30 - 39		40 - 49		50 - 59		60 - 69		70 jr. en ouer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
4 of meer kere per week	-	-	2	2.3	10	7.1	48	14.9	54	22.1	43	27.0	25	29.1	12	23.5	194	17.3
1 - 3 keer per week	5	14.7	25	29.1	33	23.4	106	32.9	75	30.7	42	26.4	14	16.3	13	25.5	313	27.9
1 - 3 keer per maand	13	38.2	25	29.1	49	34.8	80	24.8	49	20.1	25	15.7	12	14.0	10	19.6	263	23.4
1 keer per kwartaal en minder	16	47.1	34	39.5	49	34.8	88	27.3	66	27.0	49	30.8	35	40.7	16	31.4	353	31.4
TOTAAL	34	100.0	86	100.0	141	100.0	322	100.0	244	100.0	159	100.0	86	100.0	51	100.0	1,123	100.0

$\chi^2 = 89.579$; $p < .1\%$

Uit tabel 6. 2 blyk dit dat daar in 'n mate 'n wetmatigheid in die verband tussen drinkfrekwensie en ouderdom voorkom want namate die ouderdom hoër word, styg ook die persentasie van daardie ouderdomsgroep wat vier keer per week of meer gereeld alkoholiëse drank gebruik. As die eerste twee en die laaste twee rye in tabel 6. 2 saamgevoeg word om die relatief meer gereelde drinkers, naamlik diegene wat een keer of meer per week alkoholiëse drank gebruik, van die minder gereelde drinkers, naamlik diegene wat minder as een keer per week drank gebruik, te skei, blyk dit dat met enkele uitsonderings, die persentasie wat die minder gereelde drinkers van elke ouderdomsgroep vorm, daal namate die ouderdom van die groep styg. Die teenoorgestelde neiging kom by die meer gereelde drinkers voor.

Die rede vir hierdie tendens lê waarskynlik daarin dat die gewoonte om alkoholiëse drank te gebruik, sterker word namate die ouderdom styg en die frekwensie van drankgebruik dus toeneem. Die ietwat dalende neiging in die drinkfrekwensie in die hoogste ouderdomsgroepe, hang waarskynlik saam met 'n doelbewuste poging om die drinkgewoonte in die later lewe om gesondheids- of ander redes te beperk.

In die geheel gesien, dui die tendense in tabel 6. 2 dus deels op die gewoontevormende werking van alkoholiëse drank.

6. 3 DRINKFREKWENSIE VOLGENS HUISTAAL

Aangesien die drinkpatroon waarskynlik met kulturele faktore verband hou, word die drinkfrekwensie in tabel 6. 3 met die huistaal van die proefpersone in verband gebring.

TABEL 6.3

DIE GETAL KERE WAT DIE PROEFPERSON DRANK GEBRUIK VOLGENS
HUISTAAL

Drinkfrekwensie	Afrikaans		Engels		Afrikaans en Engels		Ander tale		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
	4 of meer kere per week	56	9.8	112	26.4	15	17.4	11	27.5	194
1-3 keer per week	134	23.4	135	31.8	26	30.2	18	45.0	313	27.9
1-3 keer per maand	135	23.6	93	21.9	27	31.4	8	20.0	263	23.4
1 keer per kwartaal en minder	247	43.2	85	20.0	18	20.9	3	7.5	353	31.4
TOTAAL	572	100.0	425	100.0	86	100.0	40	100.0	1.123	100.0

$$X^2 = 108.065; \quad p < .1\%$$

(Slegs vir Afrikaans- en Engelssprekendes: $X^2 = 85.6429; \quad p < .1\%$)

Blykens die gegewens in tabel 6.3 is daar duidelike verskille tussen die verskillende huistaalgroepe ten opsigte van drinkfrekwensie. So byvoorbeeld val dit op dat 'n groter persentasie (26.4%) van die Engelssprekendes vier keer per week of meer dikwels alkoholiese drank gebruik as wat die geval by die Afrikaanssprekendes (9.8%) is. By daardie groep wat 'n ander taal as Afrikaans of Engels as huistaal gehad het, kom die grootste persentasie (27.5%) van al die taalgroepe voor wat gewoonlik vier keer of meer dikwels per week alkoholiese drank gebruik. Soos verwag kan word, lê die persentasie onder bespreking by die groep wat sowel Engels- as Afrikaanssprekend is (17.4%) tussen die ooreenstemmende persentasies vir Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes.

In ooreenstemming met bogenoemde blyk dit uit tabel 6.3 dat diegene wat gemiddeld een keer per kwartaal of minder alkoholiese drank gebruik, by die Afrikaanssprekendes 'n groter persentasie vorm as by die ander taalgroepe. Die laagste persentasie kom by die andertaliges voor.

In tabel 6.3.1 is die moontlikheid dat 'n verskil in inkomste vir die verskil in drinkfrekwensie by die verskillende huistaalgroepe verantwoordelik mag wees, by die twee hooftaalgroepe uitgeskakel deurdat telkens 'n

vergelyking binne dieselfde inkomstegroepe getref is. Dit blyk uit die persentasieverdeling sowel as uit die verkreë chi-kwadratwaardes dat ander faktore as die inkomste vir die verskille verantwoordelik moet wees. Uit die gegewens van hierdie ondersoek kan egter geen verdere verklaring vir die verskille verkry word nie.

TABEL 6.3.1

DIE GETAL KERE WAT DIE PROEFPERSON DRANK GEBRUIK BY AFRIKAANS- EN ENGELSSPREKENDES VOLGENS INKOMSTE

Drinkfrequentie	Inkomste en huistaal																							
	R2000 en minder				R2001 - R4000				R4001 en meer				Totaal											
	Afrikaans	Engels	Totaal	%	Afrikaans	Engels	Totaal	%	Afrikaans	Engels	Totaal	%	Engels	Totaal										
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%										
4 of meer kere per week	27	8.0	29	17.4	56	11.1	20	10.8	52	28.3	72	19.5	9	19.1	31	42.5	40	33.3	56	9.8	112	26.4	168	16.9
1 - 3 keer per week	58	17.1	47	28.1	105	20.7	52	28.0	62	33.7	114	30.8	25	53.2	26	35.6	51	42.5	135	23.6	135	31.8	270	27.1
1 - 3 keer per maand	83	24.5	41	24.6	124	24.5	46	24.7	40	21.7	86	23.2	6	12.8	12	16.4	18	15.0	135	23.6	93	21.9	228	22.9
1 keer per kwartaal en minder	171	50.4	50	30.0	221	43.7	68	36.6	30	16.3	98	26.5	7	14.9	4	5.5	11	9.2	246	43.0	84	19.8	330	33.1
TOTAAL	339	100.0	167	100.0	506	100.0	186	100.0	184	100.0	370	100.0	47	100.0	73	100.0	120	100.0	572	100.0	424	100.0	996	100.0

$\chi^2 = 26.2668$; $p < .1\%$ $\chi^2 = 30.2424$; $p < .1\%$ $\chi^2 = 9.7623$; $5\% > p > 2\%$

Die verklaring vir hierdie verskynsel kan moontlik deels daarin lê dat die Afrikaanssprekende vanuit sy godsdienst en tradisie die gebruik van alkoholiese drank in 'n sterker mate veroordeel as wat die geval by die Engelsprekende is. Hierdie selfde verskynsel kan ook daartoe aanleiding gee dat die Afrikaanssprekende minder geneig is om te erken dat hy wel alkoholiese drank gebruik. Verder is dit ook moontlik dat die Engelsprekendes, meer as die Afrikaanssprekendes, lede van klubs waar alkoholiese drank gereeld gebruik word, is. So ook is daar waarskynlik weinig veroordeling van die gebruik van alkoholiese drank in die agtergrond van die andertaliges te vind, want sommige van hierdie mense is immigrante van lande af waar alkoholiese drank daagliks as deel van die diëet gebruik word.

6.4 DRINKFREKWENSIE VOLGENS HUWELIKSTAAT

Die huwelikstaat van die proefpersoon word in tabel 6.4 met die drinkfrekwensie in verband gebring.

TABEL 6.4

DIE GETAL KERE WAT DIE PROEFPERSON DRANK GEBRUIK VOLGENS HUWELIKSTAAT

Drinkfrekwensie	Getroud		Nooit getroud		Geskei		Wewenaar of weduwee		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
4 of meer kere per week	166	17.8	15	12.9	8	38.1	5	9.1	194	17.3
1-3 keer per week	263	28.2	33	28.4	3	14.3	14	25.5	313	27.9
1-3 keer per maand	210	22.6	33	28.4	4	19.0	16	29.1	263	23.4
1 keer per kwartaal en minder	292	31.4	35	30.2	6	28.6	20	36.4	353	31.4
TOTAAL	931	100.0	116	100.0	21	100.0	55	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 13.418; 20\% > p > 10\%$$

Uit sowel die persentasies in tabel 6.4 as uit die verkreeë chi-kwadraatwaarde blyk dit dat daar haas geen verband tussen die drinkfrekwensie en die huwelikstaat van die ondersoekgroep bestaan nie. As die gegewens

in die eerste twee rye van tabel 6. 4 saamgestel en teenoor die saamgevatte gegewens van die laaste twee rye gestel word, wil dit egter voorkom asof die gereelde drinkers 'n groter persentasie (52.4%) van die geskeies vorm as wat die geval by die ander groepe is, naamlik 46.0, 41.3 en 34.6 persent onderskeidelik by die getroudes, ongetroudes en diegene wat in 'n staat van wewenaar- of weduweeskap verkeer. Hierteenoor is 'n groter persentasie (65.5%) van die wewenaars en weduwees weer ongereelde drinkers in vergelyking met die ander groepe. Die skynbaar hoër drinkfrekwensie by die geskeies kan sowel die oorsaak as die gevolg van egskeiding wees.

6.5 DRINKFREKWENSIE VOLGENS WOONPLEK

In tabel 6.5 word die drinkfrekwensie van die ondersoekgroep met die woonplek in verband gebring.

TABEL 6.5

DIE GETAL KERE WAT DIE PROEFPERSON DRANK GEBRUIK VOLGENS WOONPLEK

Drinkfrekwensie	Stad		Dorp		Plaas		Kleinhoewe		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
4 of meer kere per week	103	17.1	59	16.8	24	22.2	8	12.9	194	17.3
1-3 keer per week	175	29.1	100	28.4	24	22.2	14	22.6	313	27.9
1-3 keer per maand	143	23.8	83	23.6	23	21.3	14	22.6	263	23.4
1 keer per kwartaal en minder	180	30.0	110	31.3	37	34.3	26	41.9	353	31.4
TOTAAL	601	100.0	352	100.0	108	100.0	62	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 7.648; 70\% > p > 50\%$$

Uit sowel die persentasies van tabel 6.5 as uit die chi-kwadraatwaarde wat verkry is, kan afgelei word dat daar nie 'n betekenisvolle verband tussen die drinkfrekwensie en die woonplek bestaan nie. Daar is wel 'n geringe verskil tussen die drinkfrekwensie van die hoewebewoners en die ander groepe want ietwat meer van die hoewebewoners is ongereelde drinkers as wat die geval by die plaas-, dorp- en stadsgroep is. Weens die geringe aard van die verskil kan geen verklaring gewaag word nie.

6.6 DRINKFREKWENSIE VOLGENS ONDERWYSPEIL

In tabel 6.6 word die verband tussen drinkfrekwensie en onderwyspeil nagegaan.

TABEL 6.6

DIE GETAL KERE WAT DIE PROEFPERSON DRANK GEBRUIK VOLGENS ONDERWYSPEIL

Drinkfrekwensie	St. V of laer		St. VI - st. VIII		St. IX - st. X		Kwalifikasies na matriek		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
4 of meer kere per week	13	18.1	93	15.1	46	17.0	42	25.6	194	17.3
1-3 keer per week	15	20.8	143	23.2	95	35.2	60	36.6	313	27.9
1-3 keer per maand	9	12.5	151	24.5	68	25.2	35	21.3	263	23.4
1 keer per kwartaal en minder	35	48.6	230	37.3	61	22.6	27	16.5	353	31.4
TOTAAL	72	100.0	617	100.0	270	100.0	164	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 60.657; p < .1\%$$

In die geheel geneem. wil dit uit tabel 6.6 voorkom asof 'n groter persentasie van diegene in die hoër onderwyspeilgroep gereeld alkoholiese drank gebruik as wat die geval in die laer onderwyspeilgroepe is want 38.9 persent van die groep met 'n onderwyspeil onder standerd ses, 38.3 persent van die standerdses- tot standerdagtgroep, 52.2 persent van die groep met 'n standerdnege- of standerdtienkwalifikasie en 62.2 persent van diegene wat 'n kwalifikasie hoër as standerd tien verwerf het, gebruik gewoonlik een of meer keer per week alkoholiese drank. Aan die ander kant daal die persentasies wat die ongereelde drinkers (dit wil sê diegene wat minder as een keer per week alkoholiese drank gebruik) van elke onderwyspeilgroep uitmaak byna reëlmatig namate die onderwyspeil styg, naamlik vanaf 61.1 persent van die laagste, en 61.8 persent van die tweede, tot 47.8 persent van die derde, en 37.8 persent van die hoogste onderwyspeilgroep.

Een van die faktore wat waarskynlik met die voorgenoemde tendens verband hou, is die moontlikheid dat diegene in die laer onderwyspeilgroepe

in 'n groot mate uit persone uit die laer inkomstegroepe bestaan en dat hulle om hierdie rede nie oor die middele beskik om so gereeld drank te gebruik as wat vir die meer welvarendes moontlik is nie.

Daar moet natuurlik onthou word dat die drinkfrekwensie nie noodwendig op die hoeveelheid drank wat verbruik word, dui nie. Dit mag wees dat die persone in die laer onderwyspeilgroepe ongereeld drank gebruik, maar dat daar met sulke geleenthede baie drank verbruik word. In hoofstuk nege word verder hierop ingegaan.

6.7 DRINKFREKWENSIE VOLGENS BEROEP

In tabel 6.7 word die drinkfrekwensie by die verskillende beroepsgroepe nagegaan.

TABEL 6.7

DIE GETALKERE WAT DIE PROEFPERSON DRANK GEBRUIK VOLGENS BEROEP

Drink- frekwensie	Profes- sies		Laer handels- beroep		Laer beroepe in die mynwese		Geskooll- de vak- rigtings		Vakleer- linge, half- en onge- skooldes		Vervoer- dienste		Veilig- heids- dienste		Boere		Voltyd- se stu- skolle- re		Persoon- like dienste		Ander Werkloses beroepe		Totaal											
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%						
4 of meer kere per week	14	17.9	26	16.8	26	47.3	16	35.6	3	20.0	19	16.7	10	14.1	3	12.5	3	15.8	11	20.0	1	6.3	15	31.9	38	9.8	5	20.8	2	16.7	2	28.6	194	17.3
1-3 keer per week	34	43.6	47	30.3	19	34.5	15	33.3	6	40.0	50	43.9	18	25.4	6	25.0	8	42.1	18	32.7	4	25.0	9	19.1	71	18.4	4	16.7	4	33.3	-	-	313	27.9
1-3 keer per maand	17	21.8	41	26.5	7	12.7	9	20.0	2	13.3	22	19.3	24	33.8	9	37.5	4	21.1	11	20.0	5	31.3	8	17.0	94	24.4	3	12.5	2	16.7	5	71.4	263	23.3
1 keer per kwar- taal en minder	13	16.7	41	26.5	3	5.5	5	11.1	4	26.7	23	20.2	19	26.8	6	25.0	4	21.1	15	27.3	6	37.5	15	31.9	183	47.4	12	50.0	4	33.3	-	-	353	31.5
TOTAAL	78	100.0	155	100.0	55	100.0	45	100.0	15	100.0	114	100.0	71	100.0	24	100.0	19	100.0	55	100.0	16	100.0	47	100.0	386	100.0	24	100.0	12	100.0	7	100.0	1.123	100.0

(Volgens Segal word hierdie tabel verwerp)

Aangesien die ondersoekgroep in so 'n groot verskeidenheid beroepe ingedeel moes word, is die syfers in sekere selle van tabel 6.7 so klein dat geen betroubare afleiding gemaak kan word nie. Dit blyk egter uit bogenoemde tabel dat die persentasie gereelde drinkers by die verskillende beroepsgroepe aansienlik van mekaar verskil want 81.8 persent van die hoër handels- en mynberoepe, (dit wil sê eienaars, direkteure en bestuurders van myne en ander sake-ondernemings) 68.9 persent van die gewone handelsberoepe en 61.5 persent van die professionele mense het gereeld, dit wil sê een keer per week of meer, alkoholiese drank gebruik. Hierteenoor was die ooreenstemmende persentasies in laer besoldigde beroepe en beroepe waarin dames sterk verteenwoordig was, heelwat laer want slegs 28.2 persent van die huisvroue, 37.5 persent elk van die persone in persoonlike diens en vervoerdienste het gereeld van alkoholiese drank gebruik gemaak.

Soos reeds genoem, hang hierdie verskille moontlik met die getal dames, wie gemiddeld minder gereeld as mans drank gebruik, (volgens tabel 6.1) in die besondere beroep saam. Verder speel die inkomste van sekere beroepsgroepe ook 'n rol omdat persone met 'n geringer inkomste minder gereeld alkoholiese drank kan bekostig. Dit mag ook wel wees dat die omstandighede van sekere beroepe, soos byvoorbeeld die onthaal van kliënte en ander persone, 'n rol mag speel.

6.8 DRINKFREKWENSIE VOLGENS INKOMSTE

Die inkomste en die drinkfrekwensie van die ondersoekgroep word in tabel 6.8 met mekaar in verband gebring.

TABEL 6.8

DIE GETAL KERE WAT DIE PROEFPERSOON DRANK GEBRUIK VOLGENS INKOMSTE

Drinkfrekwensie	Geen inkomste		R2000 en min- der		R2001 - R4000		R4001-R6000		Meer as R6000		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
4 of meer kere per week	1	4.2	68	12.5	82	19.7	18	21.4	25	48.1	194	17.3
1-3 keer per week	8	33.3	116	21.3	132	31.7	38	45.2	18	34.6	312	27.8
1-3 keer per maand	3	12.5	135	24.8	99	23.7	19	22.6	7	13.5	263	23.5
1 keer per kwartaal en minder	12	50.0	225	41.4	104	24.9	9	10.7	2	3.8	352	31.4
TOTAAL	24	100.0	544	100.0	417	100.0	84	100.0	52	100.0	1.121	100.0

$\chi^2 = 114.306; p < .1\%$

'n Duidelike verband tussen inkomste en drinkfrekwensie is uit tabel 6.8 waarneembaar. Namate die inkomste styg, neem die persentasie wat die gereelde drinkers van die groep vorm, toe. So byvoorbeeld het slegs 4.2 en 12.5 persent onderskeidelik van diegene met geen inkomste en diegene met 'n inkomste van R2000 per jaar of minder, vier keer of meer per week alkoholiese drank gebruik, terwyl dit onderskeidelik die geval was by 19.7 persent, 21.4 persent en 48.1 persent van diegene met 'n inkomste van R2001 tot R4000, R4001 tot R6000 en meer as R6000. By die kategorie wat slegs een keer per kwartaal of minder alkoholiese drank gebruik, word die teenoorgestelde tendens aangetref want die persentasie wat voorgenoemde groep van elke afsonderlike inkomstegroep uitmaak, daal namate die inkomste styg.

Wat dus onder die vorige afdeling gesê is ten opsigte van die waarskynlike verband tussen inkomste en drinkfrekwensie, word deur die gegewens in tabel 6.8 bevestig, naamlik dat die gereeldheid waarmee mense alkoholiese drank gebruik in 'n mate bepaal word deur die faktor in hoeverre hulle dit gereeld of minder gereeld kan bekostig. Verder mag ander faktore wat met 'n hoër inkomste saamhang, soos gereelde onthaal van gaste en meer geleentheid vir ontspanning, ook 'n rol speel.

6.9 DRINKFREKWENSIE VOLGENS KERKVERBAND

Die kerkverband van die ondersoekgroep word in tabel 6.9 met hul drinkfrekwensie in verband gebring.

TABEL 6.9

DIE GETAL KERE WAT DIE PROEFPERSON DRANK GEBRUIK VOLGENS KERKVERBAND

Drinkfre- kwen- sie	Afrikaanse kerke		Engelse kerke		Rooms-Kato- lieke Kerk		Ander kerke		Israelitiese Kerk		Geen kerk		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
4 of meer kere per week	58	10.3	87	27.0	19	28.4	14	15.2	7	14.6	9	29.0	194	17.3
1-3 keer per week	135	24.0	103	32.0	19	28.4	23	25.0	20	41.7	13	41.9	313	27.9
1-3 keer per maand	127	22.6	70	21.7	13	19.4	31	33.7	14	29.2	8	25.8	263	23.4
1 keer per kwartaal en minder	243	43.2	62	19.3	16	23.9	24	26.1	7	14.6	1	3.2	353	31.4
TOTAAL	563	100.0	322	100.0	67	100.0	92	100.0	48	100.0	31	100.0	1,123	100.0

$\chi^2 = 111.981; p < .1\%$

Ten einde die ontleding van die gegewens in tabel 6•9 te vergemaklik, is dit wenslik om weer eens die gegewens van die eerste twee rye as „gereelde drinkers" en die gegewens in die laaste twee rye as „ongereelde drinkers" saam te voeg.

Van al die kerkgroepe word die kleinste persentasie (34. 3%) gereelde drinkers en dus ook die grootste persentasie ongereelde drinkers (65. 8%) by die lidmate van die Afrikaanse kerke aangetref. Daarenteen word gevind dat, indien weens hulle klein getal, diegene wat aan geen kerk behoort nie buite rekening gelaat word, die grootste persentasie (59. 0%) gereelde drinkers by die Engelse kerke voorkom. Verder blyk dit ook dat die persentasie gereelde drinkers by die lidmate van die Katolieke en Israelitiese Kerke nie baie van dié by die lidmate van die Engelse kerke afwyk nie.

Die waargenome tendense in tabel 6. 9 hang waarskynlik saam met die kulturele verskille tussen die lidmate van die verskillende kerke want ons het hier nie slegs met godsdienstige verskille te make nie maar ook met verskille ten opsigte van die breër kulturele agtergrond. Hierdie verskille het reeds na vore gekom by die drinkfrekwensie van die verskillende huistaalgroepe in tabel 6. 3.

Verder is dit ook moontlik dat die Afrikaanse kerke, meer as die ander kerke, die gebruik van alkoholiese drank veroordeel en dat hierdie graad van veroordeling in die drinkfrekwensie van die betrokke lidmate tot uiting kom.

6. 10 DRINKFREKWENSIE VOLGENS PROVINSIE

Tabel 6. 10 toon aan of daar enige provinsiale verskille ten opsigte van drinkfrekwensie bestaan.

TABEL 6.10

DIE GETAL KERE WAT DIE PROEFPERSOON DRANK GEBRUIK VOLGENS
PROVINSIE

Provinsie	4 of meer kere per week		1 tot 3 keer per week		1 tot 3 keer per maand		1 keer per kwartaal en minder		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Transvaal	80	15.9	141	28.1	120	23.9	161	32.1	502	100.0
O. V. S.	15	14.4	23	22.1	22	21.2	44	42.3	104	100.0
Kaap	65	17.2	112	29.6	89	23.5	113	29.8	379	100.0
Natal	34	24.6	37	26.8	32	23.2	35	25.4	138	100.0
TOTAAL	194	17.3	313	27.9	263	23.4	353	31.4	1,123	100.0

$$\chi^2 = 13.221; 20\% > p > 10\%$$

Blykens sowel die verkreeë chi-kwadraatwaarde as die persentasies in tabel 6.10, blyk dit asof daar geen uitgesproke verskille in die drink-frekwensie op 'n provinsiale grondslag is nie. Dit is egter duidelik dat die proefpersone uit die Oranje-Vrystaat neig om minder gereelde drinkers in te sluit as die ander provinsies en veral Natal waar die gereelde drinkers van al die provinsies die grootste persentasie vorm. Hierdie verskille hang waarskynlik saam met waarop reeds gewys is, naamlik dat die Engelssprekendes, meer as die Afrikaanssprekendes, gereelde drinkers insluit. Die persentasie Engelssprekendes is natuurlik in Natal veel hoër as in die Oranje-Vrystaat. Ten opsigte van die Afrikaanssprekendes geld die teenoorgestelde.

6.11 DRINKFREKWENSIE VOLGENS DRINKMOTIEF

In die volgende tabel word die drinkfrekwensie by die proefpersone volgens die drinkmotief ontleed.

TABEL 6.11

DIE GETAL KERE WAT DIE PROEFPERSOON DRANK GEBRUIK VOLGENS
DIE VERNAAMSTE REDE WAAROM HY DRANK GEBRUIK

Drinkfrekwensie	Fisiologiese redes		Psigologiese redes		Sosiale redes		Ander redes		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
4 of meer kere per week	47	26.3	77	30.8	47	7.2	23	52.3	194	17.3
1-3 keer per week	54	30.2	109	43.6	137	21.1	13	29.5	313	27.9
1-3 keer per maand	47	26.3	49	19.6	161	24.8	6	13.6	263	23.4
1 keer per kwartaal en minder	31	17.3	15	6.0	305	46.9	2	4.5	353	31.4
TOTAAL	179	100.0	250	100.0	650	100.0	44	100.0	1,123	100.0

$$\chi^2 = 217.113; \quad p < .1\%$$

Volgens tabel 6.11 gebruik die grootste persentasie (43.6%) van die persone wat om psigologiese redes drank gebruik, dit gewoonlik een tot drie keer per week terwyl 'n verdere 30.8 persent dit vier of meer keer per week gebruik. By diegene wat sosiale redes vir hulle drankgebruik aangevoer het, is feitlik die teenoorgestelde tendens waar te neem want die grootste en tweede grootste persentasie, naamlik 46.9 persent en 24.8 persent, gebruik alkoholiese drank onderskeidelik een keer per kwartaal of minder en een tot drie keer per maand.

By daardie groep wat om fisiologiese redes alkoholiese drank gebruik, versprei die persentasies ietwat meer eweredig oor die verskillende grade van gereeldheid.

Diegene wat ander redes as die voorgenoemde vir hulle drinkgewoontes aangevoer het, is geneig om baie gereeld drank te gebruik. Die meeste proefpersone in hierdie groep is natuurlik persone wat om tradisionele redes drank gebruik en daarom kan 'n hoë frekwensie verwag word. Die getalle in hierdie kategorie is klein en geen duidelike gevolgtrekkinge kan gemaak word nie.

In die geheel geneem, dui die tendense in bostaande tabel dus daarop dat persone wat om psigologiese redes drank gebruik, betreklik gereeld

drink, teenoor diegene wat sosiale redes aangevoer het wat minder dikwels alkoholiese drank gebruik.

6. 12 DRINKFREKWENSIE VOLGENS DRANKVOORKEUR

TABEL 6. 12

DIE GETAL KERE WAT DIE PROEFPERSON DRANK GEBRUIK VOLGENS DRANKVOORKEUR

Drinkfrekwensie	Wyn		Spiritua- lieë		Bier		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%
4 of meer kere per week	48	24.7	113	58.2	33	17.0	194	100.0
1-3 keer per week	68	21.7	137	43.8	108	34.5	313	100.0
1-3 keer per maand	94	35.7	67	25.5	102	38.8	263	100.0
1 keer per kwartaal en minder	161	45.6	59	16.7	133	37.7	353	100.0
TOTAAL	371	33.0	376	33.5	376	33.5	1,123	100.0

$$X^2 = 133.627; \quad p < .1\%$$

Blykens tabel 6. 12 het die grootste enkele persentasies, naamlik 58. 2 persent en 43. 8 persent van albei die groepe wat betreklik gereeld alkoholiese drank gebruik, dit wil sê diegene wat onderskeidelik vier of meer keer per week en diegene wat een tot drie keer per week alkoholiese drank gebruik, spiritualieë as hul eerste keuse gestel.

Van diegene wat een tot drie keer per maand drank gebruik, het die grootste persentasie, naamlik 38. 8 persent, bier verkies terwyl die grootste persentasie (45. 6%) van diegene wat slegs kwartaalliks of minder drank gebruik, wyn bo ander dranksoorte verkies het.

Uit bogenoemde blyk dit dus dat die gereelde drinker die sterker dranksoorte en die ongereelder drinkers die dranksoorte met die laer alkoholgehalte verkies.

6.13 DRINKFREKWENSIE VOLGENS DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK

In tabel 6.13 word die drinkfrekwensie volgens die graad van drankgebruik of drankmisbruik ontleed. Die drinkfrekwensie berus op inligting van die proefpersoon verkry en die graad van drankmisbruik berus op die beoordeling deur die veldwerker wat die proefpersoon in een van die kategorieë van tabel 6.13 moes indeel.

TABEL 6.13

DIE GETAL KERE WAT DIE PROEFPERSON DRANK GEBRUIK VOLGENS DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK

Drinkfrekwensie	Drankgebruikers		Drankmisbruikers		Alkoholiste		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%
4 of meer kere per week	121	12.1	61	54.0	12	92.3	194	17.3
1 - 3 keer per week	269	27.0	44	38.9	-	-	313	27.9
1 - 3 keer per maand	255	25.6	8	7.1	-	-	263	23.4
1 keer per kwartaal en minder	352	35.3	-	-	1	7.7	353	31.4
TOTAAL	997	100.0	113	100.0	13	100.0	1,123	100.0

(Volgens Siegal word hierdie tabel verwerp)

Dit blyk uit tabel 6.13 dat slegs 12.1 persent van diegene wat as drankgebruikers geklassifiseer is, gesê het dat hulle vier keer per week of meer dikwels alkoholiese drank gebruik het terwyl dit die geval by onderskeidelik 54.0 persent en 92.3 persent van die drankmisbruikers en alkoholiste was. Die enkele geval wat wel as alkoholis geklassifiseer is terwyl hy self sê dat hy slegs een keer per kwartaal drank gebruik, kom waarskynlik op foutiewe inligting van die proefpersoon neer. Dit is ook moontlik dat die betrokke persoon 'n dipsomaniese drinker is.

Die gegewens in hierdie tabel gee dus geen rede daarvoor dat die indeling van die proefpersone deur die veldwerkers in twyfel getrek hoef te word nie.

6.14 SAMEVATTING

6.14.1 Soos te verwagte is 'n groter persentasie van die dames wat as

proefpersone gedien het ongereelde drinkers as wat by die mans die geval is en andersom. Verder het dit geblyk dat byna die helfte van die ondersoekgroep een keer per week of meer gereeld alkoholiese drank gebruik terwyl die res dit minder dikwels doen.

6. 14. 2 Behalwe vir kleiner uitsonderings, veral in die ouderdomsgroepe van sestig jaar en ouer, kom die neiging voor dat die persentasie gereelde drinkers in elke ouderdomsgroep styg namate die ouderdom hoër word.
6. 14. 3 'n Vergelyking van die drinkfrekwensie volgens huistaal dui op verskille in dié verband want die Afrikaanssprekendes het 'n merkbare laer persentasie gereelde drinkers as wat die geval by die ander taalgroepe is.
6. 14. 4 Weinig verband tussen huwelikstaat en drinkfrekwensie bestaan behalwe dat persone wat in 'n staat van wewenaar- of weduweeskap verkeer waarskynlik 'n ietwat kleiner persentasie gereelde drinkers as die ander groepe insluit.
6. 14. 5 Geen verband is tussen drinkfrekwensie en landelik-stedelike aard van die ondersoekgroep se woonplek gevind nie.
6. 14. 6 Namate die onderwyspeil styg, neem die persentasie gereelde drinkers toe.
6. 14. 7 Weens die groot getal beroepe waarin die ondersoekgroep verdeel is, is die syfers meestal te klein vir enige afleidings. Dit wil egter lyk of persone in die beroepe met die hoër sosio-ekonomiese status meer gereeld drank gebruik as wat die geval by die laagbesoldigde beroepe is.
6. 14. 8 Meer mense in die hoër inkomstegroepe drink gereeld as wat die geval in die laer inkomstegroepe is. Die bepalende faktor in hierdie verband is waarskynlik daarin geleë dat persone uit die laer inkomstegroepe minder dikwels alkoholiese drank kan bekostig.
6. 14. 9 Van al die kerke kom die grootste persentasie gereelde drinkers by die lidmate van die Engelse kerke en die grootste persentasie ongereelde drinkers by die lidmate van die Afrikaanse kerke voor. Diegene wat aan geen kerk behoort nie, word weens klein getalle buite rekening gelaat.
6. 14. 10 Geen duidelik waarneembare provinsiale verskille is ten opsigte van drinkfrekwensie gevind nie.
6. 14. 11 Die groep persone wat psigologiese redes vir hul drinkgewoonte aangevoer het, sluit meer gereelde drinkers in as wat die geval by diegene was wat om sosiale redes of diegene wat om fisiologiese redes drank gebruik het.

6. 14. 12 Persone wat een keer of meer dikwels per week drank gebruik, verkies meer dikwels spiritualieë terwyl persone met 'n ongereelder drinkpatroon, wyn of bier bo spiritualieë verkies.
6. 14. 13 Byna die totale groep persone wat deur die veldwerkers as alkoholiste geklassifiseer is en meer as die helfte van diegene wat drank volgens die veldwerkers misbruik, gebruik vier of meer keer per week alkoholiese drank. Hierdie duidelike verband tussen 'n hoë drinkfrekwensie en drankmisbruik en alkoholisme dui daarop dat die veldwerkers se indeling van die proefpersone volgens die graad van drankmisbruik, as betroubaar beskou kan word.

HOOFSTUK 7

DIE PLEK WAAR ALKOHOLIESE DRANK GEWOONLIK GENUTTIG WORD

In hierdie hoofstuk word 'n ontleding gemaak van die plek waar die proefpersone gewoonlik hul drankies nuttig. Ten einde hierdie inligting te bekom, is aan die proefpersoon gevra waar hy in die afgelope drie maande mees dikwels sy drankies genuttig het. Verder sal daar in hierdie hoofstuk slegs na die „drinkplek“ verwys word. Soos uit die moontlike antwoorde op die vraelys, wat as bylaag hierby aangeheg is, blyk, is dit so ingedeel dat veral twee aspekte van die drinkplek gemeet word naamlik of die drankies aan 'n woning of in 'n openbare drinkplek gedrink word, en wat die aard van die sosiale verband is waarin die proefpersoon verkeer wanneer hy gewoonlik sy alkoholiese drank nuttig.

7.1 DIE DRINKPLEK VOLGENS GESLAG

In onderstaande tabel word die plek waar die proefpersone gewoonlik hul drankies nuttig, ontleed en met hul geslag in verband gebring.

TABEL 7.1

PLEK VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS GESLAG

Drinkplek	Manlik		Vroulik		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Met vriende of familie aan 'n woning of tydens partytjies of funksies	229	37.1	219	43.4	448	39.9
Tuis met huisgenote	140	22.7	130	25.7	270	24.0
Tydens formele geleenthede	18	2.9	38	7.5	56	5.0
Met vriende of huisgenote in 'n klub, kroeg of hotel	98	15.9	19	3.8	117	10.4
Alleen tuis	71	11.5	8	1.6	79	7.0
Alleen in 'n klub, kroeg, hotel ens.	14	2.3	-	-	14	1.2
Nie gedurende afgelope 3 maande alkoholiese drank gebruik nie	48	7.8	91	18.0	139	12.4
TOTAAL	618	100.0	505	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 116.713; \quad p < .1\%$$

Soos dit uit tabel 7.1 blyk, het die grootste persentasie van die proefpersone, naamlik 39.9 persent, gewoonlik aan hul eie huise, die huise van vriende of familie tydens besoeke of met partytjies hul drankies genuttig, terwyl 'n verdere 24.0 persent ook aan hul eie wonings maar slegs saam met een of meer van die huisgenote hul drankies geniet het. Hierteenoor kan 11.6 persent van die proefpersone as hotel-, klub- of kroegdrinkers beskou word. Hierdie laasgenoemde persentasie is saamgestel uit 1.2 persent wat alleen en 10.4 persent wat saam met ander persone in die openbare drinkplekke hul drankies nuttig. Sewe persent drink gewoonlik alleen tuis en 5.0 persent neem hul drankies hoofsaaklik tydens formele geleenthede.

In die geheel geneem, val twee feite baie duidelik uit bostaande tabel op, naamlik dat meer as drie-kwart van die drankgebruikers (79.3%) in die betrokke drie maande meestal in sosiale verband, 8.2 persent alleen en 12.4 persent glad nie drankies genuttig het nie. Tweedens, dat byna 'n drie-kwart (70.9%) aan wonings en 11.6 persent gewoonlik in drinkplekke soos hotelle, klubs en kroeg hul drankies genuttig het.

Word die gegewens in bostaande tabel nou volgens geslag verdeel, blyk dit eerstens dat 'n veel groter persentasie (18.0%) van die vroue in die afgelope drie maande geen alkoholie se drank gebruik het nie as wat dit by die mans (7.8%) die geval was. Verder blyk dit dat alleendrinkery in 'n baie groter mate (13.8%) by mans as by vroue (1.6%) voorkom. Die selfde geld ten opsigte van die kroeg-, hotel- en klubdrinkers want slegs 3.8 persent van die vroue¹⁾ teenoor 18.2 persent van die mans het meestal van bostaande drinkplekke gebruik gemaak. Sosiale drinkgeleenthede soos byvoorbeeld partytjies en formele geleenthede het by vroue 'n ietwat groter rol as by mans gespeel.

Die bevindinge in hierdie afdeling lei dus tot die gevolgtrekking dat alkoholie se drank, benewens ander funksies, ook beslis 'n sosiale funksie het en dat hierdie funksie by vroue sterker as by mans op die voorgrond tree. Hierdie afleiding kom ooreen met M. A. Maxwell se bevindinge: „Most drinking is done at home. In fact, three out of four do most of their drinking in private homes, either their own or those of friends. More women (83.3 per cent) do their drinking in homes than men (70.6 per cent)” (3, bl. 194). Ter verduideliking moet hier op gewys word dat die aangehaalde gegewens waarskynlik op die totale groep betrekking het terwyl die gegewens van hierdie ondersoek slegs diegene wat wel gedurende die afgelope drie maande drank gebruik het, ingesluit het.

7.2 DIE DRINKPLEK VOLGENS OUDERDOM

Die plek waar die verskillende ouderdomsgroepe mees dikwels hul drankies nuttig, word in tabel 7.2 ontleed.

1) Vroue word tans in Suid-Afrika nie in kroeg toegelaat nie.

TABEL 7.2

PLEK VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS OUDERDOM

Drinkplek	24 jaar en jonger		25 - 29		30 - 39		40 - 49		50 - 59		60 jaar en ouer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Met vriende of familie aan 'n woning of tydens party-tjies of funksies	60	50.0	72	51.1	132	41.0	81	33.2	62	39.0	41	30.0	448	39.9
Tuis met huisgenote	17	14.2	19	13.5	79	24.5	68	27.9	48	30.2	39	28.5	270	24.0
Tydens formele geleenthede	2	1.7	6	4.3	16	5.0	15	6.1	10	6.3	7	5.1	56	5.0
Met vriende of huisgenote in 'n klub, kroeg of hotel	24	20.0	22	15.6	31	9.6	26	10.6	10	6.3	4	2.9	117	10.4
Alleen tuis, in 'n klub, kroeg of hotel	1	0.8	8	5.7	25	7.7	25	10.2	13	8.2	21	15.3	93	8.3
Nie gedurende afgelope 3 maande drank gebruik nie	16	13.3	14	9.9	39	12.1	29	11.9	16	10.1	25	18.2	139	12.4
TOTAAL	120	100.0	141	100.0	322	100.0	244	100.0	159	100.0	137	100.0	1,123	100.0

$\chi^2 = 82.734; p < .1\%$

Ongeveer die helfte (50.0% en 51.1% onderskeidelik) van die ouderdomsgroepe 24 jaar en jonger en 25 tot 29 jaar het gewoonlik hul drankies huise saam met vriende genuttig. By geeneen van die ander ouderdomsgroepe was hierdie persentasie so hoog nie. Hierteenoor het die twee grootste persentasies persone wat gewoonlik tuis met huisgenote hul drankies nuttig (30.2% en 28.5% onderskeidelik) by die twee hoogste ouderdomsgroepe, 50 tot 59 jaar en 60 jaar en ouer voorgekom.

Verder val dit op dat die drie ouderdomsgroepe van veertig jaar en ouer, die grootste persentasies alleendrinkers insluit, naamlik 15.3 persent by die groep sestig jaar en ouer, 8.2 persent by die 50 tot 59 jaar groep en 10.2 persent by die groep 40 tot 49 jaar, teenoor slegs 0.8 persent by die groep wat 24 jaar of jonger is. In teenstelling met bogenoemde, vorm diegene wat gewoonlik in groepsverband in openbare drinkplekke drank gebruik by die twee jongste ouderdomsgroepe, die grootste persentasies.

In die geheel geneem, wil dit uit tabel 7.2 voorkom asof die jonger ouderdomsgroepe meer dikwels saam met vriende en die hoër ouderdomsgroepe meer dikwels saam met huisgenote óf alleen óf tydens formele geleenthede hul alkoholiese drank nuttig. Hierdie verskynsel kan waarskynlik verklaar word deur die feit dat die jonger persone meer ongetroudes as die ouer persone insluit; met ander woorde 'n groter persentasie van die jonger groep lewe buite gesinsverband as wat die geval by die hoër ouderdomsgroepe is; dat jonger persone meer partytjies en ouer persone meer dikwels formele geleenthede bywoon.

7.3 DIE DRINKPLEK VOLGENS HUISTAAL

Die plek waar alkoholiese drank mees dikwels gebruik word, word in tabel 7.3 met die huistaal van die ondergroep in verband gebring.

TABEL 7.3

PLEK VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS HUISTAAL

Drinkplek	Afrikaans		Engels		Afrikaans en Engels		Ander tale		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Met vriende of familie aan 'n woning of tydens partytjies en funksies	224	39.1	175	41.1	35	40.7	14	35.0	448	39.9
Tuis met huisgenote	103	18.0	133	31.3	20	23.3	14	35.0	270	24.0
Tydens formele geleentheid	39	6.8	15	3.5	2	2.3	-	-	56	5.0
Met vriende of huisgenote in 'n klub, kroeg of hotel	63	11.0	42	9.8	9	10.5	3	7.5	117	10.4
Alleen tuis of alleen in 'n klub, kroeg of hotel	43	7.5	30	7.1	12	14.0	8	20.0	93	8.3
Nie gedurende afgelope 3 maande drank gebruik nie	100	17.5	30	7.1	8	9.3	1	2.5	139	12.4
TOTAAL	572	100.0	425	100.0	86	100.0	40	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 66.712; \quad p < .1\%$$

(Slegs vir Afrikaans- en Engelssprekende groepe vir die eerste vyf rye van tabel

$$7.3: X^2 = 20.3341; \quad p < .1\%)$$

Van al die taalgroepe het diegene wat aan 'n woning saam met vriende of tydens partytjies mees dikwels hul drankies genuttig het, by die Engels-sprekendes die grootste persentasiebydrae (41.1%) gelewer. Hierteenoor het die grootste persentasiebydrae (35.0%) van diegene wat tuis met hul huisgenote hul drankies gebruik, voorgekom by daardie groep wat nðg Engels nðg Afrikaans as huistaal gehad het.

Die oorwegende gebruik van alkoholiese drank by formele geleenthede, asook saam met vriende in drinkplekke soos klubs, kroeë en hotelle, het van al die taalgroepe by die Afrikaanssprekendes die belangrikste rol gespeel (6.8% en 11.0% onderskeidelik). Hierteenoor het die alleendrinkers meer by diegene wat nie een van die amptelike landstale as huistaal gehad het nie (20.0%), voorgekom.

Die feit dat tuisdrinkery saam met huisgenote so 'n belangrike rol by die andertaliges speel, hou waarskynlik daarmee verband dat die gebruik van alkoholiese drank by 'n groot gedeelte van hierdie groep tradisioneel veranker is en dit dus soos voedsel vir alledaagse gebruik in die gesinsverband aangewend word. Die relatief hoë persentasie persone by die Afrikaanssprekendes wat mees dikwels tydens formele geleenthede hul drankies gebruik, kan daaraan toegeskryf word dat hierdie groep in 'n groot mate diegene wat baie selde alkoholiese drank gebruik, insluit en die ligte drinkers vorm blykens tabel 6.3 'n groter persentasie van die Afrikaanssprekendes as van die ander taalgroepe. Vir die res van die tendense in tabel 7.3 kan geen afdoende verklarings gevind word nie.

7.4 DIE DRINKPLEK VOLGENS HUWELIKSTAAT

Gegewens ten opsigte van die huwelikstaat van die ondersoekgroep word in tabel 7.4 volgens die drinkplek ontleed.

TABEL 7.4

PLEK VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS HUWELIKSTAAT

Drinkplek	Getroud		Nooit getroud		Geskei		Wewenaar of weduwee		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Met vriende of familie aan 'n woning of tydens partytjies en funksies	366	39.3	48	41.3	9	42.8	25	45.5	448	39.9
Tuis met huisgenote	244	26.2	13	11.2	4	19.0	9	16.4	270	24.0
Tydens formele geleenthede	51	5.5	2	1.7	-	-	3	5.5	56	5.0
Met vriende of huisgenote in 'n klub, kroeg of hotel	80	8.6	30	25.8	5	23.8	2	3.6	117	10.4
Alleen tuis, in 'n klub, kroeg of hotel	72	7.7	11	9.5	1	4.8	9	16.3	93	8.3
Nie gedurende afgelope 3 maande drank gebruik nie	118	12.7	12	10.3	2	9.5	7	12.7	139	12.4
TOTAAL	931	100.0	116	100.0	21	100.0	55	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 57.311; \quad p < .1\%$$

Blykens bostaande gegewens speel die gebruik van alkoholiese drank aan 'n woning saam met vriende of tydens partytjies 'n groter rol by die enkellinge as by die getroude groep, terwyl die teenoorgestelde by die tuisgebruik van drank saam met huisgenote geld. Die wat nog nie getroud was nie, het uiteraard minder „huisgenote" as getroudes. Alleendrinkers speel by persone wat in 'n staat van wewenaar- of weduweeskop verkeer (16.3%), 'n groter rol as by enige van die ander groepe.

Die gebruik van alkoholiese drank saam met vriende in 'n klub, kroeg of hotel, kom veel meer (25.8%) by diegene wat nog nooit getroud was nie voor as by die ander groepe.

Die bogemelde tendense word waarskynlik in 'n groot mate daardeur bepaal of die proefpersoon saam met sy eie gesin woon soos byvoorbeeld die geval by getroudes is, en of hy van openbare drinkplekke gebruik moet maak as hy vriende wil onthaal.

7.5 DIE DRINKPLEK VOLGENS WOONPLEK

In tabel 7.5 word die drinkplek volgens die landelik-stedelike aard van die woonplek van die proefpersone ontleed.

TABEL 7.5

PLEK VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS WOONPLEK

Drinkplek	Stad		Dorp		Plaas		Kleinhoewe		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Met vriende of familie aan 'n woning of tydens partytjies en funksies	245	40.8	142	40.3	41	38.0	20	32.3	448	39.9
Tuis met huisgenote	143	23.8	83	23.6	28	25.9	16	25.8	270	24.0
Tydens formele geleenthede	29	4.8	18	5.1	8	7.4	1	1.6	56	5.0
Met vriende of huisgenote in 'n klub, kroeg of hotel	64	10.7	42	11.9	5	4.7	6	9.7	117	10.4
Alleen tuis, in 'n klub, kroeg of hotel	53	8.8	26	7.5	11	10.1	3	4.8	93	8.3
Nie gedurende afgelope 3 maande drank gebruik nie	67	11.1	41	11.6	15	13.9	16	25.8	139	12.4
TOTAAL	601	100.0	352	100.0	108	100.0	62	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 20.491; \quad 20\% > p > 10\%$$

Soos dit uit die persentasies in die bostaande tabel blyk, is daar nie betekenisvolle verskille ten opsigte van die drinkplek van persone wat onderskeidelik in stede, of dorpe of op plase of hoewes woonagtig is nie. Daar kan dus aanvaar word dat daar waarskynlik geen duidelike verband tussen drinkplek en landelik-stedelike aard van die woonplek bestaan nie.

7.6 DIE DRINKPLEK VOLGENS AARD VAN WONING

Die mate van verband tussen die drinkplek en die aard van die woning van die proefpersoon word in onderstaande tabel ontleed.

TABEL 7.6

PLEK VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS WONING

Drinkplek	Huis		Woonstel		Huurkamer of deel van huis		Ander soort woning		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Met vriende of familie aan 'n woning of tydens partytjies en funksies	352	39.3	50	47.6	41	40.6	5	25.0	448	39.9
Tuis met huisgenote	231	25.8	22	21.0	13	12.9	4	20.0	270	24.0
Tydens formele geleenthede	51	5.7	1	1.0	4	4.0	-	-	56	5.0
Met vriende of huisgenote in 'n klub, kroeg of hotel	79	8.8	11	10.5	22	21.8	5	25.0	117	10.4
Alleen tuis, in 'n klub, kroeg of hotel	70	7.8	14	13.4	7	6.9	2	10.0	93	8.3
Nie gedurende afgelope 3 maande drank gebruik nie	114	12.7	7	6.7	14	13.9	4	20.0	139	12.4
TOTAAL	897	100.0	105	100.0	101	100.0	20	100.0	1,123	100.0

(Volgens Siegal word hierdie tabel verwerp)

'n Groter persentasie (47.6%) van diegene wat in woonstelle woon, het in die betrokke drie maande aan wonings saam met vriende drank gebruik as wat die geval was by persone wat ander tipe wonings bewoon. Hierteenoor het weer meer (25.8%) van die huisbewoners as van die ander groepe tuis met huisgenote gedrink. Die rede vir hierdie verskynsel lê waarskynlik daarin dat woonstelbewoners, in vergelyking met huisbewoners, meer jong mense insluit wat dikwels partytjies hou en bywoon, terwyl diegene wat in huise woon, meer dikwels ouer persone met gesinne, wat hul drank binnehuis in die gesinsverband gebruik, insluit.

Die gebruik om saam met vriende of huisgenote in openbare plekke drank te gebruik, kom die meeste by persone wat in huurkamers of gedeeltes van huise woon, voor (21.8%). Die rede hiervoor is klaarblyklik omdat die aard van die woningtoestand sodanig is dat die ruimer en meer gesellige atmosfeer van die openbare drinklokaal vir die nuttiging van drankies verkies word.

Ten slotte val dit ook op dat alleendrinkers 'n groter persentasie (13.4%) van die woonstelbewoners as van die ander groepe uitmaak. Die feit dat sowel persone wat in 'n staat van weduwee- of wewenaarskap verkeer as persone in die hoogste ouderdomsgroep, blykens tabel 7.4 en 7.2 onderskeidelik, ook die meeste alleendrinkers insluit, mag hier 'n rol speel want dit is dikwels hierdie mense wat woonstelle as wonings verkies.

7.7 DIE DRINKPLEK VOLGENS ONDERWYSPEIL

Die plek waar die ondersoekgroep gedurende die afgelope drie maande mees dikwels hul drankies genuttig het, word in tabel 7.7 volgens hul onderwyspeil ontleed.

TABEL 7.7

PLEK VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS ONDERWYSPEIL

Drinkplek	St. V of laer		St. VI - st. VIII		St. IX - st. X		Onderwys- peil hoër as st. X		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Saam met vriende of familie aan 'n woning of tydens partytjies en funksies	19	26.4	228	36.9	128	47.4	73	44.5	448	39.9
Tuis met huisgenote	17	23.6	129	20.9	68	25.2	56	34.1	270	24.0
Tydens formele geleenthede	5	6.9	37	6.0	11	4.1	3	1.8	56	5.0
Met vriende of huisgenote in 'n klub, kroeg of hotel	4	5.6	70	11.4	31	11.5	12	7.3	117	10.4
Alleen tuis, in 'n klub, kroeg of hotel	10	13.9	57	9.2	17	6.3	9	5.5	93	8.3
Nie gedurende afgelope 3 maande drank gebruik nie	17	23.6	96	15.6	15	5.6	11	6.7	139	12.4
TOTAAL	72	100.0	617	100.0	270	100.0	164	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 61.505; \quad p < .1\%$$

Persone wat gewoonlik hul drankies saam met vriende of familie aan wonings nuttig, vorm by albei die onderwyspeilgroepe bo standerd agt, naamlik standerd nege of tien en die groep met 'n opleiding na standerd 10 groter persentasies (47.4% en 44.5% onderskeidelik) as wat die geval by die twee laer onderwyspeilgroepe is. Dieselfde tendens word ook by daardie groep wat tuis saam met huisgenote hul drankies nuttig, gevind.

In teenstelling met die bogenoemde verspreiding, kom alleendrinkery weer meer by diegene met 'n standerd agt of laer kwalifikasie voor naamlik by 13.9 persent van diegene met 'n standerdvyf- of 'n laer kwalifikasie en

9.2 persent by die met 'n standerdses-, sewe- of agtkwalifikasie, as wat die geval by die twee hoër onderwyspeilgroepe is waar die ooreenstemmende persentasies op 6.3 en 5.5 te staan kom.

Die gebruik om saam met vriende of huisgenote in klubs, hotelle of kroeg te gebruik, kom die meeste by persone met 'n standerdses- tot standerdtiensertifikaat voor en wel by 11.5 persent van die standerdnege- tot standerdtien- en 11.4 persent van die standerdses- tot standerdagtgroep.

Alhoewel die verband tussen drinkplek en onderwyspeil in tabel 7.7 nie bo alle twyfel verhef is nie, wil dit in die geheel gesien, tog daarop dui dat die hoër onderwyspeilgroepe, wat waarskynlik ook die meeste hoër inkomstegroepe insluit, meer dikwels aan wonings en saam met vriende hul drankies nuttig. Hierdie verskynsel hang moontlik in 'n mate daarmee saam dat hierdie inkomstegroepe kan bekostig om vriende te onthaal en dus gewoonlik in groepverband hul drank nuttig. Die meeste van hierdie groepe is ook in staat om huise te bewoon en daarom vind die drankgebruik mees dikwels aan hul eie of vriende se huise plaas.

Die relatief hoë omvang wat alleendrinkery by die laagste onderwyspeilgroepe aanneem, word waarskynlik ook in 'n groot mate bepaal deur die feit dat hierdie mense dikwels ook in die laer inkomstegroepe val en dus nie kan bekostig om vriende te onthaal en op alkoholiese drank te trakteer nie.

Ten slotte moet nog op die waarskynlik moeilik verklaarbare hoë omvang die rol van drankgebruik tydens formele geleenthede (6.9%) by die laagste onderwyspeilgroep gewys word. Waar hierdie bespreking oor die drinkplek handel, moet steeds onthou word dat dit op die plek waar gedurende die afgelope drie maande mees dikwels drank gebruik is, betrekking het. Die feit dat drankgebruik tydens formele geleenthede by die laagste onderwyspeilgroep die meeste voorkom, beteken nie dat hierdie groep noodwendig meer as die ander groepe sulke geleenthede bywoon nie. Die werklike verklaring vir hierdie verskynsel lê eerder daarin dat hierdie laagste onderwyspeilgroep, van al die groepe, die hoogste persentasie (48.6%) persone wat slegs een keer per kwartaal of minder alkoholiese drank gebruik, insluit. (Vgl. tabel 6.6.) In verhouding tot die totale aantal geleenthede waartydens hul dus alkoholiese drank nuttig, is die kere wat hulle dit op bruilofte of ander formele geleenthede doen, dus veel hoër as wat die geval sou wees by diegene wat betreklik gereeld hul drankies nuttig.

7.8 DIE DRINKPLEK VOLGENS INKOMSTE

Die plek waar die proefpersone gedurende die afgelope drie maande mees dikwels hul drankies genuttig het, word in tabel 7.8 met hul inkomste in verband gebring.

TABEL 7.8

PLEK VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS INKOMSTE

Drinkplek	Geen		R2000 of minder		R2001 - R4000		R4001 - R6000		R6001 en meer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Met vriende of familie aan 'n woning of tydens partytjies en funksies	10	41.7	204	37.5	171	41.1	39	46.4	24	46.2	448	39.9
Tuis met huisgenote	6	25.0	106	19.5	111	26.6	29	34.5	18	34.6	270	24.1
Tydens formele geleenthede	1	4.2	27	5.0	22	5.3	3	3.6	2	3.8	55	4.9
Met vriende of huisgenote in 'n klub, kroeg of hotel	2	8.3	66	12.1	40	9.6	5	6.0	4	7.7	117	10.5
Alleen tuis, in 'n klub, kroeg of hotel	2	8.3	45	8.3	34	8.1	7	8.3	4	7.7	92	8.2
Nie gedurende afgelope 3 maande drank gebruik nie	3	12.5	96	17.6	39	9.4	1	1.2	-	-	139	12.4
TOTAAL	24	100.0	544	100.0	417	100.0	84	100.0	52	100.0	1,121	100.0

$\chi^2 = 49.062$; $p < .1\%$

Blykens die gegewens in tabel 7.8, styg die persentasie persone wat gewoonlik aan 'n woning saam met vriende of familie hul drankies nuttig effens namate die inkomste van die groep styg. Dieselfde tendens kom ook voor ten opsigte van diegene wat mees dikwels hul drankies tuis met hul huisgenote nuttig. Hierdie tendens kan in 'n mate daarna teruggevoer word dat hierdie hoër inkomstegroepe gewoonlik finansieël in staat is om vriende aan hul wonings te onthaal wat nie noodwendig die geval by die laer inkomstegroepe is nie. Verder kan ook uit die geringe persentasie of absolute afwesigheid van persone uit die hoër inkomstegroepe wat gedurende die afgelope drie maande glad nie drank gebruik het nie, afgelei word dat persone in die hoër inkomstegroepe die gebruik van alkoholiese drank meer algemeen as 'n deel van hul daaglikse lewenspatroon beskou en dus kan verwag word dat hulle dit taamlik vryelik saam met hul huisgenote tuis sal gebruik. Hierteenoor kan uit die hoër persentasie persone by die laer inkomstegroepe wat gedurende die afgelope drie maande geen drank gebruik het nie, afgelei word dat alkoholiese drank nie so algemeen in die huishouding aanwesig is nie en dus word dit, wanneer dit gebruik word, liever in 'n openbare drink-lokaal genuttig. Hierdie faktore kan ook in 'n mate daarmee verband hou dat die gebruik om saam met vriende en familie in openbare drinkplekke drank te nuttig, 'n groter rol by die laer inkomste- as by die hoër inkomstegroepe speel.

7.9 DIE DRINKPLEK VOLGENS DIE DRINKMOTIEF

Tabel 7.9 dui aan of persone wat gewoonlik op verskillende plekke hul drankies nuttig se redes waarom daardie drankies genuttig word, onderling verskil.

TABEL 7.9

PLEK VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS VERNAAMSTE REDE VIR GEBRUIK

Drinkplek	Fisiologiese redes		Psigologiese redes		Sosiale redes		Ander redes		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Met vriende of familie aan 'n woning of tydens partytjies en funksies	53	29.6	70	28.0	310	47.7	15	34.1	448	39.9
Tuis met huigenote	71	39.7	82	32.8	100	15.4	17	38.6	270	24.0
Tydens formele geleenthede	-	-	3	1.2	51	7.8	2	4.5	56	5.0
Met vriende of huisgenote in 'n klub, kroeg of hotel	20	11.2	30	12.0	63	9.7	4	9.1	117	10.4
Alleen tuis, in 'n klub, kroeg of hotel	25	14.0	60	24.0	2	0.3	6	13.6	93	8.3
Nie gedurende afgelope 3 maande drank gebruik nie	10	5.6	5	2.0	124	19.1	-	-	139	12.4
TOTAAL	179	100.0	250	100.0	650	100.0	44	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 292.528; \quad p < .1\%$$

Die gegewens in tabel 7.9 is nie alleen waardevol om die verband tussen die drinkplek en drinkmotief aan te dui nie maar dit dien ook as 'n aanduiding van die betroubaarheid van die gegewens ten opsigte van hierdie faktore aangesien die twee faktore wat met mekaar in verband gebring word, nou verwant aan mekaar is en duidelike hipoteses vir toetsing dus gestel kan word.

Soos verwag kan word, het byna die helfte (47.7%) van diegene wat veral om sosiale redes alkoholiese drank gebruik, dit wil sê die sosiale drinkers, gedurende die afgelope drie maande hul drankies mees dikwels saam met vriende of familie aan hul eie of ander se wonings genuttig.

By die ander groepe het hierdie persentasie nooit die 35.0 persentkerf oorskry nie.

Diegene wat fisiologiese redes as die oorwegende motivering vir hul drankgebruik beskou, het in meer as 'n derde van die gevalle (39.7%) in die afgelope drie maande hul drankies mees dikwels met hul huisgenote tuis genuttig.

Teenoor bogemelde het drankgebruik tydens formele geleenthede by diegene wat sosiale redes as motief tot drankgebruik aangevoer het, die meeste voorgekom en wel by 7.8 persent van die gevalle.

Persone wat hul drankies mees dikwels saam met vriende of familie in 'n klub, hotel of kroeg nuttig, kom ietwat meer voor by diegene wat om psigologiese redes drank gebruik as by persone wat ander redes as psigologiese redes aangevoer het naamlik 12.0 persent by eersgenoemde teenoor 11.2 persent by die groep wat om fisiologiese en 9.7 persent van die groep wat om sosiale redes alkoholiese drank gebruik.

By alleendrinkery kom 'n duideliker tendens na vore want byna een-kwart (24.0%) van dié groep wat om psigologiese redes drank gebruik, teenoor 14.0 persent van diegene wat om fisiologiese redes drank gebruik en slegs 0.3 persent van die sosiale drinkers, het in die betrokke drie maande mees dikwels alleen òf tuis òf in 'n openbare drinkplek hul drankies genuttig.

7.10 DIE DRINKPLEK VOLGENS DIE WAARDE VAN DIE ALKOHOLIESE DRANK WAT DIE PROEFPERSOON GEMIDDELD PER MAAND GEBRUIK

TABEL 7.10

PLEK VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS WAARDE VAN DRANK
WAT PERSOONLIK VERBRUIK IS

Drinkplek	R1 of minder		Meer as R1 tot R3.99		R4 - R9.99		R10 en meer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Met vriende of familie aan 'n woning of tydens partytjies en funksies	328	45.3	76	31.2	32	31.3	12	22.2	448	39.9
Tuis met huisgenote	120	16.6	99	40.7	34	33.3	17	31.5	270	24.0
Tydens formele geleenthede	53	7.3	3	1.2	-	-	-	-	56	5.0
Met vriende of huisgenote in 'n klub, kroeg of hotel	58	8.0	37	15.2	12	11.8	10	18.5	117	10.4
Alleen tuis, in 'n klub, kroeg of hotel	26	3.6	28	11.5	24	23.6	15	27.8	93	8.3
Nie gedurende afgelope 3 maande drank gebruik nie	139	19.2	-	-	-	-	-	-	139	12.4
TOTAAL	724	100.0	243	100.0	102	100.0	54	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 253.685; \quad p < .1\%$$

Byna die helfte (45.3%) van diegene wat gemiddeld een rand of minder per maand aan alkoholiese drank bestee het, het in die afgelope drie maande hul drankies mees dikwels met vriende of familie aan 'n woning genuttig. By geeneen van die ander groepe het hierdie persentasie so hoog as een-derde gegaan nie.

Diegene wat mees dikwels tydens formele geleenthede hul drank nuttig, het ook by daardie kategorie met die laagste uitgawe aan alkoholiese drank in vergelyking met die ander kategorieë, die grootste bydrae (7.3%) gelewer.

Daardie persone wat gewoonlik hul drank tuis met hul huisgenote nuttig, lewer die grootste persentasiebydrae (40.7%) tot dié groep wat gemiddeld meer as 'n rand en minder as vier rand se drank verbruik.

Teenoor die voorafgaande groepe wat oor die algemeen as die persone wat relatief min aan alkoholiese drank bestee, beskou kan word, vorm sowel diegene wat alleen of saam met ander persone in kroeg, klubs en hotelle drink as diegene wat alleen tuis drink in verhouding tot die ander uitgawegroepe die grootste persentasies van diegene wat gemiddeld maandeliks R10 of meer se alkoholiese drank self verbruik, naamlik 18.5 persent en 27.8 persent respektiewelik.

Uit die voorafgaande tabel blyk dit 'n redelike afleiding te wees wanneer beweer word dat diegene wat aan woonhuise saam met vriende of familie hul drank nuttig, gemiddeld minder drank, in terme van geldwaarde bereken, verbruik as wat die geval by diegene is wat van openbare drinkplekke, hetsy alleen of saam met ander, gebruik maak of alleen tuis drink.

7.11 DIE DRINKPLEK VOLGENS DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK

In tabel 7.11 word die drinkplek met die graad van drankgebruik in verband gebring. Met die graad van drankgebruik word hier bedoel of die proefpersoon drank gebruik of misbruik. Hierdie indeling berus op die beoordeling van die proefpersoon deur die veldwerker op grond van insligting van die proefpersoon verkry. Vir die doel van onderstaande tabel is alle persone wat volgens die definisies in hoofstuk een nie as drankgebruikers beskou kan word nie as drankmisbruikers saamgevoeg.

TABEL 7.11

PLEK VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS GRAAD VAN DRANKGEBRUIK

Drinkplek	Drankge- bruiker		Drankmis- bruiker		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Met vriende of familie aan 'n woning of tydens partytjies en funksies	418	41.9	30	23.8	448	39.9
Tuis met huisgenote	228	22.9	42	33.3	270	24.0
Tydens formele geleenthede	56	5.6	-	-	56	5.0
Met vriende of huisgenote in 'n klub, kroeg of hotel	94	9.4	23	18.3	117	10.4
Alleen tuis, in 'n klub, kroeg of hotel	62	6.2	31	24.6	93	8.3
Nie gedurende afgelope 3 maande drank gebruik nie	139	13.9	-	-	139	12.4
TOTAAL	997	100.0	126	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 92.960; \quad p < .1\%$$

Uit tabel 7.11 val dit op dat die drankgebruikers 'n groter persentasie (41.9%) persone wat gewoonlik met vriende aan 'n woning hul drankies nuttig, insluit as wat die geval by die drankmisbruikers is (23.8%). Dieselfde geld ten opsigte van diegene wat mees dikwels tydens formele geleenthede hul drankies nuttig en wat slegs by die kategorie vir drankgebruikers voorkom

Sowel persone wat mees dikwels in kroeg, klubs en hotelle saam met vriende hul drank gebruik, as die alleendrinkers, maak weer groter persentasies uit (18.3% en 24.6% onderskeidelik) van die drankmisbruikers as van die drankgebruikers waar die ooreenstemmende persentasies onderskeidelik 9.4 en 6.2 persent bedra.

In die geheel geneem, blyk dit dus dat drankmisbruikers meestal tuis met huisgenote of alleen of saam met vriende en familie in kroeg, klubs en hotelle hul drank gebruik terwyl drankgebruikers hoofsaaklik hul drankies aan 'n woning saam met vriende of familie nuttig.

7.12 SAMEVATTING

- 7.12.1 Die grootste persentasie van die ondersoekgroep het gedurende die drie maande onder bespreking mees dikwels tuis of aan vriende se wonings saam met vriende of familie hul drankies genuttig. Die tweede grootste persentasie, byna 'n kwart, het mees dikwels tuis met huisgenote hul drank genuttig terwyl een-agste in die betrokke drie maande geen alkoholiese drank gebruik het nie. Vroue het meer dikwels as mans aan wonings in geselskap van vriende drank genuttig. Hierteenoor was die persentasie mans wat in openbare drinkplekke alleen of saam met vriende of alleen tuis hul drankies genuttig het, wel meer as in die geval van vroue.
- 7.12.2 Dit wil voorkom asof alleendrinkery of drankgebruik slegs saam met huisgenote, meer 'n algemene verskynsel by die hoër as by die laer ouderdomsgroepe is. Drankgebruik saam met vriende of familie, hetsy in openbare drinkplekke of in wonings, kom meer by die jonger as die hoër ouderdomsgroepe voor.
- 7.12.3 Persone wat gedurende die afgelope drie maande mees dikwels aan wonings saam met vriende of familie drank gebruik het, kom ietwat meer by die Engelssprekendes as by die ander taalgroepe voor. By diegene wat 'n ander taal as een van of albei amptelike landstale as huistaal gehad het, het die gebruik om saam met huisgenote drank te gebruik, 'n groter rol as by ander taalgroepe gespeel. Die persentasie persone wat mees dikwels tydens formele geleenthede hul drankies genuttig het, kom by die Afrikaanssprekendes weer meer as by ander taalgroepe voor. Dieselfde geld ten opsigte van daardie groep wat mees dikwels in openbare drinkplekke saam met vriende of familie hul drank genuttig het. Alleendrinkery het, van al die taalgroepe, die meeste voorgekom by daardie groep wat nie Afrikaans of Engels as huistaal gehad het nie. Uit die voorafgaande blyk dit dus dat kulturele verskille wel op die drinkpatroon 'n invloed het.
- 7.12.4 Soos verwag kan word, kom die gebruik van drank saam met huisgenote meer by getroudes voor terwyl ongetroudes meer dikwels as die ander groepe in groepsverband in openbare drinkplekke hul drank nuttig. Sowel alleendrinkery as die gebruik van alkoholiese drank saam met vriende of familie aan 'n woning, kom meer by persone wat in 'n staat van wewenaar- of weduweeskap verkeer voor as by ander groepe.
- 7.12.5 Die verskille ten opsigte van drinkplek volgens 'n landelik-stedelike basis, is klein en geen duidelike verband kan waargeneem word nie.
- 7.12.6 Woonstelbewoners drink meer dikwels hul drankies alleen of saam met ander mense aan 'n woning as wat die geval by die ander woningsgroepe is, terwyl mense in huurkamers of gedeeltes van wonings weer meer dikwels saam met vriende in openbare drinkplekke hul drankies nuttig. Drankgebruik saam met huisgenote en tydens formele geleenthede is meer algemeen by huisbewoners die gebruik.

- 7.12.7 Die drinkplek volgens onderwyspeil ontleed, bring aan die lig dat die laer onderwyspeilgroepe 'n groter persentasie alleendrinkers en die hoër onderwyspeilgroepe weer meer persone wat aan wonings met vriende of familie of tuis met huisgenote hul drank gebruik, insluit.
- 7.12.8 In aansluiting by die voorgenoemde tendens is ook bevind dat persone in die hoër inkomstegroepe meer dikwels tuis met huisgenote of saam met vriende aan 'n woning hul drankies nuttig as wat die geval by die laer inkomstegroepe is.
- 7.12.9 Sosiale drinkers drink meer dikwels saam met vriende aan 'n woning terwyl diegene wat om psigologiese redes drank gebruik, 'n groter persentasie alleen- en kroeg-, klub- en hoteldrinkers insluit as wat by die ander groepe die geval is.
- 7.12.10 Sowel persone wat alleen of saam met ander in klubs, kroeg- en hotelle drink as persone wat alleen tuis drink, vorm 'n groter persentasie van daardie persone wat gemiddeld maandeliks 'n hoë bedrag se alkoholiese drank verbruik as wat die geval by diegene is wat gemiddeld 'n betreklik geringe bedrag per maand se alkoholiese drank verbruik. Die teenoorge- stelde geld by diegene wat tuis of aan vriende se woning in sosiale verband hul drankies nuttig.
- 7.12.11 In aansluiting by die bostaande paragraaf is bevind dat sowel kroeg-, klub- en hoteldrinkers as persone wat tuis alleen drink in 'n veel groter mate onder drankmisbruikers as onder drankgebruikers voorkom.

HOOFSTUK 8

DIE TYD VAN DRANKGEBRUIK

In hierdie hoofstuk word aandag aan die tyd waarop daar alkoholiese drank gedrink word, gegee en wel aan twee aspekte, naamlik of die drank saam met ete genuttig word en ten tweede, die tyd van die dag waarop die eerste drankie gewoonlik genuttig word.

A. DIE GEBRUIK VAN ALKOHOLIESE DRANK SAAM MET DIE ETE

In hierdie afdeling word daarop ingegaan in hoeverre alkoholiese drank saam met die ete gebruik word.

Drank tydens 'n ete of onmiddellik voor of onmiddellik na 'n ete gebruik, word as drankies saam met die ete genuttig beskou, terwyl drank wat tussen etes gebruik is en wat geen verband met die etes het nie, beskou word as drankies wat nie saam met die ete geneem is nie.

8.1 DIE TYD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS GESLAG

In die onderstaande tabel word bepaal in watter mate alkoholiese drank saam met die ete geneem word, volgens die geslag van die proefpersone.

TABEL 8.1

TYD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS GESLAG

Tyd van drankgebruik	Manlik		Vroulik		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Drankies saam met ete	256	41.4	242	47.9	498	44.3
Drankies nie saam met ete nie	362	58.6	263	52.1	625	55.7
TOTAAL	618	100.0	505	100.0	1,123	100.0

$$\chi^2 = 4.493; 5\% > p > 2\%$$

Uit tabel 8.1 blyk dit dat meer as die helfte, 55.7 persent, van die ondersoekgroep se drank gewoonlik nie met hul etes saam geneem is nie terwyl dit by 44.3 persent van die gevalle wel die geval is. Daar word algemeen aanvaar dat alkohol se invloed op die menslike liggaam in 'n groot mate daardeur bepaal word of die gebruiker die alkoholiese drank neem terwyl hy honger is of tydens of direk na 'n maaltyd, want onder andere word die spoed waarteen die alkohol in die bloedstroom opgeneem word, hierdeur

bepaal. G. Lolli en sy mede-outeurs laat hulle soos volg oor hierdie aspek uit: „It has already been shown that individuals who drink only with meals are best protected against possible untoward reactions resulting from the use of excessive amounts of alcohol. Many physiological reasons underlie this protection. When the stomach is filled with solid food, the absorption of ethyl alcohol into the blood stream is delayed; accordingly, blood alcohol concentrations are lower than those observed when the same amounts of alcohol are taken on an empty stomach. Furthermore, the ingestion of a meal - especially if it includes considerable amounts of slowly absorbable carbohydrates, as in the diet of Italians - prevents low or fluctuating blood sugar levels and thereby protects the central nervous system against some of the toxic effects of alcohol." (6, bl. 71 - 72)

Wat miskien ewe belangrik is by die bespreking van drankgebruik saam met die ete, is die sosiale aspek. Waar 'n persoon sy drank saam met sy ete nuttig, geskied dit veelal in groepsverband hetsy met huisgenote, vriende of ander persone. Die inhiberende invloed van die groep het dan gewoonlik 'n gunstige invloed op die drankgebruik deurdat die geslagte en ouderdomme gemeng is. Die pasaangehaalde ondersoekers sê in die verband die volgende: „In addition to these physiological factors, there are other features which apparently contribute considerably to the value of drinking with rather than apart from meals. It should be noted that drinking with meals generally signifies an experience shared, by members of a small and mutually controlling group, usually the family unit, where the interplay of male-female and adult-child relationships is of paramount importance." (6, bl. 73)

Ten slotte word die drinktyd van mans en vroue in tabel 8.1 met mekaar vergelyk. Dit blyk dat vroue, meer as wat die geval by mans is, dikwels hul drank saam met hul ete nuttig want dit kom by 47.9 persent van die vroue teenoor 41.4 persent van die mans voor. In die geheel geneem, wil dit dus voorkom asof vroue se drinkpatroon in hierdie opsig moontlik gesonder is as dié van mans.

8.2 TYD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS OUDERDOM

Die tyd van drankgebruik word in tabel 8.2 met die ouderdom van die proefpersoon in verband gebring.

TABEL 8.2

TYD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS OUDERDOMSGROEP

Tyd van drankgebruik	24 jaar en jonger		25 - 29		30 - 39		40 - 49		50 - 59		60 jaar en ouer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Drankies saam met ete	31	25.8	57	40.4	139	43.2	114	46.7	85	53.5	72	52.6	498	44.3
Drankies nie saam met ete nie	89	74.2	84	59.6	183	56.8	130	53.3	74	46.5	65	47.4	625	55.7
TOTAAL	120	100.0	141	100.0	322	100.0	244	100.0	159	100.0	137	100.0	1,123	100.0

$X^2 = 27.371$; $p < .1\%$

Uit tabel 8. 2 blyk dit dat die persentasie persone wie se drankgebruik gewoonlik saam met die ete voorkom, by elke ouderdomsgroep groter word namate die ouderdom van die groep styg. So byvoorbeeld het slegs 25. 8 persent van die groep wat nog nie 25 jaar oud was nie, hul drank gewoonlik saam met ete genuttig, terwyl dit die geval by meer as die helfte (53. 5% en 52. 6% onderskeidelik) van die ouderdomsgroepe 50 - 59 en 60 jaar en ouer was. Die teenoorgestelde tendens is ten opsigte van diegene wie se drankgebruik gewoonlik nie met die ete verband hou nie, waar te neem.

Die bogemelde tendens kan waarskynlik soos volg verklaar word: Hoe jonger 'n persoon is, hoe minder gevestig is sy drinkpatroon en hoe meer dikwels is hy 'n geleentheidsdrinker en daarom geskied sy drinkery minder dikwels saam met die ete. Soos reeds uit tabel 4. 2 geblyk het, is 'n groter persentasie van die jonger ouderdomsgroepe sosiale drinkers as wat die geval by die hoër ouderdomsgroepe is, en persone wat om sosiale redes alkoholiese drank gebruik, sal waarskynlik meer dikwels tydens situasies, soos byvoorbeeld op partytjies wat nie met 'n ete verband hou nie, hul drank gebruik. Ouer persone se sosiale drinkery is waarskynlik ook meer planmatig en dikwels word etes tydens gesellighede bedien.

Verder het dit ook reeds geblyk dat die hoër ouderdomsgroepe meer as die jonger groepe, swaar drinkers insluit. Die swaarder drinkers se drinkgewoonte het reeds in 'n vaste patroon ontwikkel en benewens dat dit gebruiklik is om voor ete 'n drankie te nuttig, is die middagete die eerste geleentheid om 'n drankie te neem. Die ligte drinker daarenteen sal eerder na werksure sy drankie gaan neem of eers na aandete as hy uitgaan of 'n geselligheid bywoon.

8. 3 DIE TYD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS WOONPLEK

Die landelik-stedelike aard van die woonplek van die proefpersone word in tabel 8. 3 met die tyd van drankgebruik in verband gebring.

TABEL 8. 3
TYD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS WOONPLEK

Tyd van drank- gebruik	Stad		Dorp		Kleinboewe		Plaas		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Drankies saam met ete	232	38. 6	165	46. 9	35	56. 5	66	61. 1	498	44. 3
Drankies nie saam met ete nie	369	61. 4	187	53. 1	27	43. 5	42	38. 9	625	55. 7
TOTAAL	601	100. 0	352	100. 0	62	100. 0	108	100. 0	1, 123	100. 0

$$X^2 = 24. 927; \quad p < . 1\%$$

Uit die gegewens van tabel 8.3 spreek 'n baie duidelike wetmatigheid want namate die graad van stedelikheid van die woonplek van die proefpersoon afneem, styg die persentasie van daardie groep wat meestal hulle drankies saam met ete neem want 38.6 persent van die stedelinge, 46.9 persent van die dorpenaars, 56.5 persent van die hoewe- en 61.1 persent van die plaasbewoners gebruik gewoonlik hul drankies saam met hul ete.

Die volgende verklarings mag vir bogemelde tendens geld: Wat die plaasgroep betref, mag die beroepsomstandighede van die grootste deel van die plaasbewoners, naamlik die boerdery, in 'n mate vir die hoër persentasie persone wat hul drank gewoonlik saam met hul etes nuttig, verantwoordelik wees want boere is meestal tussen die etes nie in 'n geleentheid om alkoholiese drank te nuttig nie. Die stads- en dorpsbewoners daarenteen het wel die geleentheid om tussen etes drank te gebruik. Vir die verskil tussen die stads- en dorpsgroepe, kan geen verklaring gebied word nie.

8.4 DIE TYD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS INKOMSTE

Die drinktyd en inkomste word in tabel 8.4 met mekaar in verband gebring.

TABEL 8.4
TYD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS INKOMSTE

Tyd van drankgebruik	Geen		R1 - R2000		R2001-R4000		R4001 en meer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Drankies saam met ete	12	50.0	228	41.9	185	44.4	72	52.9	497	44.3
Drankies nie saam met ete nie	12	50.0	316	58.1	232	55.6	64	47.1	624	55.7
TOTAAL	24	100.0	544	100.0	417	100.0	136	100.0	1,121	100.0

$$X^2 = 5.688; \quad 20\% > p > 10\%$$

Indien die groep wat geen inkomste gehad het nie, buite rekening gelaat word, blyk daar 'n verband tussen inkomste en drinktyd te wees want 41.9 persent van die laagste, 44.4 persent van die middelste en 52.9 persent van die hoogste inkomstegroep neem hul drankies saam met hul etes.

Die voorgemelde tendens hang waarskynlik daarmee saam dat die hoër inkomstegroepe meer swaar drinkers as die laer inkomstegroepe insluit. Dit wil sê minder van die eersgenoemde groep is geleentheidsdrinkers en meer is drinkers wat reeds 'n vaste patroon ontwikkel het. Hierdie patroon sluit veelal die gebruik om direk voor ete 'n drankie te nuttig, in. Verder mag dit ook wees dat die ouderdomsamenstelling van die inkomstegroepe 'n rol speel. Persone uit die hoogste inkomstegroepe sal moontlik meer persone van middeljarige leeftyd as van die jongste ouderdomsgroepe insluit. Daar is reeds op gewys dat die jonger ouderdomsgroepe meer sosiale en geleentheidsdrinkers insluit wat nog geen vaste drinkpatroon ontwikkel het nie, en hulle drankies dus minder saam met etes nuttig, as wat die geval by die ouer groep is.

8.5 DIE TYD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS PROVINSIE

Tabel 8.5 dui aan in hoeverre daar provinsiale verskille in die drinktye te vinde is.

TABEL 8.5

TYD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS PROVINSIE

Provinsie	Drankies saam met ete		Drankies nie saam met ete nie		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Transvaal	222	44.2	280	55.8	502	100.0
Oranje-Vrystaat	46	44.2	58	55.8	104	100.0
Natal	63	45.7	75	54.3	138	100.0
Kaap	167	44.1	212	55.9	379	100.0
TOTAAL	498	44.3	625	55.7	1,123	100.0

$$\chi^2 = 0.111; 100\% > p > 99\%$$

Die gegewens in tabel 8.5 dui baie duidelik daarop dat daar tussen die vier provinsies geen verskille ten opsigte van die verband tussen etes en drankgebruik bestaan nie. Die rede hiervoor lê waarskynlik daarin dat 'n enkele provinsie nie minder heterogeen is as die Republiek as geheel nie.

8.6 DIE TYD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS DRINKMOTIEF

Die volgende tabel dui aan of persone wat gewoonlik hul drankies met

hul etes nuttig, se motiewe tot drankgebruik verskil van diegene wie se drankgebruik nie saam met hul etes is nie.

TABEL 8.6

TYD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS DRINKMOTIEF

Tyd van drankgebruik	Fisiologiese redes		Psigologiese redes		Sosiale redes		Ander redes		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Drankies saam met ete	100	55.9	90	36.0	282	43.4	26	59.1	498	44.3
Drankies nie saam met ete nie	79	44.1	160	64.0	368	56.6	18	40.9	625	55.7
TOTAAL	179	100.0	250	100.0	650	100.0	44	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 20.800; \quad p < .1\%$$

Soos verwag kan word, word 'n betreklike groot persentasie (55.9%) van diegene wat veral om fisiologiese redes drank gebruik, se drankies saam met hul etes genuttig. Hierdie groep gebruik alkoholiese drank veral as aptytwekker en omdat dit lekker smaak. By die sosiale drinkers en diegene wat psigologiese redes vir hul gewoonte aangevoer het, geld die teenoorgestelde. By die sosiale drinker is dit veral die geval omdat hy 'n geleentheidsdrinker is wat geen vaste drinkpatroon het nie en meestal tydens gesellighede of ontspanningstye drank gebruik. Persone wat om psigologiese redes drank gebruik, se drinkery geskied dikwels nie saam met die ete nie, omdat hierdie persone die maksimum effek uit alkoholiese drank wil kry en dit kry hulle die beste as hulle honger is en nie hulle drankie saam met 'n ete nuttig nie.

Heelwat meer as die helfte (59.1%) van die groep wat om „ander" redes drank gebruik, gebruik dit saam met hul etes. Die rede hiervoor is dat hierdie groep veral baie persone insluit wat alkoholiese drank as 'n deel van hul daaglikse dieet beskou, byvoorbeeld persone van Italiaanse afkoms. By hierdie groep is die ete waarskynlik die mees algemene geleentheid om alkoholiese drank te gebruik.

8.7 DIE TYD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS GRAAD VAN DRANKGEBRUIK

Die tyd wanneer die proefpersone mees dikwels hul drank gebruik, word in tabel 8.7 vir drankgebruikers en drankmisbruikers ontleed.

TABEL 8.7

TYD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS GRAAD VAN DRANKGEBRUIK

Tyd van drankgebruik	Drankgebruikers		Drankmisbruikers		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Drankies saam met ete	453	45.4	45	35.7	498	44.3
Drankies nie saam met ete nie	544	54.6	81	64.3	625	55.7
TOTAAL	997	100.0	126	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 3.899; \quad 5\% > p > 2\%$$

Heelwat meer van die drankgebruikers (45.4%) as van die drankmisbruikers (35.7%) nuttig gewoonlik hul drankies onmiddellik voor, onmiddellik na of tydens etes. Die rede hiervoor is ongetwyfeld omdat die misbruiker deurgaans alkoholiese drank nuttig ter wille van die uitwerking wat dit op hom het en daarom, alhoewel die motief nie so bewustelik aanwesig is nie, sal hy gewoonlik probeer om die maksimum effek te verkry deur alkoholiese drank tussen maaltye te gebruik. Verder is dit natuurlik 'n algemene verskynsel dat mense dikwels steeds minder eet namate hulle meer drink. Ten minste 'n gedeelte van die groep wat in tabel 8.7 as drankmisbruikers ingedeel is, is alkoholiste.

B. DIE TYD VAN DIE EERSTE DRANKIE

Benewens die voorafgaande, het die drinktyd ook nog 'n ander aspek naamlik die tyd wanneer die eerste drankie gewoonlik genuttig word. In die res van hierdie hoofstuk word die aandag dus aan die tyd van die eerste drankie gewy.

Ten einde te voorkom dat die antwoorde „kunsmatig” sou wees, is die tyd van die eerste drankie slegs by daardie 614 proefpersone wat ten minste twee keer per maand alkoholiese drank gebruik, dit wil sê die meer gereelde drinkers, aangeteken.

8.8 DIE TYD VAN DIE EERSTE DRANKIE VOLGENS GESLAG

Benewens die verspreiding van die ondersoekgroep ten opsigte van die tyd waarop die eerste drankie gewoonlik gedrink word, word daar in tabel 8.8 ook 'n ontleding volgens die geslag van die proefpersone gemaak.

TABEL 8.8

TYD VAN EERSTE DRANKIE VOLGENS GESLAG

Tyd van eerste drankie	Manlik		Vroulik		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Voor twaalfuur middag	21	5.1	3	1.5	24	3.9
Na twaalfuur middag maar voor aandete	312	75.2	129	64.8	441	71.8
Met of na aandete	76	18.3	64	32.2	140	22.8
Net voor slaapyd	6	1.4	3	1.5	9	1.5
TOTAAL	415	100.0	199	100.0	614	100.0

$$X^2 = 17.667; \quad p < .1\%$$

Blykens die gegewens in bostaande tabel, drink byna 'n driekwart van diegene wat ten minste twee keer per maand alkoholiese drank gebruik, naamlik 71.8 persent, gewoonlik hul eerste drankie tussen die middag- en aandete. 'n Verdere 22.8 persent drink gewoonlik hul eerste drankie met of na aandete. Slegs 3.9 en 1.5 persent drink onderskeidelik hul eerste drankies gedurende die voormiddag en net voor slaapyd. Die bogemelde verspreiding is geheel en al volgens verwagting want die tydperk na werksure en voor aandete is dikwels die eerste geleentheid om 'n drankie te nuttig en val saam met die ontspanningsuurtjie voor aandete.

Persone wat gewoonlik hul eerste drankie reeds gedurende die voormiddag neem, is meestal mense wat geen beheer meer oor hul drinkgewoonte het nie en daarom gebruik hulle reeds hul eerste drankie op 'n tydstip wanneer hulle nog beroepsverantwoordelike het.

Ten opsigte van die tyd wanneer die eerste drankie genuttig word, verskil mans en vroue in 'n mate van mekaar. 'n Groter persentasie mans (5.1%) as vroue (1.5%) gebruik hul eerste drankie reeds in die voormiddag waarskynlik omdat daar meer manlike as vroulike drankmisbruikers is en soos later op gewys sal word, nuttig misbruikers meer dikwels reeds gedurende die voormiddag hul eerste drankie. Daarenteen gebruik 'n groter persentasie vroue (32.2%) as mans (18.3%) hul eerste drankie tydens of net na aandete terwyl meer mans (75.2%) as vroue (64.8%) in die namiddag maar voor aandete hul eerste drankie nuttig. Waarskynlik is een van die redes vir hierdie tendens daarin te vinde dat vroue meer dikwels as mans sosiale drinkers is en dat baie van hierdie drinkery saans na ete plaasvind.

8.9 DIE TYD VAN DIE EERSTE DRANKIE VOLGENS OUDERDOM

In tabel 8.9 word die tyd van die eerste drankie by die verskillende ouderdomsgroepe ontleed.

TABEL 8.9

TYD VAN EERSTE DRANKIE VOLGENS OUDERDOM

Tyd van eerste drankie	Onder 20 jaar		20 - 24		25 - 29		30 - 39		40 - 49		50 - 59		60 jaar en ouer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Voor twaalf - uur middag	-	-	1	2.6	-	-	5	2.7	5	3.4	8	8.7	5	7.2	24	3.9
Na twaalfuur middag maar voor aandete	7	53.8	22	56.4	43	66.2	136	72.3	109	73.6	74	80.4	50	72.5	441	71.8
Met of na aandete	6	46.2	16	41.0	22	33.8	46	24.5	31	20.9	7	7.6	12	17.4	140	22.8
Net voor slaap-tyd	-	-	-	-	-	-	1	0.5	3	2.0	3	3.3	2	2.9	9	1.5
TOTAAL	13	100.0	39	100.0	65	100.0	188	100.0	148	100.0	92	100.0	69	100.0	614	100.0

(Volgens Siegal word hierdie tabel verwerp)

Die gegewens in tabel 8.9 vertoon waarneembare wetmatighede want namate die ouderdom styg, met uitsondering van die ouderdomsgroep sestig jaar en ouer, styg sowel die persentasie persone in elke ouderdomsgroep wat voor twaalfuur in die middag reeds al begin drink as die groep wat na twaalfuur middag en voor aandete hul eerste drankie nuttig. Ten opsigte van diegene wat tydens of na aandete begin drink, geld die teenoorgestelde want die persentasie in elke ouderdomsgroep daal namate die ouderdom toeneem.

Die groepie persone wat vir die eerste keer net voor slaapyd drank gebruik, is so klein dat geen afleiding gemaak kan word nie.

Die voorafgaande tendense hou waarskynlik daarmee verband dat die hoër ouderdomsgroepe meer gevestigde drinkgewoontes opgebou het. Alhoewel die getalle by die voormiddagdrinkers klein is en geen betroubare afleidings gemaak kan word nie, dien daarop gewys te word dat hulle veral in die hoër ouderdomsgroepe voorkom.

Aan die ander kant bestaan die jonger ouderdomsgroepe veral uit die sosiale drinkers en daarom kom die drinkery tydens en na aandete, terwyl ontspanning gesoek word, by hierdie ouderdomsgroepe meer as by die ouer groepe voor.

Die effense onverwagte verandering wat in die hoogste ouderdomsgroep, die groep sestig jaar en ouer, voorkom, hang waarskynlik saam met die effense afname in drankgebruik wat by hierdie groep soos reeds by verskillende tabelle op gewys is, voorkom. Die afnemende inkomste, afnemende gesondheid en onttrekking aan beroeps- en sosiale aktiwiteite in hierdie hoër ouderdomsgroep mag moontlik 'n rol speel.

8.10 DIE TYD VAN DIE EERSTE DRANKIE VOLGENS HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN DRANK

Die tyd waarop die proefpersone gewoonlik hul eerste drankie nuttig, word in tabel 8.10 volgens die uitgawe wat die huishouding aan alkoholiese drank het, ontleed. Ten einde selle met geen of baie klein getalle (in tabel 8.10) te voorkom, is die tyd van die eerste drankie slegs in twee groepe, naamlik voor en met of na aandete gegroepeer.

TABEL 8.10

TYD VAN EERSTE DRANKIE VOLGENS HUISHOUDELIKE UITGAWE
AAN ALKOHOLIESE DRANK

Tyd van eerste drankie	Geen uitgawe		Minder as R4		R4 - R9.90		R10 en meer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Voor aandete	8	53.3	176	66.4	146	80.2	135	88.8	465	75.7
Met of na aandete	7	46.7	89	33.6	36	19.8	17	11.2	149	24.3
TOTAAL	15	100.0	265	100.0	182	100.0	152	100.0	614	100.0

$$X^2 = 32.764; \quad p < .1\%$$

Diegene wat gewoonlik hul eerste drankie met die aandete of daarna nuttig, vorm 'n groter persentasie van dié groepe wat geen of slegs 'n geringe huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank het as wat die geval by die groepe met die groter huishoudelike uitgawe is. By drinkers wat „vroeër" in die dag, dit wil sê diegene wat voor die aandete hul eerste drankies nuttig, geld die teenoorgestelde want die persentasie wat hulle van elke uitgawegroep uitmaak, styg namate die uitgawe toeneem.

8.11 DIE TYD VAN EERSTE DRANKIE VOLGENS DIE WAARDE VAN ALKOHOLIESE DRANK WAT DIE PROEFPERSOON SELF VERBRUIK

Ten einde verdere bevestiging vir die afleidings onder die vorige afdeling te kry, word die tyd van die eerste drankie in tabel 8.11 met die waarde van die alkoholiese drank wat die proefpersoon persoonlik verbruik het, in verband gebring.

TABEL 8.11

TYD VAN EERSTE DRANKIE VOLGENS DIE WAARDE VAN DIE ALKOHOLIESE
DRANK WAT DIE PROEFPERSOON SELF VERBRUIK

Tyd van eerste drankie	Minder as R4		R4 - R9.90		R10 en meer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%
Voor twaalfuur middag	13	2.8	4	4.0	7	13.0	24	3.9
Na twaalfuur middag maar voor aandete	315	68.6	84	83.2	42	77.8	441	71.8
Met of na aandete	125	27.2	12	11.9	3	5.6	140	22.8
Net voor slaapyd	6	1.3	1	1.0	2	3.7	9	1.5
TOTAAL	459	100.0	101	100.0	54	100.0	614	100.0

$$X^2 = 33.775; \quad p < .1\%$$

Die gegewens dui daarop dat die swaarder drinker reeds vroeër in die dag sy eerste drankie nuttig as wat die geval by die ligter drinker is want 13.0 persent van diegene wat gemiddeld maandeliks tien rand of meer se alkoholiese drank verbruik, drink gewoonlik hul eerste drankie in die voormiddag terwyl slegs 3.9 persent van die totale groep voormiddag-drinkers is.

Aan die ander kant maak die groep wat tydens of na aandete hul eerste drankie nuttig 22.8 persent van die totaal uit teenoor slegs 5.6 persent van daardie groep wat tien rand of meer, 11.9 persent van die wat tussen vier en tien rand en 27.2 persent van die wat minder as vier rand se alkoholiese drank per maand verbruik.

8.12 DIE TYD VAN EERSTE DRANKIE VOLGENS GRAAD VAN DRANKGEBRUIK

Die betekenisvolheid van die drinktyd as faset van die drinkpatroon, word verder gemerk waar die drinktyd met die graad van drankgebruik in verband gebring word.

TABEL 8.12

TYD VAN EERSTE DRANKIE VOLGENS DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK

Tyd van eerste drankie	Drankge- bruikers		Drankmis- bruikers		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Voor twaalfuur middag	6	1.2	18	14.8	24	3.9
Na twaalfuur middag maar voor aandete	352	71.5	89	73.0	441	71.8
Met of na aandete	129	26.2	11	9.0	140	22.8
Net voor slaaptyd	5	1.0	4	3.3	9	1.5
TOTAAL	492	100.0	122	100.0	614	100.0

$$X^2 = 61.943; \quad p < .1\%$$

Van die persone wat as misbruikers geklassifiseer is, het 14.8 persent reeds in die voormiddag hul eerste drankie genuttig terwyl dit slegs by 1.2 persent van die gebruikers die geval was. So ook het 'n groter persentasie, 73.0 persent, van die misbruikers hul eerste drankie in die namiddag voor aandete gedrink as wat die geval by die gebruikers was en waar die ooreenstemmende persentasie op 71.5 te staan gekom het. Daarenteen het onderskeidelik 9.0 persent en 26.2 persent van die misbruikers en gebruikers hul eerste drankies met of na aandete gedrink.

Weer eens blyk dit dus dat die swaarder drinker gewoonlik vroeër in die dag begin drink as wat die geval by die ligter drinkers is. Die rede hiervoor, soos reeds genoem, lê waarskynlik daarin dat die swaar drinker reeds in so 'n mate aan drank verslaaf is dat hy sy eerste drankie nie tot die aand kan uitstel nie.

8.13 SAMEVATTING

8.13.1 'n Bietjie meer as die helfte van die ondersoekgroep se drank word gewoonlik nie saam met 'n ete geneem nie. Meer vroue as mans se drankgebruik hou met 'n ete verband.

8.13.2 Namate die ouderdom van die groep toeneem, behalwe vir 'n klein afwyking in die hoogste ouderdomsgroep, styg die persentasie persone wie se drank saam met hul ete geneem is, waarskynlik omdat die jonger ouderdomsgroepe meer geleentheidsdrinkers insluit wat tydens ontspannings- en nie-etenstye hul drankies nuttig.

- 8.13.3 Namate die graad van stedelikheid van die woonplek van die proefpersoon vanaf stad, dorp, kleinhoewe en plaas afneem, styg die persentasie persone wat hulle drank saam met hul etes nuttig.
- 8.13.4 Indien diegene sonder inkomste buite rekening gelaat word, styg die persentasie persone wie se drankgebruik met hulle etes in verband staan, in elke inkomstegroep namate die inkomste toeneem, waarskynlik omdat die hoër inkomstegroepe oor die algemeen oer persone met meer gevestigde drinkgewoontes as die laer inkomstegroepe waar meer sosiale drinkers voorkom, insluit. Eersgenoemde groep sluit tegelykertyd minder geleentheddrinkers as laasgenoemde groep in.
- 8.13.5 Geen provinsiale verskille ten opsigte van die mate wat die drank saam met etes gebruik is, is gevind nie.
- 8.13.6 Persone wat om fisiologiese redes drank gebruik, gebruik hul drank, soos verwag kan word, in 'n groter mate saam met hul etes as wat by die ander groepe die geval is.
- 8.13.7 Drankgebruikers neem hul drank veel meer saam met hul etes as drankmisbruikers.
- 8.13.8 Byna 'n driekwart van die ondersoekgroep drink gewoonlik hul eerste drankie in die namiddag voor aandete terwyl ongeveer 'n verdere vier- vyfdes saans met aandete of daarna vir die eerste keer drank gebruik. Mans is in 'n groter mate as vroue oggend- en middagdrinkers.
- 8.13.9 Namate die ouderdom styg, neem die persentasie toe wat in die voormiddag of namiddag voor aandete hul eerste drankie neem.
- 8.13.10 'n Hoë maandelikse huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank hou skynbaar met 'n vroeë eerste drankie verband, waarskynlik omdat die swaarder drinkers vroeër in die dag as die ligte drinkers hul eerste drankie neem.
- 8.13.11 Dieselfde bevinding as bostaande kan ook gemaak word ten opsigte van die verband tussen die tyd van die eerste drankie en die waarde van die alkoholiese drank wat gemiddeld maandeliks persoonlik deur die proefpersoon verbruik word.
- 8.13.12 Meer drankmisbruikers as -gebruikers begin reeds in die voormiddag of die middag voor aandete drank te gebruik.

DIE HOEVEELHEID DRANK GENUTTIG GEDURENDE DIE SEWE DAE WAT DIE
 ONDERSOEK VOORAFGEGAAN HET*

In hierdie hoofstuk word 'n ontleding gemaak van die aantal drankies wat die proefpersone in die week wat die ondersoek voorafgegaan het, genuttig het. Ten einde 'n vergelykbare basis ten opsigte van die hoeveelheid alkohol wat verbruik is, te vind, is een pint bier gelyk gestel aan een glas wyn of een sopie spiritualieë. Alhoewel die verskillende dranksoorte nie maklik met mekaar vergelyk kan word nie, gee bostaande vergelyking tog 'n basis om op te werk en wat tegelykertyd nie te ver verkeerd is ten opsigte van die persentasie alkohol per volume-eenheid nie. Waar in hierdie hoofstuk dus van drankies gepraat word, word bedoel óf een pint bier óf een glas wyn óf een sopie spiritualieë. In hoofstuk 6 is die aandag aan die drinkfrekwensie van die ondersoekgroep gewy en daar is ook op gewys dat die drinkfrekwensie nie noodwendig dieselfde is as die hoeveelheid drank wat verbruik word nie. Hierdie aspek word in die onderhawige hoofstuk behandel.

9.1 DIE GETAL DRANKIES GEDURENDE DIÉ SEWE DAE GENUTTIG
 VOLGENS OUDERDOM

In tabel 9.1 word die ouderdom van die proefpersone met die getal drankies wat hulle gedurende die sewe dae, dit wil sê die sewe dae wat die ondersoek onmiddellik voorafgegaan het, genuttig het, in verband gebring.

* Die veldwerk in verband met hierdie projek is in die maande Junie, Julie en Augustus 1962 uitgevoer. Alhoewel die winterskoolvakansie in dié tydperk geval het, het geen feesdae in die tydperk voorgekom nie.

TABEL 9.1

GETAL DRANKIES GEDURENDE DIE BETROKKE SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS OUDERDOM

Getal drankies	Ouderdom													
	24 jaar en jonger		25 - 29		30 - 39		40 - 49		50 - 59		60 jaar en ouer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Geen	69	57.5	77	54.6	131	40.7	99	40.6	67	42.1	63	46.0	506	45.1
1	16	13.3	17	12.1	45	14.0	28	11.5	14	8.8	21	15.3	141	12.6
2 - 4	23	19.2	23	16.3	53	16.5	28	11.5	24	15.1	18	13.1	169	15.0
Klein hoeveelhede (1 - 4)	39	32.5	40	28.4	98	30.5	56	23.0	38	23.9	39	28.4	310	27.6
5 - 7	6	5.0	6	4.3	38	11.8	28	11.5	19	11.9	10	7.3	107	9.5
8 - 14	4	3.3	14	9.9	36	11.2	35	14.3	20	12.6	14	10.2	123	11.0
Medium hoeveelhede (5 - 14)	10	8.3	20	14.2	74	23.0	63	25.8	39	24.5	24	17.5	230	20.5
Groot hoeveelhede (15 of meer)	2	1.7	4	2.8	19	5.9	26	10.7	15	9.4	11	8.0	77	6.9
TOTAAL	120	100.0	141	100.0	322	100.0	244	100.0	159	100.0	137	100.0	1,123	100.0

$\chi^2 = 53.590; p < .1\%$

Uit bostaande tabel blyk dit eerstens dat 'n betreklike groot persentasie van die ondersoekgroep en wel 45.1 persent, in die betrokke sewe dae geen alkoholiese drank gebruik het nie. Die res van die ondersoekgroep, naamlik 54.9 persent, het dus wel in die sewe dae onder bespreking alkoholiese drank genuttig. Van die totale groep het 12.6 persent in daardie sewe dae slegs een drankie gedrink, terwyl 15.0 persent, twee tot vier, 9.5 persent, vyf tot sewe, 11.0 persent, agt tot veertien en 6.9 persent, vyftien drankies of meer in die betrokke week gedrink het. As die indeling wat H. A. Mulford en D. E. Muller in hulle ondersoek in Iowa toegepas het, op die onderhawige gegewens toegepas word, dan blyk dit dat 45.1 persent van die ondersoekgroep geen drank gebruik het nie, terwyl 27.6 persent klein hoeveelhede verbruik het, dit wil sê een tot vier drankies vir die betrokke week, 20.5 persent, medium hoeveelhede en 6.9 persent van die ondersoekgroep groot hoeveelhede alkoholiese drank verbruik het (2, bl. 27). Uit bostaande kan dus afgelei word dat byna 28.0 persent van die ondersoekgroep medium of groot hoeveelhede alkoholiese drank verbruik.

As die alkoholverbruik van die ondersoekgroep nou volgens ouderdom ontleed word, blyk dit dat die persentasie persone wat geen alkoholiese drank in die betrokke week verbruik het nie, hoër is in die laagste ouderdomsgroepe as wat die geval by die hoër ouderdomsgroepe is want 57.5 persent van die ouderdomsgroep 24 jaar en jonger en 54.6 persent van die ouderdomsgroep 25 tot 29 jaar teenoor 40.7 persent van die ouderdomsgroep 30 tot 39 jaar, 40.6 persent van die ouderdomsgroep 40 tot 49 jaar, 42.1 persent van die ouderdomsgroep 50 tot 59 jaar en 46.0 persent van die ouderdomsgroep 60 jaar of ouer het in die week onder bespreking geen alkoholiese drank gebruik nie. So ook is die persentasie persone wat slegs klein hoeveelhede drank in die betrokke week gedrink het, by die ouderdomsgroep 24 jaar en jonger, hoër as by enige van die ander ouderdomsgroepe. Hierteenoor styg die persentasie persone wat medium hoeveelhede alkoholiese drank verbruik het vanaf 8.3 persent by die ouderdomsgroep 24 jaar en jonger tot 25.8 persent by diegene wat in die ouderdomsgroep 40 tot 49 jaar val en daarna daal die persentasie weer tot 24.5 persent by die 50 tot 59-jariges en verder tot 17.5 persent by diegene wat 60 jaar of ouer is. Dieselfde tendens is ten opsigte van groot hoeveelhede alkoholiese drank waarneembaar. Die ouderdomsgroep 40 tot 49 jaar, in vergelyking met die ander ouderdomsgroepe, het die kleinste persentasie persone wat in die betrokke week geen alkoholiese drank gebruik het nie, ingesluit, en tergelykertyd ook die kleinste persentasie persone wat in daardie tydperk slegs klein hoeveelhede alkoholiese drank verbruik het. Hierteenoor het hierdie ouderdomsgroep egter ook die grootste persentasie persone wat medium of groot hoeveelhede alkoholiese drank verbruik het onder hulle geledere gehad. Uit die voorgenoemde blyk die afleiding dat die swaarste drinkers in die ouderdomsgroep 40 tot 49 jaar voorkom, nie ongeregtig nie. Die verklaring vir hierdie verskynsel is waarskynlik daarin geleë dat die gewoonte om alkoholiese drank te gebruik eers teen hierdie ouderdom so gevestig raak dat die persoon geneig is, of verplig is, om groot hoeveelhede alkoholiese drank te verbruik. Die groter onthaalverpligtinge van die hoër ouderdomsgroepe mag ook 'n rol speel. Die

dalende neiging wat in die ouderdomsgroepe vanaf 50 jaar en ouer voorkom, kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat sommige van die persone in hierdie ouderdomsgroepe onder andere om gesondheidsredes meer matigheid ten opsigte van hul drinkgewoontes aan die dag lê.

9. 2 DIE GETAL DRANKIES GEDURENDE DIÉ SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS GESLAG

In tabel 9. 2 word die getal drankies wat die proefpersone in dié sewe dae genuttig het, met die geslag van die proefpersoon in verband gebring.

TABEL 9. 2

DIE GETAL DRANKIES IN DIÉ SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS GESLAG

Getal drankies	Geslag					
	Manlik		Vroulik		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Geen	213	34.5	293	58.0	506	45.1
1	66	10.7	75	14.9	141	12.6
2 - 4	106	17.2	63	12.5	169	15.0
Klein hoeveelhede (1 - 4)	172	27.9	138	27.4	310	27.6
5 - 7	73	11.8	34	6.7	107	9.5
8 - 14	96	15.5	27	5.3	123	11.0
Medium hoeveelhede (5 - 14)	169	27.3	61	12.0	230	20.5
Groot hoeveelhede (15 of meer)	64	10.4	13	2.6	77	6.9
TOTAAL	618	100.0	505	100.0	1,123	100.0

$$\chi^2 = 100.512; \quad p < .1\%$$

Volgens die gegewens in tabel 9. 2 het heelwat meer as die helfte, naamlik 58. 0 persent, van die vroulike persone in die ondersoekgroep gedurende die betrokke week geen alkoholiese drank verbruik nie terwyl ongeveer nog 'n verdere kwart (27. 4%) slegs klein hoeveelhede drank verbruik het. Hierteenoor het 12. 0 persent medium hoeveelhede en 2. 6 persent groot hoeveelhede drank verbruik. By die manlike groep van die steekproef lyk die drankkonsumpsie heelwat anders want net meer as een-derde (34. 5%) van die groep het geen drankies gebruik nie terwyl 27. 9 persent slegs klein hoeveelhede, 27. 3 persent medium hoeveelhede en 10. 4 persent groot hoeveelhede alkoholiese drank in die betrokke week verbruik het.

Uit voorgaande blyk dit dus duidelik dat die vroulike groep van die ondersoekgroep 'n heelwat ligter drinkpatroon in terme van die hoeveelheid drank wat oor 'n bepaalde tydperk verbruik is, vertoon het as wat die geval by die manlike groep was. Hierdie verskynsel kan hoofsaaklik daaraan toegeskryf word dat daar in Suid-Afrika in baie kringe verkies word dat vroue nie alkoholiese drank moet gebruik nie, en indien hulle dit wel doen, dat dit baie matig gedoen moet word. Dit word dikwels ook nie as vroulik beskou om groot hoeveelhede alkoholiese drank te gebruik nie. Tenslotte kan daar ook nog op gewys word dat vroue in 'n geringer mate as wat die geval by mans is in situasies verkeer waar dit gebruiklik is om alkoholiese drank in groot hoeveelhede te verbruik of waar alkoholiese drank gebruik word om die sosiale omgang te vergemaklik.

9.3 DIE GETAL DRANKIES GEDURENDE DIÉ SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS HUISTAAL

Tabel 9.3 toon aan in hoeverre die verskillende huistaalgroepe ten opsigte van die hoeveelheid drankies wat hulle gebruik, van mekaar verskil.

TABEL 9.3

DIE GETAL DRANKIES GEDURENDE DIÉ SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS HUISTAAL

Getal drankies	Huistaal									
	Afrikaans		Engels		Afrikaans en Engels		Ander tale		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Geen	324	56.6	144	33.9	30	34.9	8	20.0	506	45.1
1	71	12.4	47	11.1	13	15.1	10	25.0	141	12.6
2 - 4	73	12.7	75	17.6	14	16.3	7	17.5	169	15.0
Klein hoeveel- hede (1-4)	144	25.1	122	28.7	27	31.4	17	42.5	310	27.6
5 - 7	39	6.8	55	12.9	11	12.8	2	5.0	107	9.5
8 - 14	41	7.2	65	15.3	9	10.5	8	20.0	123	11.0
Medium hoe- veelhede (5-14)	80	14.0	120	28.2	20	23.3	10	25.0	230	20.5
Groot hoeveelhede (15 of meer)	24	4.2	39	9.1	9	10.5	5	12.5	77	6.9
TOTAAL	572	100.0	425	100.0	86	100.0	40	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 79.157; \quad p < .1\%$$

(Slegs vir Afrikaans- en Engelssprekende groepe: $X^2 = 62.301; \quad p < .1\%$)

Volgens tabel 9.3 het meer as die helfte van die Afrikaanssprekende groep, naamlik 56.6 persent, gedurende die betrokke tydperk geen alkoholiese drank gebruik nie, terwyl nog 'n verdere kwart of 25.1 persent slegs klein hoeveelhede alkoholiese drank gebruik het. Die res, naamlik 14.0 persent en 4.2 persent, het onderskeidelik medium en groot hoeveelhede alkoholiese drank gebruik. Hierteenoor het slegs ongeveer 'n derde of 33.9 persent van die Engels-sprekendes geen drank oor die betrokke tydperk gebruik nie, terwyl 28.7 persent klein hoeveelhede, 28.2 persent medium hoeveelhede en 9.1 persent groot hoeveelhede alkoholiese drank gebruik het. Die swaarste drinkers het waarskynlik by diegene voorgekom wat 'n ander taal as Afrikaans of Engels as huistaal gehad het want slegs 20.0 persent van hulle het geen drank gebruik nie, terwyl 42.5 persent klein hoeveelhede, 25.0 persent medium en 12.5 persent groot hoeveelhede alkoholiese drank in die betrokke tydperk gebruik het. Daardie groep wat daarop aanspraak gemaak het dat hulle sowel Afrikaans as Engels as huistaal gehad het, verskil nie noemenswaardig van die verspreiding wat reeds by die Engelssprekendes ontleed is nie. Soos wat die geval was by die vorige tabelle waar huistaal een van die veranderlikes is, is in die onderhawige tabel ook dieper op die verskil tussen Engels- en Afrikaanssprekendes ingegaan. Omdat die chi-kwadraatwaarde vir tabel 9.3 deur al die taalgroepe bepaal word, is 'n chi-kwadraatwaarde vir die Afrikaans- en Engelssprekendes alleen bepaal. Die resultaat is dat daar ook 'n betekenisvolle verskil gevind word as slegs dié twee taalgroepe met mekaar vergelyk word.

Verder is in hierdie verband ingegaan op die moontlikheid dat 'n verskil in onderwyspeil of inkomste moontlik vir die verskil in drinkpatroon by die twee taalgroepe verantwoordelik mag wees. Om hierdie moontlikheid te ondersoek, is die inkomste en onderwyspeil telkens konstant gehou as die twee taalgroepe met mekaar ten opsigte van die hoeveelheid drankies wat in die afgelope sewe dae gebruik is, vergelyk word. Die resultaat, soos dit blyk uit tabel 9.3.1 en 9.3.2 dui daarop dat die Engels- en Afrikaanssprekendes steeds duidend van mekaar verskil ten opsigte van die hoeveelheid drankies wat genuttig is in die sewe dae wat die ondersoek voorafgegaan het.

Die afleiding wat uit die voorafgaande gemaak kan word, is dat die Engels- en Afrikaanssprekendes ten opsigte van die hoeveelheid drankies wat genuttig word van mekaar verskil en dat hierdie verskil nie tot faktore soos 'n verskil in inkomste of onderwyspeil terugvoer kan word nie maar dat dit waarskynlik verband hou met kulturele verskille wat daar tussen die twee taalgroepe bestaan. Wat hierdie faktore is, kon egter nie deur hierdie ondersoek aangedui word nie en dus bly daar in hierdie opsig ruimte vir verdere navorsing.

TABEL 9.3.1

DIE GETAL DRANKIES GEDURENDE DIE SEWE DAE GENUTTIG DEUR A FRIKAANS- EN ENGELSPREKENDES VOLGENS ONDERWYSPEIL

Getal drankies	Onderwyspeil en huistaal																															
	St. 8 en laer						St. 9 en 10						Bo St. 10						Totaal													
	Afrikaans		Engels		Totaal		Afrikaans en Engels		Engels		Totaal		Afrikaans en Engels		Engels		Totaal		Afrikaans en Engels		Totaal											
G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%									
Geen	239	58.6	85	40.5	23	48.9	347	52.2	56	52.3	37	28.2	4	18.2	97	37.3	30	52.6	22	26.2	3	17.6	55	34.8	325	56.8	144	33.9	30	34.9	499	46.1
Klein hoeveel- hede (1-4 drankies)	104	25.5	53	25.2	11	23.4	168	25.3	24	22.4	50	38.2	9	40.9	83	31.9	16	28.1	19	22.6	7	41.2	42	26.6	144	25.2	122	28.7	27	31.4	293	27.1
Medium hoeveel- hede (5-14 drankies)	49	12.0	49	23.3	9	19.1	107	16.1	20	18.7	36	27.5	5	22.7	61	23.5	10	17.5	35	41.7	6	35.3	51	32.3	79	13.8	120	28.2	20	23.3	219	20.2
Groot hoeveel- hede (15 of meer drankies)	16	3.9	23	11.0	4	8.5	43	6.5	7	6.5	5	6.1	4	18.2	19	7.3	1	1.8	8	9.5	1	5.9	10	6.3	24	4.2	39	9.2	9	10.5	72	6.6
TOTAAL	408	100.0	210	100.0	47	100.0	665	100.0	107	100.0	131	100.0	22	100.0	260	100.0	57	100.0	84	100.0	17	100.0	158	100.0	572	100.0	425	100.0	86	100.0	1,083	100.0

$\chi^2 = 30.7389; p < .1\%$ ¹⁾

$\chi^2 = 15.3909; 1\% > p > .1\%$

$\chi^2 = 16.2464; 1\% > p > .1\%$

1) Chi-kwadraatwaarde is slegs vir Afrikaans- en Engelsprekendes bereken.

TABEL 9.3.2

DIE GETAL DRANKIES GEDURENDE DIÉ SEWE DAE GENUTTIG DEUR AFRIKAANS- EN ENGELSPREKENDES VOLGENS INKOMSTE

Getal drankies	Inkomste en huistaal																							
	R2000 en minder				R2001 - R4000				R4001 en meer				Totaal											
	Afrikaans	Engels	Totaal	%	Afrikaans	Engels	Totaal	%	Afrikaans	Engels	Totaal	%	Afrikaans	Engels	Totaal	%								
Geen	210	61.9	71	42.5	281	55.5	100	53.8	58	31.5	158	42.7	15	31.9	14	19.2	29	24.2	325	56.8	143	33.7	468	47.0
Klein hoeveelhede (1-4 drankies)	79	23.3	44	26.3	123	24.3	46	24.7	60	32.6	106	28.6	19	40.4	18	24.7	37	30.8	144	25.2	122	28.8	266	26.7
Medium hoeveelhede (5-14 drankies)	37	10.9	38	22.8	75	14.8	31	16.7	54	29.3	85	23.0	11	23.4	28	38.4	39	32.5	79	13.8	120	28.3	199	20.0
Groof hoeveelhede (15 of meer drankies)	13	3.8	14	8.4	27	5.3	9	4.8	12	6.5	21	5.7	2	4.3	13	17.8	15	12.5	24	4.2	39	9.2	63	6.3
TOTAAL	339	100.0	167	100.0	506	100.0	186	100.0	184	100.0	370	100.0	47	100.0	73	100.0	120	100.0	572	100.0	424	100.0	996	100.0

$\chi^2 = 22.9533$; $p < .1\%$

$\chi^2 = 19.6550$; $p < .1\%$

$\chi^2 = 10.3926$; $2\% > p > 1\%$

9.4 DIE GETAL DRANKIES GEDURENDE DIÉ SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS ONDERWYSPEIL

In tabel 9.4 word die onderwyspeil van die proefpersone met die hoeveelheid drankies wat hulle gedurende dié sewe dae gedrink het, in verband gebring.

TABEL 9.4

GETAL DRANKIES GEDURENDE DIÉ SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS ONDERWYSPEIL

Getal drankies	Onderwyspeil									
	St. V en laer		St. VI-st. VIII		St. IX-st. X		Onderwyspeil hoër as st. X		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Geen	41	56.9	309	50.1	100	37.0	56	34.1	506	45.1
1	4	5.6	79	12.8	41	15.2	17	10.4	141	12.6
2 - 4	14	19.4	80	13.0	46	17.0	29	17.7	169	15.0
Klein hoeveel-hede (1 - 4)	18	25.0	159	25.8	87	32.2	46	28.1	310	27.6
5 - 7	5	6.9	49	7.9	25	9.3	28	17.1	107	9.5
8 - 14	3	4.2	59	9.6	38	14.1	23	14.0	123	11.0
Medium hoeveel-hede (5 - 14)	8	11.1	108	17.5	63	23.4	51	31.1	230	20.5
Groot hoeveel-hede (15 of meer)	5	6.9	41	6.6	20	7.4	11	6.7	77	6.9
TOTAAL	72	100.0	617	100.0	270	100.0	164	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 43.073; \quad p < .1\%$$

Volgens die gegewens in tabel 9.4 het die grootste persentasie persone wat in die betrokke week geen alkoholiese drank gedrink het nie, naamlik 56.9 persent, voorgekom by diegene wat 'n onderwyspeil van standerd vyf of laer gehad het. Die ooreenstemmende persentasie vir die groep met 'n onderwyspeil van standerd ses tot -agt was 50.1 persent, by diegene met 'n standerdnege- of standerdtiensertifikaat 37.0 persent terwyl dit by daardie groep met 'n onderwyspeil hoër as standerd tien op 34.1 persent te staan gekom het. Dit blyk dus dat die persentasie persone wat gedurende

dié week nie gedrink het nie afneem namate die onderwyspeil van die groep styg. Persone wat in die betrokke week 'n klein hoeveelheid alkoholiese drank verbruik het, vorm ongeveer 'n kwart van onderskeidelik die groep met 'n onderwyspeil laer as standerd ses en diegene met 'n onderwyspeil van standerd ses tot agt, terwyl die ooreenstemmende syfer vir die twee hoër onderwyspeilgroepe, naamlik diegene met 'n standerdnege- tot standerdtiensertifikaat en diegene met 'n hoër onderwyspeil as standerd tien onderskeidelik 32.2 en 28.1 persent was. Word die persentasie persone in elke groep wat medium hoeveelhede alkoholiese drank gebruik het onderling met mekaar vergelyk, dan blyk dit dat die grootste persentasie, naamlik 31.1 persent, by daardie groep met 'n onderwyspeil hoër as standerd tien voorgekom het terwyl die tweede hoogste persentasie, 23.4 persent by die standerdnege- tot standerdtiengroep en die derde hoogste persentasie, naamlik 17.5 persent, by diegene met 'n standerdses- tot standerdagtsertifikaat en die laagste persentasie, naamlik 11.1 persent, by die laagste onderwyspeilgroep, naamlik standerd ses en laer, voorgekom het. Die persentasie persone wat 'n groot hoeveelheid alkoholiese drank in die betrokke tydperk verbruik het, verskil nie beduidend by die verskillende onderwyspeilgroepe nie.

Uit die voorafgaande bespreking is dit dus baie duidelik dat die laer onderwyspeilgroepe naamlik diegene met 'n onderwyspeil van standerd agt of laer oor die algemeen kleiner hoeveelhede alkoholiese drank in die betrokke week gebruik het as wat die geval met die onderwyspeilgroepe van standerd nege en hoër was. 'n Belangrike rede vir hierdie verskynsel is natuurlik daarin geleë dat diegene in die laer onderwyspeilgroepe gewoonlik of dikwels ook persone is met 'n laer inkomste as wat die geval by die hoër onderwyspeilgroepe is met die gevolg dat die laer onderwyspeilgroepe deur hulle laer inkomste weerhou word om groot hoeveelhede alkoholiese drank te gebruik in teenstelling met die hoër onderwyspeilgroepe wat dikwels ook mense met 'n hoër inkomste is en dus gewoonlik oor meer geld beskik om aan alkoholiese drank te bestee. 'n Soortgelyke verband as wat in hierdie tabel, naamlik tabel 9.4, gevind is, het hom ook voorgedoen waar die drinkfrekwensie van die onderwyspeilgroepe ontleed is (vergeelyk tabel 6.6).

9.5 DIE GETAL DRANKIES GEDURENDE DIÉ SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS BEROEP

Alhoewel die syfers in sommige van die selle van tabel 9.5 as gevolg van die groot getal beroepsgroepe waarin die ondersoekgroep verdeel is, soms baie klein word, is daar tog gesoek na 'n verband tussen die beroep van die proefpersoon en die hoeveelheid drank wat hy oor 'n bepaalde tydperk gebruik het.

TABEL 9.5

GETAL DRANKIES GEDURENDE DIË SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS BEROEP

Beroep

Getal drankies	Profesies		Klerklike en admi-nistra-tiewe be-roep		Hoër beroepe in die handels-roep		Laer beroepe in die myn-wese		Geskool-de vak-ri-gtings		Half- en onge-skooldes		Vervoer-dienste		Veilig-heids-dienste		Boere		Voltyd-se stu-dente en skollere		Pensiona-risse en ens.		Voltydse huisvroue		Persoon- like dienste		Werkloos		Ander beroepe		Totaal				
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G
Geen	27	34.6	68	43.9	7	12.7	10	22.2	3	20.0	38	33.3	35	49.3	10	41.7	6	31.6	21	38.2	9	56.3	23	48.9	231	59.8	11	45.8	5	41.7	2	28.6	506	45.1	
1	10	12.8	20	12.9	7	12.7	3	6.7	1	6.7	9	7.9	7	9.9	5	20.8	4	21.1	6	10.9	4	25.0	5	10.6	53	13.7	4	16.7	1	8.3	2	28.6	141	12.6	
2 - 4	15	19.2	26	16.8	10	16.2	6	13.3	5	33.3	20	17.5	11	15.5	2	8.3	2	10.5	12	21.8	1	6.3	8	17.0	47	12.2	2	8.3	1	14.3	169	15.0			
Klein hoeveelhede (1 - 4)	25	32.0	46	29.7	17	30.9	9	20.0	6	40.0	29	25.4	18	25.4	7	29.1	6	31.6	18	32.7	5	31.3	13	27.6	100	25.9	6	25.0	2	16.6	3	42.9	310	27.6	
5 - 7	12	15.4	18	11.6	3	5.5	11	24.4	-	-	19	16.7	2	2.8	1	4.2	2	10.5	6	10.9	-	-	2	4.3	26	6.7	2	8.3	2	16.7	1	14.3	107	9.5	
8 - 14	10	12.8	14	9.0	17	30.9	6	13.3	2	13.3	20	17.5	9	12.7	4	16.7	4	21.1	6	10.9	2	12.5	4	8.5	20	5.2	3	12.5	1	8.3	1	14.3	123	11.0	
Medium hoeveelhede (5 - 14)	22	28.2	32	20.6	20	36.4	17	37.7	2	13.3	39	34.2	11	15.5	5	20.9	6	31.6	12	21.8	2	12.5	6	12.8	46	11.9	5	20.8	3	25.0	2	28.6	230	20.5	
Groot hoeveelhede (15 of meer)	4	5.1	9	5.8	11	20.0	9	20.0	4	26.7	8	7.0	7	9.9	2	8.3	1	5.3	4	7.3	-	-	5	10.6	9	2.3	2	8.3	2	16.7	-	-	77	6.9	
TOTAAL	78	100.0	155	100.0	55	100.0	45	100.0	15	100.0	114	100.0	71	100.0	24	100.0	19	100.0	55	100.0	16	100.0	47	100.0	386	100.0	24	100.0	12	100.0	7	100.0	1,123	100.0	

(Volgens Siegal word hierdie tabel verwerp)

Blykens tabel 9. 5 kom die drie kleinste persentasies ten opsigte van persone wat in die betrokke tydperk geen alkoholiese drank gebruik het nie, naamlik 12. 7 persent, 20. 0 persent en 22. 2 persent onderskeidelik by die hoër beroepe in die handel en mynwese, die laer beroepe in die mynwese en die laer handelsberoepe voor. In aansluiting by die voorgenoemde kom die grootste persentasies persone wat groot hoeveelhede alkoholiese drank verbruik het, naamlik 20. 0 persent, 26. 7 persent en 20. 0 persent respektiewelik ook by voorgenoemde beroepsgroepe voor. Ten opsigte van die verbruik van medium hoeveelhede alkohol is dit weer eens sowel die laer handelsberoepe as die hoër beroepe in die handel en mynwese waarby die grootste persentasies voorkom, naamlik 37. 7 persent en 36. 4 persent onderskeidelik.

Sonder om 'n afdoende verklaring vir hierdie verskynsels te bied, kan daarop gewys word dat dit 'n algemene verskynsel is dat persone in die bogemelde beroepe baie dikwels moet onthaal.

9. 6 DIE GETAL DRANKIES GEDURENDE DIÉ SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS DIE TYD WAAROP DRANK GEWOONLIK GEBRUIK WORD

In tabel 9. 6 word nagegaan in hoeverre die tyd waarop die proefpersone gewoonlik hulle drankies gebruik met die hoeveelheid drank wat hulle gebruik, verband hou. Daar moet onthou word dat die drinktyd waarvan hier gepraat word slegs betrekking het op daardie een geleentheid waarop die proefpersoon gewoonlik of mees dikwels alkoholiese drank gebruik.

TABEL 9.6

GETAL DRANKIES GEDURENDE DIÉ SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS DIE TYD WAAROP DRANK GEWOONLIK GEBRUIK WORD

Getal drankies	Drinktyd																							
	Onmiddellik voor ete			Onmiddellik na ete			Tydens ete			Tussen mid- en aand-ete			Na aand-ete			Net voor slaapyd			Voor middagete			Totaal		
	G	%	%	G	%	%	G	%	%	G	%	%	G	%	%	G	%	%	G	%	%	G	%	%
Geen	152	39.7	9	52.9	54	55.1	107	36.8	158	56.4	16	51.6	10	43.5	506	45.1								
1	45	11.7	3	17.6	18	18.4	33	11.3	34	12.1	3	9.7	5	21.7	141	12.6								
2 - 4	57	14.9	3	17.6	12	12.2	49	16.8	40	14.3	3	9.7	5	21.7	169	15.0								
Klein hoeveel- hede (1 - 4)	102	26.6	6	35.2	30	30.6	82	28.1	74	26.4	6	19.4	10	43.4	310	27.6								
5 - 7	48	12.5	-	-	6	6.1	31	10.7	15	5.4	5	16.1	2	8.7	107	9.5								
8 - 14	52	13.6	1	5.9	6	6.1	39	13.4	23	8.2	1	3.2	1	4.3	123	11.0								
Medium hoeveel- hede (5 - 14)	100	26.1	1	5.9	12	12.2	70	24.1	38	13.6	6	19.3	3	13.0	230	20.5								
Groot hoeveel- hede (15 of meer)	29	7.6	1	5.9	2	2.0	32	11.0	10	3.6	3	9.7	-	-	77	6.9								
TOTAAL	383	100.0	17	100.0	98	100.0	291	100.0	280	100.0	31	100.0	23	100.0	1,123	100.0								

$\chi^2 = 67.206; p < .1\%$

Die grootste enkele persentasie (56.4%) persone wat in die betrokke sewe dae geen alkoholiese drank gebruik het nie, kom blykens tabel 9.6 by daardie groep van die proefpersone voor wat gewoonlik na aandete hulle drankies drink, terwyl die kleinste enkele persentasie (36.8%) van diegene wat geen drank in die betrokke week gedrink het nie, verskyn onder die groep wat gewoonlik tussen middag- en aandete hulle drank nuttig. Dit is dan ook hierdie laasgenoemde groep wat die grootste persentasie (11.0%) persone wat groot hoeveelhede alkoholiese drank verbruik het, insluit. Die kleinste persentasie persone wat groot hoeveelhede alkoholiese drank verbruik het, naamlik 2.0 persent, het by diegene wat gewoonlik tydens ete hul drankies nuttig, voorgekom. Verder blyk dit ook dat die grootste enkele persentasie (26.1%) van diegene wat medium hoeveelhede alkoholiese drank in die betrokke tydperk gebruik het, voorkom by daardie groep persone wat gewoonlik onmiddellik voor ete hul drankies nuttig.

Uit die bostaande blyk dit dus dat die swaarder drinkers veral voorkom by diegene wat gewoonlik tussen middag en aandete of onmiddellik voor ete hulle drankies gebruik. Hierteenoor vertoon diegene wat gewoonlik na aandete en tydens ete hulle drankies gebruik, oor die algemeen die ligste drinkpatroon. Hierdie verskynsel is veral interessant indien daarop gelet word dat die twee groepe wat die grootste persentasie swaarder drinkers insluit, juis diegene is wat hulle drank gebruik op 'n tydstip wanneer hulle honger is terwyl die twee groepe wat die groter persentasie ligter drinkers insluit, weer diegene is wat drink terwyl die ete aan die gang is of direk nadat die ete genuttig is; met ander woorde op 'n tydstip wanneer hulle nie honger is nie. Dit is natuurlik 'n bekende maar verwaarloosde feit dat alkohol 'n groter uitwerking op die mens het as hy dit neem terwyl hy honger is as wanneer die teenoorgestelde die geval is. Volgens hierdie gegewens is dit juis weer hierdie groep (dit wil sê die groep wat honger is as hulle hul drank nuttig) wat geneig is om meer swaar drinkers in te sluit as wat die geval by die ander groepe is.

9.7 DIE GETAL DRANKIES GEDURENDE DIÉ SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS PROVINSIE

Die onderstaande tabel dui aan in hoeverre die hoeveelheid drank wat die proefpersone in dié sewe dae gedrink het, van provinsie tot provinsie verskil.

Enkele provinsiale verskille ten opsigte van die hoeveelheid drank wat gebruik is, is uit bostaande tabel waarneembaar want meer as die helfte van diegene wat in die Vrystaat woonagtig is, naamlik 54.8 persent teenoor 39.1 persent van diegene wat in Natal woonagtig is, het in die betrokke sewe dae geen alkoholiese drank gebruik nie. In Transvaal en Kaapland is die ooreenstemmende persentasies onderskeidelik 45.8 en 43.5.

Diegene wat in die betrokke tydperk slegs klein hoeveelhede drank gebruik het, maak by al vier die provinsies min of meer dieselfde persentasie van die onderskeie groepe uit, terwyl die persentasie persone wat medium en groot hoeveelhede alkoholiese drank in die betrokke tydperk gebruik het, in die Vrystaat ietwat laer is, naamlik 18.3 persent, as wat die geval in die oorblywende drie provinsies was want hier is die ooreenstemmende persentasies 27.4 persent vir Transvaal, 28.7 persent vir Kaapland en 30.5 persent vir Natal.

Uit die voorafgaande wil dit dus voorkom asof die proefpersone uit die Vrystaat 'n kleiner persentasie swaar drinkers opgelewer het as die ander provinsies. Hierdie verskynsel is veral interessant as dit vergelyk word met die gegewens wat reeds onder tabel 3.13 bespreek is en waar daarop gewys is dat die persentasie geheelonthouers in die Vrystaat laer is as in enige van die ander provinsies. Dit wil dus voorkom asof die Vrystaat, alhoewel dit die kleinste persentasie geheelonthouers het, dit ook die kleinste persentasie swaar drinkers onder hul geledere tel.

9.8 DIE GETAL DRANKIES GEDURENDE DIÉ SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS WOONPLEK

In tabel 9.8 word gesoek na 'n verband tussen die landelik-stedelike aard van die proefpersoon se woonplek en die hoeveelheid drank wat hy gebruik.

TABEL 9.8

GETAL DRANKIES GEDURENDE DIÉ SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS WOONPLEK

Getal drankies	Woonplek									
	Stad		Dorp		Plaas		Kleinhoewe		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Geen	259	43.1	161	45.7	49	45.4	37	59.7	506	45.1
1	73	12.1	45	12.8	15	13.9	8	12.9	141	12.6
2 - 4	97	16.1	50	14.2	15	13.9	7	11.3	169	15.0
Klein hoeveel- hede (1 - 4)	170	28.2	95	27.0	30	27.8	15	24.2	310	27.6
5 - 7	65	10.8	27	7.7	12	11.1	3	4.8	107	9.5
8 - 14	69	11.5	39	11.1	9	8.3	6	9.7	123	11.0
Medium hoe- veelhede (5 - 14)	134	22.3	66	18.8	21	19.4	9	14.5	230	20.5
Groot hoe- veelhede (15 of meer)	38	6.3	30	8.5	8	7.4	1	1.6	77	6.9
TOTAAL	601	100.0	352	100.0	108	100.0	62	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 14.239; \quad 70\% > p > 50\%$$

Soos dit blyk uit sowel die persentasies in tabel 9.8 as uit die verkreë chi-kwadraatwaarde, bestaan daar min verband tussen die hoeveelheid drank wat die proefpersone gedurende 'n bepaalde tydperk gebruik het en die landelik-stedelike aard van hulle woonplek want die stad-, dorp- en plaasbewoners verskil nie betekenisvol van mekaar ten opsigte van klein, medium of groot hoeveelhede drank wat in die sewe dae onder bespreking gebruik is nie. By die kleinhoewebewoners kom egter 'n merkbare ligter drinkpatroon voor.

9.9 DIE GETAL DRANKIES GEDURENDE DIÉ SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS DRINKPLEK

Die mate van verband wat daar bestaan tussen die hoeveelheid drankies wat in dié sewe dae gedrink is en die plek waar alkoholiese drank mees dikwels gedrink word, word in tabel 9.9 aangedui.

TABEL 9.9

GETAL DRANKIES GEDURENDE DIÉ SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS DIE PLEK
WAAR DIE DRANK GEWOONLIK GENUTTIG WORD

Getal drankies	Drinkplek							
	By eie wo- ning met fa- milie, vrien- de of huisge- note. Tydens georganiseer- de geleent- hede, huweliks- onthale, ens.		Met vrien- de of huis- genote in 'n klub of ho- tel of al- leen in kroeg, klub of hotel		Geen in- ligting nie of het ge- durende afgelope drie maan- de nie al- koholiese drank ge- bruik nie		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%
Geen	331	65.5	39	7.7	136	26.9	506	100.0
Klein hoeveelhede (1 - 4)	264	85.2	46	14.8	-	-	310	100.0
Medium hoeveelhede (5 - 14)	194	84.4	33	14.3	3	1.3	230	100.0
Groot hoeveelhede (15 of meer)	64	83.1	13	16.9	-	-	77	100.0
TOTAAL	853	75.9	131	11.7	139	12.4	1,123	100.0

$$\chi^2 = 4.235; \quad 70\% > p > 50\% \text{ a)}$$

Omdat daar in tabel 9.9 nie baie groot verskille in die hoeveelheid drank wat gedrink word ten opsigte van die verskillende plekke waar die proefpersone gewoonlik hulle alkoholiese drank drink, bestaan nie, kan aanvaar word dat daar waarskynlik geen betekenisvolle verband tussen hierdie twee faktore bestaan nie. Geen verdere bespreking word dus gegee nie.

a) Hierdie chi-kwadraatwaarde het slegs op die eerste twee kolomme van tabel 9.9 betrekking.

9. 10 DIE GETAL DRANKIES GEDURENDE DIÉ SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS DRANKVOORKEUR

Tabel 9. 10 dui aan of persone wat ten opsigte van hulle drankvoorkeur van mekaar verskil, ook verskil ten opsigte van die hoeveelheid alkoholiese drank wat hulle gewoonlik nuttig.

TABEL 9. 10

GETAL DRANKIES GEDURENDE DIÉ SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS DIE DRANKVOORKEUR

Getal drankies	Drankvoorkeur							
	Wyn		Spiritualieë		Bier		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%
Geen	211	56.9	102	27.1	193	51.3	506	45.1
1	49	13.2	43	11.4	49	13.0	141	12.6
2 - 4	36	9.7	64	17.0	69	18.4	169	15.0
Klein hoeveelhede (1 - 4)	85	22.9	107	28.4	118	31.4	310	27.6
5 - 7	31	8.4	50	13.3	26	6.9	107	9.5
8 - 14	31	8.4	65	17.3	27	7.2	123	11.0
Medium hoeveelhede (5 -14)	62	16.8	115	30.6	53	14.1	230	20.5
Groot hoeveelhede (15 of meer)	13	3.5	52	13.8	12	3.2	77	6.9
TOTAAL	371	100.0	376	100.0	376	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 122.809; \quad p < .1\%$$

Blykens die gegewens in tabel 9. 10 is daar 'n groter persentasie (13.8%) van die persone wat spiritualieë verkies wat groot hoeveelhede alkoholiese drank in die betrokke week gebruik het as wat die geval by diegene is wat wyn en bier as hulle eerste keuse gestel het en waar die ooreenstemmende persentasies respektiewelik 3.5 en 3.2 persent is. So ook word gevind dat 'n groter persentasie van die spiritualieë-drinkers, naamlik 30.6 persent medium hoeveelhede alkoholiese drank gebruik het as wat die geval by die wyndrinkers (16.8%) en die bierdrinkers (14.1%) was. Soos verwag kan word, is daar dan ook 'n groter persentasie van die wyn- (56.9%) en bierdrinkers (51.3%) wat in die betrokke tydperk geen alkoholiese drank gebruik het nie as wat die geval by diegene was wat spiritualieë ver-

kies het (27.1%). Uit die voorafgaande gegewens blyk dit dus dat diegene wat spiritualieë as hulle eerste keuse tussen die dranksoorte stel, in 'n groter mate swaar drinkers insluit as wat die geval by diegene is wat wyn en bier bo ander dranksoorte verkies. Die bogemelde tendens het nouliks enige verdere verklaring nodig want dit is slegs logies dat diegene wat swaar drink, dit wil sê die wat gewoonlik groter hoeveelhede alkoholiese drank verbruik, ook sal verkies om die sterker soorte alkoholiese drank ('n kort drank) te drink. Dit is dan ook presies die afleiding waartoe die gegewens in tabel 9.10 ons bring.

9.11 DIE GETAL DRANKIES GEDURENDE DIË SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK

Tabel 9.11 dui aan in hoeverre die mededeling van die proefpersoon ten opsigte van die hoeveelheid drankies wat hy in die afgelope week gebruik het, verband hou met die indeling van die proefpersone deur die veldwerkers volgens die verskillende grade van drankgebruik en drankmisbruik, wat vir die doel van hierdie tabel saamgevat is in twee hoofgroepe naamlik gebruikers en misbruikers.

TABEL 9.11

GETAL DRANKIES GEDURENDE DIË SEWE DAE GENUTTIG VOLGENS GRAAD VAN DRANKGEBRUIK

Getal drankies	Graad van drankgebruik					
	Gebruikers		Misbruikers		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Geen	495	49.6	11	8.7	506	45.1
Klein hoeveelhede (1 - 4)	300	30.1	10	7.9	310	27.6
Medium hoeveelhede (5 - 14)	173	17.4	57	45.2	230	20.5
Groot hoeveelhede (15 of meer)	29	2.9	48	38.1	77	6.9
TOTAAL	997	100.0	126	100.0	1,123	100.0

$$\chi^2 = 305.9197; \quad p < .1\%$$

Blykens sowel die persentasies van tabel 9.11 as volgens die verkreeë chi-kwadraatwaarde van hierdie tabel, is daar 'n baie sterk verband tussen die hoeveelheid drankies wat die proefpersone in dië sewe dae gebruik het en die graad van drankgebruik of misbruik. Byna die helfte van diegene wat as gebruikers geklassifiseer is, naamlik 49.6 persent, het gedurende die

betrokke sewe dae geen alkoholiese drank gebruik nie terwyl dit die geval was by slegs 8.7 persent van diegene wat deur die veldwerkers as misbruikers beskryf is. So ook het 'n groter persentasie naamlik 30.1 persent van die gebruikers teenoor 7.9 persent van die misbruikers in die betrokke tydperk klein hoeveelhede alkoholiese drank gebruik. Waar dit gaan oor medium en groot hoeveelhede alkoholiese drank, verander die prentjie egter want slegs 17.4 persent van die gebruikers het in die afgelope week medium hoeveelhede en slegs 2.9 persent het groot hoeveelhede alkoholiese drank gebruik teenoor 45.2 persent van die misbruikers wat medium hoeveelhede en 38.1 persent wat groot hoeveelhede alkoholiese drank gebruik het. Die duidelike verband wat tussen die graad van drankgebruik en die hoeveelheid drankies wat gedurende dié sewe dae gebruik is soos uit die vorige tabel blyk, gevind is, dui daarop dat die indeling wat die veldwerkers van die proefpersone volgens die graad van drankgebruik of drankmisbruik gemaak het as betroubaar beskou kan word.

9.12 SAMEVATTING

- 9.12.1 Byna die helfte (45.1%) van die drankgebruikers van die ondersoekgroep het gedurende die betrokke sewe dae geen alkoholiese drank gebruik nie terwyl meer as een kwart (27.6%) slegs klein hoeveelhede alkoholiese drank gebruik het. 'n Verdere 20.5% het medium hoeveelhede en 6.9% het groot hoeveelhede alkoholiese drank in die betrokke week gedrink. Waar die ouderdom en die hoeveelheid drank wat in die betrokke week gedrink is met mekaar in verband gebring word, wil dit voorkom asof die persone in die hoër ouderdomsgroepe 'n groter persentasie persone wat medium en groot hoeveelhede alkoholiese drank gebruik, insluit as wat die geval by die jonger ouderdomsgroepe is. Die ouderdomsgroep 40 tot 49 jaar sluit, in vergelyking met die ander ouderdomsgroepe, waarskynlik die grootste persentasie swaar drinkers in.
- 9.12.2 Soos verwag kan word, is daar veel meer vroue wat in die betrokke tydperk geen alkoholiese drank of slegs klein hoeveelhede gedrink het as wat die geval by mans is. 'n Baie groter persentasie van die mans as van die vroue is swaar drinkers.
- 9.12.3 Dit blyk dat die Afrikaanssprekendes 'n groter persentasie ligte drinkers as die ander taalgroepe insluit, terwyl diegene wat 'n ander taal as een van die amptelike tale as huistaal het, in 'n groter mate as die ander twee groepe swaar drinkers onder hulle geledere tel. Hierdie verskille kan nie aan faktore soos onderwyspeil en inkomste toegeskryf word nie.
- 9.12.4 'n Groter persentasie van diegene wat 'n onderwyspeil van standaard nege of hoër bereik het, het in die betrokke tydperk medium of groot hoeveelhede alkoholiese drank gebruik as wat die geval by daardie gedeelte van die ondersoekgroep is wat slegs oor 'n standerdagtsertifikaat of 'n laer onderwyskwalifikasie beskik het.

9. 12. 5 Alhoewel die syfers ten opsigte van die verskillende beroepsgroepe te klein is om baie duidelike gevolgtrekkings te maak, wil dit tog voorkom asof persone in die handel en mynwyse geneig is om groter hoeveelhede alkoholiese drank te gebruik as wat die geval by baie van die ander beroepsgroepe is.
9. 12. 6 Persone wat gewoonlik hul drankies tussen middag- en aandete nuttig, sluit 'n groter persentasie swaar drinkers in as wat die geval by persone is wat gewoonlik tydens ete of direk na aandete hul drankies gebruik.
9. 12. 7 Waar die hoeveelheid drankies wat die proefpersone in die betrokke sewe dae gedrink het met die provinsie waarin hulle woon in verband gebring word, wil dit voorkom asof persone uit die Oranje-Vrystaat in verhouding tot die ander provinsies 'n kleiner persentasie persone wat medium hoeveelhede en groot hoeveelhede alkoholiese drank gebruik het, insluit terwyl die Natallers waarskynlik weer meer as die ander groepe, persone wat bogemelde hoeveelhede alkoholiese drank gebruik het onder hulle gelede tel. Hierdie verskynsel hang waarskynlik saam met die kulturele verskille wat tussen die twee bevolkingsgroepe voorkom want dit is algemeen bekend dat Natal meer Engelssprekende persone huisves teenoor Afrikaanssprekendes as die Oranje-Vrystaat.
9. 12. 8 Geen verband kon tussen die hoeveelheid drankies wat gedurende 'n bepaalde tydperk gebruik is en die landelik-stedelike aard van die woonplek van die proefpersoon gevind word nie.
9. 12. 9 Waar die hoeveelheid drankies wat oor die bepaalde tydperk gedrink is met die plek waar dit gedrink is in verband gebring word, blyk dit dat haas geen verband bestaan nie.
9. 12. 10 Uit die versamelde gegewens blyk dit baie duidelik dat die persone wat spiritualieë as hulle eerste keuse van die dranksoorte aangedui het, onder hulle gelede 'n baie groter persentasie persone wat medium en groot hoeveelhede alkoholiese drank oor die betrokke tydperk gebruik het, insluit as wat die geval by die wyn- en bierdrinkers is.
9. 12. 11 Daardie 126 persone uit die steekproef wat deur die veldwerkers as misbruikers van alkoholiese drank geklassifiseer is, sluit in 'n baie groter mate persone wat medium en groot hoeveelhede alkoholiese drank oor die betrokke tydperk gebruik het in as wat die geval by die gebruikers is en waar die oorheersende persentasies van diegene wat geen of slegs klein hoeveelhede alkoholiese drank in die betrokke sewe dae gebruik het, te vinde is. Hierdie verskynsel dui dus op 'n ooreenkoms tussen die indeling wat deur die veldwerkers van die proefpersone gemaak is en die hoeveelheid drankies wat die proefpersoon volgens sy eie getuienis oor die betrokke tydperk gebruik het.

HOOFSTUK 10

DIE MAANDELIKSE HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK

Die gegewens wat in hierdie hoofstuk behandel word, handel oor die huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank van die huishouding waartoe die proefpersoon behoort. Soos in die inleidingshoofstuk uiteengesit, word onder huishouding verstaan die ekonomiese en sosiale eenheid wat uit daardie persone bestaan wat in dieselfde woning woon, aan dieselfde tafel eet en dieselfde begroting het.

Met huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank word dus die totale uitgawe aan alkoholiese drank uit die gemeenskaplike begroting van die huishouding waartoe die proefpersoon behoort, bedoel, afgesien van wie daardie drank verbruik.

In hierdie hoofstuk word dus daarop ingegaan wat die finansiële „las" is wat die gebruik van alkoholiese drank op die huishoudelike begroting lê en watter maatskaplike faktore met die omvang van hierdie uitgawe verband hou.

Vir die doel van die ontleding word die bedrae onder R4 as klein, dié vanaf R4 tot R9.90 as medium en bedrae van R10 of meer per maand as groot bedrae beskryf. Hierdie indeling is bloot arbitrêr vir die gerief van die besprekings.

10.1 DIE MAANDELIKSE HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN DRANK VOLGENS HUISTAAL

In tabel 10.1 word die maandelikse huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank van die huishoudings van die proefpersone volgens hul huistaal ontleed.

TABEL 10.1

HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS HUISTAAL

Maandelikse uitgawe aan alkoholiese drank	Afrikaans		Engels		Afrikaans en Engels		Ander tale		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Niks	295	36.9	133	24.5	39	33.9	5	11.6	472	31.5
Onder R4	375	46.9	201	37.0	42	36.5	25	58.1	643	42.9
R4 - R9.99	85	10.6	113	20.8	15	13.0	8	18.6	221	14.7
R10 of meer	44	5.6	96	17.7	19	16.5	5	11.6	164	10.9
TOTAAL	799	100.0	543	100.0	115	100.0	43	100.0	1,500	100.0

$$X^2 = 126.029; \quad p < .1\%$$

(Slegs vir Afrikaans- en Engelssprekende groepe: $X^2 = 91.654; \quad p < .1\%$)

Byna een-derde (31.5%) van die huishoudings van die proefpersone het hoegenaamd geen uitgawe aan alkoholiese drank vermeld nie. Hierdie persentasie is hoër as die persentasie (25.1%) geheelonthouers wat in tabel 3.1 aangedui is. Die verklaring vir hierdie verskil lê daarin dat sommige van die proefpersone nooit enige alkoholiese drank koop nie maar tog ook geen afgehele afskaffers is nie.

'n Verdere 42.9 persent bestee gemiddeld minder as vier rand per maand, 14.7 persent vier tot nege rand nege-en-negentig sent en 10.9 persent tien rand of meer per maand aan alkoholiese drank. Uit die voorgaande blyk dit dus dat nagenoeg drie-kwart (74.4%) van die huishoudings of gemiddeld slegs klein bedrae of niks aan alkoholiese drank bestee nie.

Word hierdie indeling nou volgens huistaal ontleed, blyk die volgende: Groter persentasies van die Afrikaanssprekendes (36.9% en 46.9% onderskeidelik) as Engelssprekendes (24.5% en 37.0% onderskeidelik) bestee geen geld of slegs klein bedrae gemiddeld per maand aan alkoholiese drank. Ten opsigte van medium en groot bedrae is die persentasies by die Engels-sprekendes (20.8% en 17.7% onderskeidelik) ongeveer dubbeld so hoog as by die Afrikaanssprekendes waar die ooreenstemmende persentasies respektiewelik op 10.6 en 5.6 persent te staan kom.

Die persentasies by die groep wat beide amptelike tale as huistaal het, lê min of meer tussen dié van die Afrikaans- en die Engessprekendes.

By daardie groep wat nie een van die amptelike tale as huistaal gehad het nie, het slegs 'n relatief klein persentasie (11.6%) geen geld aan alkoholiese drank bestee nie terwyl die grootste enkele persentasie (58.1%) wat gemiddeld klein bedrae per maand aan drank bestee het, ook by hulle aangetref word.

Soos reeds verskeie plekke daarop gewys is, is daar duidelike verskille in die drinkpatroon van die verskillende huistaalgroepe. Dit wil deurgaans voorkom asof die Engelssprekendes meer algemeen as die Afrikaanssprekendes drank gebruik. Hierdie afleiding word weer eens deur die gegewens in tabel 10.1 bevestig. In 'n poging om die invloed van die ander taalgroepe in die vergelyking tussen die Engels- en Afrikaanssprekendes uit te skakel, is 'n chi-kwadraatberekening slegs ten opsigte van laasgenoemde twee taalgroepe gedoen. Die bevinding is dat daar wel 'n betekenisvolle verskil tussen die Engels- en Afrikaanssprekendes bestaan.

10.2 HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS HUWELIKSTAAT

Die huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank word in tabel 10.2 met die huwelikstaat in verband gebring.

TABEL 10.2

HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS HUWELIKSTATUS

Maandelikse uitgawe aan alkoholiese drank	Getroud		Nooit getroud		Geskei		Wewenaar of weduwee		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Niks	330	26.9	72	47.4	13	44.8	57	63.3	472	31.5
Onder R4	557	45.3	57	37.5	7	24.1	22	24.4	643	42.9
R4 - R9.90	197	16.0	14	9.2	5	17.2	5	5.6	221	14.7
R10 of meer	145	11.8	9	5.9	4	13.7	6	6.6	164	10.9
TOTAAL	1,229	100.0	152	100.0	29	100.0	90	100.0	1,500	100.0

$$X^2 = 88.784; \quad p < .1\%$$

Dit val dadelik op dat die grootste persentasie (13.7%) persone wat groot bedrae aan alkoholiese drank bestee, by die geskeies voorgekom het. Dieselfde geld ten opsigte van medium bedrae (17.2%). Hierdie tendens

sluit aan by wat reeds in 'n ander tabel bevind is (vergelyk tabel 6. 4) naamlik dat dit wil voorkom asof geskeies meer alkoholiese drank as die ander huwelikstaatsgroepe gebruik.

As die uitgawe van die getroudes met diegene wat nog nie getroud is nie, vergelyk word, blyk dit dat die getroudes se huishoudelike uitgawe aan drank bepaald hoër is as by die ongetroudes want groter persentasies van eersgenoemde groep bestee medium en groot bedrae aan alkoholiese drank as wat die geval by laasgenoemde groep is. Hierdie tendens is lig te begryp indien in aanmerking geneem word dat die huishoudelike uitgawe van die ongetroude ook aan ander gebruiksgoedere meestal laer is as wat die geval by getroudes is. Verder speel die feit dat die ongetroudes meestal persone in die laagste ouderdomsgroepe is, ook 'n rol. Daar moet ook onthou word dat ongetroude dames dikwels drank gebruik waarvoor hul nie self betaal nie en selde self ander mense op alkoholiese drank trakteer.

Die feit dat die grootste enkele persentasie (63. 3%) persone wat geen uitgawe aan alkoholiese drank het nie by diegene wat in 'n staat van wewenaar- of weduweeskap verkeer, voorkom, kan daaraan toegeskryf word dat hierdie groep relatief baie bejaardes en vrouens insluit en soos reeds aangedui, word die drinkpatroon in die hoogste ouderdomsgroepe ietwat ligter. Die grootste persentasie geheelonthouers kom dan ook in die hoogste ouderdomsgroepe voor (vergelyk tabel 3. 2).

10. 3 HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS WOONPLEK

Die volgende tabel toon aan of die landelik-stedelike aard van die proefpersoon se woonplek met die huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank verband hou.

TABEL 10. 3

HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS WOONPLEK

Maandelikse uitgawe aan alkoholiese drank	Stad		Dorp		Plaas		Kleinhoewe		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Niks	265	33. 0	135	29. 2	35	24. 8	37	39. 8	472	31. 5
Onder R4	329	41. 0	209	45. 2	69	48. 9	36	38. 7	643	42. 9
R4 - R9. 90	126	15. 7	65	14. 0	17	12. 1	13	14. 0	221	14. 7
R10 of meer	83	10. 3	54	11. 6	20	14. 1	7	7. 5	164	10. 9
TOTAAL	803	100. 0	463	100. 0	141	100. 0	93	100. 0	1, 500	100. 0

$$X^2 = 9. 153; \quad 50\% > p > 30\%$$

Uit sowel die verkreeë chi-kwadraatwaarde as uit die persentasies van tabel 10.3 blyk dit dat daar geen noemenswaardige verband tussen huishoudelike uitgawes aan drank en woonplek bestaan nie. Hierdie afwesigheid van betekenisvolle verskille is ook ten opsigte van ander aspekte van die drinkpatroon van die verskillende groepe gevind.

10.4 HUISHOUELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS ONDERWYSPEIL

In onderstaande tabel word die huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank volgens onderwyspeil ontleed.

TABEL 10.4

HUISHOUELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS ONDERWYSPEIL

Maandelikse uitgawe aan alkoholiese drank	St. V of laer		St. VI - st. VIII		St. IX - st. X		Onderwyspeil hoër as st. X		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Niks	55	47.8	298	34.1	79	25.1	40	20.5	472	31.5
Onder R4	45	39.1	388	44.4	136	43.2	74	37.9	643	42.9
R4 - R9.90	7	6.1	125	14.3	53	16.8	36	18.5	221	14.7
R10 of meer	8	6.9	64	7.3	47	14.9	45	23.0	164	10.9
TOTAAL	115	100.0	875	100.0	315	100.0	195	100.0	1,500	100.0

$$\chi^2 = 91.794; \quad p < .1\%$$

Uit die bostaande gegewens is dit duidelik dat daar 'n positiewe verband tussen die huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank en die onderwyspeil is want namate die onderwyspeil van die groep styg, neem die persentasie persone wat geen geld aan alkoholiese drank bestee nie af vanaf 47.8 persent by diegene wat slegs oor 'n standerd vyf of laer kwalifikasie beskik tot 20.5 persent by daardie groep wat 'n naskoolse kwalifikasie verwerf het. Presies die teenoorgestelde tendens is ten opsigte van medium en groot hoeveelhede alkoholiese drank waarneembaar want hier styg die persentasies namate die onderwyspeil hoër word en wel vanaf 6.1 persent tot 18.5 persent en vanaf 6.9 persent tot 23.0 persent respektiewelik.

Die voorafgaande verskynsel hang waarskynlik saam met tendense

waarop reeds gewys is naamlik dat die hoër onderwyspeilgroepe oor die algemeen 'n swaarder drinkpatroon as die laer onderwyspeilgroepe vertoon. (Vergelyk tabelle 6. 6 en 9. 4.)

Die feit dat die hoër onderwyspeilgroepe 'n groter huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank het, kan waarskynlik in 'n groot mate daaraan toegeskryf word dat 'n hoër onderwyspeil in 'n mate, soos dit uit die volgende tabel sal blyk, met 'n hoër inkomste saamhang en die hoër inkomstegroepe het meer geld tot hulle beskikking om aan alkoholiese drank te bestee, as wat die geval by diegene is wat slegs oor 'n groot genoeg inkomste beskik om in die noodsaaklikste lewensbehoefes te voorsien. Die verband tussen onderwyspeil en inkomste word in tabel 10. 4. 1 gegee.

TABEL 10. 4. 1

DIE ONDERWYSPEIL VAN DIE ONDERSOEGGROEP VOLGENS INKOMSTE

Onder- wys- peil	Geen		R2000 of laer		R2,001 - R4,000		R4,001 - R6,000		R6,001 en hoër		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
St. 5 en laer	1	1.4	58	80.6	10	13.9	2	2.8	1	1.4	72	100.0
St. 6, 7 en 8	11	1.8	364	59.2	205	33.3	22	3.6	13	2.1	615	100.0
St. 9 en 10	10	3.7	91	33.7	126	46.7	25	9.3	18	6.7	270	100.0
Hoër as st. 10	2	1.2	30	18.3	77	47.0	35	21.3	20	12.2	164	100.0
TC- TAAL	24	2.1	543	48.4	418	37.3	84	7.5	52	4.6	1,121	100.0

Uit tabel 10. 4. 1 blyk dit duidelik dat daar 'n onderlinge verband tussen inkomste en onderwyspeil bestaan want groter persentasies van die hoër onderwyspeilgroepe val in die hoër inkomstegroepe as wat die geval by diegene met die laer onderwyspeil is.

10. 5 HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS INKOMSTE

In die volgende tabel word nader op die verband tussen huishoudelike

uitgawe aan alkoholiese drank en inkomste ingegaan.

TABEL 10.5

HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS INKOMSTE

Maandelikse uitgawe aan alkoholiese drank	Geen		Onder R2,000		R2,001 - R4,000		R4,001 - R6,000		R6,001 en meer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
	Niks	20	62.5	334	41.4	108	21.1	8	8.8	1	1.8	471
Onder R4	10	31.3	352	43.6	231	45.1	33	36.3	16	28.6	642	42.9
R4 - R9.90	1	3.1	80	9.9	103	20.1	27	29.7	10	17.9	221	14.8
R10 of meer	1	3.1	41	5.0	70	13.7	23	25.3	29	51.8	164	10.9
TOTAAL	32	100.0	807	100.0	512	100.0	91	100.0	56	100.0	1,498	100.0

$$X^2 = 293.390; \quad p < .1\%$$

'n Soortgelyke verband as wat in die vorige afdeling gevind is, kom ook tussen inkomste en huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank voor, want 41.4 persent van die inkomstegroep van R2,000 of minder per jaar (diegene sonder inkomste buite rekening gelaat) se huishoudings bestee geen geld aan alkoholiese drank nie terwyl dit slegs die geval is by 21.1 persent van die groep met 'n inkomste van R2001 - R4000, 8.8 persent van die groep R4001 tot R6000 en 1.8 persent van diegene met 'n inkomste van meer as R6000 per jaar.

In verband met huishoudings wat groot bedrae aan drank bestee, word die teenoorgestelde bevind want meer as die helfte (51.8%) van die hoogste inkomstegroep (R6001 per jaar of meer) val in hierdie kategorie terwyl dit onderskeidelik die geval is by 25.3 persent, 13.7 persent en 5.0 persent van die tweede hoogste, derde hoogste en laagste inkomstegroep.

Ter verklaring van bostaande wil dit voorkom asof die hoër inkomstegroepe meer geld tot hulle beskikking het om aan weelde-artikels soos alkoholiese drank te bestee en daarom ook 'n groter bedrag uit die gesinsbegroting hiervoor afsonder as waartoe die persoon met die laer inkomste in staat is. Schumann, Franszen en de Kock wys dan ook in hulle bespreking van „inkome-elasticiteit van vraag" daarop dat 'n verhoging van inkomste die verbruiker se vraag na sekere goedere mag verhoog. (10, bl. 147) Alkoholiese drank is skynbaar een van hierdie artikels.

10.6 HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS DIE GEMIDDELDE MAANDELIKSE UITGAWE VAN DIE HUISHOUDING AAN VOEDSEL

In hierdie afdeling word die uitgawes aan alkoholiese drank en die voedseluitgawes van die huishoudings van die proefpersone met mekaar in verband gebring.

TABEL 10.6

HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN VOEDSEL

Maandelikse uitgawe aan alkoholiese drank	Gemiddelde maandelikse uitgawe aan voedsel											
	Minder as R20		R20 - R40		R41 - R60		R61 - R80		R81 en meer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Niks	139	60.7	126	33.5	136	27.1	55	20.1	16	13.3	472	31.5
Onder R4	72	31.4	186	49.5	226	45.0	144	41.8	45	37.5	643	42.9
R4 - R9.90	12	5.2	38	10.1	91	18.1	54	19.8	26	21.7	221	14.7
R10 of meer	6	2.6	26	6.9	49	9.8	50	18.3	33	27.5	164	10.9
TOTAAL	229	100.0	376	100.0	502	100.0	273	100.0	120	100.0	1,500	100.0

$$\chi^2 = 262.809; \quad p < .1\%$$

Die huishoudelike uitgawe aan voedsel waarvan in die bostaande tabel melding gemaak word, het betrekking op die voedselverbruik van alleen diegene wat dieselfde gesinsbegroting het en tegelykertyd in dieselfde woning woon.

Uit die gegewens in bostaande tabel spreek 'n opvallende verband tussen gemiddelde uitgawe aan alkoholiese drank en die gemiddelde uitgawe aan voedsel. Slegs 2.6 persent van die persone wat maandeliks gemiddeld minder as twintig rand aan voedsel bestee, bestee tien rand of meer aan alkoholiese drank. Hierdie persentasie styg namate die bedrag wat aan voedsel bestee word, toeneem totdat dit op 27.5 persent te staan kom by diegene wat R81 of meer per maand aan voedsel bestee. Die teenoorge-stelde tendens is waar te neem ten opsigte van persone wat geen geld aan alkoholiese drank bestee nie want 13.3 persent van hierdie voorgenoemde groep bestee geen geld aan alkoholiese drank nie terwyl dit die geval is by 60.7 persent van daardie groep wat minder as twintig rand per maand aan voedsel bestee.

Die verband waarop gewys is en wat op 'n direkte eweredigheid van voedsel- en drankuitgawes neerkom, kan hoofsaaklik aan twee faktore toegeskryf word. Eerstens kan verwag word dat groter huishoudings noodwendig meer voedsel nodig het, en indien hulle nie afskaffers is nie, sal hulle ook meer aan alkoholiese drank bestee as die klein huishouding wat soms selfs uit 'n enkeling bestaan. Tweedens kan verwag word dat persone wat vanweë 'n geringe inkomste nie baie geld het om aan voedsel te bestee nie, ook noodwendig in meeste gevalle min aan alkoholiese drank sal bestee want laasgenoemde is slegs 'n weelde-artikel.

10.7 HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS DRINKMOTIEF

Die redes waarom persone alkoholiese drank gebruik, word in die volgende tabel met die huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank in verband gebring.

TABEL 10.7

HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS REDE VIR DRANKGEBRUIK

Maandelikse uitgawe aan alkoholiese drank	Fisiologiese redes		Psigologiese redes		Sosiale redes		Ander redes		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Niks	15	8.4	10	4.0	152	23.4	2	4.5	179	15.9
Onder R4	110	61.5	105	42.0	348	53.6	20	45.5	583	52.0
R4 - R9.90	33	18.4	76	30.4	89	13.7	7	15.9	205	18.3
R10 of meer	21	11.8	59	23.6	61	9.4	15	34.1	156	13.9
TOTAAL	179	100.0	250	100.0	650	100.0	44	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 179.102; \quad p < .1\%$$

Blykens bostaande tabel is daar waarskynlik 'n verband tussen die drinkmotief en die huishoudelike uitgawe aan drank want slegs 4.0 persent van diegene wat om psigologiese redes drank gebruik, se huishoudings het geen uitgawe aan drank gehad nie terwyl 42.0 persent klein, 30.4 persent medium, en 23.6 persent groot bedrae aan alkoholiese drank bestee het. By die sosiale drinkers daarenteen het 23.4 persent geen, 53.6 persent klein, 13.7 persent medium, en slegs 9.4 persent groot bedrae aan alkoholiese drank bestee.

Vervolgens blyk dit ook dat diegene wat om fisiologiese redes hul drank gebruik oor die algemeen 'n kleiner huishoudelike uitgawe aan drank het as daardie groep wat psigologiese redes aangevoer het, maar tog waarskynlik meer as die sosiale drinkers. By die groep wat om „ander" redes drank gebruik het, het meer as een derde (34.1%) groot bedrae aan drank bestee terwyl slegs 4.5 persent geen geld aan alkoholiese drank bestee het nie.

Die voorafgaande tendense is te verwag want die sosiale drinkers verteenwoordig, soos reeds op gewys, mees dikwels die ligte drinkers; vandaar hul relatief lae huishoudelike uitgawe aan drank. Hierteenoor sluit die persone wat psigologiese redes vir hulle drinkgewoontes aanvoer, baie swaar drinkers in en daarom bestee hul huishoudings baie geld aan drank. Dié groep wat „ander" redes aangevoer het, is dikwels persone by wie drankgebruik 'n „tradisie" is; dit wil sê persone afkomstig uit kulture wat alkoholiese drank daaglik as 'n deel van hul dieet nuttig. Soos verwag word, sal hierdie persone se huishoudings relatief baie geld aan alkoholiese drank bestee.

10.8 DIE HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK

In tabel 10.8 word vasgestel in hoeverre die huishoudings van die proefpersone se uitgawe aan alkoholiese drank deur die feit of die proefpersoon self 'n geheelonthouer is of nie, beïnvloed word.

TABEL 10.8

HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS GEHEEL- ONTHOUDING

Maandelikse uitgawe aan alkoholiese drank	Geheelont- houers		Drankge- bruikers		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Niks	293	77.7	179	15.9	472	31.5
Onder R4	60	15.8	583	52.0	643	42.9
R4 - R9.90	16	4.2	205	18.3	221	14.7
R10 of meer	8	2.2	156	13.9	164	10.9
TOTAAL	377	100.0	1,123	100.0	1,500	100.0

$$X^2 = 501.498; \quad p < .1\%$$

Soos verwag kan word is die geheelonthouers se huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank oor die algemeen gesproke heelwat laer as wat die geval by diegene is wat wel drank gebruik. Die huishoudings van meer as 'n driekwart (77.7%) van die geheelonthouers, het geen uitgawe aan alkoholiese drank gehad nie terwyl dit slegs by 15.9 persent van die gebruikers die geval was.

Die 22.3 persent onthouers wie se huishoudings wel iets aan alkoholiese drank bestee het, bestaan uit 15.8 persent huishoudings wat klein, 4.2 persent wat medium en 2.2 persent wat groot bedrae bestee het. By die gebruikers daarenteen was die ooreenstemmende persentasies egter 52.0 persent vir klein, 18.3 persent vir medium en 13.9 persent vir groot bedrae.

Vir bogenoemde tendens is nouliks enige verklaring nodig behalwe miskien dat daar onthou moet word dat die huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank in die geval van geheelonthouers daaraan toegeskryf moet word dat ánder lede van die huishouding waarskynlik drank gebruik.

10.9 HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS PROVINSIE

Die huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank word in onderstaande tabel op 'n provinsiale basis ontleed.

TABEL 10.9

HUISHOUDELIKE UITGAWE AAN ALKOHOLIESE DRANK VOLGENS PROVINSIE

Provinsie	Niks		Onder R4		R4 - R9.90		R10 of meer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Transvaal	201	30.5	290	44.0	91	13.8	78	11.8	660	100.0
Kaapprovinsie	184	34.1	227	42.1	79	14.6	50	9.2	540	100.0
Natal	59	32.8	64	35.6	37	20.6	20	11.1	180	100.0
Oranje-Vrystaat	28	23.3	62	51.7	14	11.7	16	13.4	120	100.0
TOTAAL	472	31.5	643	42.9	221	14.7	164	10.9	1,500	100.0

$$X^2 = 16.476; \quad 10\% > p > 5\%$$

Soos wat dit uit die verkreë chi-kwadraatwaarde en die persentasieverdeling van tabel 10.9 blyk, is daar nie baie duidelike provinsiale verskille ten opsigte van huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank nie.

Dit is in elk geval miskien waardevol om op 'n paar klein verskille te let. Die Kaap het, van al vier die provinsies, tegelykertyd die grootste persentasie (34.1%) persone wat geen geld aan alkoholiese drank bestee nie en die kleinste persentasie (9.2%) persone wat gemiddeld maandeliks groot bedrae aan alkoholiese drank bestee. Gedeeltes van die Kaap is natuurlik wynproduserend en die verbruik van eie produksie asook die ietwat laer pryse van sommige dranksoorte, mag in 'n mate vir die aangeduide tendens verantwoordelik wees.

Verder dien daarop gelet te word dat die Oranje-Vrystaat weer van al die provinsies die kleinste persentasie (23.3%) persone wat geen geld aan alkoholiese drank bestee nie, insluit en tegelykertyd die grootste persentasie (13.4%) wat gemiddeld groot bedrae bestee. Hierdie gegewens is ietwat teenstrydig met wat in ander hoofstukke bevind is, naamlik dat 'n groter persentasie van die proefpersone uit die Vrystaat in die sewe dae wat die ondersoek voorafgegaan het, geen alkoholiese drank gedrink het nie as wat by die ander provinsies die geval was. Ter aanvulling kan daarop gewys word dat 'n betreklik klein persentasie persone van die groep onder bespreking in die betrokke tydperk medium of groot hoeveelhede drank verbruik het. (Vgl. tabel 9.7)

Die verskille is egter nie betekenisvol genoeg om veel afleidings te maak en verklarings te probeer gee nie.

10.10 SAMEVATTING

10.10.1 Die huishoudings van byna 'n derde van die ondersoekgroep bestee geen geld aan alkoholiese drank nie terwyl 'n verdere twee-vyfdes gemiddeld slegs vier rand of minder per maand bestee. Slegs ongeveer een uit elke tien huishoudings bestee gemiddeld tien rand of meer per maand aan alkoholiese drank.

Oor die algemeen bestee meer Engelssprekende as Afrikaanssprekende huishoudings medium of groot bedrae aan alkoholiese drank.

10.10.2 Van al die huwelikstaatsgroepe bestee die kleinste persentasie van die getroudes geen geld aan alkoholiese drank nie terwyl die geskeies weer die grootste persentasie huishoudings oplewer wat medium of groot bedrae aan alkoholiese drank bestee. Hierdie verskynsel mag natuurlik die gevolg of die oorsaak vir die egskeiding wees. Die huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank by ongetroudes en persone wat in 'n staat van wewenaar- of weduweeskap verkeer, is betreklik laag, waarskynlik omdat hul huishoudings klein is en die een groep veral uit jeugdige en die ander veral uit bejaarde persone bestaan.

- 10.10.3 Die landelik-stedelike aard van die woonplek van die proefpersone toon haas geen verband met die grootte van die huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank nie.
- 10.10.4 Huishoudings van persone met 'n hoër onderwyspeil bestee oor die algemeen gemiddeld meer per maand aan alkoholiese drank as wat die geval is by huishoudings van persone uit die laer onderwyspeilgroepe. Hierdie verskynsel hang waarskynlik met die grootte van die inkomste en ook die drankvoorkeur saam.
- 10.10.5 Namate die inkomste van die proefpersoon styg, styg die bedrag wat gemiddeld per maand deur die betrokke huishouding aan alkoholiese drank bestee word. Die feit dat alkoholiese drank eintlik 'n luukse artikel is, is waarskynlik hiervoor verantwoordelik. Die laer inkomstegroepe word waarskynlik deur hul inkomste beperk om nie meer aan alkoholiese drank te bestee nie.
- 10.10.6 Die bedrag wat gemiddeld maandeliks aan alkoholiese drank deur die huishoudings bestee word, is direk eweredig aan die gemiddelde maandelikse huishoudelike uitgawe aan voedsel. Die grootte van die huishouding en die beskikbare geld laat waarskynlik hul invloed op elkeen van die betrokke huishoudelike uitgawes voel.
- 10.10.7 Persone wat om psigologiese redes drank gebruik, se huishoudelike uitgawe aan drank is oor die algemeen bietjie hoër as by diegene wat fisiologiese redes vir hul drinkgewoonte aangevoer het en veral baie hoër as by die sosiale drinkers; waarskynlik vanweë die duurdur dranksoorte soos spiritualieë, wat deur eersgenoemde groep verkies word.
- 10.10.8 Geheelonthouers se huishoudings, soos dan ook verwag kan word, bestee gemiddeld minder aan alkoholiese drank as die huishoudings van persone wat wel drank gebruik.
- 10.10.9 Nagenoeg geen provinsiale verskille is ten opsigte van huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank gevind nie.

HOOFTUK 11

DIE WAARDE VAN DIE ALKOHOLIESE DRANK WAT GEMIDDELD PER MAAND DEUR DIE PROEFPERSOON VERBRUIK WORD

'n Verdere faktor wat met die drinkpatroon verband hou, is die geldwaarde van die alkoholiese drank wat deur die proefpersoon verbruik word. Hierdie faktor werp verder ook, alhoewel nie direk nie maar tog indirek, lig op die belangrike vraag naamlik hoe 'n swaar drinker die proefpersoon is en watter sosio-ekonomiese faktore met die bepaalde drinkpatroon verband hou. Al hierdie fasette van die ondersoek word in hierdie hoofstuk bespreek.

11.1 DIE WAARDE VAN DIE ALKOHOLIESE DRANK WAT GEMIDDELD PER MAAND VERBRUIK WORD

Tabel 11.1 dui aan wat die waarde van die alkoholiese drank is wat die ondersoekgroep gemiddeld per maand verbruik.

TABEL 11.1

DIE WAARDE VAN DIE ALKOHOLIESE DRANK WAT GEMIDDELD PER MAAND VERBRUIK WORD

Waarde van drank gemiddeld per maand verbruik	Getal	Persentasie
R1 of minder	724	64.5
Meer as R1 en minder as R4	243	21.6
R4 - R9	102	9.1
R10 - R14	37	3.3
R15 en meer	17	1.5
TOTAAL	1,123	100.0

Blykens bostaande tabel het byna twee-derdes (64.5%) van die drankgebruikers in die ondersoekgroep bereken dat hulle self gemiddeld per maand slegs een rand of minder se alkoholiese drank verbruik. 'n Verdere 21.6 persent stel die waarde van die drank deur hulle self verbruik op tussen een en vier rand, terwyl minder as vyf persent van mening is dat hulle gemiddeld minstens tien rand se alkoholiese drank per maand self verbruik.

Ter verklaring van die betreklike groot persentasie persone wat 'n taamlieke klein bedrag se alkoholiese drank per maand verbruik, kan die

volgende genoem word: Sommige van hierdie persone is dames wat self nooit enige drank koop nie maar slegs drank gebruik waarvoor haar met-gesel betaal. Hierdie groep persone is gewoonlik baie ligte drinkers. Alhoewel sommige persone maandeliks aansienlike bedrae aan alkoholiese drank bestee, word hierdie drank dikwels gebruik om gaste te onthaal en drink die koper daarvan self nie noodwendig baie nie.

Wat in hierdie verband belangrik is, is die moontlikheid dat die proefpersone waarskynlik nie altyd die korrekte waarde van die drank deur hulle self verbruik, verstrek nie, en hulle antwoord is dus moontlik, bewus of onbewus, 'n onderskatting van die ware toedrag van sake.

11.2 DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK VOLGENS GESLAG

Tabel 11.2 toon aan hoe die drankwaardes wat onderskeidelik deur mans en vroue gemiddeld per maand verbruik word van mekaar verskil.

TABEL 11.2

DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK VOLGENS GESLAG

Die waarde van drank gemiddeld per maand verbruik	Geslag					
	Manlik		Vroulik		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Minder as R4	482	78.0	485	96.0	967	86.1
R4.00 - R9.00	87	14.1	15	3.0	102	9.1
R10 en meer	49	7.9	5	1.0	54	4.8
TOTAAL	618	100.0	505	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 76.084; \quad p < .1\%$$

Vir die doel van die bespreking is die drankwaardes in drie groepe verdeel, naamlik minder as vier rand, vier tot nege rand en tien rand en meer. Vir die gerief van die ontleding word van hierdie drie groepe onderskeidelik as klein, medium en groot bedrae gepraat sonder om daarmee te bedoel dat die bedrae in absolute sin klein, medium of groot is.

Die gegewens van tabel 11.2 dui daarop dat die waarde van die drank wat gemiddeld per maand deur mans en vroue onderskeidelik verbruik is, aansienlik van mekaar verskil want terwyl 78.0 persent van die mans maandeliks gemiddeld klein bedrae se drank verbruik, kom die ooreenstemmende persentasie by die vroue op 96.0 persent te staan. Hierteenoor

het 14.1 persent en 7.9 persent van die mans onderskeidelik medium en groot bedrae se drank verbruik teenoor 3.0 en 1.0 persent onderskeidelik by die vroue.

Die bogemelde tendens kom ooreen met die verwagting want reeds in tabel 6.1 en 9.2 het dit geblyk dat vroue baie minder alkoholiese drank as mans gebruik. Soos reeds aangetoon, hou hierdie verskynsel verband met die algemene verwagting dat vroue hoogstens klein hoeveelhede alkoholiese drank moet gebruik. Dit word gewoonlik nie as vroulik beskou dat 'n dame groot hoeveelhede drank gebruik nie.

11.3 DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK VOLGENS OUDERDOM

Die waarde van die alkoholiese drank wat gemiddeld maandeliks verbruik word, word in tabel 11.3 met die ouderdom in verband gebring.

TABEL 11.3

DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK VOLGENS OUDERDOM

Die waarde van drank gemiddeld per maand verbruik	Onder 20 jaar		20 - 24		25 - 29		30 - 39		40 - 49		50 - 59		60 jaar en ouer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Minder as R4	34	100.0	77	89.5	132	93.6	291	90.3	191	78.2	126	79.2	116	84.7	967	86.1
R4 - R9	-	-	8	9.3	8	5.7	24	7.5	28	11.5	21	13.2	13	9.5	102	9.1
R10 en meer	-	-	1	1.2	1	0.7	7	2.2	25	10.2	12	7.5	8	5.8	54	4.8
TOTAAL	34	100.0	86	100.0	141	100.0	322	100.0	244	100.0	159	100.0	137	100.0	1,123	100.0

$$\chi^2 = 46.874; p < .1\%$$

Alhoewel die persentasies by die verskillende ouderdomsgroepe ten opsigte van die waarde van verbruikte drank onderling van mekaar verskil, is geen duidelike wetmatigheid waar te neem nie.

Uit bostaande tabel blyk dit verder dat diegene wat gemiddeld tien rand of meer se alkoholiese drank per maand verbruik, van al die ouderdomsgroepe by die groep 40 - 49 jaar, die grootste persentasie (10.2%) vorm terwyl die grootste persentasie bydrae (13.2%) van die medium grootte bedrag by die ouderdomsgroep 50 - 59 jaar voorkom.

In die geheel geneem, wil dit voorkom asof die ouderdomsgroepe 40 tot 59 jaar die grootste persentasie swaar drinkers insluit. Hierdie afleiding kom ooreen met wat in tabel 9.1 bevind is ten opsigte van die hoeveelheid drankies wat gedurende die sewe dae wat die ondersoek voorafgegaan het, verbruik is, want die grootste persentasies persone wat gedurende die betrokke sewe dae vyftien of meer drankies gedrink het, het ook in hierdie ouderdomsgroepe voorgekom.

Moontlike verklarings vir hierdie tendens is waarskynlik dat persone in hierdie ouderdomsgroepe soms sodanige posisies beklee dat hulle baie moet onthaal. Verder mag dit ook wees dat persone op hierdie ouderdom die mees senior betrekkinge met groot verantwoordelikhede beklee en dat die behoefte aan die ontspannende effek van alkoholiese drank baie sterk is. In aansluiting by die voorafgaande mag dit ook wees dat die relatief hoë salarisse wat teen hierdie ouderdom verdien word 'n rol speel. Ten slotte moet ook daarop gewys word dat die gewoonte om alkoholiese drank te gebruik dalk reeds teen hierdie ouderdom baie stewig ontwikkel het en die betrokke persone nie meer maklik sonder hul drankies kan klaarkom nie.

11.4 DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK VOLGENS HUISTAAL

Die waarde van die alkoholiese drank wat gemiddeld maandeliks verbruik word, word in tabel 11.4 volgens huistaal ontleed.

TABEL 11.4

DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK VOLGENS HUISTAAL

Die waarde van die drank gemiddeld per maand verbruik	Huistaal									
	Afrikaans		Engels		Afrikaans en Engels		Ander		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Minder as R4	521	91.1	338	79.5	73	84.8	35	87.5	967	86.1
R4 tot R9	37	6.5	55	12.9	6	7.0	4	10.0	102	9.1
R10 en meer	14	2.4	32	7.5	7	8.1	1	2.5	54	4.8
TOTAAL	572	100.0	425	100.0	86	100.0	40	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 31.134; \quad p < .1\%$$

(Slegs vir Afrikaans- en Engelssprekende groepe: $X^2 = 28.497; \quad p < .1\%$)

Meer as nege-tiendes (91.1%) van die Afrikaanssprekendes teenoor 79.5 persent van die Engels- en 84.8 persent van die Afrikaans-en -Engelssprekendes en 87.5 persent van diegene wat 'n ander taal as een van die amptelike landstale as huistaal gehad het, het maandeliks gemiddeld minder as vier rand se alkoholiese drank verbruik.

In aansluiting by die voorafgaande blyk dit verder dat diegene wat medium bedrae se alkoholiese drank verbruik, by die Engelssprekendes (12.9%) en diegene wat groot bedrae se alkoholiese drank verbruik by die Afrikaans- en -Engelssprekendes (8.1%) van al die taalgroepe die grootste persentasies vorm.

Uit die voorafgaande blyk dit dus asof die Afrikaanssprekendes gemiddeld maandeliks die kleinste en die Engelssprekendes die grootste bedrag se alkoholiese drank self verbruik. Hierdie tendens is te verwag as in aanmerking geneem word dat 'n veel groter persentasie van die Engels-sprekendes, naamlik 37.3 persent, as van die Afrikaanssprekendes, waar die ooreenstemmende persentasie slegs 18.2 persent was, in die betrokke week vyf of meer sopies alkoholiese drank genuttig het (vgl. tabel 9.3). Volgens tabel 5.4 het dit ook geblyk dat Engelssprekendes meer as Afrikaanssprekendes, spiritueel, dit wil sê oor die algemeen die duurder dranksoorte, verkies.

Ook in hierdie geval is die invloed van 'n moontlike verskil in inkomste by die twee hooftaalgroepe uitgeskakel deur die inkomste konstant te hou by die vergelyking van die Afrikaans- en Engelssprekendes. (Vgl. tabel

11.4.1) Uit die verwerkings het dit geblyk dat daar 'n duidende verskil tussen die Afrikaans- en Engelssprekendes in dieselfde inkomstegroepe is ten opsigte van die waarde van die alkoholiese drank wat persoonlik gebruik word en dat hierdie verskil dus nie aan verskil in inkomste toegeskryf kan word nie, en daarom moontlik wel aan kulturele verskille tussen die twee bevolkingsgroepe. Die onderhawige ondersoek beskik egter nie oor gegewens om hierdie moontlike verklaring verder te belig nie.

TABEL 11.4.1

DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK BY AFRIKAANS- EN ENGELSPREKENDES VOLGENS INKOMSTE

Die waarde van drank gemiddeld per maand verbruik	R2000 en minder						R2001 - R4000						R4001 en meer						Totaal													
	Afrikaans		Engels		Totaal		Afrikaans		Engels		Totaal		Afrikaans		Engels		Totaal		Afrikaans		Engels		Totaal									
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%								
Minder as R4	314	92.6	143	85.6	33	76.7	490	89.2	165	88.7	147	79.9	28	96.5	340	85.2	42	89.4	47	64.4	11	84.6	100	75.2	521	91.1	337	79.5	72	84.7	930	86.0
R4 - R9	18	5.3	13	7.8	6	14.0	37	6.7	17	9.1	26	14.1	0	-	43	10.8	2	4.3	16	21.9	0	-	18	13.5	37	6.5	55	13.0	6	7.1	98	9.1
R10 en meer	7	2.1	11	6.6	4	9.3	22	4.0	4	2.2	11	6.0	1	3.4	16	4.0	3	6.4	10	13.7	2	15.4	15	11.3	14	2.4	32	7.5	7	8.2	53	4.9
TOTAAL	339	100.0	167	100.0	43	100.0	549	100.0	186	100.0	184	100.0	29	100.0	399	100.0	47	100.0	73	100.0	13	100.0	133	100.0	572	100.0	424	100.0	85	100.0	1.081	100.0

$\chi^2 - 8.1555$; $2\% > p > 1\%$ *

$\chi^2 - 6.1781$; $5\% > p > 2\%$ *

$\chi^2 - 9.7636$; $1\% > p > 1\%$ *

*Chi-kwadraatwaardes is slegs vir die Afrikaans- en Engelssprekendes bereken.

11.5 DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK VOLGENS HUWELIKSTAAT

Die waarde van die verbruikte drank word in tabel 11.5 met die huwelikstaat van die ondersoekgroep in verband gebring.

TABEL 11.5

DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK VOLGENS HUWELIKSTAAT

Die waarde van die drank gemiddeld per maand verbruik	Huwelikstaat									
	Getroud		Nooit getroud		Geskei		Wewenaar of weduwee		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Minder as R4	807	86.7	98	84.4	14	66.6	48	87.3	967	86.1
R4 - R9	82	8.8	13	11.2	3	14.3	4	7.3	102	9.1
R10 en meer	42	4.5	5	4.3	4	19.0	3	5.5	54	4.8
TOTAAL	931	100.0	116	100.0	21	100.0	55	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 11.613; \quad 10\% > p > 5\%$$

Benewens die geskeies, is daar tussen die verskillende huwelikstaats-groep ten opsigte van die waarde van individueel verbruikte drank, min verskil. Die geskeies, wat natuurlik slegs uit 'n klein getal persone bestaan, het in 'n baie groter mate as die ander groepe, naamlik een-derde (33.3%) medium of groot bedrae se alkoholiese drank gemiddeld per maand verbruik. Hierdie relatief hoë drankkonsumpsie by die geskeies is nie noodwendig die gevolg van die feit dat die persoon geskei is nie maar moontlik die oorsaak van die vroeëre egskeiding. So byvoorbeeld is deur die Kommissie van Onderzoek Insake die Gesinslewe bevind dat 8.87 persent van alle egskeidings in Suid-Afrika aan drankmisbruik toegeskryf kan word (9, bl. 52).

11.6 DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK VOLGENS WOONPLEK

Die waarde van die verbruikte alkoholiese drank word in tabel 11.6 volgens die landelik-stedelike aard van die woonplek ontleed.

TABEL 11.6

DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK VOLGENS WOONPLEK

Die waarde van drank gemiddeld per maand gebruik	Woonplek									
	Stad		Dorp		Plaas		Kleinhoewe		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Minder as R4	508	84.6	311	88.3	92	85.2	56	90.3	967	86.1
R4 - R9	60	10.0	27	7.7	10	9.3	5	8.1	102	9.1
R10 en meer	33	5.5	14	4.0	6	5.6	1	1.6	54	4.8
TOTAAL	601	100.0	352	100.0	108	100.0	62	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 4.433; \quad 70\% > p > 50\%$$

Die landelik-stedelike aard van die proefpersoon hou, blykens bo-
staande tabel, weinig verband met die waarde van die verbruikte drank.

11.7 DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK VOLGENS ONDERWYSPEIL

By talle van die aspekte van die drinkpatroon is reeds 'n verband met die onderwyspeil van die proefpersoon gevind. In hoeverre daar 'n verband tussen die waarde van die verbruikte drank en die onderwyspeil is, word in tabel 11.7 aangedui.

TABEL 11.7

DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK VOLGENS ONDERWYSPEIL

Die waarde van drank gemiddeld per maand verbruik	Onderwyspeil					
	St. 8 of laer		St. 9 of hoër		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Minder as R4	601	87.2	366	84.3	967	86.1
R4 tot R9	57	8.3	45	10.4	102	9.1
R10 en meer	31	4.5	23	5.3	54	4.8
TOTAAL	689	100.0	434	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 1.902; \quad 50\% > p > 30\%$$

Vir die doel van die onderhawige ontleding is die onderwyspeil van die ondersoekgroep slegs in twee groepe verdeel naamlik diegene met 'n onderwyspeil van standerd agt of laer en daardie groep met 'n hoër onderwyspeil.

Uit sowel die chi-kwadraatwaarde as uit die persentasieverdeling in die tabel, wil dit egter voorkom asof daar geen duidelike verband tussen die onderwyspeil en die waarde van die verbruikte drank bestaan nie.

Daar moet natuurlik onthou word dat die geldwaarde van die verbruikte drank nie noodwendig 'n ekwiwalent van die hoeveelheid verbruikte drank is nie, want die gehalte en prys van die drank speel ook 'n rol.

11.8 DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK VOLGENS INKOMSTE

Die waarde van die verbruikte drank en die inkomste van die proefpersoon word in tabel 11.8 met mekaar gekorreleer.

TABEL 11.8

DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK VOLGENS INKOMSTE

Die waarde van drank gemiddeld per maand verbruik	Inkomste									
	R2000 en minder		R2001 - R4000		R4001 - R6000		R6001 en meer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Minder as R4	506	89.1	356	85.4	71	84.5	32	61.5	965	86.1
R4 - R9	40	7.0	44	10.6	10	11.9	8	15.4	102	9.1
R10 en meer	22	3.9	17	4.1	3	3.6	12	23.1	54	4.8
Totaal	568	100.0	417	100.0	84	100.0	52	100.0	1,121	100.0

$$X^2 = 48.662; \quad p < .1\%$$

Uit die gegewens in bostaande tabel blyk 'n duidelike wetmatigheid. Namate die inkomste van die groep styg, daal die persentasie (vanaf 89.1% tot 61.5%) van daardie groep wat klein bedrae, en styg die persentasie (vanaf 7.0% tot 15.4%) van die groep wat gemiddeld medium bedrae aan alkoholiese drank per maand bestee. In aansluiting hierby dien daar op gelet te word dat byna een-kwart, naamlik 23.1 persent, van die hoogste inkomste-groep maandeliks gemiddeld groot bedrae, dit wil sê tien rand of meer, se alkoholiese drank verbruik terwyl die hoogste ooreenstemmende persentasie

by die ander inkomstegroepe op 4.1 persent te staan gekom het.

Uit die voorafgaande wil dit dus voorkom asof die hoeveelheid drank wat 'n persoon verbruik, of meer korrek gestel, die bedrag geld wat 'n persoon in alkoholiese drank vir eie gebruik belê, in 'n baie groot mate ook deur die grootte van sy inkomste bepaal word. Aangesien alkoholiese drank 'n weelde-artikel is, kan dan ook verwag word dat die bedrag wat die individu bereid is om te belê ten nouste met die grootte van sy inkomste sal saamhang.

11.9 DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK VOLGENS KERKVERBAND

In tabel 11.9 word die waarde van die verbruikte drank met die kerkverband van die proefpersone in verband gebring.

TABEL 11.9

DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK VOLGENS KERKVERBAND

Die waarde van drank gemiddeld per maand verbruik	Kerkverband															
	Afrikaanse kerke		Presbiteriaanse, Anglikaanse, en Metodistekerke				Rooms-Katolieke Kerk		Israelitiese Kerk		Ander kerke		Geen kerke		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Minder as R4	512	91.0	256	79.5	54	80.6	40	83.4	81	88.1	24	77.4	967	86.1		
R4 - R9	36	6.4	44	13.7	9	13.4	7	14.6	3	3.3	3	9.7	102	9.1		
R10 en meer	15	2.7	22	6.8	4	6.0	1	2.1	8	8.7	4	12.9	54	4.8		
TOTAAL	563	100.0	322	100.0	67	100.0	48	100.0	92	100.0	31	100.0	1,123	100.0		

$$\chi^2 = 38.283; \quad p < .1\%$$

Aangesien die drinkpatroon by die verskillende taalgroepe van mekaar verskil, kan verwag word dat die lidmate van die verskillende kerke se drinkpatroon ook van mekaar sal verskil. Hierdie vermoede word deur die gegewens in tabel 11.9 bevestig.

Diegene wat gemiddeld maandeliks 'n klein bedraggie (R4 of minder) se alkoholiese drank verbruik, vorm van al die kerkgroepe van die lidmate van die Afrikaanse kerke die grootste persentasie (91.0%), terwyl dit die kleinste en die tweede kleinste persentasie (77.4% en 79.5%) onderskeidelik van diegene wat aan geen kerk nie en dié wat aan een van die drie grootste Engelse kerke behoort, uitmaak.

Die verbruikers van medium bedrae (R4 - R9) vorm die tweede grootste enkele persentasie, naamlik 13.7 persent, van die lidmate van die grootste drie Engelse kerke, en die derde grootste persentasie (13.4%) van diegene wat aan die Rooms-Katolieke Kerk behoort.

Die teenstelling wat die persentasieverdeling van die lidmate van die Afrikaanse kerke met die van die ander kerke vorm, is opvallend en dit kom ooreen met en sluit aan by die verskille wat reeds onder afdeling 11.4 ten opsigte van huistaal, bespreek is. Hierdie bevindinge wys weer eens daarop dat kulturele verskille waarskynlik 'n invloed op die drinkpatroon het. Dit is ook moontlik dat die inkomste van die verskillende huistaalgroepe in die algemeen van mekaar verskil en dit mag 'n verskil in die bedrae wat aan alkoholiese drank bestee word meebring (vgl. tabel 11.8).

11.10 DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK VOLGENS DRANKVOORKEUR

Die waarde van die verbruikte drank word in tabel 11.10 met die drankvoorkeur in verband gebring.

TABEL 11.10

DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK VOLGENS EERSTE KEUSE VAN DRANK

Die waarde van drank gemiddeld per maand verbruik	Drankvoorkeur							
	Wyn		Spiritualieë		Bier		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%
Minder as R4	350	94.3	276	73.4	341	90.7	967	86.1
R4 - R9	18	4.9	61	16.2	23	6.1	102	9.1
R10 en meer	3	0.8	39	10.4	12	3.2	54	4.8
TOTAAL	371	100.0	376	100.0	376	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 81.539; \quad p < .1\%$$

Daardie groep persone wat wyn as hul eerste keuse onder die dranksoorte genoem het, het waarskynlik die kleinste bedrag se alkoholiese drank gemiddeld per maand verbruik want 94.3 persent het klein, 4.9 persent medium en slegs 0.8 persent het groot bedrae se alkoholiese drank verbruik. Bierdrinkers sluit egter minder persone wat klein bedrae se drank verbruik (90.7%) en meer persone wat medium (6.1%) en groot bedrae (3.2%) se drank persoonlik verbruik het, in. Die grootste uitgawes kom egter by die spiritualieëdrinkers voor want 73.4 persent het klein, 16.2 persent het medium en 10.4 persent het groot bedrae se drank self verbruik.

Die bogenoemde tendens is volgens verwagting want dit het uit verskeie tabelle (vgl. tabel 6.12 en 9.10) geblyk dat die swaar drinker spiritualieë as eerste keuse onder die dranksoorte stel. Swaar drinkers, indien hulle dit kan bekostig, verkies waarskynlik dikwels ook om kort drank in plaas van lang drank te drink terwille van hulle kapasiteit.

'n Verdere faktor wat vir die betreklike lae uitgawe by wyndrinkers verantwoordelik mag wees, is die feit dat daar verskeie goedkoop wynsoorte verkrygbaar is. Die gevolg mag wees dat die uitgawe aan die verbruikte drank betreklik laag mag wees terwyl die gebruiker tog betreklik groot hoeveelhede daarvan verbruik. Hierdie vermoede wen veral aan gewig indien die gegewens in tabel 9.10 in aanmerking geneem word in vergelyking met die gegewens in bostaande tabel, want blykens tabel 9.10 het die wyndrinkers eerder groter hoeveelhede drank as die bierdrinkers verbruik terwyl eersgenoemde 'n laer bedrag as laasgenoemde aan drank vir persoonlike verbruik bestee het.

Dit is ook van belang om te onthou dat vroue, wat gewoonlik ligter drinkers as mans is, dikwels wyn bo ander dranksoorte verkies (vgl. tabel 5.2).

Verder is daar ook op gewys (vgl. tabel 5.11) dat diegene wat om psilogiese redes drank gebruik, veral aan spiritualieë voorkeur gee. Daar kan dus verwag word dat hierdie groep betreklike groot bedrae aan alkoholiese drank vir persoonlike verbruik sal bestee.

11.11 DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK VOLGENS DIE GETAL KERE WAT DIE PERSOON ALKOHOLIESE DRANK GEBRUIK

Die verband tussen die waarde van die verbruikte drank en die drinkfrekwensie word in tabel 11.11 aangedui.

TABEL 11.11

DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK VOLGENS DIE GETAL KERE WAT DIE PERSOON ALKOHOLIESE DRANK GEBRUIK

Die waarde van drank gemiddeld per maand verbruik	Drinkfrekwensie									
	4 dae per week of meer		1 tot 3 dae per week		Een keer tot drie keer per maand		Een keer in drie maande of minder		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Minder as R4	83	42.8	269	85.9	262	99.6	353	100.0	967	86.1
R4 - R9	64	33.0	37	11.8	1	0.4	-	-	102	9.1
R10 en meer	47	24.2	7	2.2	-	-	-	-	54	4.8
TOTAAL	194	100.0	313	100.0	263	100.0	353	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 420.483; \quad p < .1\%$$

Soos verwag kan word, styg die persentasie persone wat maandeliks minder as vier rand se alkoholiese drank verbruik namate die drink-frekwensie van die groep styg want slegs 42.8 persent van dié groep wat vier of meer keer per week drank gebruik, bestee gemiddeld per maand minder as vier rand aan alkoholiese drank vir eie gebruik teenoor 100.0 persent by diegene wat slegs een keer per kwartaal of minder drank gebruik.

Ten opsigte van medium en groot bedrae se drank, geld die teenoor-gestelde want van diegene wat 4 of meer keer per week drank gebruik, het onderskeidelik 33.0 en 24.2 persent medium en groot bedrae se drank verbruik terwyl dit glad nie by diegene wat kwartaalliks drink, voorgekom het nie.

Benewens die feit dat die tendense in tabel 11.11 met die verwagte verspreiding ooreenkom, dui dit ook daarop dat die versamelde inligting as hoogs betroubaar beskou kan word.

11.12 DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK VOLGENS DIE DRINKPLEK

Tabel 11.12 toon aan in hoeverre daar tussen die waarde van die verbruikte drank en die plek waar die drank gewoonlik genuttig word, 'n verband bestaan.

TABEL 11.12

DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK EN PLEK VAN DRANKGEBRUIK

Waarde van drank gemiddeld per maand verbruik	Saam met vriende of familie aan 'n woning of openbare drinkplek		Alleen tuis, alleen in klub, kroeg of hotel		Nie afge-lope 3 maande drank gebruik nie		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%
Minder as R4	774	86.9	54	58.1	139	100.0	967	86.1
R4 - R9	78	8.8	24	25.8	-	-	102	9.1
R10 en meer	39	4.4	15	16.1	-	-	54	4.8
TOTAAL	891	100.0	93	100.0	139	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 84.851; \quad p < .1\%$$

Blykens die gegewens in bostaande tabel, is daar 'n baie duidelike verband tussen die waarde van verbruikte drank en die plek van drankgebruik want 86.9 persent van diegene wat gewoonlik in geselskap van ander persone hulle drankies genuttig het, het 'n klein bedrag, 8.8 persent 'n medium bedrag en 4.4 persent 'n groot bedrag se alkoholiese drank self verbruik. By die alleendrinkers daarenteen, was die ooreenstemmende persentasies egter respektiewelik 58.1, 25.8 en 16.1 persent.

Uit bostaande blyk dit dus onteenseglik dat die alleendrinkers in die geheel geneem, groter bedrae se alkoholiese drank self verbruik as wat die geval by diegene is wat gewoonlik in geselskap van ander mense hul drankies nuttig.

Die verklaring vir bogemelde tendens is waarskynlik gedeeltelik daarin geleë dat die alleendrinker nie om sosiale redes nie maar om persoonlike redes, dikwels psigologiese redes, drank gebruik. Die behoefte hier is dus die verdowende uitwerking van die alkoholiese drank en daarom word groot hoeveelhede gedrink.

Verder mag dit natuurlik ook wees dat die alleendrinkers die inherende invloed van die groep en veral van die dames in die groep, ontbeer en dus meer drank gebruik as wat die geval sou gewees het indien hul in ander persone en veral dames se geselskap was.

Ten slotte moet daar ook op gewys word dat dit algemeen bekend is dat persone wat nie meer as drankgebruikers nie maar eerder as misbruikers beskou kan word, terselfdertyd ook alleendrinkers word. Die gewone ontwikkelingsgang van die alkoholis is dan ook dikwels vanaf 'n ligte sosiale drinker na 'n swaar alleendrinker. Om hierdie rede is dit dus te verstaan dat alleendrinkers meer dikwels as sosiale drinkers persone insluit wat groot bedrae se alkoholiese drank self verbruik.

11.13 DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK VOLGENS DIE DEELNAME VAN DIE EGGENOOT/E

Onderstaande tabel dui aan of die deelname van die eggenoot of eggenote van die proefpersoon aan laasgenoemde se gebruik van alkoholiese drank verband hou met die waarde van die drank wat deur die proefpersoon self verbruik word.

TABEL 11.13

DIE WAARDE VAN DIE VERBRUIKTE DRANK EN OF EGGENOTE 'N DRANKIE SAAM MET PROEFPERSOON NUTTIG

Waarde van drank gemiddeld per maand verbruik	Gereeldheid van eggenote se deelname									
	Nooit		Af en toe		Gereeld		Nie van toepassing		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Minder as R4	133	80.6	237	84.6	435	89.9	162	83.5	967	86.1
R4 - R9	18	10.9	31	11.1	33	6.8	20	10.3	102	9.1
R10 en meer	14	8.5	12	4.3	16	3.3	12	6.2	54	4.8
TOTAAL	165	100.0	280	100.0	484	100.0	194	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 14.315; 5\% > p > 2\%$$

Wat in die vorige afdeling ten opsigte van die invloed van die sosiale verband waarin alkoholiese drank genuttig word, gesê is, word deur die gegewens in tabel 11.13 verder bevestig. Diegene wie se eggenote of eggenoot gereeld aan die gebruik van alkoholiese drank deelneem, gebruik gemiddeld persoonlik 'n kleiner bedrag se alkoholiese drank as wat die geval is by daardie groep waar die eggenote slegs af en toe of nooit saam met die proefpersoon drank gebruik nie want slegs 3.3 persent van die eersgenoemde en 4.3 en 8.5 persent onderskeidelik van die laasgenoemde twee

groepe, gebruik gemiddeld per maand alkoholiese drank ter waarde van tien of meer rand.

Uit die voorafgaande lyk dit dus asof die eggenoot/eggenote wat saam drink, 'n beperkende invloed op die drankgebruik van die proefpersoon het. Dit is ook moontlik dat die swaar drinker se eggenote so 'n afkeer in alkoholiese drank ontwikkel dat daar van deelname geen sprake is nie.

11.14 SAMEVATTING

- 11.14.1 Meer as tagtig persent (86.1%) van die drankgebruikers uit die ondersoekgroep, gebruik persoonlik gemiddeld minder as vier rand se alkoholiese drank per maand.
- 11.14.2 Vroue gebruik, soos verwag kan word, gemiddeld veel minder alkoholiese drank, in terme van geldwaarde gereken, as mans.
- 11.14.3 Persone in die ouderdomsgroep 40-49 jaar, gebruik oor die algemeen die grootste bedrae se alkoholiese drank. Die ouderdomsgroep 50-59 jaar is tweede.
- 11.14.4 Van die verskillende huistaalgroepe gebruik 'n groter persentasie van die Engelssprekendes en 'n kleiner persentasie van die Afrikaanssprekendes gemiddeld alkoholiese drank ter waarde van groot bedrae as wat die geval by die ander taalgroepe is. Aangesien inkomste as faktor wat hierdie verskil kan meebring, uitgeskakel is, mag ander kulturele faktore hiervoor verantwoordelik wees, dog die nodige gegewens om dit te bevestig, ontbreek.
- 11.14.5 In terme van geldwaarde bereken, wil dit voorkom asof geskeie persone gemiddeld meer alkoholiese drank gebruik as persone van 'n ander huwelikstaat. Die hoër drankkonsumpsie hoef nie noodwendig die gevolg nie maar mag wel die oorsaak vir die egskeiding gewees het.
- 11.14.6 Geen verband tussen die waarde van die verbruikte drank en die landelik-stedelike aard van die woonplek van die proefpersoon kon gevind word nie.
- 11.14.7 Die waarde van die alkoholiese drank wat deur persone met hoër kwalifikasies as standerd agt, verbruik word, is gemiddeld hoër as wat die geval is by diegene wat slegs standerd agt bereik het. Die inkomste wat met die bepaalde onderwyspeil verband hou, mag hier 'n rol speel deurdat persone met 'n lae inkomste nie oor voldoende geld beskik om groot bedrae aan alkoholiese drank te bestee nie.
- 11.14.8 Namate die inkomste styg, word drank ter waarde van groter bedrae verbruik waarskynlik omdat meer geld vir die besteding aan weelde-artikels beskikbaar is.

11. 14. 9 Persone wat aan die drie Afrikaanse susterskerke behoort, sluit 'n kleiner persentasie persone in wat medium en groot bedrae se alkoholiese drank verbruik as wat die geval by enige van die ander kerke is. Die verklaring vir hierdie verskynsel lê waarskynlik daarin dat die Afrikaanssprekendes die gebruik van alkoholiese drank in baie gevalle veroordeel en dus eintlik 'n meer „konserwatiewe“ uitkyk op drankgebruik het. Dit mag ook wees dat diegene wat nie aan een van die Afrikaanse susterskerke behoort nie, immigrante, wat Europese gewoontes ten opsigte van drankgebruik het, insluit.
11. 14. 10 Spiritualieëdrinkers verbruik oor die algemeen gemiddeld 'n groter bedrag geld se drank maandeliks as wat die geval by wyn- en bierdrinkers is. Hierdie verskynsel kan eerstens aan die relatief hoë prys van spiritualieë in vergelyking met ander dranksoorte toegeskryf word en tweedens aan die neiging by swaar drinkers om spiritualieë bo ander dranksoorte te verkies.
11. 14. 11 Soos verwag kan word, styg die bedrag geld ter waarde waarvan alkoholiese drank verbruik word namate die mate van gereeldheid waarteen persone drank gebruik, toeneem.
11. 14. 12 Alleendrinkers bestee meer geld aan drank vir eie gebruik as wat die geldwaarde is van die drank wat deur die meer sosiale drinkers verbruik word. Die inhiberende invloed van die sosiale verband, veral as daar dames in die groep is, mag 'n rol speel. Belangriker egter is die feit dat alle alkoholiste en swaar drinkers ontwikkel tot alleendrinkers omdat alkoholiese drank by hierdie groep 'n psigologiese en nie soseer 'n sosiale behoefte bevredig nie.
11. 14. 13 By daardie gevalle waar die eggenoot of eggenote van die proefpersoon gereeld saam met laasgenoemde 'n drankie nuttig, bestaan die neiging om drank ter waarde van 'n geringer bedrag te verbruik as wat die geval by diegene is waar die eggenoot of eggenote slegs af en toe saam 'n drankie nuttig. Die inhiberende invloed van 'n tweede persoon in die drinksituasie is waarskynlik hier werksaam. Verder mag die reeds genoemde verband tussen swaar- en alleendrinkery 'n belangrike rol speel.

HOOFSTUK 12

DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK

In die laaste vraag van die vraelys moes die veldwerker op grond van die gevoerde onderhoud met die proefpersoon en volgens sy algemene indruk, aan die hand van die omskrywings soos in hoofstuk 1 uiteengesit die proefpersoon onder een van ses kategorieë indeel. Hierdie kategorieë is die volgende: Algehele onthouers, gebruikers, persone wat oorgaan van 'n gebruiker na 'n misbruiker, misbruikers, persone wat oorgaan van 'n misbruiker na 'n alkoholis en alkoholiste.

Die algehele onthouers is reeds in hoofstuk drie met die gebruikers van alkoholiese drank vergelyk en daarom word slegs die 1, 123 persone wat wel alkoholiese drank in een of ander graad gebruik, se gegewens in hierdie hoofstuk verder ontleed.

12.1 DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK BY DIE ONDERSOEKGROEP

Die graad van drankgebruik by die 1, 123 persone wat wel alkoholiese drank gebruik, word in tabel 12.1 uiteengesit.

TABEL 12.1

DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK BY 1, 123 DRANKGEBRUIKERS

Graad van drankgebruik	Getal	Persentasie
Gebruikers	997	88.8
Misbruikers	113	10.1
Alkoholiste	13	1.1
TOTAAL	1, 123	100.0

In bostaande tabel is, terwille van die vereenvoudiging van die ontleding, diegene wat volgens die veldwerker in 'n oorgangstadium van een kategorie na 'n volgende was, by die volgende kategorie met die hoër graad van drankmisbruik gevoeg. So byvoorbeeld is diegene in 'n oorgangstadium van gebruiker na misbruiker by die misbruikers gevoeg en dié groep wat oorgegaan het van 'n misbruiker na 'n alkoholis, is by die alkoholiste gevoeg.

Aan die hand van bostaande indeling blyk dit uit tabel 12.1 dat die meerderheid van die gevalle, naamlik 88.8 persent, as gebruikers beskryf is terwyl 10.1 persent en 1.1 persent onderskeidelik as misbruikers en alkoholiste ingedeel is.

As die getal misbruikers en die getal alkoholiste nou met die faktor wat op die steekproef van toepassing is, naamlik 1,273 vermenigvuldig word, blyk dit dat daar na verwagting ongeveer 143,849 misbruikers en 16,549 alkoholiste in die totale Blanke bevolking is. Ten einde 'n meer korrekte getal te bereken, is dit verder nodig om die getal alkoholiste wat ten tye van die ondersoek in inrigtings verkeer het, by bostaande syfer te tel. Volgens gegewens van die verskillende inrigtings verkry, wil dit voorkom asof hierdie getal op ongeveer 790 gestel kan word. As dit by die steekproeframing getal word, blyk dit dus dat daar na raming ongeveer 17,339 Blanke alkoholiste ten tye van die ondersoek in Suid-Afrika was. As hierdie syfer uitgewerk word as 'n verhouding van die totale Blanke bevolking van agtien jaar en ouer blyk dit dat ongeveer 91 per 10,000 van die betrokke bevolkingsgroep alkoholiste is.

Die bostaande beraamde syfer verskil natuurlik geweldig baie van die syfers wat gewoonlik in die openbare pers ten opsigte van die getal alkoholiste aangehaal word naamlik 90,000 en soms selfs 100,000. Al sou die eie ondersoek se beraamde syfer dus selfs vervyfdubbel word, sou dit nog nie op 'n omvang van 90,000 te staan kom nie.

12.2 DIE CRAAD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS GESLAG

Ten einde die ontleding te vergemaklik, word alle persone wie se graad van drankgebruik sodanig is dat dit volgens die definisies in hoofstuk een nie meer as drankgebruik beskou kan word nie, tot een kategorie, naamlik drankmisbruikers, in alle verdere tabelle saamgevoeg. Die groep „drankmisbruikers" sluit dus alle persone wat as in 'n oorgangstadium tussen drankgebruikers en drankmisbruikers beskou is, in, asook drankmisbruikers en alkoholiste.

In tabel 12.2 word die graad van drankgebruik by die twee geslagte met mekaar vergelyk.

TABEL 12.2

DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS GESLAG

Geslag	Graad van drankgebruik					
	Gebruikers		Misbruikers		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Manlik	510	82.5	108	17.5	618	100.0
Vroulik	487	96.4	18	3.6	505	100.0
TOTAAL	997	88.8	126	11.2	1,123	100.0

$$X^2 = 52.605; p < .1\%$$

Soos verwag kan word, sluit die manlike groep van die ondersoekgroep 'n veel groter persentasie (17.5%) drankmisbruikers in as wat die geval by die vroulike groep (3.6%) is.

Dieselfde verklarings wat vir die ligter drinkpatroon van die vroue in vergelyking met dié van die mans aangevoer is, geld ook hier. In die meeste kringe geld die mening dat dit onbetaamlik vir 'n vrou is om groot hoeveelhede alkoholie se drank te drink en in nog ander gevalle word dit verkies dat sy glad nie drank gebruik nie. Verder mag dit natuurlik ook wees dat die aard van die vrou se lewensomstandighede sodanig is dat sy minder in die geleentheid geplaas word om 'n drankmisbruiker te word.

12.3 DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS OUDERDOM

Tabel 12.3 dui aan hoedanig die graad van drankgebruik by die verskillende ouderdomsgroepe van mekaar verskil.

TABEL 12.3

DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS OUDERDOM

Graad van drankgebruik	24 jaar en jonger		25 - 29		30 - 39		40 - 49		50 - 59		60 jaar en ouer		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Gebruikers	113	94.2	132	93.6	290	90.1	205	84.0	136	85.5	121	88.3	997	88.8
Misbruikers	7	5.8	9	6.4	32	9.9	39	16.0	23	14.5	16	11.7	126	11.2
TOTAAL	120	100.0	141	100.0	322	100.0	244	100.0	159	100.0	137	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 14.607; \quad 2\% > p > 1\%$$

Die verband tussen die graad van drankgebruik en die ouderdom van die proefpersone vertoon 'n duidelike wetmatigheid wat sterk herinner aan die verband tussen die hoeveelheid drank wat oor 'n bepaalde tydperk verbruik is en ouderdom soos in tabel 9.1 aangedui. Die persentasie misbruikers styg by elke ouderdomsgroep vanaf 5.8 persent by die jongste ouderdomsgroep totdat dit by die groep 40-49 jaar 'n hoogtepunt vorm met 16.0 persent. Hierna daal die persentasie weer geleidelik tot 14.5 persent en 11.7 persent respektiewelik by die 50-59 jaar-groep en die groep wat 60 jaar of ouer is. Die ouderdomsgroep 40-49 jaar het dus van al die ouderdomsgroepe

die grootste persentasie drankmisbruikers.

Die bogemelde tendens kan waarskynlik aan 'n verskeidenheid faktore toegeskryf word. Eerstens gebeur dit gewoonlik dat 'n persoon se inkomste, status en verantwoordelikhede toeneem namate hy ouer word en sodoende styg die drankgebruik dikwels ook. Verder moet onthou word dat alkoholiese drank sterk gewoontevormend is en dat die neiging by die drinker bestaan om indien hy dit nie versigtig hanteer nie, steeds meer drank te gebruik. Daarom kan verwag word dat die persentasie misbruikers by elke ouderdomsgroep hoër sal word namate die ouderdom toeneem. Die daling in die ouderdomsgroepe van vyftig jaar en ouer, kan moontlik deels daaraan toegeskryf word dat die drankmisbruik reeds op die gesondheid van die misbruiker sodanige invloed begin hê dat die gewoonte drasties aan bande gelê word in 'n poging om daaraan te ontsnap. Ook fisiese veranderinge, kleiner inkomste en verminderde sosiale bedrywigheid mag 'n invloed hê.

12.4 DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS HUISTAAL

Waar daar ingegaan is op sowel die hoeveelheid drank wat verbruik is as op die bedrag geld wat aan drank bestee is, is 'n beduidende verskil tussen die taalgroepe gevind. Dit laat die verwagting ontstaan dat daar ten opsigte van die graad van drankgebruik ook verskille tussen die verskillende taalgroepe mag voorkom. Hierdie gegewens word in tabel 12.4 gegee.

TABEL 12.4

DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS HUISTAAL

Graad van drankgebruik	Huistaal									
	Afrikaans		Engels		Afrikaans en Engels		Ander		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Gebruikers	513	89.7	380	89.4	69	80.2	35	87.5	997	88.8
Misbruikers	59	10.3	45	10.6	17	19.8	5	12.5	126	11.2
TOTAAL	572	100.0	425	100.0	86	100.0	40	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 7.014; 10\% > p > 5\%$$

(Slegs vir Afrikaans- en Engelssprekende groepe; $X^2 = .0195; 80\% > p > 70\%$)

Ten eerste val dit op dat diegene wat sowel Afrikaans as Engels as

huistaal gehad het, die meeste (19.8%) drankmisbruikers insluit, terwyl daar haas geen verskil in hierdie opsig tussen die Afrikaanssprekendes en die Engelssprekendes is nie. Hierdie tendens is veral baie interessant as die gegewens ten opsigte van ander fasette van die drinkpatroon in aanmerking geneem word. Blykens tabel 6.3 het 'n groter persentasie van die Engelssprekendes vier keer of meer dikwels per week alkoholiese drank gebruik as wat die geval was by die groep wat Afrikaans en Engels as huistaal gehad het, terwyl die Afrikaanssprekendes die kleinste persentasie onder die swaar drinkers gehad het.

Ten opsigte van die getal drankies wat in 'n bepaalde tydperk verbruik is, soos blyk uit tabel 9.3, het die Engelssprekendes in vergelyking met die Afrikaanssprekende groep die kleinste persentasie persone wat geen drank gebruik het nie en tegelykertyd die grootste persentasie wat medium of groot hoeveelhede gedrink het, ingesluit.

Gesien teen die agtergrond van die gegewens in tabel 6.3 en 9.3 sou dus verwag word dat die Engelssprekendes in vergelyking met die Afrikaanssprekendes veel meer drankmisbruikers sou oplewer. Soos reeds aangetoon, blyk dit uit tabel 12.4 dat dit nie die geval is nie. Hierdie skynbare teenstrydigheid is moeilik te verklaar omdat dit waarskynlik diep in die kulturele agtergrond van die taalgroepe veranker is. Waarskynlik groei die Engelssprekendes dikwels op onder omstandighede waar drankgebruik as geen abnormale verskynsel beskou word nie. Hy kom reeds van jongsaf met alkoholiese drank in aanraking en leer hoe om dit te hanteer met 'n minimum skadelike invloed en daarom is die drankmisbruiksyfer in vergelyking met die mate waarin dit gebruik word, betreklik laag.

Die Afrikaanssprekende daarenteen groei veel meer in omstandighede op waar drankgebruik veroordeel word en daarom kom 'n betreklike groot persentasie van die Afrikaanssprekendes selde met alkoholiese drank in aanraking en alhoewel hierdie groep moontlik nie leer om op 'n gesonde of veilige wyse daarmee om te gaan nie, het die geringe kontak met alkoholiese drank tog op 'n bepaalde wyse 'n gunstige invloed op die drankmisbruiksyfer.

Waar hierdie twee kultuurgroepe deur 'n huwelik met mekaar vermeng, moet noodwendig van elkeen iets verlore gaan. Daar is dus waarskynlik nie meer die baie duidelike voorgeskrewe gedragskode ten opsigte van die gebruik van alkoholiese drank nie en meer vryelike omgang met alkoholiese drank loop dan waarskynlik dikwels op drankmisbruik uit.

Dit moet hier egter baie duidelik gestel word dat wat hier ten opsigte van die verskillende taalgroepe gesê word, hipoteties van aard is en dat die hele aangeleentheid van die verskil tussen die taalgroepe verdere navor-sing vereis voordat afdoende verklarings daarvoor gegee kan word.

12.5 DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS HUWELIKSTAAT

Die verband tussen die graad van drankgebruik en huwelikstaat word in tabel 12.5 aangedui.

TABEL 12.5

DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS HUWELIKSTAAT

Graad van drankgebruik	Huwelikstaat									
	Getroud		Nooit getroud		Geskei		Wewenaar of weduwee		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Gebruikers	828	88.9	104	89.7	15	71.4	50	90.9	997	88.8
Misbruikers	103	11.1	12	10.3	6	28.6	5	9.1	126	11.2
TOTAAL	931	100.0	116	100.0	21	100.0	55	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 6.710; \quad 10\% > p > 5\%$$

Dit val uit bogenoemde tabel op dat die grootste persentasie drankmisbruikers, naamlik 28.6 persent, by die geskeies voorgekom het. Die egskeiding mag natuurlik die oorsaak, maar meer waarskynlik die gevolg van die drankmisbruik wees. Uit tabel 6.4 het dit ook geblyk dat die geskeie groep 'n groter persentasie as die ander groepe insluit wat vier keer per week of meer dikwels alkoholiese drank gebruik.

Die betreklik lae persentasie (9.1%) misbruikers by die wewenaars en weduwees is waarskynlik daaraan toe te skryf dat hierdie groep waarskynlik baie bejaarde persone insluit en daar is reeds aangetoon dat die getal drankmisbruikers by die hoogste ouderdomsgroepe nie so hoog is as by die middeljariges (40-49 jaar) nie. Dieselfde faktor, naamlik ouderdom, kan verantwoordelik wees dat die ongetroude groep, dit wil sê die jonger groep, die tweede laagste persentasie (10.3%) drankmisbruikers insluit.

12.6 DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS WOONPLEK

Die standpunt dat in die stede meer drankmisbruik as op die platteland of in dorpe voorkom, word dikwels gehuldig. Tabel 12.6 dui aan in hoeverre hierdie standpunt deur die eie ondersoek ondersteun word.

TABEL 12.6

DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS WOONPLEK

Graad van drankgebruik	Woonplek									
	Stad		Dorp		Plaas		Kleinhoewe		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Gebruikers	541	90.0	305	86.6	95	88.0	56	90.3	997	88.8
Misbruikers	60	10.0	47	13.4	13	12.0	6	9.7	126	11.2
TOTAAL	601	100.0	352	100.0	108	100.0	62	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 2.750; \quad 50\% > p > 30\%$$

Volgens die gegewens in tabel 12.6 het die dorpsgroep die grootste persentasie (13.4%) drankmisbruikers ingesluit terwyl die tweede hoogste persentasie (12.0%) by die plaasgroep, 10.0 persent by die stadsgroep en 9.7 persent by die kleinhoewebewoners voorgekom het. Hierdie bevindinge strook glad nie met wat A. S. Roux in sy ondersoek bevind **nie** naamlik: „Drankmisbruik is by uitstek 'n stedelike verskynsel" (11, bl. 193).

Die verskille tussen die groepe is weliswaar nie baie groot nie en dit mag wees dat dit aan „toevallige" faktore toegeskryf kan word soos byvoorbeeld dat die drankmisbruikers in die stede moeiliker deur die veldwerkers tuis gevind is as op plase deurdat die eersgenoemde groep moontlik op dié bepaalde tyd in 'n openbare drinkplek, wat nie op plase te kry is nie, was.

12.7 DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS ONDERWYSPEIL

Die graad van drankgebruik word in tabel 12.7 volgens onderwyspeil ontleed.

TABEL 12.7

DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS ONDERWYSPEIL

Graad van drankgebruik	Onderwyspeil									
	St. V of laer		St. VI - st. VIII		St. IX - st. X		Onderwyskwalifikasies na st. X		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Gebruikers	62	86.1	539	87.4	246	91.1	150	91.5	997	88.8
Misbruikers	10	13.9	78	12.6	24	8.9	14	8.5	126	11.2
TOTAAL	72	100.0	617	100.0	270	100.0	164	100.0	1,123	100.0

$$\chi^2 \quad 4.426; \quad 30\% > p > 20\%$$

Alhoewel dit volgens sowel die drinkfrekwensie (tabel 6.6) as volgens die hoeveelheid drank wat in 'n bepaalde tydperk verbruik is, (tabel 9.4) wil voorkom asof die hoër onderwyspeilgroepe 'n swaarder drinkpatroon as die laer onderwyspeilgroepe het, blyk die teenoorgestelde tendens uit tabel 12.7 want die persentasie drankmisbruikers uit elke onderwyspeilgroep word kleiner namate die onderwyspeil styg. Waar 13.9 persent van die laagste onderwyspeilgroep (standerd 5 of laer) as misbruikers geklassifiseer is, geld dit vir 12.6 persent van die groep met 'n onderwyspeil van standerd ses tot agt, 8.9 persent by dié met 'n onderwyspeil van standerd nege of tien en slegs vir 8.5 persent van diegene wat 'n naskoolse opleiding geniet het.

Die bostaande feite moedig dus die afleiding aan dat die hoogste onderwyspeilgroepe, alhoewel hulle waarskynlik die meeste en duurste drankgebruik, relatief die minste drankmisbruikers onder hulle geledere tel. 'n Verklaring vir hierdie verskynsel is moeilik te vind. Waarskynlik hang dit daarmee saam dat persone uit die hoogste onderwyspeilgroep meer vertrouwd is met die invloed van alkoholiese drank en ook 'n hoër frustrasiedrempel het en dus nie so maklik verslaaf raak nie. Verder mag dit ook wees dat die hoër onderwyspeilgroepe weens hulle gereelder drankgebruik weet hoe om met alkoholiese drank om te gaan sonder om dit te misbruik.

Wat moontlik hier 'n groter rol speel, is die verskil in houding ten opsigte van alkoholiese drank by die laer en hoër onderwyspeilgroepe. In die laer onderwyspeilgroepe mag daar meer persone wees wat die gebruik van alkoholiese drank geheel en al veroordeel as by die hoër onderwyspeilgroepe, trouens dit is min of meer die afleiding wat uit die gegewens van tabel 3.7 gemaak kan word. By die hoër onderwyspeilgroepe daarenteen,

word alkoholiese drank meer vrylik gebruik dog die veroordeling van die misbruik van alkoholiese drank is moontlik veel sterker as by die laer onderwyspeilgroepe. Die standpunt by die hoër onderwyspeilgroepe is moontlik dat 'n persoon sy drankies moet kan neem sonder dat hy iemand daardeur benadeel, dit wil sê sonder om dit te misbruik.

12.8 DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS BEROEP

Die persentasie drankgebruikers en drankmisbruikers in elke beroepsgroep, word in tabel 12.8 aangedui.

TABEL 12.8
DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS BEROEP

Graad van drank- gebruik	Beroep																																	
	Klerklike hoër en admi- nistrasie- roep		Klerklike laer in die handel- roep		Laer handels- roep		Mynwer- kers		Geskoold- de vak- rigtings		Half- onge- skooldes		Vervoer- dienste		Veilig- heids- dienste		Boere		Voltydse studente en sko- liere		Persoon- like dienste		Werkloos- beroepe		Totaal									
G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%							
Gebruikers	72	92.3	141	91.0	40	72.7	35	77.8	12	80.0	91	79.8	54	76.1	22	91.7	15	78.9	46	83.6	16	100.0	40	85.1	376	97.4	21	87.5	10	83.3	6	85.7	997	88.8
Misbruikers	6	7.7	14	9.0	15	27.3	10	22.2	3	20.0	23	20.2	17	23.9	2	8.3	4	21.1	9	16.4	-	-	7	14.9	10	2.6	3	12.5	2	16.7	1	14.3	126	11.2
TOTAAL	78	100.0	155	100.0	55	100.0	45	100.0	15	100.0	114	100.0	71	100.0	24	100.0	19	100.0	55	100.0	16	100.0	47	100.0	386	100.0	24	100.0	12	100.0	7	100.0	1.123	100.0

$\chi^2 = 78.778; p < .1\%$

Alhoewel die getalle in die afsonderlike beroepsgroepe en veral in die verskillende selle van tabel 12. 8 baie klein is, is daar tog 'n paar opvallende verskille waarop met inagneming van die voorgenoemde voorbehoud gewys kan word. Behalwe vir huisvroue en studente, kom die laagste persentasie drankmisbruikers (7. 7%) by die proefpersone in die professies voor. Die hoogste persentasie drankmisbruikers (27. 3%) verskyn in die geledere van die hoër handel- en mynweseberoep. Verder val dit op dat die tweede hoogste persentasie drankmisbruikers (23. 9%) by die half- en ongeskooldes voorkom.

Uit die voorafgaande vind ons dus by die professionele groepe se graad van drankgebruik bevestiging vir wat onder afdeling 12. 7 gesê is ten opsigte van 'n relatief lae persentasie drankmisbruikers by die hoër onderwyspeilgroepe. Die hoë drankmisbruiksyfer onder die hoër mynwese- en handelsberoep kan moontlik aan baie onthale en groot bedrae wat vir alkoholiese drank beskikbaar is, toegeskryf word terwyl die haas onverwagte hoë syfer by die half- en ongeskooldes moontlik daaraan toegeskryf kan word dat talle drankmisbruikers as gevolg van hul oormatige drinkgewoontes in hulle beroepslewe sodanig benadeel is dat hulle in half- of ongeskoolde werk beland. Daar moet ook onthou word dat die hoogste persentasie drankmisbruikers van alle onderwyspeilgroepe by die laagste onderwyspeilgroep, dit wil sê diegene wat meestal half- en ongeskoolde werk verrig, voorgekom het.

12. 9 DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS INKOMSTE.

Tabel 12. 9 toon aan hoe die verskillende inkomstegroepe ten opsigte van die graad van drankgebruik onderling van mekaar verskil.

TABEL 12.9

DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS INKOMSTE

Graad van drankgebruik	Inkomste											
	Geen		R2000 of laer		R2001 - R4000		R4001- R6000		R6001 en hoër		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Gebruikers	23	95.8	478	87.9	372	89.2	77	91.7	45	86.5	995	88.8
Misbruikers	1	4.2	66	12.1	45	10.8	7	8.3	7	13.5	126	11.2
TO-TAAL	24	100.0	544	100.0	417	100.0	84	100.0	52	100.0	1,121	100.0

$$\chi^2 = 2.691; 70\% > p > 50\%$$

Die graad van drankgebruik volgens inkomste vertoon nie dieselfde mate van reëlmaat en verband as wat in tabel 6.8 ten opsigte van drinkfrekwensie en inkomstegroep gevind is nie want die grootste persentasie drankmisbruikers (13.5%) kom by die hoogste en die kleinste persentasie (8.3%) kom by die tweede hoogste inkomstegroepe voor. Hierdie verskynsel is moeilik te verklaar en moet waarskynlik aan die klein getalle van hierdie kategorie toegeskryf word.

12.10 DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS KERKVERBAND

Die graad van drankgebruik word in tabel 12.10 volgens kerkverband ontleed.

TABEL 12.10
DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS KERKVERBAND

Graad van drankgebruik	Kerkverband											
	Afrikaanse kerke	Engelse kerke	Rooms-Katolieke Kerk	Apostoliese Geloofsending of Volle Evangelie Kerk	Ander kerke	Israeltiese Kerk	Geen kerk	Totaal	G	%	G	%
Gebruikers	505	288	55	16	65	46	22	997	505	89.7	288	89.4
Misbruikers	58	34	12	1	10	2	9	126	58	10.3	34	10.6
TOTAAL	563	322	67	17	75	48	31	1,123	563	100.0	322	100.0

$$X^2 = 16.722; 2\% > p > 1\%$$

Baie opvallend uit die bostaande tabel is die feit dat die grootste persentasie drankmisbruikers, naamlik 29.0 persent, by diegene wat aan geen kerk behoort nie, voorkom. Alhoewel die kerklose groep nie uit baie groot getalle bestaan nie, kan die afleiding dat die lidmaatskap van 'n kerk tog in sommige gevalle 'n inhiberende faktor op drankmisbruik is, gemaak word.

'n Verdere hoë persentasie drankmisbruikers naamlik 17.9 persent kom by die Katolieke voor. Hierdie relatief hoë persentasie hang moontlik met dié Kerk se bepaalde gesindheid ten opsigte van drankgebruik saam.

Die twee groepe wat hier bo bespreek is, is tegelykertyd dié twee groepe by wie die grootste persentasies persone vier keer per week of meer dikwels alkoholiese drank gebruik (vgl. tabel 6.9). Uit die voorgenoemde tabel blyk dit ook dat die drinkfrekwensie by die lidmate van die Israëlitiese Kerk nie die laagste van al die groepe is nie en tog vertoon hulle in tabel 12.10 die laagste drankmisbruik persentasie naamlik 4.2 persent. Skynbaar is dit hier weer 'n geval waar die gebruik van alkoholiese drank 'n deel van die lewenspatroon is waarin die individu opgroei en dat hy dus in staat is om alkoholiese drank reg te hanteer.

12.11 DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS DIE TYD VAN DIE HOOFMAALTYD

Die verband tussen die graad van drankgebruik en die tyd van die hoofmaaltyd, word in tabel 12.11 aangedui.

TABEL 12.11

DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS DIE TYD VAN HOOFMAALTYD

Graad van drankgebruik	Tyd van hoofmaaltyd							
	Middagete		Aandete		Geen gereelde hoofmaaltyd		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%
Gebruikers	341	88.3	625	89.3	31	83.8	997	88.8
Misbruikers	45	11.7	75	10.7	6	16.2	126	11.2
TOTAAL	386	100.0	700	100.0	37	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 1.181; \quad 70\% > p > 50\%$$

Alhoewel die X^2 -toets op haas geen verband in bostaande tabel dui nie, is dit tog opvallend dat 16.2 persent van diegene wat geen gereelde hoofmaaltyd nuttig nie drankmisbruikers is terwyl dit slegs die geval is by onderskeidelik 11.7 persent en 10.7 persent van diegene wie se middag-maal en aandmaal hul hoofmaaltyd is. Hierdie bevinding bevestig net weer eens die bekende feit dat die drankmisbruiker steeds minder en meer on-gereeld eet.

12.12 DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS DIE TYD VAN DIE EERSTE DRANKIE

Tabel 12.12 gee 'n uiteensetting van hoe die tyd van die eerste drankie by gebruikers en misbruikers van alkoholiese drank van mekaar verskil.

TABEL 12.12

DIE TYD VAN EERSTE DRANKIE VOLGENS GRAAD VAN DRANKGEBRUIK

Tyd van eerste drankie	Graad van drankgebruik					
	Gebruikers		Misbruikers		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Voor 12 uur middag	6	1.2	18	14.8	24	3.9
Na 12 uur middag maar voor aandete	352	71.5	89	73.0	441	71.8
Met of na aandete	129	26.2	11	9.0	140	22.8
Net voor slaaptyd	5	1.0	4	3.3	9	1.5
TOTAAL	492	100.0	122	100.0	614	100.0

$$X^2 = 61.944; \quad p < .1\%$$

Die gegewens in bostaande tabel dui baie duidelik aan dat die standpunt dat die drankmisbruiker dikwels reeds in die voormiddag begin drink, ondersteun kan word want 14.8 persent van die misbruikers, teenoor 1.2 persent van die gebruikers, neem gewoonlik hul eerste drankie gedurende die voormiddag. Die rede vir die vroeë drinkery by die drankmisbruikers is waarskynlik omdat hulle weens hul verslawing aan drank die bevrediging van hul behoefte nie tot later kan uitstel nie.

12.13 DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS DIE DEELNAME VAN DIE EGGENOOT/E AAN DIE GEBRUIK VAN ALKOHOLIESE DRANK

Tabel 12.13 dui aan of die graad van drankgebruik enigsins met die deelname van die eggenoot of eggenote aan die drinkery verband hou.

TABEL 12.13

DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK EN OF EGGENOTE SAAM 'N DRANKIE NUTTIG

Graad van drankgebruik	Deelname van eggenote									
	Nooit		Af en toe		Gereeld		Nie van toepassing		Totaal	
	G	%	G	%	G	%	G	%	G	%
Gebruikers	141	85.5	241	86.1	444	91.7	171	88.1	997	88.8
Misbruikers	24	14.5	39	13.9	40	8.3	23	11.9	126	11.2
TOTAAL	165	100.0	280	100.0	484	100.0	194	100.0	1,123	100.0

$$X^2 = 8.217; \quad 5\% > p > 2\%$$

Van diegene wie se eggenote of eggenoot gereeld 'n drankie saam genuttig het, was slegs 8.3 persent drankmisbruikers teenoor 13.9 persent en 14.5 persent van die groepe wie se eggenote of eggenoot onderskeidelik slegs af en toe en nooit saam 'n drankie nuttig nie. Die mate van deelname van die eggenote of eggenoot is waarskynlik eerder die gevolg as die oorsaak van die proefpersoon se besondere drinkgewoonte want as die proefpersoon drank misbruik, sal sy eggenote of haar eggenoot heel waarskynlik so 'n afkeer daarin ontwikkel dat sy of hy nooit saam sou drink nie.

12.14 DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS PROVINSIE

Die graad van drankgebruik word in tabel 12.14 op 'n provinsiale basis ontleed.

TABEL 12.14

DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK VOLGENS PROVINSIE

Provinsie	Graad van drankgebruik					
	Gebruikers		Misbruikers		Totaal	
	G	%	G	%	G	%
Kaapprovinsie	339	89.4	40	10.6	379	100.0
Natal	113	81.9	25	18.1	138	100.0
Oranje-Vrystaat	95	91.3	9	8.7	104	100.0
Transvaal	450	89.6	52	10.4	502	100.0
TOTAAL	997	88.8	126	11.2	1,123	100.0

$$X^2 = 7.818; \quad 5\% > p > 2\%$$

Die hoogste en laagste persentasie drankmisbruikers kom onderskeidelik by Natal en die Oranje-Vrystaat voor naamlik 18.1 en 8.7 persent respektiewelik. Tussen Transvaal en die Kaapprovinsie is daar min verskil met 10.4 persent en 10.6 persent onderskeidelik. Uit tabel 6.10 het dit dan ook geblyk dat 'n groter persentasie persone in Natal, gemiddeld vier keer of meer dikwels per week alkoholiese drank gebruik as wat in die Oranje-Vrystaat die geval is.

Hoe hierdie verskille verklaar kan word, is nie duidelik nie want met die oorwegend Engelstaligheid in Natal en die oorwegend Afrikaanstaligheid in die Oranje-Vrystaat het dit waarskynlik geen verband nie want uit tabel 12.4 het dit reeds geblyk dat die persentasie drankmisbruikers by die Afrikaans- en Engelssprekendes nie beduidend van mekaar verskil nie.

12.15 SAMEVATTING

12.15.1 Van die 1,123 proefpersone wat wel alkoholiese drank gebruik het, is 88.8 persent deur die veldwerkers as gebruikers, 10.1 persent as misbruikers en 1.1 persent as alkoholiste geklassifiseer.

12.15.2 Vir alle korrelasies met ander sosiologiese faktore, is alle persone wat nie as gebruikers ingedeel is nie saamgevoeg as „drankmisbruikers.” Volgens hierdie indeling val veel meer mans as vroue in die kategorie van misbruikers waarskynlik as gevolg van die besondere lewensomstandighede van die vrou asook die sterker veroordeling van drankmisbruik by vroue.

12. 15. 3 Die persentasie drankmisbruikers styg by elke ouderdomsgroep namate die ouderdom van die groep toeneem tot by 49 jaar. Hierdie verskynsel hang waarskynlik daarmee saam dat dit 'n redelike tyd neem voordat 'n persoon verslaaf raak aan drank. Die hoër inkomste en meer verantwoordelikhede van die hoër ouderdomsgroep mag ook 'n rol speel. Die daling in die hoogste ouderdomsgroepe hang moontlik daarmee saam dat daar op daardie stadium 'n poging aangewend word om die drinkge-woonte weens sy nadelige uitwerking onder beheer te kry.
12. 15. 4 Die Afrikaans- en Engelssprekendes vertoon haas geen verskil ten opsigte van die persentasie drankmisbruikers nie terwyl dit by die groep wat albei landstale as huistaal gehad het betreklik hoog is waarskynlik as gevolg van die kultuurvermening wat gewoonlik by hierdie groep voorkom.
12. 15. 5 Die geskeie persone het van al die huwelikstaatsgroepe die hoogste persentasie drankmisbruikers. Moontlik is die relatief hoë drankmisbruiksyfer by hierdie groep eerder 'n oorsaak as 'n gevolg van die egskeiding.
12. 15. 6 Die persentasie drankmisbruik is by die kleinhoewebewoners laer as by enige van die ander groepe terwyl dit die hoogste by die dorpsgroep is. Hierdie verskille, alhoewel nie baie groot nie, is teenstrydig met die gewone beskouing en kan moeilik verklaar word.
12. 15. 7 Terwyl die getal drankies wat genuttig word, toeneem namate die onderwyspeil van die groep styg, daal die persentasie drankmisbruikers. Die rede hiervoor is waarskynlik dat die hoër onderwyspeilgroepe drankmisbruik sterk veroordeel maar tog aanvaar dat 'n persoon 'n drankie sal neem.
12. 15. 8 Benewens vir huisvroue en studente kom die kleinste persentasie drankmisbruikers in die professies voor. Hierdie verskynsel hang moontlik saam met wat onder 12. 15. 7 gesê is. Persone in die hoër handels- en mynweseberoepes lewer relatief 'n hoë drankmisbruikerpersentasie waarskynlik as gevolg van hulle besondere beroepsomstandighede en hoë inkomste wat voldoende geld vir alkoholiese drank beskikbaar stel.
12. 15. 9 In aansluiting by die voorafgaande opmerking blyk dit dat die hoogste inkomstegroep (R6000 per jaar en meer) van al die inkomstegroepe die grootste persentasie drankmisbruikers insluit.
12. 15. 10 Diegene wat aan geen kerk behoort nie, lewer volgens hierdie opname meer drankmisbruikers op as diegene wat wel aan kerke behoort.
12. 15. 11 Persone met geen gereelde hoofmaaltyd nie, kom meer by die drankmisbruikers as by die gebruikers voor.
12. 15. 12 'n Groter persentasie drankmisbruikers begin reeds in die voormiddag drink as wat die geval by drankgebruikers is.

12.15.13 Persone wat drank misbruik, se eggenotes of eggenote drink baie minder dikwels saam met hulle alkoholiese drank as wat die geval is by persone wat as drankgebruikers kan deurgaen. Die drankmisbruik is eerder die oorsaak as die gevolg hiervan.

12.15.14 Op 'n provinsiale basis ontleed, wil dit voorkom asof in Natal die grootste en in die Oranje-Vrystaat die kleinste persentasie drankmisbruikers gevind is. Kulturele faktore is waarskynlik nie vir hierdie verskynsel verantwoordelik nie gesien in die lig van die geringe verskil tussen Afrikaans- en Engelssprekendes ten opsigte van die persentasie drankmisbruikers.

13.1 ALGEMEEN

Die benadering in hierdie laaste hoofstuk sal afwyk van die volgorde in die voorafgaande hoofstukke. In plaas van om telkens 'n bepaalde kenmerk van die drinkpatroon met elkeen van die persoonlike kenmerke van die proefpersoon in verband te bring, sal 'n enkele persoonlike kenmerk eers met al die faktore van die drinkpatroon bespreek word alvorens tot 'n volgende persoonlike kenmerk oorgegaan word. Die doel hiermee is om tot 'n duideliker totaalbeeld van die drinkpatroon van 'n besondere kategorie van die proefpersone te kom.

13.2 GESLAG

As die geslagsverskille ten opsigte van die verskillende fasette van die drinkpatroon ontleed word, blyk die volgende: Byna een-derde (31.8%) van die vroue teenoor slegs 18.6 persent van die mans is geheelonthouers. Vroue voer in byna driekwart van die gevalle (74.3%) sosiale redes vir hul gewoonte om drank te gebruik aan terwyl dit by die mans by minder as die helfte van die gevalle (44.5%) as vernaamste rede genoem is. Hierteenoor gebruik 'n veel groter persentasie (29.9%) van die mans as vroue (12.9%) hul drank om psigologiese redes. Die meeste vroue (46.9%) verkies wyn terwyl die meeste mans (40.9%) bier as hul eerste keuse genoem het. Vroue verkies ook in 'n veel mindere mate spiritualieë as mans.

Die grootste enkele persentasie vroue (46.3%) gebruik gemiddeld een keer per kwartaal of minder alkoholiese drank. Slegs 19.2 persent van die mans val in hierdie kategorie. Van die mans gebruik 58.1 persent een keer of meer per week alkoholiese drank teenoor 29.3 persent van die vroue.

Groter persentasies van die vroue as van die mans gebruik gewoonlik hul alkoholiese drank met vriende of familie of met huisgenote tuis of tydens partytjies of funksies terwyl mans meer as vroue van openbare drinkplekke gebruik maak. Vroue is ook geneig om meer dikwels as mans hul drankies saam met hul etes te nuttig.

Slegs 4.0 persent van die vroue in die steekproef het vier rand of meer se alkoholiese drank gemiddeld per maand gebruik terwyl dit die geval by 22.0 persent van die mans was. In die geheel geneem, blyk dit dus dat vroue 'n veel ligter drinkpatroon as mans het en daarom verbaas dit ook nie dat bevind is dat slegs 3.6 persent van die vroue in die steekproef as drankmisbruikers geklassifiseer is teenoor 17.5 persent van die mans nie.

13.3 OUDERDOM

Alhoewel daar 'n betekenisvolle verskil volgens die chi-kwadrat-waarde tussen die verskillende ouderdomsgroepe ten opsigte van die persentasie geheelonthouers is, is daar geen wetmatigheid in die verband tussen die veranderlikes nie want eers vanaf die ouderdomsgroep 40-49 jaar styg die persentasie geheelonthouers reëlmatig na die hoër ouderdomsgroepe.

Behalwe vir die ouderdomsgroep 60 jaar en ouer, daal die persentasie in elke ouderdomsgroep, namate die ouderdom hoër word, van diegene vir wie sosiale redes die vernaamste rede vir drankgebruik is. Presies die teenoorgestelde geld ten opsigte van psigologiese redes.

Wat die drankvoorkeur betref, blyk dit dat die jonger ouderdomsgroepe meer dikwels bier en die hoër ouderdomsgroepe meer dikwels spiritualieë verkies.

Die drinkfrekwensie hou eweneens met die ouderdom verband, dog geen wetmatigheid kom voor nie want die heel ligte drinkers, dit wil sê diegene wat gemiddeld een keer per kwartaal drank gebruik, vorm 'n steeds kleiner persentasie van die stygende ouderdomsgroepe tot by die groep 40-49 jaar en daarna word die persentasie weer groter. As die swaarder drinkers, dit wil sê diegene wat een keer per week of meer alkoholiese drank gebruik, ontleed word, blyk dit dat die persentasie in elke hoër ouderdomsgroep styg tot by die groep 50-59 jaar; daarna daal die betrokke persentasie weer. In die geheel gesien, lyk dit dus asof die ouderdomsgroepe 40-59 jaar die meeste swaar drinkers insluit.

Persone in die jonger ouderdomsgroepe gebruik meer dikwels hul alkoholiese drank saam met vriende terwyl die hoër ouderdomsgroepe meer dikwels saam met huisgenote óf alleen óf tydens formele geleenthede hul alkoholiese drank nuttig.

In elke hoër ouderdomsgroep is daar 'n groter persentasie van die proefpersone wat hul alkoholiese drank saam met hul etes nuttig.

Waar die getal drankies wat oor 'n bepaalde tydperk gebruik is, met die ouderdom van die proefpersoon in verband gebring word, kom weer eens aan die lig dat die ouderdomsgroepe 40-49 en 50-59 jaar die swaarste drinkers insluit. Hierdie afleiding word ook bevestig as die gemiddelde waarde van die verbruikte alkoholiese drank met die ouderdom in verband gebring word want waar slegs 1.2, 0.7 en 2.2 persent onderskeidelik van die ouderdomsgroepe 20 - 24, 25 - 29 en 30 - 39 jaar gemiddeld R10 of meer per maand se alkoholiese drank verbruik, is dit die geval by onderskeidelik 10.2 en 7.5 persent van die ouderdomsgroepe 40 - 49 en 50 - 59 jaar.

Soos uit die voorafgaande af te lei is, kan verwag word dat die ouderdomsgroepe 40 - 49 jaar en 50 - 59 jaar ook die grootste persentasie drankmisbruikers sal insluit. Onderskeidelik kom die persentasies dan ook op 16.0 en 14.5 persent te staan.

Uit die voorafgaande blyk dit dus asof die swaarste drinkpatroon by die ouderdomme 40 tot 59 jaar, met die hoogtepunt op die groep tussen 40 en 49 jaar, voorkom.

13.4 HUISTAAL

Die Afrikaanssprekende gedeelte van die steekproef tel die grootste persentasie geheelonthouers onder hulle geledere en wel 28.4 persent teenoor 25.2 persent by die Afrikaans-en-Engelssprekendes, 21.7 persent by die Engelssprekendes en 7.0 by diegene wie se huistaal nie een van die twee amptelike landstale is nie. Verskil in inkomste is waarskynlik vir bogemelde verskil verantwoordelik.

Sosiale redes speel as motivering vir drankgebruik by die Afrikaanssprekendes 'n groter rol as by die ander taalgroepe terwyl psigologiese redes by die Engelssprekendes en fisiologiese redes by die andertaliges 'n groter rol speel.

Meer as twee-vyfdes (45.2%) van die Engelssprekendes verkies spiritualieë terwyl dit slegs by ongeveer 'n kwart (24.1%) van die Afrikaanssprekendes die geval is. Bier skyn by die Afrikaanssprekendes en die andertaliges die populêrste drank te wees terwyl die grootste enkele persentasie Afrikaans-en-Engelssprekendes (39.5%) spiritualieë verkies.

Terwyl meer as 'n kwart van die Engelssprekendes (26.4%) vier of meer kere per week alkoholiese drank gebruik, geld dit by slegs 9.8 persent van die Afrikaanssprekendes en 17.4 persent van diegene wat albei landstale as huistaal gehad het. Feitlik die teenoorgestelde tendens kom voort op sigte van die ligte drinkers wat slegs een keer per kwartaal of minder drank gebruik.

Engelssprekendes gebruik hul drank ietwat meer dikwels met vriende en familie aan 'n woning of tuis met huisgenote as die Afrikaanssprekendes.

Ten opsigte van die getal drankies wat gedurende 'n tydperk van sewe dae genuttig is, vertoon die taalgroepe weer eens verskille want meer as die helfte (56.6%) van die Afrikaanssprekendes het geen drank gebruik nie teenoor 33.9, 34.9 en 20.0 persent onderskeidelik by die Engelssprekendes, Afrikaans-en-Engelssprekendes en andertaliges. Wat die gebruik van groot hoeveelhede betref, styg die persentasies in dieselfde volgorde. In aansluiting by die voorgenoemde, blyk dit dat 'n veel kleiner persentasie

van die Afrikaanssprekendes alkoholiese drank ten bedrae van R10 of meer per maand verbruik as wat die geval by die ander taalgroepe is. 'n Ooreenstemmende afleiding kan ten opsigte van die huishoudelike uitgawe aan alkoholiese drank gemaak word.

Wat die omvang van drankmisbruik betref, blyk dit dat volgens die veldwerkers se indeling die Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes min van mekaar verskil dog dat Afrikaans-en-Engelssprekendes in vergelyking met die ander taalgroepe, meer drankmisbruikers insluit.

'n Poging om die moontlike rol van 'n verskil in inkomste en onderwysepeil by die twee hooftaalgroepe uit te skakel, het daarop gedui dat hierdie twee faktore nie vir die verskille verantwoordelik kan wees nie. 'n Moontlike afleiding is dat die verskil tussen die huistaalgroepe aan faktore in die kulturele agtergrond van die onderskeie groepe toegeskryf moet word. Die onderhawige ondersoek kan hierop egter geen verdere lig werp nie en alvorens verdere navorsing in hierdie verband gedoen word, kan geen afdoende verklarings vir die verskille by die huistaalgroepe gegee word nie.

13.5 HUWELIKSTAAT

Soer dit geheelonthouding betref, verskil die verskillende huwelikstaatgroepe nie veel van mekaar nie behalwe dat diegene wat nog nooit getroud is nie 'n effens kleiner persentasie geheelonthouders as die ander groepe het.

'n Groter persentasie van diegene wat nog nooit getroud is nie as wat die geval by die ander groepe is, het sosiale redes as vernaamste oorweging vir hul drankgebruik aangedui terwyl psigologiese redes by die geskeies en diegene wat in 'n staat van wewenaar- of weduweeskop verkeer van al die groepe die belangrikste rol gespeel het.

Die geskeie groep sluit van al die groepe die grootste persentasie (38.1%) persone in wat gemiddeld vier keer of meer dikwels per week alkoholiese drank gebruik waar die onderskeie persentasies vir getroudes, ongetroudes en diegene wat in 'n staat van wewenaar- of weduweeskop verkeer op 17.8, 12.9 en 9.1 persent te staan kom.

In aansluiting by die voorgenoemde blyk dit ook dat 'n groter persentasie van die geskeies se huishoudelike uitgawes aan alkoholiese drank R10 of meer per maand is as wat die geval by die ander huwelikstaatgroepe is. Diegene in 'n staat van wewenaar- of weduweeskop het 'n kenmerkende kleiner gemiddelde maandelikse uitgawe aan alkoholiese drank as die ander groepe. Ten opsigte van die gemiddelde geldwaarde van die verbruikte drank geld dieselfde afleidings.

Soos uit die voorafgaande verwag kan word, sluit die geskeies 'n groter persentasie (28.6%) drankmisbruikers in as wat die geval is by die getroudes (11.1%), ongetroudes (10.3%) en diegene in 'n staat van wewenaar- of weduweeskap (9.1%).

13.6 WOONPLEK

Die graad van stedelikheid het geen verband met die persentasie onthouers nie, die drinkmotief, drinkfrekwensie, drinkplek, hoeveelheid drank wat gedrink word, die maandelikse uitgawe aan alkoholiese drank, die waarde van die verbruikte drank of die persentasie drankmisbruikers nie. Dit wil egter voorkom asof die stedeling se drankgebruik in 'n mindere mate met etes geassosieer is as wat by die ander woonplekgroepe die geval is.

13.7 ONDERWYSPEIL

Die hoogste persentasie geheelonthouers kom by die laagste onderwyspeilgroepe voor behalwe by diegene wat 'n hoër kwalifikasie as standerd tien verwerf het waar die onthouersyfer ietwat hoër is as by die vorige groep naamlik diegene met 'n standerdnege- of -tiensertifikaat. In teenstelling met die voorgenoemde toon die onderwyspeilgroepe wat die motivering vir drankgebruik betref, geen verskille nie.

Dit blyk dat die grootste enkele persentasie by die onderwyspeilgroep van standerd vyf en laer, wyn as eerste keuse stel terwyl die keuse by die groep standerd sewe en agt op bier val. By die twee hoër onderwyspeilgroepe kom die grootste persentasies by spiritualieë voor.

Ten opsigte van die drinkfrekwensie vertoon die onderwyspeilgroepe duidelike tendense want hoe hoër die onderwyspeil, hoe hoër is die persentasie persone wat gemiddeld vier keer of meer dikwels per week alkoholiese drank gebruik. Die teenoorgestelde tendens kom voor by diegene wat slegs een keer per kwartaal of minder drank gebruik.

Van al die onderwyspeilgroepe gebruik diegene wat 'n onderwyspeil van standerd vyf of laer behaal het, meer dikwels hul alkoholiese drank alleen. Hierteenoor gebruik diegene met 'n onderwyspeil van standerd nege of hoër meer dikwels hul drank aan 'n woning saam met huisgenote of vriende of tydens partytjies en funksies.

Namate die onderwyspeil van 'n bepaalde kategorie hoër word, word die persentasie persone wat oor 'n bepaalde tydperk medium of groot hoeveelhede alkoholiese drank gebruik het, groter. In aansluiting hierby blyk dit ook dat die persentasie persone wie se gemiddelde maandelikse uitgawe aan alkohol R10 of meer beloop by die hoër onderwyspeilgroepe hoër is as

by die laer onderwyspeilgroepe.

Ten slotte blyk dit dat die laer onderwyspeilgroepe, alhoewel hulle deurgaans 'n ligter drinkpatroon vertoon, 'n groter persentasie drank-misbruikers insluit as die hoër onderwyspeilgroepe. Die persentasie daal vanaf 13.9 persent vir die groep met standaard vyf of laer tot 8.5 persent vir diegene met 'n naskoolse opleiding.

13.8 BEROEP

Die syfers in die selle van die tabelle wat oor beroepe handel, is ongelukkig baie klein en dus moet die afleidings versigtig gemaak word.

Benewens die huisvrougroep het die half- en ongeskoolde beroepe die grootste persentasie geheelonthouers ingesluit.

Die hoër handel- en -mynweseberoepes lewer van al die beroepe die grootste persentasie (47.3%) persone wat gemiddeld vier of meer keer per week alkoholiese drank gebruik. In aansluiting by die voorgenoemde, blyk dit dat dit dieselfde beroepsgroep is wat die kleinste persentasie persone insluit wat in die betrokke sewe dae voor die ondersoek geen alkoholiese drank gebruik het nie.

Ten slotte blyk dit verder dat die hoogste persentasie drankmisbruikers ook by die hoër handel- en -mynwese beroepe voorgekom het.

13.9 INKOMSTE

'n Duidelike verband tussen inkomste en persentasie geheelonthouers is waarneembaar want namate die inkomste styg daal die persentasie geheelonthouers.

Wat drinkmotief betref, is daar geen duidelike verskil tussen die inkomstegroepe nie dog wel wat drankvoorkeur betref want hoe hoër die inkomste van die inkomstegroep, hoe groter is die persentasie wat spiritueel verkies.

Die persentasie van elke inkomstegroep wat gemiddeld vier keer of meer dikwels per week alkoholiese drank gebruik, word groter namate die inkomste toeneem.

Inkomste hou skynbaar geen verband daarmee of die alkoholiese drank saam met die ete genuttig word of nie.

Namate die inkomste van die bepaalde inkomstekategorie hoër word, styg ook die persentasie persone in daardie kategorie wie se huishoudings gemiddeld R10 of meer aan alkoholiese drank per maand bestee.

Wat die persentasie misbruikers betref, verskil die inkomstegroepe nie betekenisvol van mekaar nie.

13.10 KERKVERBAND

Die Apostoliese Geloofsending en Volle Evangelie Kerk het die grootste persentasie geheelonthouers (63.0%) terwyl die lidmate van die Israelitiese Kerk die kleinste persentasie geheelonthouers (14.3%) insluit.

Die grootste persentasie (70.9%) van diegene wat aan geen kerk behoort nie, gebruik een keer of meer dikwels per week alkoholiese drank. (Die getalle in hierdie kategorie is egter te klein vir betroubare afleidings) Van die lidmate van die Engelse kerke vorm hierdie groep 59.0 persent. Die ooreenstemmende persentasie by die lidmate van die Afrikaanse kerke is 34.3 persent.

In ooreenstemming met die voorgenoemde blyk dit dat 2.7 persent van die lidmate van die Afrikaanse kerke gemiddeld alkoholiese drank ten bedrae van R10 of meer self verbruik terwyl die ooreenstemmende persentasie by die lidmate van Engelse kerke 6.8 persent, die Rooms-Katolieke Kerk 6.0 persent, die Israelitiese Kerk 2.1 persent en „Ander“ kerke 8.7 persent is.

Diegene wat as drankmisbruikers geklassifiseer is, vorm 'n groter persentasie by die lidmate van die Katolieke Kerk as by die lidmate van die ander kerke.

BYLAAG I

VERTROULIK

N. B. 358

NASIONALE BURO VIR OPVOEDKUNDIGE EN MAATSKAPLIKE NAVORSING

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP

ONDERSOEK NA DIE DRINGEWOONTES VAN DIE SUID-
AFRIKAANSE BEVOLKING

VRAELYS A

Die Buro onderneem om alle gegewens wat u verstrekk as streng vertroulik te behandel. Soos in die geval van 'n sensusopname word daar nie in die gegewens van die individu as sodanig belanggestel nie, maar in die gegewens van die hele bevolking. U naam kom nêrens op die vraelys voor nie.

Beantwoord asseblief die onderstaande vrae deur 'n kruisie (X) in die blokkie onder die regte antwoord te maak. Behalwe in die geval van vraag 3 hoef u niks te skryf nie. Dit neem ongeveer 5-15 minute om die vraelys te voltooi.

Nommer van vraelys.

(Alleenlik vir kantoorgebruik)

--

(1-4)

1. Is u 'n man of 'n vrou?

	Man	Vrou
1		2

(5)

2. In watter ouderdomsgroep val u?

Onder 20	20-24	25-29	30-39	40-49	50-59	60-69	70 en ouer
1	2	3	4	5	6	7	8

(6)

3. Gee die naam van u beroep duidelik en volledig. As u byvoorbeeld 'n sweiser in diens van die Spoorweë is, moet u „sweiser” aangee as u beroep en nie „Spoorweë” nie.

.....

4. In watter een van die volgende beroepsgroepe val u?

01	Professioneel: Bv. dokters, onderwysers, prokureurs, argitekte, ouditeurs, rekenmeesters, ingenieurs ens.
02	Klerklik en administratief: Bv. klerke en administratiewe personeel in fabrieke, Staatsdiens, Spoorweë ens.
03	Handel: (A) Eienaars, bestuurders en direkteure van handels- en finansiële instellings
04	Handel: (B) Verkoopspersoneel bv. handelsreisigers, assuransie-agentes, eiendomsagentes, makelaars, verkoopsklerke ens.
05	Mynwese, steengroewe en verwante beroepe: (A) Mynenaars, bestuurders, direkteure ens.
06	Mynwese ens. : (B) Delwers, myn- en steengroefwerkers, skofbase, prospek-teerders ens.
07	Geskoolde vakrigtings: Bv. messelaars, elektrisiëns, motorwerktuigkundiges en persone wat ander soortgelyke beroepe beoefen
08	Vakleerlinge, halfgeskooldes en ongeskooldes: Bv. arbeiders, bodes, kruiers, masjienoperateurs ens.
09	Vervoerdienste: Bv. kondukteurs, stokers, vragmotorbestuurders, huur-motorbestuurders, loodse ens.
10	Veiligheidsdienste: Bv. polisie, leër, gevangenisdiens ens.
11	Boere: Slegs voltydse boere en voormanne op plase en hoewes, asook bos-bouers en dergelyke beroepe
12	Voltydse studente en skoliere
13	Pensionarisse, renteniers, afgetredenes
14	Voltydse huisvrouens
15	Persoonlike dienste: Bv. verpleërs en verpleegsters, kelners in hotelle of in diens van die Spoorweë of van die handelslugdiens, haarkappers(-sters), kos-huis- en huishoudelike personeel, kroegmanne ens.
16	Werkloos tydens opname
17	Ander

(7-8)

5. Wat is u hoogste kwalifikasie ?

Beskik nie oor 'n st. III- of gelykwaardige sertifikaat nie	Beskik oor 'n st. III- of IV- of gelykwaardige sertifikaat	Beskik oor 'n st. V- of gelykwaardige sertifikaat	Beskik oor 'n st. VI- of gelykwaardige sertifikaat	Beskik oor 'n st. VII- of gelykwaardige sertifikaat	Beskik oor 'n st. VIII- of gelykwaardige sertifikaat	Beskik oor 'n st. IX- of gelykwaardige sertifikaat	Beskik oor 'n st. X- of gelykwaardige sertifikaat	Het na st. X verder studeer en 'n ander kwalifikasie as 'n universiteitsgraad behaal	Het 'n universiteitsgraad behaal
1	2	3	4	5	6	7	8	9	0

(9)

Let wel: Indien u onseker is insake bostaande skryf die naam van die kwalifikasie hier neer. Indien u hoogste kwalifikasie in die buiteland verwerf is, skryf die naam van daardie sertifikaat hier neer.

.....

6. Wat is u netto inkomste per jaar? Indien getroud, voeg u eggenoot(-note) se inkomste by.

Geen	£ 1 -100	£ 101 -200	£ 201 -400	£ 401 -600	£ 601 -800	£ 801 -1000	£ 1001 -1200	£ 1201 -1400	£ 1401 -1600	£ 1601 -1800	£ 1801 -2000	£ 2001 -2200
01	02	03	04	05	06	07	08	09	0X	0Y	10	11

(10-11)

£ 2201 -2400	£ 2401 -2600	£ 2601 -2800	£ 2801 -3000	£ 3001 -3200	£ 3201 -3400	£ 3401 -3600	£ 3601 -3800	£ 3801 -4000	£ 4001 en meer
12	13	14	15	16	17	18	19	IX	IY

(10-11)

7. Hoeveel persone moet versorg word uit die bogenoemde inkomste?
(Dit wil sê u, u eggenoot(-note) en ander afhanklikes.)

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10 en meer	N. v. t.
1	2	3	4	5	6	7	8	9	0	X

(12)

8. Is u

getroud	nooit getroud nie (nog ongetroud)	geskei, verlaat, van tafel en bed geskei	wewenaar of weduwee
1	2	3	4

(13)

9. Indien u tans getroud is, was u voorheen

geskei	'n wewenaar of 'n weduwee	geskei <u>en</u> wewenaar of weduwee	geeneen van die voriges nie
1	2	3	4

(14)

10. Wat is u huistaal?

Afrikaans	Engels	Afrikaans en Engels	Ander
1	2	3	4

(15)

11. Aan watter kerk behoort u?

Nederduitse Gereformeerde Kerk	Gereformeerde Kerk van Suid- Afrika	Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika	Presbiteriaanse Kerk	Anglikaanse Kerk	Rooms- Katolieke Kerk
1	2	3	4	5	6

(16)

Metodiste-kerk	Apostoliese Geloof-sendingkerk of Vol-le Evangelie Kerk	Israeli-tiese Kerk	Baptiste-kerk	Ander kerke	Geen
7	8	9	0	X	Y

(16)

12. Woon u in/op

'n stad	'n dorp	'n plaas	'n kleinhoewe
1	2	3	4

(17)

13. Woon u in

'n huis	'n woonstel	'n losies-huis of 'n privaat-hotel	'n geli-sensieer-de hotel	'n huurka-mer of 'n gedeelte van 'n huis	'n koshuis, opleidings-kamp of an-der inrig-ting	'n tipe woning nie ge-noem nie
1	2	3	4	5	6	7

(18)

14. Hoeveel spandeer u en u afhanklikes wat by u inwoon naastenby per maand aan voedsel? Persone wat by u loseer en bediendes word uitgesluit.

Let wel: Loseerders wat hierdie vraelys beantwoord, moet eers hulle geskat-te kamerhuur ens. van hulle losiesgelde aftrek.

Minder as £6	£6 -10	£11 -15	£16 -20	£21 -25	£26 -30	£31 -35	£36 -40	£41 -45	£46 -50	£51 -55	£56 -60	£61 -65	£66 -70	£71 en meer
01	02	03	04	05	06	07	08	09	10	11	12	13	14	15

(19-20)

15. Hoeveel persone, uself ingesluit, wat in u huis woon, het deel aan die voedsel-verbruik wat in die vorige vraag vermeld is? Persone wat by u loseer en be-diendes word uitgesluit.

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10 en meer
1	2	3	4	5	6	7	8	9	0

(21)

16. Nuttig u ontbyt?

Gereeld	Soms	Nooit
1	2	3

(22)

17. Nuttig u middagete?

Gereeld	Soms	Nooit
1	2	3

(23)

18. Nuttig u aandete?

Gereeld	Soms	Nooit
1	2	3

(24)

19. Watter ete is u hoofmaaltyd?

Middagete	Aandete	Geen gereelde hoofmaaltyd
1	2	3

(25)

20. Hoeveel bestee u huishouding gemiddeld per maand aan alkoholiese drank?

Niks	Minder as 5/-	5/- -10/-	11/- -39/-	£2 -4	£5 -7	£8 -10	£11 -13	£14 -16	£17 -19	£20 -25	£26 en meer
1	2	3	4	5	6	7	8	9	0	X	Y

(26)

21. Wat is die waarde van die alkoholiese drank wat u alleen gemiddeld per maand verbruik?

Niks	Minder as 5/-	5/- -10/-	11/- -39/-	£2 -4	£5 -7	£8 -10	£11 -13	£14 -16	£17 -19	£20 -25	£26 en meer
1	2	3	4	5	6	7	8	9	0	X	Y

(27)

22. Rook u?

Gereeld	Soms	Nooit
1	2	3

(28)

23. Is u 'n geheelonthouer van alkoholiese drank ?

Ja, my hele lewe lank	Ja, maar was voorheen 'n ligte drinker	Ja, maar was voorheen 'n swaar drinker	Nee
1	2	3	4

(29)

Let Wel: Persone wat in die vorige vraag (23) verklaar het dat hulle nooit alkoholiese drank gebruik nie, hoef nie die res van die vrae te beantwoord nie.

24. Rook u wanneer u 'n drankie nuttig?

Gereeld	Soms	Nooit
1	2	3

(30)

25. Maak 'n kruisie in die hokkie teenoor die een vraag wat die beste op u van toepassing is.

Gebruik u gemiddeld (of gewoonlik)

- (a) ses of sewe dae per week alkoholiese drank
- (b) vier of vyf dae per week alkoholiese drank
- (c) twee of drie dae per week alkoholiese drank
- (d) een maal per week alkoholiese drank
- (e) twee maal per maand alkoholiese drank
- (f) een maal per maand alkoholiese drank
- (g) een maal in drie maande alkoholiese drank
- (h) een maal in ses maande alkoholiese drank
- (i) een maal per jaar alkoholiese drank
- (j) minder as een maal per jaar alkoholiese drank

1
2
3
4
5
6
7
8
9
0

(31)

26. Watter een van die volgende dranksoorte drink u gewoonlik (meesal) ?

Wyn (ook vonkelwyn)	Spiritualieë (sterk drank)	Bier
1	2	3

(32)

27. Watter soort drank drink u gewoonlik die tweede meeste indien u meer as een soort drank gebruik ? (Merk hoogstens een soort)

Wyn (ook vonkelwyn)	Spiritualieë (sterk drank)	Bier	Geen tweede keuse nie
1	2	3	4

(33)

28. Wanneer neem u gewoonlik u drankies ? Persone wat by vraag 25 f, g, h, i of j 'n kruisie gemaak het, moet nie hierdie vraag beantwoord nie.

(a) Onmiddellik voor ete

Gereeld	Soms	Nooit
1	2	3

(34)

(b) Onmiddellik na ete

Gereeld	Soms	Nooit
1	2	3

(35)

(c) Saam met ete

Gereeld	Soms	Nooit
1	2	3

(36)

(d) Tussen middag- en aandete

Gereeld	Soms	Nooit
1	2	3

(37)

(e) Na aandete (Nie onmiddellik voor slaapyd nie)

Gereeld	Soms	Nooit
1	2	3

(38)

(f) Onmiddellik voor slaapyd („night-cap“)

Gereeld	Soms	Nooit
1	2	3

(39)

(g) Voor middagete

Gereeld	Soms	Nooit
1	2	3

(40)

29. Tydens watter een van die bogenoemde tye gebruik u mees dikwels u drankies?

Onmiddellik voor ete

Onmiddellik na ete

Saam met ete

Tussen middag- en aandete

Na aandete (Nie onmiddellik voor slaapyd nie)

Onmiddellik voor slaapyd („night-cap“)

Voor middagete

1
2
3
4
5
6
7

(41)

30. Nuttig u Sondae by u middagmaal 'n drankie?

Gereeld	Soms	Nooit
1	2	3

(42)

31. Wanneer neem u gewoonlik u eerste drankie? Persone wat by vraag 25 f, g, h, i of j 'n kruisie gemaak het, moenie hierdie vraag beantwoord nie.

Voor twaalfuur middag	Na twaalfuur middag maar voor aandete	Met of na aandete	Net voor slaapyd
1	2	3	4

(43)

32. Dui aan hoeveel u alleen gedurende die afgelope sewe dae van elk van die volgende dranksoorte genuttig het:-

Spiritualieë (drankies)	Geen	1	2	3	4	5	6	7	8-15	16-30	31-45	46 en meer
	0	1	2	3	4	5	6	7	8	9	X	Y

(44)

Wyn (glase)	Geen	1	2	3	4	5	6	7	8-15	16-30	31-45	46 en meer
	0	1	2	3	4	5	6	7	8	9	X	Y

(45)

Bier (pinte)	Geen	1	2	3	4	5	6	7	8-15	16-30	31-45	46 en meer
	0	1	2	3	4	5	6	7	8	9	X	Y

(46)

1 bottel spiritualieë = 21 drankies; 1 bottel gefortifiseerde wyn = ± 14 glase; 1 bottel natuurlike wyn = 6 glase; 1 klein botteltjie bier = 1 pint; 1 groot bottel bier = 2 pinte; 4 „shandies“ = 1 pint bier.

33. Op watter van die volgende maniere het u gedurende die afgelope drie maande 'n drankie geniet? Let daarop dat u elke vraag moet beantwoord.

- (a) By u eie woning as u van vriende of familie besoek ontvang of saam met vriende of familie by hulle tuiste as u hulle besoek

Ja	Nee
1	2

(47)

- (b) Toe u tuis was en saam met u huisgenote 'n drankie genuttig het

Ja	Nee
1	2

(48)

(c) Tydens skemerkelkie- en ander georganiseerde partytjies, braaivleisfunksies ens.

Ja	Nee
1	2

(49)

(d) Tydens huweliksonthale, dinees en soortgelyke formele geleenthede

Ja	Nee
1	2

(50)

(e) Met vriende en/of huisgenote in 'n klub, restaurant of hotelsitkamer („lounge“)

Ja	Nee
1	2

(51)

(f) Met vriende en/of huisgenote in 'n kroeg

Ja	Nee
1	2

(52)

(g) Toe u tuis was en niemand saam met u gedrink het nie

Ja	Nee
1	2

(53)

(h) Toe u in 'n klub, restaurant of hotel (kroeg uitgesluit) was en alleen gedrink het, dit wil sê nie in die geselskap van vriende nie

Ja	Nee
1	2

(54)

(i) Toe u in 'n kroeg was en alleen gedrink het, dit wil sê nie in die geselskap van vriende nie

Ja	Nee
1	2

(55)

34. Op watter een van die volgende maniere het u mees dikwels gedurende die afgelope drie maande 'n drankie geniet? Beantwoord die vraag deur 'n kruisie (X) in die hokkie langs u antwoord te maak.

(a) By u eie woning as u van vriende of familie besoek ontvang of saam met vriende of familie by hulle tuiste as u hulle besoek

1

(b) Toe u tuis was en saam met u huisgenote 'n drankie genuttig het

2

- (c) Tydens skemerkelkie- en ander georganiseerde partytjies, braaivleisfunksies ens. 3
- (d) Tydens huweliksonthale, dinees en soortgelyke formele geleenthede 4
- (e) Met vriende en/of huisgenote in 'n klub, restaurant of hotelsitkamer („lounge") 5
- (f) Met vriende en/of huisgenote in 'n kroeg 6
- (g) Toe u tuis was en niemand saam met u gedrink het nie 7 (56)
- (h) Toe u in 'n klub, restaurant of hotel (kroeg uitgesluit) was en alleen gedrink het, dit wil sê nie in die geselskap van vriende nie 8
- (i) Toe u in 'n kroeg was en alleen gedrink het, dit wil sê nie in die geselskap van vriende nie 9
- (j) Het nie gedurende afgelope drie maande 'n drankie genuttig nie 0

35. Nuttig u eggenoot(-note) 'n drankie saam met u ?

Nooit	Af en toe	Gereeld	Nie van toe-passing nie
1	2	3	4

(57)

36. Wat sou u sê is die vernaamste redes waarom u alkoholiese drank gebruik ?

Persoonlike redes:

- (a) Omdat dit lekker smaak
- | Ja | Nee |
|----|-----|
| 1 | 2 |
- (58)

- (b) Om dors te les
- | Ja | Nee |
|----|-----|
| 1 | 2 |
- (59)

- (c) Omdat dit u 'n aangename, ontspanne of vrolike gevoel gee
- | Ja | Nee |
|----|-----|
| 1 | 2 |
- (60)

(d) Om van afgematheid ontslae te raak

Ja	Nee
1	2

(61)

(e) Om eetlus te wek

Ja	Nee
1	2

(62)

(f) Om gesondheidsredes

Ja	Nee
1	2

(63)

(g) Om van bekommernis ontslae te raak

Ja	Nee
1	2

(64)

(h) Om maklik aan die slaap te raak

Ja	Nee
1	2

(65)

Sosiale redes:

(i) Om 'n metgesel(-lin) geselskap te hou

Ja	Nee
1	2

(66)

(j) Om spesiale geleenthede te vier bv. verjaarsdae, huwelike ens.

Ja	Nee
1	2

(67)

(k) Omdat dit 'n tradisie of instelling is

Ja	Nee
1	2

(68)

(l) Om nie aanstoot te gee nie; om nie „uit te voel" nie; om 'n goeie „sport" te wees; maar indien dit nie 'n sosiale instelling was om alkoholiese drank te gebruik nie, sou ek nie-alkoholiese drank verkies het

Ja	Nee
1	2

(69)

(m) Omdat dit sosiale verkeer beter bevorder as nie-alkoholiese drank; om lekker te gesels of sosiaal te wees

Ja	Nee
1	2

(70)

(n) Om 'n rede nog nie genoem nie

Ja	Nee
1	2

Spesifiseer:

(71)

37. Watter een van die bostaande redes beskou u as die belangrikste wat aanleiding gee tot u gebruik van alkoholiese drank?

a	b	c	d	e	f	g	h	i	j	k	l	m	n
01	02	03	04	05	06	07	08	09	10	11	12	13	14

(72-73)

38. Dui aan met 'n kruisie die gebied waarin hierdie vraelys voltooi is. (Slegs vir die gebruik van die veldwerkers.)

Transvaal

Benoni	Springs	Germiston	Klerksdorp	Potchefstroom	Johannesburg	Rustenburg	Pietersburg	Erme-lo	Pre-toria
1	2	3	4	5	6	7	8	9	X

(74)

O. V. S.

Kroonstad	Welkom	Bloemfontein
1	2	3

(75)

Natal

Durban	Pinetown	Ladysmith	Vryheid
1	2	3	4

(76)

Kaapprovinsie

Kimberley	Postmasburg	De Aar	Kaapstad	Bellville	Wynberg	Si-monstad	Paarl	Wel-lington	Oudts-hoorn	Ui-ten-hage	Queens-town	Oos-Londen
01	02	03	04	05	06	07	08	09	10	11	12	13

(77-78)

39. Naam van voorstad
(Indien van toepassing)

40. Nommer van opnemersdistrik

41.

1	2	3	4	5	6
---	---	---	---	---	---


(79)

Naam van veldwerker:

LITERATUURLYS

1. Riley, J. W. en Marden, C. F. : „Who What and How Often," Drinking Practices, U. S. A. , Drinking and Intoxication. The Free Press, Glencoe, Illinois, U. S. A. , 1959.
2. Malford, H. A. en Miller, D. E. : „Drinking in Iowa," Quarterly Journal of Studies on Alcohol. Vol. 21, No. 1, Maart 1960.
3. Maxwell, M. A. : „In One State", Drinking Practices, U. S. A. , Drinking and Intoxication. The Free Press, Glencoe, Illinois, U. S. A. , 1959.
4. Popham, R. E. : „Canada," Drinking Practices, Ancient and Modern, Drinking and Intoxication. The Free Press, Glencoe, Illinois, U. S. A. , 1959.
5. Riley, J. W. , Marden, C. F. en Lifshitz, M. : „The Motivational Pattern," Drinking Practices, U. S. A. , Drinking and Intoxication. The Free Press, Glencoe, Illinois, U. S. A. , 1959.
6. Lolli, G. , Serianni, E. , Golder, G. M. en Luzzatto-Fegiz, P. : Alcohol in Italian Culture. Publications Division: Yale Center of Alcohol Studies, New Haven, Connecticut, 1958.
7. Barnett, M. L. : „Drinking among New York City Cantonese," Drinking Practices, Ancient and Modern, Drinking and Intoxication. The Free Press, Glencoe, Illinois, U. S. A. , 1959.

8. Rowntre, B. S. en : „England,"
Lavers, G. R. Drinking Practices, Ancient and Modern,
Drinking and Intoxication.
The Free Press, Glencoe, Illinois, U. S. A. , 1959.
9. Cronjé, G. : Egskeiding. Die aard en oorsake van huweliksontbinding
(Hoofredakteur) in Suid-Afrika.
N.G. Kerk-uitgewers, Kaapstad, 1959.
10. Schuman, C. G. W. : Ekonomie. 'n Inleidende Studie.
Franzsen, D. G. en Universiteitsuitgewers en Boekhandelaars
De Kock, G. (Edms.) Bpk. , Stellenbosch, 1957.
11. Roux, A. S. : Alkoholisme.
J. L. van Schaik, Bpk. , Pretoria, 1956.
12. Yale Summer-School : Alcohol, Science and Society.
of Alcohol Studies Quarterly Journal of Studies on Alcohol,
Sixth printing, New Haven, 1954.
13. Snyder, C.R. : Alcohol and the Jews.
The Free Press, Illinois, 1958.



V&R—Pta. 1097
